# EERSTE GESKRIFTE

van

Ellen G. White

*Uitgegee deur*
DIE SUID-AFRIKAANSE UNIEKONFERENSIE
VAN SEWENDEDAG-ADVENTISTE
SELBORNELAAN 110, BLOEMFONTEIN, O.V.S., 9301

Eerst Geskrifte

Deur J.L Milford in Afrikaans vertaal

Hierdie uitgawe se kopiereg word gehou © 2012 deur Stanborough Press Ltd, Alma Park, Gratham, Lincolnshire, verenigde Koninkryk
Alle regte word voorbehou
Britse biblioteek katalogisering in publikasiedata. 'n katalogiese rekord vir hierdie boek is beskikbaar van die Britse biblioteek.
ISBN-978-1-907456-56-5

vir meer inligting kontak:
Posbus 75700
Garden view
2047
tel: (011)616-6800
web:www.tcadventist.org.za



# VOORWOORD TOT EERSTE UITGAWE
### VAN

## "EXPERIENCE AND VIEWS"

Ons weet almal dat baie opregte soekers na die waarheid en Bybelse heiligheid bevooroordeel is teen gesigte. Hierdie vooroordeel het twee groot oorsake. Die eerste is die fanatisme waarmee valse gesigte min of meer altyd gepaard gaan; dit het eerlike mense met agterdog vervul teen sulke verskynsels. Die tweede is die verskynsel van mesmerisme, en wat algemeen bekend is as "die geheimsinnige geklop"–dinge wat bereken is om mense te bedrieg en hulle ongelowig te maak in die gawes en werkinge van die Gees van God.

God verander nooit. Sy werk deur Moses voor Farao, was eg, ondanks die feit dat Jannes en Jambres toegelaat is om wonders deur die mag van die Satan te doen–wonders wat gelyk het soos die van Moses. Ook in die tyd van die apostels was daar sulke namaaksels, maar dit het nie verhinder dat die gawes van die Gees deur die navolgers van Christus geopenbaar word nie. Dit is nie die doel van God om Sy kinders in hierdie tyd, wanneer daar soveel bedrog gesien word, sonder die gawes en die openbarings van Sy Gees te laat nie.

Die doel met vervalsings is om egte dinge so goed moontlik na te maak. Dit is om hierdie rede dat die openbarings van die gees van bedrog die bewys is dat God Hom aan Sy kinders openbaar deur die krag van die Heilige Gees, en dat Hy Sy Woord op heerlike wyse gestand doen.

"En in die laaste dae, sê God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom." Hand. 2:17. (Vergelyk met Joël 2:28.)

Ons het nog altyd mesmerisme as gevaarlik beskou, en het niks daarmee te doen gehad nie. Ons het nog nooit iemand daardeur aan die slaap gemaak nie, en dus het ons geen proefondervindelike kennis van die kuns nie.

Ons gee hierdie werkie uit in die hoop dat dit die heiliges sal vertroos.

**JAMES WHITE.**

*Saratoga Springs, N.Y., Augustus* 1851.

# VOORWOORD

IN hierdie veranderlike tye is dit baie seldsaam vir 'n boek om vir 'n hele eeu gewild te bly en sy plek te behou langs ander boeke wat oor huidige vraagstukke handel. En tog is dit die geval met die boek *Eerste Geskrifte,* van Ellen G. White. Daar is al so baie eksemplare van hierdie boek gedruk dat die derde stel plate al uitgeslyt is, en nou het die vierde uitgawe in Amerika verskyn, waarvan hierdie Afrikaanse vertaling gemaak is.

Die naam van hierdie boek is baie paslik, want dit is feitelik die herdruk van die eerste drie boeke van Ellen G. White, naamlik, *Christian Experience and Views of Mrs. E. G. White,* wat eerste verskyn het in 1851; *A Supplement to Experience and Views,* wat verskyn het in 1854; en *Spiritual Gifts,* Deel 1, wat verskyn het in die jaar 1858.

Die gewildheid van *Eerste Geskrifte* moet toegeskryf word aan die begeerte om besitter te wees van die boodskappe wat tot die vroeë kerk gekom het, en voordeel te trek uit die inligting en aanmoediging wat gegee is deur die profetiese gawe.

Die tweede uitgawe van hierdie lektuur het in die jaar 1882 verskyn in twee boekdele, waarvan die eerste *Experience and Views,* en Supplement bevat het, en die tweede *Spiritual Gifts.* In verband met sekere byvoegsels tot die eerste van hierdie oorspronklike werke, en die paar veranderings wat daar destyds gemaak is, meld die uitgewers se voorwoord die volgende:

"Voetnotas met datums en verduidelikings, en 'n byvoegsel wat twee interessante drome beskryf waarvan in die oorspronklike werk melding gemaak is, maar nie daarin verskyn het nie, word in hierdie uitgawe op geneem en sal dit, na ons mening, interessanter maak. Verder is daar geen ander afwykings van die oorspronklike werk in hierdie uitgawe nie, behalwe so nou en dan die gebruik van 'n nuwe woord, of 'n verandering in die konstruksie van 'n sin om 'n idee beter uit te druk. Geen idee of strekking van die oorspronklike werk is ooit verander nie, en die veranderings van woorde wat daar wel gemaak is, het geskied onder toesig en met volle goedkeuring van die skryfster."

Die twee boekdele is in 1882 as een boekdeel uitgegee onder die titel *Early Writings.* Die aanvraag was so groot dat daar 'n derde Amerikaanse edisie gedruk is.

In hierdie vierde uitgawe is die inhoud bladsy vir bladsy dieselfde as die



vorige uitgawe, om te klop met die bladwyser wat daar opgestel is onder die titel, *Index to the Writings of Mrs. Ellen G. White.*

In *Experience and Views* het ons 'n beskrywing van Mev. White se ervarings tydens die Adventbeweging van 1840-44. Dan volg daar 'n aantal vroeëre gesigte, wat aanvanklik in pamfletvorm verskyn het, of as bydraes tot tydskrifte.

Die *Byvoegsel* verduidelik sekere uitdrukkings in die vroeëre werk wat misverstaan of verkeerd vertolk is, en dit bevat bykomstige raadgewing aan die kerk. Dit het verskyn 'n jaar vóór die eerste pamflet getitel Testimony for the Church.

*Geestelike Gawes,* Deel 1, het die eerste beskrywing bevat van die gesig van die lang uitgerekte stryd tussen Christus en Sy engele en die Satan en sy engele; dit word gewaardeer vir die treffende en bondige beskrywings, en dit het net die belangrikste punte aangeraak. Later is hierdie kort verhaal van die stryd grootliks uitgebrei tot die vier boekdele van die *Gees van Profesie*, en het verskyn tussen die jare 1870-84. Hierdie vier boekdele is eindelik vervang deur die welbekende *Conflict of the Ages* reeks waarin Mev. White die baie openbarings aan haar gegee in groter besonderhede beskryf. Hoewel die groter boekdele–*Patriarchs and Prophets, Prophets and Kings, Die Koning van die Eeue, Acts of the Apostles, en Die Groot Stryd*–die stryd vollediger beskryf, sal die eerste beskrywing daarvan soos hier in duidelike, eenvoudige, en beknopte vorm gegee, saam met *Experience and Views,* altyd gewild bly.

**DIE TRUSTEES VAN DIE**
**ELLEN G. WHITE GESKRIFTE.**

*WASHINGTON, D.C.*
*JANUARIE 1945*

*Voorwoord tot die Tweede Afrikaanse Oplaag*

Hierdie tweede oplaag van die boekie *Eerste Geskrifte* word uitgegee as gevolg van 'n toenemende vraag daarna. Dit is 'n presiese weergawe van die eerste oplaag en word fotografies en litografies afgedruk. Toe die boek vertaal is, was die Afrikaanse Bybelvertaling van 1933 nog in gebruik, en die leser sal dus vind dat sommige tekste wat aangehaal word, effens anders bewoord is as in die Bybelvertaling wat tans in gebruik is. Die sin bly egter wesenlik dieselfde.

Vir die gerief van diegene wat met behulp van die *Index to the Writings of Ellen G. White* wil studeer, word daar bladsynommers voorsien wat met die *Index* klop. Die nommer verskyn elke keer bo die reël waarmee die betrokke bladsy begin.

Die bladsynommers in die Algemene Bladwyser en in die Register van Skriftuurplase klop met die *Index*.

Dat hierdie boekie die leser tot seën sal wees, is die bede van die uitgewers en

DIE TRUSTEES VAN DIE ELLEN G. WHITE PUBLICATIONS.



# INHOUD


| *Hoofstuk:* | *Hoofstuknaam:* | *Bladsy:* |
|---|---|---|
| **Ervarings En Gesigte** | | 1 |
| **1** | **My Eerste Gesig** | **5** |
| **2** | **Daaropvolgende Gesigte** | **21** |
| **3** | **Die Verseëling** | **25** |
| **4** | **Gods Liefde vir Sy Volk** | **29** |
| **5** | **Skudding van die Kragte van die Hemele** | **31** |
| **6** | **Die Geopende en die Geslote Deur** | **33** |
| **7** | **Die Beproewing van Ons Geloof** | **37** |
| **8** | **Aan die Klein Kudde** | **41** |
| **9** | **Die Laaste Plae en die Oordeel** | **45** |
| **10** | **Die Einde van die 2,300 Dae** | **47** |
| **11** | **Plig In die Tyd van Benoudheid** | **49** |
| **12** | **"Geheimsinnige Geklop"** | **53** |
| **13** | **Die Boodskappers** | **55** |
| **14** | **Die Merk van die Dier** | **59** |
| **15** | **Die Blindes lei die Blindes** | **63** |
| **16** | **Voorbereiding vir die Einde** | **65** |
| **17** | **Gebed en Geloof** | **69** |
| **18** | **Die Versameltyd** | **71** |
| **19** | **Mevrou White se Drome** | **75** |
| **20** | **William Miller se Droom** | **79** |
| **Byvoegsel**– | | |
| **21** | **`n Verduideliking** | **81** |
| **22** | **Evangelie-Organisasie** | **91** |
| **23** | **Kerk-moeilikhede** | **99** |
| **24** | **Die Hoop van die Kerk** | **103** |
| **25** | **Voorbereiding vir Christus se Koms** | **107** |
| **26** | **Getrouheid in die Getuienisdiens** | **111** |
| **27** | **Aan Diegene wat Onervare Is** | **115** |

| | | |
|---|---|---|
| 28 | Selfverloëning | 119 |
| 29 | Oneerbiedigheid | 121 |
| 30 | Valse Herders | 123 |
| 31 | Gods Gawe aan die Mens | 127 |
| **Geestelike Gawes** | | 129 |
| 32 | Inleiding | 131 |
| 33 | Die Val van die Satan | 141 |
| 34 | Die Val van die Mens | 143 |
| 35 | Die Verlossingsplan | 145 |
| 36 | Die Eerste Advent van Christus | 149 |
| 37 | Die Bediening van Christus | 155 |
| 38 | Die Verheerliking | 159 |
| 39 | Christus Verraai | 163 |
| 40 | Die Verhoor van Christus | 167 |
| 41 | Die Kruisiging van Christus | 173 |
| 42 | Die Opstanding van Christus | 179 |
| 43 | Die Hemelvaart van Christus | 187 |
| 44 | Die Dissipels van Christus | 189 |
| 45 | Die Dood van Stefanus | 195 |
| 46 | Die Bekering van Saulus | 197 |
| 47 | Die Jode Besluit om Paulus Dood te Maak | 199 |
| 48 | Paulus Besoek Jerusalem | 203 |
| 49 | Die Groot Afval | 207 |
| 50 | Die Verborgenheid van die Ongeregtigheid | 211 |
| 51 | Die Dood is nie die Ewige Lewe in Pyniging Nie | 215 |
| 52 | Die Reformasie | 219 |
| 53 | Die Kerk en die Wêreld Verenig | 223 |
| 54 | William Miller | 227 |
| 55 | Die Eerste Engel se Boodskap | 231 |
| 56 | Die Tweede Engel se Boodskap | 237 |
| 57 | Die Adventbeweging Geïllustreer | 241 |
| 58 | Nog 'n Illustrasie | 247 |





| | | |
|---|---|---|
| 59 | Die Heiligdom | 253 |
| 60 | Die Derde Engel se Boodskap | 257 |
| 61 | 'n Hegte Platform | 261 |
| 62 | Spiritisme | 265 |
| 63 | Hebsug | 269 |
| 64 | Die Skudding | 273 |
| 65 | Die Sondes van Babilon | 277 |
| 66 | Die Luide Geroep | 281 |
| 67 | Die Derde Engel se Boodskap Afgesluit | 283 |
| 68 | Die Tyd van Benoudheid | 287 |
| 69 | Die Verlossing van die Heiliges | 289 |
| 70 | Die Loon van die Heiliges | 293 |
| 71 | Die Aarde Verwoes | 295 |
| 72 | Die Tweede Opstanding | 297 |
| 73 | Die Tweede Dood | 299 |
| **Register van Skriftuurplase** | | 301 |
| **Algemene Bladwyser** | | 303 |

# ERVARINGS EN GESIGTE

- 11 -

Op versoek van dierbare vriende het ek ingestem om 'n kort beskrywing te gee van my ervarings en gesigte, hopende dat die nederige, gelowige kinders van die Here daardeur bemoedig en versterk sal word.

Ek het op elfjarige leeftyd tot bekering gekom, en toe ek twaalf jaar oud was, is ek gedoop en het ek by die Metodiste Kerk aangesluit.[1] Op dertienjarige leeftyd het ek William Miller se tweede reeks lesings gehoor in Portland, Maine. Toe het ek gevoel dat ek nie heilig was nie en nie gereed om Jesus te sien nie. Toe daar 'n uitnodiging gerig is aan kerklede, en aan sondaars, om na vore te kom vir gebed, het ek gebruik gemaak van die eerste geleentheid, want ek het geweet dat daar 'n groot werk vir my gedoen moes word om my geskik te maak vir die hemel. My siel het gedors na die volle en vrye saligheid, maar ek het nie geweet hoe om dit te verkry nie.

In 1842 het ek die tweede-adventbyeenkomste in Portland, Maine, altyd bygewoon, en ek het ten volle geglo dat die Here sou kom. Ek het gehonger en gedors na die volle saligheid en om Gods wil volkome te gehoorsaam. Dag en nag het ek gestreef om hierdie kosbare skat te verkry wat al die rykdom van die aarde nie kan koop nie. Terwyl ek besig was om te bid vir hierdie seën, is daar aan my voorgestel dat ek moes gaan bid in 'n openbare biduur. Daar ek nog nooit in die openbaar gebid het nie, het ek daarvoor teruggedeins; ek was bang dat ek deurmekaar sou raak. Elke keer wanneer ek in die geheim gaan bid het, is die plig om in die openbaar te bid aan my voorgehou totdat ek later nie meer gebid het nie; dit het my swaarmoedig gemaak, en eindelik wanhopig.

- 12 -

Ek het vir drie weke in hierdie gemoedstoestand verkeer, sonder dat 'n enkele ligstraal die donker wolke om my deurboor het. Toe het ek twee drome gehad wat my weer 'n bietjie lig en hoop gegee het.[1] Daarna het ek die saak openhartig met my godvresende moeder bespreek. Sy het aan my gesê dat ek nie verlore was nie, en sy het my aangeraai om Broeder Stockman wat destyds in Portland vir die Adventmense gepreek het, te gaan raadpleeg. Ek het groot vertroue in hom gehad, want hy was 'n toegewyde

[1] **Mevrou White is op 26 November 1827 te Gorham, Maine, gebore.**

en geliefde dienaar van Christus. Sy woorde het my weer hoop gegee. Ek is huis toe en het weer die aangesig van die Here gesoek, en het belowe om enigiets te doen en te ly as ek maar net die glimlag van Jesus kon win. Dieselfde plig is my weer voorgehou. Daardie aand sou daar 'n biduur wees; ek het dit bygewoon; toe ander kniel om te bid, het ek ook bewend gekniel, en nadat twee of drie gebid het, het ek ook, byna sonder dat ek dit weet, begin bid, en die beloftes van God was vir my soos kosbare pêrels wat mens kan kry deur slegs daarom te vra. Onderwyl ek gebid het, het die groot las en siele-angs wat ek so lank gevoel het, my verlaat, en die seën van God het soos heerlike dou op my gekom. Ek het God geloof vir wat ek gesmaak het, maar het na meer verlang. Ek kon nie tevrede wees voordat ek vervul was met die volheid van God nie. 'n Onuitspreeklike liefde vir-Jesus het my siel vervul. Golf na golf van heerlikheid het oor my gerol totdat my liggaam verstyf het. Ek was afgesluit van alles behalwe Jesus en heerlikheid, en ek het niks geweet van wat rondom my aangegaan het nie.

Ek het vir 'n lang tyd in hierdie liggaamlike en geestelike toestand gebly, en toe ek besef wat daar rondom my was, het dit geskyn of alles verander het. Alles het heerlik en nuut gelyk, asof alles geglimlag en God geloof het.

- 13 -

Toe was ek gewillig om Jesus orals te bely. Vir ses maande het geen donker wolk my verstand verduister nie. My siel het daeliks die heerlike verlossing ingedrink. Ek het gedink dat diegene wat Jesus liefhet ook Sy koms sou liefhê, en ek het gegaan na die diens en hulle vertel wat Jesus vir my gedoen, en watter volheid ek geniet het deur te glo dat die Here sou kom. Die leier het my in die rede geval en gesê, "Deur Metodisme;" maar ek kon nie die eer aan Metodisme gee nie daar dit Christus en die hoop op Sy spoedige koms was wat my vrygemaak het.

Die meeste van my vader se familie het geglo in die wederkoms, en omdat ons daarvoor getuig het, is sewe van ons op 'n dag uit die Metodiste Kerk verban. In daardie tyd was die volgende woorde van die profeet baie vertroostend vir ons: "Julle broers, julle haters wat julle verstoot om My Naam ontwil, sê: Laat die Here heerlik word, dat ons julle vreugde kan aanskou! Maar hulle sal beskaamd staan!" Jes. 66: 5.

Van daardie tyd af tot Desember 1844 was my vreugde, beproewings,

[1] **Die drome waarna hier verwys word, is beskryf op bladsye 69-71.**



en teleurstellings soos dié van my dierbare adventvriende rondom my. Destyds het ek een van ons advent sustersbesoek, en smôrens het ons huis godsdiens gehou. Daar was slegs vyf van ons teenwoordig–almal vroue. Terwyl ek besig was om te bid, het die krag van God op my gekom soos nog nooit tevore nie. Ek het 'n gesig van Gods heerlikheid gesien, en dit het geskyn asof ek al hoër en hoër bokant die aarde gestyg het, en aan my is iets getoon omtrent die reis van die Adventgelowiges na die Heilige Stad, soos ek nou sal beskryf.

# MY EERSTE GESIG[1]

- 14 -

Aangesien God aan my die reise getoon het van die Adventmense na die Heilige Stad, en die groot loon wat diegene sal ontvang wat wag vir die terugkoms van die Here van die bruilof, mag dit my plig wees om u 'n kort beskrywing te gee van wat God aan my geopenbaar het. Die dierbare heiliges het baie beproewings om deur te maak. Maar ons ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is, sal vir ons 'n allesoortreffende ewige gewig van heerlikheid bewerk, omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare: want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig. Ek het geprobeer om 'n goeie rapport en 'n paar trosse druiwe terug te bring van die hemelse Kanaän, waarvoor vele my sal wil stenig nes die mense Kaleb en Josua wou stenig oor hulle rapport. (Numeri 14:10.) Maar ek wil aan julle sê, my broeders en susters in die Here, dit is 'n mooi land, en ons is heeltemal in staat om op te trek en dit in besit te neem.

Onderwyl ek by daardie huisaltaar gebid het, het die Heilige Gees op my gekom, en dit was asof ek al hoër en hoër gestyg het, ver bokant hierdie ou, donker wêreld. Ek het omgekyk om te sien of ek die adventmense in die wêreld kon sien, maar ek kon hulle nie sien nie; toe hoor ek 'n stem sê, "Kyk weer, en kyk 'n bietjie hoër." Toe het ek my oë opgehef en 'n nou, reguit pad gesien, hoog bokant die aarde. Die Adventmense het met hierdie pad gereis na die stad wat aan die einde van die pad was. By die begin van die pad was daar 'n helder lig agter hulle, en 'n engel het aan my gesê dat dit die middernagtelike geroep was. Hierdie lig het op die hele pad geskyn en het voor hulle voete gelig sodat hulle nie struikel nie. Solank hulle hulle oë gevestig het op Jesus, wat net voor hulle was en hulle na die stad gelei het, was hulle veilig. Baie gou het sommige moeg geword en gesê dat die stad baie ver was, en dat hulle verwag het om al lankal daar te gewees het.

- 15 -

Jesus het hulle aangemoedig deur Sy heerlike regterarm omhoog te hou, en uit Sy arm het daar lig gestraal wat oor die adventgroep geskyn het,

[1] **Hierdie gesig is gegee kort na die groot teleurstelling in 1844 en dit het die eerste maal in druk verskyn in 1846. Net 'n paar van die gebeurtenisse van die toekoms is toe gesien. Die latere gesigte was vollediger.**

en hulle het geskreeu, "Halleluja!" Ander het botweg die lig agter hulle geloën, en gesê dat dit nie God was wat hulle so ver gelei het nie. Die lig agter hulle het doodgegaan, en hulle is in volkome duisternis gelaat; hulle het gestruikel en het die doel en Jesus uit die oog verloor, en hulle het van die pad afgeval terug in die donker en bose wêreld daar onder. Kort daarna het ons die stem van God soos van vele waters gehoor; dit het die dag en uur van Jesus se koms aangekondig. Die lewende heiliges, 144,000 in getal, het daardie stem geken en verstaan, maar die goddelose het gedink dat dit donder en 'n aardbewing was. Toe God die tyd aankondig, het Hy Sy Heilige Gees op ons uitgestort, en ons aangesigte is verlig en het geblink van die heerlikheid van God, net soos Moses se gelaat geblink het toe hy van die Berg Sinai afgekom het.

Die 144,000 was almal verseël en volkome eenstemmig. Op hulle voorhoofde het geskryf gestaan, God, Nuwe Jerusalem, en 'n heerlike ster met Jesus se nuwe naam daarop. Die goddelose was gebelg oor ons gelukkige, heilige staat, en hulle het met geweld op ons aangestorm om ons te vang en in die tronk te stop, maar toe ons, ons hande uitgestrek het in die Naam van die Here, het hulle hulpeloos op die grond neergeval. Toe het die sinagoge van die Satan geweet dat God ons wat mekaar se voete kon was en die broeders met 'n heilige kus groet, liefhet; en hulle het by ons voete aanbid.

Ons oë het na die ooste begin kyk, want daar het 'n swart wolkie verskyn, helfte so groot as 'n man se hand, en ons het almal geweet dat dit die teken van die Seun van die mens was. Met groot erns het ons gesien dat die wolkie, namate dit nader kom, ligter geword het, en al heerliker en heerliker, totdat dit 'n groot wit wolk was. Onder was dit soos vuur; daar was 'n reënboog bo-oor die wolk, en rondom was daar tienduisende engele wat die heerlikste lied gesing het;

- 16 -

op die wolk het die Seun van die mens gesit. Hy het wit, krulhare wat op Sy skouers hang, en op Sy hoof was baie krone. Sy voete was soos vuur; in Sy regterhand was 'n skerp sekel, en in Sy linkerhand het Hy 'n silwertrompet gehad. Sy oë was soos vlamme vuur wat Sy kinders deursoek het. Toe het alle gesigte verbleek, en diegene wat God verwerp het, het verdonker. Toe het ons almal uitgeroep, "Wie sal kan staan? Is my kleed vlekkeloos?" Die engele het opgehou om te sing, en daar was 'n ondraaglike



stilte, en toe het Jesus gepraat: "Hy wat rein van hande en suiwer van hart is, sal staande bly; My genade is vir julle genoeg." Daarop is ons aangesigte verlig, en vreugde het in elke hart gekom. Die engele het weer begin sing, en die wolk het nader aan die aarde gekom.

Toe het Jesus se silwertrompet weerklink onderwyl Hy afgedaal het op die wolk, omhul van vuurvlamme. Hy het na die grafte van die slapende heiliges gekyk, en toe het Hy Sy oë en hande opgehef na die hemel en uitgeroep, "Ontwaak! ontwaak! ontwaak! julle wat slaap in die stof van die aarde, staan op." Toe was daar 'n groot aardbewing. Die grafte het oopgegaan, en die dode het voortgekom, beklee met onsterflikheid. Die 144,000 het geskreeu, "Halleluja!" toe hulle hulle vriende herken wat deur die dood van hulle geskeur is, en op dieselfde oomblik is ons verander en saam met hulle opgeneem die Here tegemoet in die lug.

Ons het almal in die wolk gegaan, en dit het ons sewe dae geneem om na die see van glas op te vaar, waar Jesus krone gebring het en met Sy eie regterhand op ons hoofde geplaas het. Hy het aan ons goue harpe en oorwinningspsalms gegee. Die 144,000 het 'n volmaakte vierkant op die see van glas gestaan. Sommige van hulle het glinsterende blink krone gehad, terwyl ander s'n nie so geblink het nie. Sommige van die krone was swaar van die sterre, terwyl ander maar net 'n paar gehad het. Almal was heeltemal tevrede met hulle krone.

- 17 -

Ook het almal 'n heerlike wit mantel gehad wat van hulle skouers tot op hulle voete gehang het. Orals rondom ons was daar engele toe ons oor die see van glas geloop het na die poort van die stad. Jesus het Sy magtige en heerlike arm uitgesteek, die pêrel-hek beetgeneem en dit op sy blink skarniere oopgeswaai en aan ons gesê, "Julle het julle klere in My bloed gewas, onwankelbaar vir My waarheid gestaan, gaan binne." Ons het almal die stad binnegestap en gevoel dat ons daar volkome reg gehad het.

Daar het ons die boom van die lewe en die troon van God gesien. Vanuit die troon het 'n rivier van helder water gevloei, en aan beide kante van die rivier was die boom van die lewe. Aan die een kant van die rivier was daar 'n boomstam, en aan die anderkant van die rivier ook; albei was van deurskynende goud. Eers het ek gedink dat ek twee bome sien. Ek het weer gekyk, en toe het ek gesien dat hulle bo verenig was in een boom. Dit was dus die boom van die lewe aan beide kante van die rivier van die lewe. Sy

takke het afgehang tot by die plek waar ons gestaan het, en die vrugte was pragtig; hulle het gelyk soos goud met silwer vermeng.

Ons het almal onder die boom gaan sit om die heerlikheid van die plek te betrag. Toe het Broeders Fitch en Stockman, wat die evangelie van die koninkryk verkondig het, en wat God in die graf weggelê het om hulle te red, na ons gekom en ons gevra wat ons deurgemaak het terwyl hulle geslaap het. Ons het getrag om aan ons grootste beproewings te dink, maar hulle het so nietig gelyk in teenstelling met die oortreffende ewige gewig van heerlikheid wat ons omring het, dat ons nie daarvan kon praat nie, en ons het uitgeroep, “Halleluja, die hemel is goedkoop genoeg!” en ons het op ons heerlike harpe begin speel en die hemel laat weergalm.

Met Jesus aan die hoof het ons almal van die stad af na die aarde neergedaal op ’n groot berg wat geskeur en in ’n vlakte verander het toe Jesus dit aanraak. Toe het ons opgekyk en

- 18 -

die groot stad met twaalf fondamente en twaalf poorte, drie aan elke kant, gesien met ’n engel by elke poort. Ons het almal uitgeroep, “Die stad, die groot stad, dit kom, dit daal neer van God uit die hemel,” en dit het gekom en neergesak op die plek waar ons gestaan het. Toe het ons na die heerlike dinge buitekant die stad gekyk. Daar het ek die pragtigste huise gesien, soos van silwer, staande op vier pilare versier met pêrels wat te pragtig was om te aanskou. Hulle sou bewoon word deur die heiliges. In elkeen was ’n goue rak. Ek het gesien hoe baie van die heiliges die huise binnegaan, hulle blink krone afhaal en op die rak sit; toe het hulle na die lande gegaan by die huise om iets aan die grond te doen, maar nie soos ons hier doen nie, glad nie. Om hulle hoofde het daar ’n heerlike lig geskyn, en hulle het gedurig gejuig en God geloof.

Ek het ’n ander land gesien vol allerhande soorte blomme; toe ek hulle pluk, het ek uitgeroep, “Hulle sal nooit verwelk nie.” Daarna het ek ’n land vol lang gras gesien, te pragtig; dit was ’n lewende groen met ’n skynsel van silwer en goud, en dit het trots gewuif tot heerlikheid van Koning Jesus. Toe het ek ’n veld gesien vol allerhande soorte diere–die leeu, die lam, die luiperd, en die wolf, almal vreedsaam bymekaar. Ons is tussen hulle deur, en hulle het ons vreedsaam gevolg. Toe het ons ’n bos binnegegaan, nie soos die donker bosse wat ons hier het nie, glad nie; dit was lig en baie heerlik; die takke het heen en weer geswaai, en ons het almal



uitgeroep, “Ons sal veilig woon in die woestyn en slaap in die bosse;” ons het deur die bosse gegaan, want ons was op weg na die Berg Sion.

Terwyl ons voortgereis het, het ons ’n groep teëgekom wat ook na die heerlikheid van die plek gestaan en kyk het. Ek het gesien dat elkeen se kleed ’n rooi soom het, hulle krone het geskitter en hulle klere was spierwit. Toe ons hulle groet,

- 19 -

het ek Jesus gevra wie hulle was. Hy het geantwoord dat hulle martelare is wat om Sy ontwil gedood is. By hulle was ’n ontelbare aantal kindertjies; ook hulle kledingstukke het rooi some gehad. Die Berg Sion was net voor ons, en bo-op die berg was ’n heerlike tempel met sewe berge rondom waarop rose en lelies gegroei het. Ek het gesien hoedat die kleintjies daar uitklim, of, as hulle dit verkies het, het hulle hul vlerkies gebruik om na die top van die berge te vlieg en van die blomme te pluk wat nooit sal verwelk nie. Rondom die tempel was allerhande soorte bome om die omgewing te verfraai; daar was olienhoutbome, dennebome, olyfbome, mirte, granate, en vyebome swaarbelaai met vye–dit het die omgewing baie mooi gemaak. Ons het op die punt gestaan om die tempel binne te gaan, toe ons Jesus se lieflike stem hoor sê, “Net die 144,000 kan hierdie plek binnegaan,” en ons het uitgeroep, „Halleluja!”

Hierdie tempel het op sewe pilare gestaan, van deurskynende goud en versier met pêrels. Die wonderbare dinge wat ek daar gesien het, kan ek nie in woorde beskryf nie. O, dat ek die taal van Kanaän kon praat, dan sou ek iets kon vertel van die heerlikhede van daardie beter wêreld. Daar het ek kliptafels gesien waarop die name van die 144,000 in goue letters gestaan het. Nadat ons die heerlikheid van die tempel besigtig het, het ons uitgegaan, en Jesus het ons verlaat en na die stad gegaan. Eerlank het ons Sy lieflike stem hoor sê, “Kom My volk, julle het uit groot verdrukking gekom, en My wil gedoen; julle het vir My gely; kom na die eetmaal, want Ek sal My omgord en julle bedien.” Ons het uitgeroep, :”Halleluja! Heerlik!” en die stad binnegegaan. Ek het ’n tafel van skone silwer gesien; dit was baie myle lank, maar ons kon dit heeltemal sien. Ek het die vrugte van ‘die boom van die lewe gesien, die manna, die amandels, vye, granate, druiwe, en baie ander soorte vrugte. Ek het Jesus gevra om my van die vrugte te laat eet. Sy antwoord was, “Nie nou nie.

- 20 -

Diegene wat van die vrugte van hierdie land eet, gaan nie meer terug aarde toe nie. Maar na 'n klein rukkie, as jy getrou bly, mag jy van die vrug van die boom van die lewe eet, en van die water van die fontein drink." Verder het Hy gesê, "Jy moet teruggaan na die aarde en aan ander vertel wat Ek aan jou geopenbaar het." Toe het 'n engel my saggies na hierdie donker wêreld teruggeneem. Soms dink ek dat ek nie langer hier kan bly nie; al die dinge van hierdie aarde lyk so mistroostig. Ek voel baie eensaam hier, want ek het die beter land gesien. O, vir die vlerke van 'n duif, dan sal ek wegvlieg en gaan rus!

---

Nadat die visioen verby was, het alles anders voorgekom; alles wat ek aanskou het, het somber gelyk. O, hoe donker het hierdie wêreld vir my gelyk! Ek het begin huil toe ek ontdek dat ek weer hier terug was, en ek was vol heimwee. Ek het 'n beter wêreld gesien, en dit het hierdie een vir my bederf. Ek het aan die groepie te Portland vertel wat ek gesien het, en hulle het almal geglo dat dit van God was. Dit was 'n magtige tyd. Die erns van die ewigheid het ons vervul. Sowat 'n week daarna het die Here my nog 'n gesig laat sien waarin aan my getoon is die beproewings wat ek sou deurmaak; en dit moes ek dan aan ander gaan meedeel, en ek sou heftige teenstand ondervind en baie in die gees ly. Maar, het die engel gesê, "Die genade van God is genoeg vir jou; Hy sal jou ondersteun."

Toe hierdie visioen verby was, was ek baie ontstel. My gesondheid was baie swak, en ek was maar sewentien jaar oud. Ek het geweet dat vele tot 'n val gekom het weens selfverheffing, en ek het geweet dat God my sou verlaat as ek myself enigsins sou verhef, en dat ek verlore sou gaan. Ek het die Here toe in gebed genader en Hom gesmeek om die las op iemand anders te lê. Dit het vir my gevoel asof ek dit nie sou kon dra nie. Ek het vir 'n lang tyd op my gesig gelê, en al lig wat tot my gekom het, was, "Vertel aan ander wat Ek aan jou geopenbaar het."

- 21 -

In my volgende gesig het ek die Here ernstig gesmeek om my, as ek dan aan ander moet gaan vertel wat aan my geopenbaar is, te bewaar van selfverheffing. Hy het my toe gewys dat my gebed verhoor is, en dat Hy Sy hand op my sou lê wanneer daar gevaar was van selfverheffing, en dat ek met siekte sou getref word. Die engel het gesê, "As jy die boodskappe getrou aflewer, en volhou tot die einde, sal jy eet van die vrug van die boom



van die lewe en drink van die water van die rivier van die lewe."

Eerlank is daar orals rond vertel dat die gesigte die gevolg van mesmerisme (hipnotisme) was, en baie Adventiste was bereid om die gerugte te glo en te versprei. 'n Geneesheer wat bekend daarvoor was dat hy mense kon hipnotiseer, het gesê dat my gesigte niks anders as mesmerisme was nie, dat ek 'n baie maklike proefpersoon was, en dat hy my kon hipnotiseer en my gesigte laat sien. Ek het aan hom gesê dat die Here aan my geopenbaar het dat mesmerisme van die duiwel uit die afgrond was, en dat dit eerlank daarheen sou terugkeer met diegene wat aanhou om dit te praktiseer. Ek het hom toe verlof gegee om my te hipnotiseer as hy kon. Hy het vir meer as 'n halfuur geprobeer, verskeie metodes gebruik, en toe die saak gewonne gegee. Deur geloof in God was ek in staat om sy invloed te weerstaan sodat hy niks met my kon uitrig nie.

Wanneer ek op 'n byeenkoms 'n visioen gegee is, was daar baie wat gesê het dat dit blote opwinding was, en dat iemand my gehipnotiseer het. Na sulke voorvalle het ek alleen in die bosse gegaan waar geen oor of oog behalwe God s'n my kon hoor of sien nie, en daar het ek tot Hom gebid, en soms het Hy my daar visioene laat sien. In sulke gevalle het ek my verheug, en het aan die mense vertel wat God aan my geopenbaar het, daar alleen, waar geen sterfling my kon beïnvloed nie. Toe het sommige gesê dat ek myself gehipnotiseer het. O, het ek gedink, het dit nou al sover gekom dat diegene wat eerlik tot God gaan om alleen aanspraak te maak op Sy beloftes en op Sy verlossing, daarvan beskuldig word dat hulle onder die verderflike invloed van mesmerisme is? Gaan ons dan na ons barmhartige hemelse Vader en vra Hom vir "brood"

- 22 -

om dan 'n "klip" of 'n "slang" te ontvang? Hierdie dinge het my gees baie seergemaak sodat ek byna wanhopig geword het, en daar was baie wat my wou wysmaak dat daar geen Heilige Gees is nie, en dat alles wat die heilige manne van God ondervind het maar net die gevolg was van mesmerisme, of die bedrog van die Satan.

In hierdie tyd was daar fanatisme in Maine. Sommige het glad nie gewerk nie, en almal wat nie met hulle op daardie punt saamgestem het nie en wat nie sekere dinge wou doen wat hulle as godsdienstige pligte voorgeskryf het nie, is uit die kerk verban. God het hierdie dwalings aan my in 'n gesig geopenbaar, en Hy het my na Sy dwalende kinders ges-

tuur om hulle reg te help; maar baie van hulle het die boodskap heeltemal verwerp en my beskuldig van gelykvormigheid aan die wêreld. Maar aan die anderkant weer, het die naam-Adventiste my beskuldig van fanatisme; sommige het my valslik, en sommige kwaadwillig voorgestel as die leidster in die fanatisme wat ek inderwaarheid besig was om te bestraf. Herhaaldelik is daar datums bepaal vir die koms van die Here, maar die Here het aan my geopenbaar dat daar niks van sou kom nie, want die tyd van benoudheid moes eers kom vóór die koms van Christus, en dat elke datum wat bepaal is en verbygegaan het net die geloof van Gods kinders sou verswak. Daarom het hulle my beskuldig dat ek soos daardie slegte slaaf is wat in sy hart gesê het, "My heer talm om te kom.'

Al hierdie dinge het my baie swaarmoedig gemaak, en in die verwarring het ek soms in die versoeking gekom om te twyfel aan my eie ervarings. By die huisgodsdiens, een oggend, het die krag van God op my gekom, en die gedagte het my skielik binnegeskiet dat dit mesmerisme was, en ek het dit weerstaan. Dadelik het ek stom geword, en vir 'n paar oomblikke het ek nie geweet waar ek was nie. Toe het ek my sonde gesien omdat ek aan die krag van God getwyfel het, en dat dit daarom was dat ek stom geword het, en dat ek binne vier-en-twintig uur weer sou kon praat. Daar is 'n kaart voor my

- 23 -

gehou, en daarop het die skriftuurplase van vyftig tekste in goue letters gestaan.[1] Nadat die gesig verby was, het ek aangedui dat hulle vir my die lei moes bring; daarop het ek geskryf dat ek stom was, ook wat ek gesien het, en dat hulle vir my die groot Bybel moes bring. Ek het die Bybel geneem en al die tekste nageslaan wat ek op die kaart gesien het. Daardie hele dag kon ek nie praat nie. Vroeg die volgende môre was my siel vol vreugde, en my tong het losgeraak om God te loof. Daarna het ek dit nooit weer gewaag om vir een oomblik te twyfel aan die krag van God, of om dit te weerstaan nie, ongeag wat ander ook al van my mag dink.

In die jaar 1846, terwyl ons by Fairhaven, Massachusetts, was, het my suster (sy het my altyd vergesel), Suster A., Broeder G., en ek met 'n skuit na West's Island gegaan om 'n gesin daar te besoek. Dit was al byna donker toe ons vertrek het. Nadat ons 'n kort rukkie op die water was, het daar skielik 'n storm opgekom. Dit het gedonder en geblits, en daar was 'n geweldige stortreën. Dit was duidelik dat ons sou omkom as God ons nie



verlos nie.

Ek het in die skuitjie neergekniel en ernstig tot God gebid om ons te bewaar. Terwyl ons skuitjie daar op die onstuimige waters rondgedobber en die water oor ons gespoel het, het ek 'n gesig gesien, en ek het gesien dat die hele see eerder sou opdroog as dat God sou toelaat dat ons vergaan, want my werk het maar nou eers begin. Nadat die gesig verby was, was al my vrees ook weg, en ons het gesing en God geloof, en ons skuitjie was vir ons soos 'n drywende Bet-el. Die redakteur van The Advent Herald het gesê dat dit bekend was dat my gesig die "gevolg van mesmerisme" was. Maar nou wil ek vra, watter geleentheid was daar vir die werkinge van mesmerisme in omstandighede soos wat ek beskryf het? Broeder G. moes al sy kragte inspan om die bootjie te hanteer. Hy het die anker uitgewerp, maar dit het nie gehou nie. Die bootjie is heen en weer geslinger in die storm, en dit was so donker dat ons nie

[1] **Hierdie tekste word aan die einde van hierdie artikel gegee.**

- 24 -

eens die lengte van die bootjie kon sien nie. Eindelik het die anker vasgeslaan, en Broeder G. het om hulp geroep. Daar was slegs twee huise op die eiland, en gelukkig was ons naby die een, maar nie die een waar ons wou wees nie. Die huismense het toe al gaan slaap, maar een van die kinders het die geroep gehoor op die water. Die vader het ons dadelik kom help, en hy het ons met sy skuitjie aan wal gebring. Ons het feitelik die res van die nag deurgebring om God te loof en te dank vir Sy goedheid.

## TEKSTE WAT OP DIE KAART VERSKYN HET

En kyk, jy sal swyg en nie kan praat nie tot op die dag dat hierdie dinge gebeur, omdat jy my woorde wat op hulle tyd vervul sal word, nie geglo het nie. Lukas 1:20.

Alles wat die Vader het, is myne; daarom het Ek gesê dat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig. Joh. 16:15.

En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek. Hand. 2:4.

En nou, Here, let op hulle dreigemente en gee aan u diensknegte om met alle vrymoedigheid U woord te spreek, deurdat U u hand uitstrek tot genesing, en tekens en wonders deur die Naam van U heilige Kind Jesus plaasvind. En toe hulle gebid het, is die plek geskud waar hulle saam was,

en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die woord van God met vrymoedigheid gespreek. Hand. 4:29-31.

Moenie wat heilig is, vir die honde gee nie; en gooi julle pêrels nie voor die varke nie, sodat hulle dit nie miskien met hulle pote vertrap en omdraai en julle verskeur nie. Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang; en die wat soek, vind; en vir die wat klop, sal oopgemaak word.

- 25 -

Of watter mens is daar onder julle wat, as sy seun hom brood vra, vir hom 'n klip sal gee? En as hy 'n vis vra, vir hom 'n slang sal gee' As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes vir julle kinders te gee? hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee vir die wat Hom bid! Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen–net so moet julle aan hulle ook doen; want dit is die Wet en die Profete.... Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is. Matt. 7:6-12, 15.

Want daar sal valse Christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei. Matt. 24:24.

Aangesien julle dan Christus Jesus, die Here, aangeneem het, wandel in Hom, gewortel en opgebou in Hom en bevestig in die geloof, soos julle geleer is, terwyl julle daarin oorvloedig is in danksegging. Pas op dat niemand julle as 'n buit wegvoer deur die wysbegeerte en nietige misleiding nie, volgens die oorlewering van die mense, volgens die eerste beginsels van die wêreld en nie volgens Christus nie. Kol. 2:6-8.

Werp dan julle vrymoedigheid, wat 'n groot beloning het, nie weg nie. Want julle het lydsaamheid nodig, om, nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte te verkry. Want nog 'n klein tydjie, en Hy wat kom, sal kom en nie versuim nie. Maar die regverdige sal uit die geloof lewe; en as hy hom onttrek, het my siel geen welbehae in hom nie. Maar by ons is daar geen onttrekking tot verderf nie, maar geloof tot behoudenis van die siel. Heb. 10: 35-39.

Want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van syne. Laat ons dan ons beywer om in te gaan in dié rus, sodat niemand in dieselfde voorbeeld van ongehoorsaamheid mag val nie. Want die woord van God is lewendig en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart. Heb. 4: 10-12.



- 26 -

Omdat ek juis hierop vertrou, dat Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus; ... alleenlik, gedra julle waardig die evangelie van Christus, sodat, of ek kom en julle sien, en of ek afwesig is, ek van julle omstandighede kan hoor dat julle in een gees vasstaan en, een van siel, saamstry vir die geloof van die evangelie, en dat julle jul in geen opsig laat afskrik deur die teëstanders nie. Dit is vir hulle wel 'n bewys van verderf, maar vir julle van verlossing, en dit van God; omdat dit aan julle terwille van Christus genadiglik gegee is om nie alleen in Hom te glo nie, maar ook vir Hom te ly. Filip. 1:26, 27-29.

Want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae. Doen alles sonder murmurering en teëspraak, sodat julle onberispelik en opreg kan wees, kinders van God sonder gebrek onder 'n krom en verdraaide geslag onder wie julle skyn soos ligte in die wêreld. Filip 2:13-15.

Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly. Staan dan vas, julle lende met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan, en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede. Behalwe dit alles neem op die skild van die geloof waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus. En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees–dit is die woord van God–terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges. Efe. 6: 10-18.

Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het. Efe. 4: 32.

- 27 -

As julle in gehoorsaamheid aan die waarheid julle siele deur die Gees tot ongeveinsde broederliefde gereinig het, moet julle mekaar vurig liefhê uit 'n rein hart. 1 Pet. 1:22.

'n Nuwe gebod gee Ek vir julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê. Hieraan sal almal weet dat julle My dissipels is, as julle liefde onder mekaar het. Joh. 13:34, 35.

Ondersoek julself of julle in die geloof is; stel julself op die proef. Of is julle nie seker van julself dat Jesus Christus in julle is nie–as julle tenminste nie verwerplik is nie! 2 Kor. 13:5.

Volgens die genade van God wat my gegee is, het ek soos 'n bekwame boumeester die fondament gelê, en 'n ander bou daarop; maar elkeen moet oppas hoe hy daarop bou. Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie: dit is Jesus Christus. En as iemand op dié fondament bou goud, silwer, kosbare stene, hout, hooi, stoppels–elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en elkeen se werk, hoedanig dit is, sal die vuur op die proef stel. 1 Kor. 3:10-13.

Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het. Want ek weet dit, dat ná my vertrek wrede wolwe onder julle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie. Ja, uit julle self sal daar manne opstaan wat verkeerde dinge praat om die dissipels weg te trek agter hulle aan. Hand. 20:28-30.

Ek verwonder my dat julle so gou afvallig word van hom wat julle deur die genade van Christus geroep het, na 'n ander evangelie toe, terwyl daar geen ander een is nie; behalwe dat daar sommige mense is wat julle in die war bring en die evangelie van Christus wil verdraai. Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees! Soos ons vantevore gesê het, sê ek nou ook weer: As iemand julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat julle ontvang het, laat hom 'n vervloeking wees! Gal. 1: 6-9.

- 28 -

Daarom, alles wat julle in die donker gesê het, sal in die lig gehoor word; en wat julle in die oor gepraat het in die binnekamers, sal op die dakke verkondig word. En Ek sê vir julle, my vriende: Moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak en daarna niks meer kan doen nie; maar Ek sal julle wys wie julle moet vrees: Vrees Hom wat, nadat Hy doodgemaak het, by magte is om in die hel te werp; ja, Ek sê vir julle, vrees Hom! Word vyf mossies nie vir twee stuiwers verkoop nie? En nie een van hulle is voor God vergeet nie. Maar selfs die hare van julle hoof is almal getel. Moet dan nie bang wees nie: julle is meer werd as baie mossies. Lukas 12:3-7.



Want daar is geskrywe: Hy sal sy engele bevel gee aangaande U om U te bewaar, en hulle sal U op die hande dra, sodat U nie miskien u voet teen 'n klip stamp nie. Lukas 4:10, 11.

Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn–dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus. Maar ons het hierdie skat in erdekruike, sodat die voortreflikheid van die krag mag wees van God en nie uit ons nie. In alles word ons verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie; ons is verleë, maar nie radeloos nie; vervolg, maar nie verlate nie; neergewerp, maar nie vernietig nie. 2 Kor. 4:6-9.

Want ons ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is, werk vir ons uit 'n alles oortreffende ewige gewig van heerlikheid; omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig. 2 Kor. 4:17, 18.

Wat in die krag van God bewaar word deur die geloof tot die verlossing wat gereed is om geopenbaar te word in die laaste tyd. Daarin verheug julle jul, al word julle nou–as dit nodig is–vir 'n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewinge, sodat die beproefdheid van julle geloof wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar deur vuur gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlikheid by die openbaring van Jesus Christus. 1 Pet. 1:5-7.

Want nou leef ons, as julle vas staan in die Here. 1 Thess. 3:8.

- 29 -

En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word. Markus 16:17, 18.

Sy ouers antwoord hulle en sê: Ons weet dat hy ons seun is en dat hy blind gebore is; maar hoe hy nou sien, weet ons nie; of wie sy oë geopen het, weet ons nie. Hy is self oud genoeg, vra hom; hy sal vir homself praat.

Dit het sy ouers gesê, omdat hulle bang was vir die Jode; want die Jode het al ooreengekom dat as iemand Hom as die Christus bely, hy uit die sinagoge sou geban word. Daarom het sy ouers gesê: Hy is oud genoeg, vra hom. Hulle roep toe vir die tweede maal die man wat blind was, en sê vir hom: Gee aan God die eer–ons weet dat hierdie man 'n sondaar is. En hy antwoord en sê:

Of Hy 'n sondaar is, weet ek nie. Een ding weet ek: dat ek blind was en nou sien. En hulle sê weer vir hom: Wat het Hy vir jou gedoen? Hoe het Hy jou oë geopen? Hy antwoord hulle: Ek het dit al vir julle gesê, en julle het nie geluister nie. Waarom wil julle dit weer hoor? Julle wil tog nie ook sy dissipels word nie? Joh. 9:20-27.

En wat julle ook al in My Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word. As julle iets in My Naam vra, sal Ek dit doen. As julle My liefhet, bewaar My gebooie. Joh. 14:13-15.

As julle in My bly en My woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit kry. Hierin is My Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra; en julle sal My dissipels wees. Joh. 15:7, 8.

En daar was in hulle sinagoge 'n man met 'n onreine gees; en hy het uitgeskreeu en gesê: Hou op! Wat het ons met U te doen, Jesus Nasarener? Het U gekom om ons te verdelg? Ek ken U wie U is: die Heilige van God! En Jesus het hom bestraf en gesê: Bly stil, en gaan uit hom uit! Markus 1: 23-25.

- 30 -

Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie. Rom. 8:38, 39.

En skryf aan die leraar van die gemeente in Filadelfia: Dit sê die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie. Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie. Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg–Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het. Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar vir die uur van



beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel. Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie. Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam. Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees vir die gemeentes sê. Openb. 3:7-13.

Dit is hulle wat hulself met vrouens nie besoedel het nie, want hulle is maagdelik rein; dit is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan; dit is hulle wat gekoop is uit die mense as eerstelinge vir God en die Lam. En in hulle mond is daar geen bedrog gevind nie; want hulle is sonder gebrek voor die troon van God. Openb. 14:4, 5.

Want ons burgerskap is in die hemele vanwaar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus. Filip. 3:20.

Wees dan geduldig, broeders, tot op die wederkoms van die Here. Kyk, die landbouer wag op die kostelike vrug van die aarde en het geduld daarmee totdat dit die vroeë en die laat

- 31 -

reën ontvang het. Julle moet ook geduldig wees; versterk julle harte, omdat die wederkoms van die Here naby is. Jak. 5:7, 8.

Wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan Sy verheerlikte liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp. Filip. 3:21.

Toe sien ek, en kyk, daar was 'n wit wolk en een soos 'n Menseseun wat op die wolk sit, met 'n goue kroon op sy hoof en in sy hand 'n skerp sekel. En 'n ander engel kom uit die tempel en roep met 'n groot stem na Hom wat op die wolk sit: Slaan u sekel in en maai, want die uur het vir U gekom om te maai, omdat die oes van die aarde oorryp geword het. En hy wat op die wolk sit, het sy sekel op die aarde gegooi, en die aarde is afgemaai. En 'n ander engel het uit die tempel gekom wat in die hemel is, en hy het ook 'n skerp sekel gehad. Openb. 14:14-17.

Daar bly dus 'n Sabbatsrus oor vir die volk van God. Heb. 4: 9.

En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is. Openb. 21:2.

En ek het gesien, en kyk, daar staan die Lam op die berg Sion, en saam met hom honderd-vier-en-veertigduisend met sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe. Openb. 14:1.

En hy het my getoon 'n suiwer rivier van die water van die lewe, helder soos kristal, wat uitstroom uit die troon van God en van die Lam. In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat twaalf maal vrugte dra en elke maand sy vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies. En daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie, en die troon van God en van die Lam sal daarin wees, en Sy diensknegte sal Hom dien. En hulle sal sy aangesig sien, en sy Naam sal op hulle voorhoofde wees. En nag sal daar nie wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die Here God hulle verlig; en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid. Openb. 22:1-5.

---



# DAAROPVOLGENDE GESIGTE

- 32 -

Terwyl die broeders saamgekom het by Topsham, Maine, het die Here my die volgende gesig gegee.

Ons was in 'n buitengewone gebed stemming, en onderwyl ons gebid het, het die Heilige Gees op ons gekom. Ons was baie gelukkig. Spoedig het ek alle besef van aardse dinge verloor en het ek 'n gesig ontvang van die heerlikheid van God. Ek het 'n engel gesien wat vinnig na my toe aangevlieg gekom het. Hy het my van die aarde af weggevoer na die Heilige Stad. In die stad het ek 'n tempel gesien, en ek het binnegegaan. Voordat ek by die eerste voorhangsel gekom het, is ek deur 'n deur. Hierdie voorhangsel was opgelig, en ek het die heilige plek binnegegaan. Daar het ek die reukofferaltaar gesien, die sewe kandelare, en die tafel met die toonbrode. Nadat ek die heerlikheid van die heilige plek gesien het, het Jesus die tweede voorhangsel opgelig en ek het die allerheiligste plek binnegegaan.

In die allerheiligste plek het ek die ark gesien; die deksel en die kante was van pure goud. Op elke end was 'n pragtige gerub, met vlerke oor die ark uitgestrek. Die gerubs het gestaan met hulle gesigte na mekaar toe, en hulle het afgekyk. Tussen die engele was 'n goue wierookbak. Bokant die ark, waar die engele gestaan het, was daar 'n baie helder glans, wat gelyk het soos die troon waar God woon. Jesus het by die ark gestaan, en namate die heiliges se gebede tot Hom opgestyg het, het Hy hulle gebede saam met die wierook aan Sy Vader geoffer. In die ark was die goue kruik met die manna, die staf van Aaron, en die kliptafels wat toegevou het soos 'n boek. Jesus het hulle oopgeslaan, en ek het die tien gebooie gesien wat daarop geskryf is met die vinger van God. Op die een tafel was vier, en op die ander een ses. Die vier op die eerste tafel het helderder geskyn as die ander ses; maar die vierde, die Sabbatsgebod, het

- 33 -

die helderste van almal geskyn; want die Sabbat is afgesonder om gehou te word tot eer van Gods heilige Naam. Die heilige Sabbat het heerlik gelyk–daar was 'n stralekrans van heiligheid rondom. Ek het gesien dat die Sabbatsgebod nie aan die kruis genael is nie. As dit die geval was, sou dit ook vir die orige nege gebooie gegeld het, en dan sou dit ons vrygestaan

het om hulle almal te oortree, en ook die vierde. Ek het gesien dat God die Sabbat nie verander het nie, want Hy verander nooit nie. Maar die pous het die dag verander van die sewende na die eerste dag van die week; want hy sou tye en die wet verander.

En ek het gesien dat as God die Sabbat verander het van die sewende tot die eerste dag, sou Hy ook die bewoording van die Sabbatsgebod verander het daar op die kliptafels wat nou in die ark is in die allerheiligste plek van die tempel in die hemel, en dit sou as volg gelees het: Die eerste dag is die Sabbat van die Here julle God. Maar ek het gesien dat die bewoording nog is soos dit was toe dit op die kliptafels geskryf is deur die vinger van God, en toe Hy dit aan Moses op Sinai gegee het. "Maar die sewende dag is die Sabbat van die Here julle God." Ek het gesien dat die heilige Sabbat die skeidsmuur is, en dit altyd sal bly, tussen die ware Israel van God en die ongelowiges; en dat die Sabbat die groot vraag is wat die harte sal verenig van Gods dierbare, wagtende heiliges.

Ek het gesien dat God kinders het wat die Sabbat nie sien en hou nie. Hulle het nie die lig in verband daarmee verwerp nie. En aan die begin van die tyd van benoudheid is ons vervul met die Heilige Gees toe ons uitgegaan en die Sabbat met groter krag verkondig het.[1] Dit het die kerke en die naam-Adventiste woedend gemaak, want hulle kon die Sabbats waarheid nie weerlê nie. In daardie tyd het Gods uitverkorenes almal duidelik gesien dat ons die waarheid het, en hulle het uitgekom en saam met ons gestaan in die vervolging.

- 34 -

Ek het die swaard, en hongersnood en pestilensie en groot verwarring in die land gesien. Die goddelose het gemeen dat ons die oordele op hulle gebring het, en hulle het raad gehou om ons van die aarde te verdelg, menende dat hulle op daardie wyse die onheil sou keer.

In die tyd van benoudheid het ons almal uit die stede en dorpe gevlug, maar die goddelose het ons agtervolg en hulle het die wonings van die heiliges met die swaard binnegedring. Hulle het die swaard opgehef om ons dood te maak, maar die swaarde het gebreek en so magteloos soos stukkies strooi uit hulle hande geval. Ons het dag en nag gebid om verlossing, en ons geroep is deur God verhoor. Die son het opgekom en die maan het stilgestaan. Die waterstrome het gaan staan. Swaar, donker wolke het saamgepak. Maar daar was een plek waar die heerlikheid deurgestraal

[1]**Sien bladsy 75.**



het, en daaruit het ons die stem van God gehoor, soos vele waters, wat die hemele en die aarde geskud het. Die uitspansel het oop- en toegegaan, en dit was in beroering. Die berge het gebewe soos 'n riet in die wind, en het orals skerpkantige rotse uitgeslinger. Die see het gekook soos 'n pot, en het klippe op die land uitgewerp. En toe God die dag en die uur van Jesus se koms aangekondig het, en die ewige verbond aan Sy volk oorhandig het, het Hy een sin gespreek en dan gewag terwyl Sy woorde oor die aarde gerol het. Die Israel van God het gestaan met hulle oë na bo gerig, en geluister na die woorde soos hulle uit die mond van Jehova gekom en oor die aarde gerol het soos swaar donderslae. Dit was verskriklik aangrypend. Aan die einde van elke sin het die heiliges uitgeroep, "Heerlik! Halleluja!" Hulle aangesigte was verlig met die heerlikheid van God; hulle het geblink van die heerlikheid soos die gelaat van Moses geblink het toe hy van die berg Sinai afgekom het. Die goddelose kon hulle nie aanskou weens die heerlikheid nie. En toe die ewige seën uitgespreek is oor diegene wat God vereer het deur Sy Sabbat te heilig, het daar 'n magtige oorwinningskreet opgegaan oor die dier en oor sy beeld.

- 35 -

Toe het die jubileum begin wanneer die land sou rus. Ek het die vrome slaaf sien opstaan in oorwinning; hy het die kettings wat hom gebind het van hom afgeskud, terwyl sy bose meester verward was en nie geweet het wat om te doen nie; want die goddelose kon nie die woorde van die stem van God verstaan nie. Eerlank het die groot wit wolk verskyn. Dit was pragtiger as ooit. Daarop het die Seun van die mens gesit. Eers het ons Jesus nie op die wolk gesien nie, maar namate dit nader aan die aarde gekom het, kon ons Sy heerlike gestalte sien. Hierdie wolk, toe dit eers verskyn het, was die teken van die Seun van die mens in die hemel. Die stem van die Seun van God het die slapende heiliges opgewek, beklee met die heerlike onsterflikheid. Die lewende heiliges is in 'n oomblik verander en saam opgeneem in die wolke-wa. Dit het te heerlik gelyk terwyl dit opwaarts gestyg het. Aan albei kante van die wa was daar vlerke, en daaronder was wiele. Namate die wa opwaarts gegaan het, het die wiele uitgeroep, "Heilig," en die vlerke het, terwyl hulle beweeg het, uitgeroep, "Heilig," en die gevolg van heilige engele rondom die wolk, het uitgeroep, "Heilig, heilig, heilig, Here God Almagtig!" En die heiliges in die wolk het uitgeroep, "Heerlik! Halleluja!" En die wa het opgevaar na die Heilige Stad.

Jesus het die poorte van die goue stad oopgeswaai en ons binnegelei. Daar is ons verwelkom, want ons het die "gebooie van God" gehou en het "reg op die boom van die lewe."

---



# DIE VERSEËLING

- 36 -

Op 5 Januarie 1849, toe die Sabbat begin het, was ons by n biduur aan huis van Broeder Belden, Rocky Hill, Connecticut, en die Heilige Gees het op ons gekom. Ek is in 'n gesig geneem na die allerheiligste plek waar ek Jesus gesien het, nog besig om in te tree vir Israel. Onderaan die soom van Sy kleed was 'n klokkie en 'n granaat. Ek het gesien dat Jesus nie die allerheiligste plek sal verlaat voordat elke saak beslis is nie, of vir die saligheid of vir uitdelging, en dat die wraak van God nie kan kom voordat Jesus Sy werk in die allerheiligste plek afgehandel, Sy priesterlike kleed uitgetrek, en die kleed van wraak aangetrek het nie. Dan sal Jesus uitstap tussen die Vader en die mense, en God sal nie langer stilbly nie, maar Sy wraak uitgiet op diegene wat Sy waarheid verwerp het. Ek het gesien dat die grimmigheid van die nasies, die wraak van God, en die tyd van oordeel vir die dode, afsonderlike en agtereenvolgende gebeurtenisse was, en ook dat Migael nog nie opgestaan het, en dat die tyd van benoudheid soos daar nog nooit was nie, nog nie begin het nie. Die nasies word nou toornig, maar wanneer ons Hoëpriester Sy werk in die heiligdom klaar het, sal Hy opstaan, die kleed van wraak aantrek, en dan sal die sewe laaste plae uitgegiet word.

Ek het gesien dat die vier engele die vier winde sou vashou totdat Jesus se werk in die heiligdom klaar is, en dan sal die sewe laaste plae kom. Hierdie plae het die goddelose baie toornig gemaak op die regverdiges; hulle het gedink dat ons die oordele van God op hulle gebring het, en dat die plae sou ophou as hulle maar van ons kon ontslae raak. Daar het 'n

- 37 -

bevel uitgegaan om die regverdiges dood te maak, en dit het hulle dag en nag laat roep om verlossing. Dit was die tyd van Jakob se benoudheid. Toe het al die heiliges in angs geroep en is ons verlos deur die stem van God. Die 144,000 het oorwin. Hulle aangesigte is verlig met die heerlikheid van God. Toe is daar 'n groep aan my getoon wat in foltering geskreeu het. Op hulle kleed het daar in groot letters gestaan, "Jy is in die weegskaal geweeg en te lig bevind." Ek het gevra wie hierdie groep was. Die engel het geantwoord, "Dit is hulle wat eenkeer die Sabbat gehou het, maar dit opgegee het." Ek het hulle hoor uitroep met 'n luide stem, "Ons het geglo

in U wederkoms en het dit met ywer verkondig." Maar terwyl hulle gepraat het, het hulle oë geval op hulle kleed waar hulle die letters gesien het, en toe het hulle weer hard begin ween. Ek het gesien dat hulle uit diep waters gedrink het en die res met hulle voete besoedel het–hulle het die Sabbat onder die voete vertree–en dat dit om hierdie rede was dat hulle in die weegskaal geweeg en te lig bevind is.

Die engel wat by my was, het weer my aandag gevestig op die stad; na die poorte daarvan het ek vier engele sien vlieg. Hulle was net besig om die goue kaartjie aan die engel by die poort te toon toe ek 'n ander engel baie vinnig sien vlieg het uit die rigting van die oorweldigende heerlikheid, en hy het met 'n groot stem geroep tot die ander engele, en hy het iets in sy hand op en neer beweeg. Ek het aan die engel wat by my was, gevra wat dit beteken. Hy het aan my gesê dat ek op daardie oomblik niks meer kon sien nie, en dat hy my eerlank sou toon wat die dinge beteken wat ek gesien het.

Daardie Sabbat middag het een van ons groep siek geword, en hy het gevra dat ons vir hom moes bid. Ons het saam tot die groot Geneesheer gebid; terwyl daar geneeskrag gekom en die sieke gesond geword het, het die Gees op my gekom, en ek is weggevoer in 'n gesig.

- 38 -

Ek het vier engele gesien wat 'n werk te doen gehad het op die aarde, en hulle was op weg om dit te doen. Jesus het Sy priesterlike kleed aangehad. Hy het in ontferming neergekyk op die oorblyfsel; toe het Hy Sy hande opgehef en met 'n stem vol bejammering geroep, "My bloed, Vader, My bloed, My bloed, My bloed!" Toe het ek 'n vreeslike helder lig sien kom van God wat op die groot wit troon gesit het, en dit het rondom Jesus geskyn. Toe het ek 'n engel gesien met 'n opdrag van Jesus, en hy het vinnig gevlieg na die vier engele wat 'n werk gehad het om te doen op die aarde; hy het iets op en neer in sy hand beweeg en met 'n luide stem geroep, "Hou! Hou! Hou! Hou! totdat die dienaars van God op hulle voorhoofde verseël is."

Ek het aan die engel die betekenis gevra van wat ek gehoor het, en wat daardie vier engele wou doen. Hy het aan my gesê dat dit God was wat die magte in bedwang hou, en dat Hy Sy engele aangestel het oor die dinge van die aarde; dat die vier engele krag van God ontvang het om die vier winde vas te hou, en dat hulle op die punt gestaan het om die winde



te los; maar terwyl hulle hande verslap het en die vier winde wou begin waai, het die genadige oog van Jesus die oorblyfsel gesien wat nie verseël was nie, en Hy het Sy hande opgehef en die Vader gesmeek en gesê dat Hy Sy bloed vir hulle gestort het. Toe het 'n ander engel opdrag gekry om vinnig te vlieg na die vier engele en hulle te beveel om vas te hou totdat die dienaars van God op hulle voorhoofde verseël is met die seël van die lewende God.

---

# GODS LIEFDE VIR SY VOLK

- 39 -

Ek het gesien dat die tere liefde wat God vir Sy volk het baie groot is. Ek het engele bo-oor die heiliges gesien, met hulle vlerke oor hulle uitgestrek. Elke heilige het 'n skutsengel gehad. Wanneer die heiliges ten gevolge van teleurstelling geween het, of in gevaar was, het die engele wat altyd by hulle was vinnig na bo gevlieg met die nuus, en dan het die engele in die stad opgehou met sing. In sulke gevalle het Jesus aan 'n engel opdrag gegee om na die aarde te vlieg en die heiliges aan te moedig, te beskerm, en te belet dat hulle die enge pad verlaat; maar as hulle nie ag slaan op die beskerming van hierdie engele nie, en nie deur hulle vertroos wil word nie, maar aanhou om af te dwaal, dan het die engele hartseer geword en geween. Hulle neem dan die nuus na bo, en dan ween al die engele daar, en sê hulle met luide stemme, "Amen." Maar wanneer die heiliges hulle oë gevestig hou op die prys voor hulle en God verheerlik deur Hom te loof, het die engele die goeie nuus na die stad geneem, en dit het die engele in die stad op hulle harpe laat speel en hulle het hard gesing, "Halleluja!" en die hemelgewelf laat weergalm met hulle lieflike liedere.

Daar is volkome orde en harmonie in die Heilige Stad. Al die engele wat opdrag het om die aarde te besoek, het 'n goue kaartjie wat hulle aan die engele by die poorte van die stad toon wanneer hulle in- en uitgaan. Die hemel is 'n goeie plek. Ek verlang om daar te wees en my lieflike Jesus te sien wat Sy lewe vir my gegee het, sodat Hy my kan verander in Sy eie heerlike ewebeeld. 0, dat ek oor die taal kon beskik om die heerlikheid te beskryf van daardie pragtige aanstaande wêreld! Ek dors na die lewende strome wat die stad van God bly maak.

Die Here het my 'n gesig van die ander wêrelde gegee. Daar is vlerke aan my gegee, en 'n engel het my vergesel van die stad na 'n plek wat blink en heerlik was. Die gras daar was

- 40 -

'n lewende groen, en die voëls het pragtig gesing. Die inwoners van die plek was van verskeie grootte; hulle was edel, majestueus en lieflik. Hulle het die ewebeeld van Jesus gedra, en hulle aangesigte het gestraal van heilige vreugde–'n teken van die vryheid en geluk van die plek. Ek het een van hulle gevra waarom hulle so veel mooier was as die aardbewoners.

Die antwoord was, "Ons het in stipte gehoorsaamheid aan die gebooie van God gelewe, en ons het nie deur ongehoorsaamheid geval soos diegene op die aarde nie." Toe het ek twee bome gesien, die een het baie gelyk soos die boom van die lewe in die stad. Die vrugte van albei bome was pragtig, maar van die een kon hulle nie eet nie. Hulle het die mag gehad om van albei te eet, maar hulle is belet om van die een te eet. Toe het die engel aan my gesê, "Niemand in hierdie plek het die vrug van die verbode boom gesmaak nie; maar as hulle dit sou doen, sou hulle val." Toe is ek na 'n wêreld geneem met sewe mane. Daar het ek die goeie ou Henog gesien wat verheerlik is. Op sy regterarm was 'n heerlike palm, en op elke blad het die woord "Oorwinning" gestaan. Op sy hoof was 'n spierwit louerkrans en daarop was blare; op elke blad het die woord, "Reinheid" gestaan, en rondom die krans was stene van verskillende kleure, en hulle het heerliker geskitter as die sterre, en hulle lig het geval op die letters en hulle vergroot.

Die krans was agter vasgebind met 'n strik waarop geskryf was, "Heiligheid." Op die krans was 'n lieflike kroon wat blinker was as die son. Ek het hom gevra of dit die plek is waarheen hy geneem is van die aarde. Hy het geantwoord, "Dit is nie; die stad is my woning; ek is hier op besoek." Hy het daar rondgeloop asof hy volkome tuis was. Ek het my begeleidende engel gesmeek om my toe te laat om in daardie plek te bly. Ek kon nie daaraan dink om weer na hierdie donker wêreld terug te kom nie. Toe het die engel gesê, "Jy moet teruggaan, en as jy getrou is, sal jy saam met die 144,000 die voorreg hê om al die wêrelde te besoek, en die handewerk van God te besigtig."

---



# SKUDDING VAN DIE KRAGTE VAN DIE HEMELE

\- 41 -

Op 16 Desember 1848 het die Here my 'n gesig laat sien van die skudding van die kragte van die hemel. Ek het gesien dat wanneer die Here sê "hemele" in die beskrywing van die tekens in Mattheus, Markus, en Lukas, dan bedoel Hy die hemele; en wanneer Hy sê "aarde," dan bedoel Hy die aarde. Die kragte van die hemele is die son, maan, en sterre. Hulle voer heerskappy in die hemele. Die kragte van die aarde, is diegene wat op die aarde regeer. Die kragte van die hemel sal geskud word deur die stem van God. Die son, maan, en sterre sal uit hulle plekke verskuif word. Hulle sal nie vergaan nie, maar hulle sal geskud word deur die stem van God.

Swaar, donker wolke het saamgepak en teen mekaar gebots. Die lug het oopgegaan en toe kon ons 'n oop plek in die Drie Konings sien vanwaar die stem van God gekom het. Die Heilige Stad sal deur daardie oop plek kom. Ek het gesien dat die kragte van die aarde nou geskud word en dat die gebeurtenisse in hulle orde volg. Oorloë, gerugte van oorloë, die swaard, hongersnood en pessiektes is die eerste om die magte van die aarde te skud, daarna sal die stem van God die son, maan, en sterre skud, en hierdie aarde ook. Ek het gesien dat die skudding van die kragte in Europa nie die skudding van die kragte van die hemele is soos sommige leer nie, maar dit is die skudding van die toornige nasies.

---

# DIE GEOPENDE EN DIE GESLOTE DEUR

- 42 -

Op Sabbat, 24 Maart, het ons 'n baie aangename byeenkoms gehad by die broeders in Topsham, Maine. Die Heilige Gees is op ons uitgestort, en ek is in die Gees weggevoer na die stad van die lewende God. Daar is aan my getoon dat die gebooie van God en die getuienis van Jesus Christus in verband met die geslote deur, nie geskei kon word nie, en dat die tyd vir die gebooie van God om te skyn met al hulle belangrikheid, en vir die mense om getoets te word op die Sabbat waarheid, sou kom wanneer die deur geopen word in die allerheiligste plek van die hemelse heiligdom waar die ark is waarin die tien gebooie is. Hierdie deur is nie geopen voordat die middelaarswerk van Jesus in die heilige plek van die heiligdom in 1844 ten einde geloop het nie. Toe het Jesus opgestaan en die deur van die heilige plek gesluit, en Hy het die deur tot die allerheiligste plek oopgemaak en deur die tweede voorhangsel gegaan waar Hy nou by die ark staan en waar Israel nou deur geloof ingaan.

Ek het gesien dat Jesus die deur van die heilige plek gesluit het en dat niemand dit kan oopmaak nie; en dat Hy die deur tot die allerheiligste plek geopen het en niemand kan dit sluit nie (Openb. 3: 7,8).[1] En vandat Jesus die deur geopen het tot die allerheiligste plek waarin die ark is, het die gebooie geskyn vir Gods volk, en word hulle getoets op die Sabbat vraagstuk.

Ek het gesien dat die toets op die Sabbat nie kon kom voordat die bediening van Jesus in die heilige plek klaar was en Hy binne die tweede voorhangsel gegaan het nie; daarom is dit dat Christene wat ontslaap het voor die deur geopen is tot die allerheiligste, toe die middernagtelike geroep beëindig is,

- 43 -

naamlik in die sewende maand van 1844, en wat nie die Sabbat gehou het nie, nou in hoop rus; want hulle het nie die lig en toets op die Sabbat gehad wat ons nou het vandat daardie deur geopen is nie. Ek het gesien dat die Satan sommige van Gods kinders versoek op hierdie punt; omdat so baie goeie Christene ontslaap het in geloofs oorwinning, maar nie die ware Sabbat gehou het nie, twyfel hulle of die Sabbat nou vir ons 'n toets kan wees.

[1]**Sien bladsy 76.**

Die vyande van die teenwoordige waarheid het geprobeer om die deur tot die heilige plek, wat Jesus gesluit het, oop te maak, en die deur te sluit wat Hy in 1844 geopen het tot die allerheiligste plek waar die ark is met die twee kliptafels waarop die tien gebooie geskryf is met die vinger van Jehova.

Nou, in hierdie tyd van verseëling, gebruik die Satan al sy lis om die aandag van Gods kinders af te trek van die teenwoordige waarheid en hulle te laat wankel. Ek het gesien dat God 'n beskutting oor Sy kinders plaas om hulle te beskerm in die tyd van benoudheid; en elke siel wat van die waarheid oortuig en rein van hart is, is bedek met die beskutting van die Almagtige.

Die Satan het dit geweet, en hy het met groot krag te werk gegaan om soveel mense moontlik in verwarring te bring aangaande die waarheid. Ek het gesien dat die geheimsinnige geklop te New York en ander plekke, die krag van die Satan was, dat sulke verskynsels sou toeneem onder die dekmantel van die godsdiens, om diegene wat bedrieg word aan die slaap te sus en om die aandag van Gods kinders, indien moontlik, te vestig op daardie dinge en hulle te laat twyfel aan die leer en krag van die Heilige Gees.'

Ek het gesien dat die Satan op verskillende maniere deur werktuie werk. Hy werk deur predikante wat die waarheid

- 44 -

verwerp en hulle oorgegee het aan verleidings om 'n leuen te glo sodat hulle kan vervloek word. Terwyl hulle besig was om te preek en te bid, het sommige hulpeloos op die grond geval, nie deur die krag van die Heilige Gees nie, maar deur die krag van die Satan wat op hierdie werktuie geblaas is, en deur hulle weer op die mense. In hulle preke, gebede, en gesprekke het sommige naam-Adventiste, wat die teenwoordige waarheid verwerp het, mesmerisme gebruik om aanhangers te win, en die mense het hulle in daardie krag verbly, want hulle het gemeen dat dit die Heilige Gees was. Sommige wat dit gebruik het, het sover in die duisternis en bedrog van die duiwel verval dat hulle gedink het dat dit die krag van God was wat aan hulle gegee is om te beoefen. Hulle het van God iemand gemaak soos hulleself, en hulle het Sy krag goedkoop gemaak.

Sommige van hierdie werktuie van die Satan het die liggame aangetas van sommige heiliges–diegene wat hulle nie kon bedrieg en deur satan-

[1]**Sien bladsy 76.**



iese invloede van die waarheid aftrek nie. O, dat almal die saak mag sien soos God dit aan my getoon het, sodat hulle die lis van die Satan mag ken en op hulle hoede kan wees! Ek het gesien dat die Satan op hierdie wyse werk om Gods volk te verwar, te bedrieg, en te verlei nou in hierdie tyd van verseëling. Ek het sommige gesien wat nie pal gestaan het vir die teenwoordige waarheid nie. Hulle knieë het gebewe, en hulle voete het gegly omdat hulle nie heg gewortel was in die waarheid nie; en die beskutting van God kon nie oor hulle getrek word terwyl hulle so gebewe het nie.

Die Satan het alles in sy vermoë gedoen om hulle te hou waar hulle was, totdat die tyd van verseëling verby sou wees, totdat God die beskutting oor Sy volk getrek het, en hulle sonder beskutting gestaan het teen die brandende wraak van God gedurende die sewe laaste plae. God het al begin om hierdie beskutting oor Sy volk te trek, en eerlank sal dit oor almal getrek wees wat beskutting nodig het in die dag van slagting. God sal met krag werk vir Sy volk; en die Satan sal ook toegelaat word om te werk.

- 45 -

Ek het gesien dat die geheimsinnige tekens en wonders en vals reformasies sou toeneem en versprei. Die reformasies wat aan my getoon is, was nie reformasies van dwaalleer tot die waarheid nie. Die engel by my het gesê dat ek moes kyk of ek die begeerte vir die redding van siele kon sien soos daar Voorheen was. Ek het gekyk, maar kon dit nie sien nie, want die tyd van hulle redding was verby.[1]

---

[1]Die skrywer van hierdie woorde het dit nie verstaan as lerende dat die tyd vir die redding van alle siele verby was nie. Juis in die tyd toe hierdie dinge geskryf is, was sy self besig om te werk vir die redding van sondaars soos sy ook altyd daarna gedoen het.
Haar begrip van hierdie saak soos dit aan haar getoon was, blyk uit die volgende paragrawe, die eerste gepubliseer in 1854. en die tweede in 1888:
"Die valse reformasies' waarna hier verwys word, sal nog duideliker gesien word. Die, gesig het meer in besonder betrekking op diegene wat die advent leer gehoor en verwerp het. Hulle is oorgegee aan die krag van dwaling Hulle sal nie die 'begeerte vir die redding van siele' hê soos voorheen nie. Aangesien hulle die advent verwerp het, en hulle oorgegee is aan die bedrog van die Satan is die tyd vir hulle redding verby. Maar dit geld egter nie vir diegene wat die leer van die tweede-koms nie gehoor en verwerp het nie."
"Dit is uiters gevaarlik om die waarheid wat ons oortuig het en ons harte aangeraak het, lig op te neem. Ons kan nie straffeloos waarskuwings verwerp wat God in Sy genade aan ons gestuur het nie. In die tyd van Noag is daar

# DIE BEPROEWING VAN ONS GELOOF

- 46 -

In hierdie tyd van beproewing behoort ons mekaar aan te moedig en te troos. Die versoekings van die Satan is vandag sterker as ooit tevore, want hy weet dat sy tyd kort is en dat die saak van elke indiwidu eerlank beslis sal word of vir die lewe of vir die dood. Dit is nie nou die tyd om te beswyk onder ontmoediging en beproewings nie; ons moet sterk wees onder al ons beproewings en volkome vertrou op die Almagtige God van Jakob. Die Here het aan my getoon dat Sy genade genoeg is vir al ons beproewings; en alhoewel hulle groter is as ooit tevore, sal ons, as ons volkome op God vertrou, elke versoeking deur Sy genade kan oorwin.

As ons, ons beproewings te bowe kom, en die oorwinning oor die versoekings van die Satan behaal, sal ons die beproewing van ons geloof wat kosbaarder is as goud, kan verdra, en sal ons sterker en beter toegerus wees om die volgende beproewing die hoof te bied. Maar as ons beswyk onder die versoekings van die Satan, sal ons verswak, geen loon vir die beproewing kry nie, en nie so goed toegerus wees vir die volgende nie. Op hierdie wyse sal ons al swakker word totdat die Satan ons na willekeur gevange kan neem. Ons moet toegerus wees met die volle wapenrusting van God, en enige oomblik gereed wees vir die stryd met die magte van die duisternis. Wanneer versoekings en beproewings op ons aanstorm, moet ons na God gaan en Hom in die gebed smeek. Hy sal ons nie sonder hulp wegstuur nie, maar ons genade en krag gee om te oorwin, en

---

'n boodskap aan die wêreld gestuur, en die redding van die mens was afhanklik van die wyse waarop hulle daardie boodskap bejeën het. Omdat hulle die waarskuwing verwerp het, is die Gees van God onttrek aan die sondige geslag, en hulle het in die vloedwaters omgekom. In die tyd van Abraham het die genade opgehou om te pleit, met die onboetvaardige bewoners van Sodom, en almal, behalwe Lot en sy vrou en twee dogters, is verdelg deur die vuur wat uit die hemel neergedaal het. So was dit ook in die tyd van Christus. Die Seun van God het aan die ongelowige Jode van daardie geslag gesê, 'Julle huis word vir julle woes gelaat.' En met betrekking tot die laaste dae, sê dieselfde ewige krag aangaande diegene wat die, liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie,' dat God vir hulle ,die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid.' Namate hulle die leer van Sy .Woord verwerp het, onttrek God Sy Gees en laat Hy hulle oor aan die bedrog wat hulle liefhet."

die mag van die vyand te breek. 0, dat almal dinge in hulle ware lig kon sien, en beproewing mag verduur soos goeie krygsmanne van Jesus! Dan sou Israel voorwaarts gaan, sterk in God en in Sy krag.

- 47 -

God het aan my getoon dat Hy aan Sy volk 'n bitter beker gegee het om te drink, om hulle te was en te reinig. Dit is reeds baie bitter, en hulle kan dit nog meer bitter maak deur te murmureer, te kla, en te treur. Maar diegene wat die beker in daardie gees neem, sal dit tog weer moet drink omdat dit die eerste keer nie die gewenste uitwerking op die hart gehad het nie. En as die tweede beker nie die werk doen nie, sal hulle nog een en nog een moet drink, totdat die nodige uitwerking verkry is, of hulle sal vuil en onrein van hart gelaat word. Ek het gesien dat hierdie bitter beker soet gemaak kan word deur lankmoedigheid, volharding, en gebed, en dat dit die beoogde uitwerking sal hê op die harte van diegene wat dit so sal aanneem, en dat God daardeur geëer en verheerlik sal word. Dit is nie 'n geringe iets om 'n Christen te wees en deur God geëien en goedgekeur te wees nie. Die Here het aan my sommige getoon wat die teenwoordige waarheid bely, maar wie se lewens nie ooreenkomstig hulle belydenis is nie. Hulle standaard van vroomheid is heeltemal te laag, hulle skiet vêr kort aan Bybelse heiligheid. Sommige neem deel aan ydel en onbetaamlike geselskap, en ander gee toe aan die eie-ek. Ons moet nie verwag om onsself te bevredig en te lewe en te handel soos die wêreld, om deel te neem aan sy plesier en omgang te hou met diegene wat van die wêreld is, en dan nog saam met Christus in heerlikheid te wil regeer nie.

As ons deelgenote wil wees van Christus se heerlikheid in die hiernamaals, moet ons ook deelgenote wees van Sy lyde hier. As ons eiebelang bevorder en streef om onsself hier te bevredig pleks van God te behaag en Sy saak te bevorder, sal ons God en die heilige saak wat ons bely, oneer aandoen. Ons het maar 'n baie klein rukkie nog om vir God te werk. Ons moet geen opoffering te groot ag vir die redding van die verstrooide en verskeurde kudde van Jesus nie. Diegene wat nou 'n verbond deur opoffering met God maak, sal eerlank huis toe geneem word om 'n heerlike loon te ontvang en die nuwe koninkryk vir ewig en altyd te beërf.

- 48 -

O, laat ons heeltemal vir die Here lewe! Deur 'n goeie lewe en reine geselskap toon ons dat ons met Jesus en Sy nederige navolgers omgaan.



Ons moet werk solank dit dag is, want wanneer die donker nag van angs kom, sal dit te laat wees om vir God te werk. Jesus is in Sy heilige tempel en Hy sal nou ons offers, ons gebede, en die belydenis van ons sondes en foute aanneem, en Hy sal al die oortredinge van Israel vergewe sodat dit uitgedelg kan word voordat Hy die heiligdom verlaat. Wanneer Jesus die heiligdom verlaat, sal diegene wat heilig en regverdig is, heilig en regverdig bly; want al hulle sondes sal uitgedelg wees en hulle sal verseël wees met die seël van die lewende God. Maar diegene wat onregverdig en vuil is, sal onregverdig en vuil bly; want dan sal daar geen Priester in die heiligdom wees om hulle offers te offer, en hulle belydenis en hulle gebede voor die Vader se troon te bring nie. Wat dus gedoen moet word om siele te red van die komende storm van toorn, moet gedoen word voordat Jesus die allerheiligste plek van die hemelse heiligdom verlaat.

---

# AAN DIE KLEIN KUDDE

LIEWE BROEDERS: Op 26 Januarie 1850 het die Here my 'n gesig gegee wat ek sal vertel. Ek het gesien dat sommige van die kinders van die Here dwaas en half aan die slaap is; hulle besef nie die erns van die tyd waarin ons nou lewe nie, en dat die man met die 'stofbesem'[1] gekom het en dat sommige gevaar loop om weggevee te word. Ek het die Here gesmeek om hulle te red, om hulle nog langer te spaar, en hulle hul groot gevaar te laat sien sodat hulle kan klaarmaak voordat dit vir ewig te laat is. Die engel het gesê,

- 49 -

"Die verwoesting kom soos 'n magtige stormwind." Ek het die engel gesmeek om barmhartig te wees en diegene te red wat hierdie wêreld liefhet, wat geheg is aan hulle goed en onwillig is om daarvan op te offer om die boodskappers vinnig op hulle weg te stuur ten einde die hongerige skape te voed wat besig is om te vergaan weens gebrek aan geestelike voedsel.

Toe ek sien hoedat arme siele sterf weens gebrek aan die teenwoordige waarheid, en dat sommige wat voorgee om die waarheid te glo hulle maar laat sterf het deur die nodige middele vir die voortsetting van Gods werk terug te hou, was die skouspel vir my te pynlik, en ek het die engel gevra om dit voor my weg te neem. Ek het gesien dat hulle, toe die saak van God 'n deel van hulle besittings vereis het, soos die jongman wat na Jesus gekom het (Matt. 19: 16-22) bedroef weggegaan het, en dat 'n groot ramp soos 'n vloed al hulle besittings sal wegvoer, en dan sal dit te laat wees om hulle aardse goed op te offer en skatte in die hemel weg te lê.

Toe het ek die heerlike Verlosser, pragtig en lieflik, die glorieryke oord sien verlaat, en na hierdie donker en eensame wêreld sien kom om Sy dierbare lewe te gee en te sterf; die Regverdige vir die onregverdiges. Hy het die smaad en geseling verduur, die doringkroon gedra, en groot druppels bloed in die tuin gesweet terwyl die sondelas van die hele wêreld op Hom gedruk het. Die engel het gevra, "Waarvoor?" O, ek het gesien en geweet dat dit vir ons was; dat Hy vir ons sondes dit alles gely het, dat Hy ons deur Sy kosbare bloed kon loskoop vir God!

Toe is diegene weer aan my getoon wat onwillig was om hulle wêreldse goed te verkoop om verlore gaande siele te red deur die waarheid aan

[1] **Sien "William Miller se Droom," bladsy 72.**

hulle te stuur terwyl Jesus nog voor die Vader staan en Sy bloed, en lyde, en dood vir hulle pleit, en terwyl Gods boodskappers nog gewag het, gereed om die

- 50 -

reddende waarheid na hulle te bring sodat hulle verseël kan word met die seël van die lewende God. Dit is moeilik vir sommige wat voorgee om die teenwoordige waarheid te glo, om selfs so min te doen as om aan die boodskappers Gods eie geld te gee wat Hy aan hulle, as Sy rentmeesters, geleen het.

Die lyde van Jesus, Sy liefde wat so groot was dat dit Hom beweeg het om Sy lewe vir die mensdom te gee, is weer aan my voorgehou; ook die lewens van diegene wat voorgee om Sy navolgers te wees, wat hierdie wêreld se goed gehad het, maar te verknog daaraan was om die saak van die evangelie te help. Die engel het gevra, "Kan sulke mense hemel toe gaan?" 'n Ander engel hét geantwoord, "Nee, nooit, nooit, nooit. Diegene wat nie belangstel in die saak van God op die aarde nie, sal nooit daarbo die lied van verlossende liefde kan sing nie." Ek het gesien dat die spoedige werk wat die Here op die aarde besig is om te doen, eerlank verkort sou word in geregtigheid, en dat die boodskappers vinnig moet gaan om die verstrooide kudde te gaan opsoek. Die engel het gevra, "Is almal boodskappers?" Toe het 'n ander engel geantwoord, "Nee, nee; Gods boodskappers het 'n boodskap."

Ek het gesien dat die saak van God oneer aangedoen is deur sommige wat reis, maar geen boodskap van God het nie. Hulle sal aan God moet rekenskap gee van elke dollar wat hulle bestee het aan reise waarvoor daar geen nodigheid was nie, want daardie geld kon gebruik gewees het om die saak van God te bevorder; en siele is uitgehonger en het gesterf weens gebrek aan die geestelike voedsel wat Gods gekose boodskappers hulle sou kon gegee het. Ek het gesien dat diegene wat krag het om met hulle hande te werk om die saak te help onderhou, net so verantwoordelik gehou sal word vir hulle krag as die ander vir hulle besittings.

Die groot skudding het begin en dit sal voortgaan, en almal sal uitgeskud word wat nie gewillig is om onverskrokke en onwrikbaar vir die waarheid te staan, en opofferings te maak vir God en Sy saak nie. Die engel het gesê, "Dink jy dat enigeen verplig sal word om op te offer? Nee, nee; die offers moet vrywillig geskied.



- 51 -

Dit sal alles neem om die saailand te koop." Ek het God gesmeek om Sy volk te spaar, want sommige van hulle het swak geword en was sterwende. Toe het ek gesien dat die oordele van God spoedig sal kom, en ek het die engel gesmeek om in sy taal tot die mense te spreek. Hy het geantwoord, "Al die donders en blitse van die Berg Sinai sal nie diegene beweeg wat nie beweeg kan word deur die duidelike waarhede van Gods Woord nie, en 'n boodskap van 'n engel sal hulle ook nie wakker skud nie."

Toe het ek die skoonheid en lieflikheid van Jesus gesien. Sy kleed was witter as die witste wit. Geen woorde kan die heerlikheid van Sy skoonheid beskryf nie. Almal, almal wat die gebooie van God hou, sal deur die poorte in die stad gaan en sal reg hê op die boom van die lewe en altyd in die teenwoordigheid van die heerlike Jesus wees wie se aangesig helderder skyn as die middagson.

Ek is gewys op Adam en Eva in Eden. Hulle het van die verbode boom geëet en is uit die tuin verdryf, en toe is die boom van die lewe met 'n vlammende swaard bewaak sodat hulle nie van die vrugte kon eet en onsterflike sondaars word nie. Die doel met die boom van die lewe was om die onsterflikheid te verewig. Ek het die engel hoor vra, "Wie van die gesin van Adam het by die vlammende swaard verbygekom en van die boom van die lewe geëet?" Toe het ek 'n ander engel hoor antwoord, "Nie een van Adam se gesin het by die vlammende swaard verbygekom en van daardie boom geëet nie; dus is daar ook nie 'n onsterflike sondaar nie. Die siel wat sondig sal 'n ewige dood sterf–'n dood wat altyd sal duur, en waaruit daar geen hoop op 'n opstanding sal wees nie; en dan sal die wraak van God bevredig wees.

"Die heiliges sal in die Heilige Stad rus, en hulle sal soos konings en priesters vir 'n duisend jaar regeer; daarna sal Jesus met die heiliges neerdaal op die Olyfberg; die berg sal plat

- 52 -

en 'n groot vlakte word vir die Paradys van God om op te rus. Die res van die aarde sal gereinig word eers aan die einde van die duisend jaar, wanneer die goddelose dode opgewek sal word en die stad sal omsingel. Die voete van die goddelose sal nooit die nuwe aarde verontheilig nie. Vuur sal van God uit die hemel neerdaal en hulle verteer–dit wil sê hulle sal wortel en tak verbrand word. Die Satan is die wortel, en sy kinders is die

takke. Dieselfde vuur wat die goddelose verdelg sal ook die aarde reinig."

---



# DIE LAASTE PLAE EN DIE OORDEEL

By 'n wêreld konferensie van gelowiges van die teenwoordige waarheid, gehou te Sutton, Vermont, in September 1850, is aan my getoon dat die sewe laaste plae uitgegiet sal word nadat Jesus die heiligdom verlaat het. Die engel het gesê, "Dit is die wraak van God en die Lam wat die vernietiging en dood van die goddelose veroorsaak. Wanneer die stem van God spreek sal die heiliges soos 'n magtige leër met baniere wees, maar hulle sal nie die oordeel uitvoer wat opgeteken is nie. Die voltrekking van die vonnisse sal geskied aan die einde van die duisend jaar."

Nadat die heiliges verander is in onsterflikheid, en saam opgeneem is met Jesus, en nadat hulle hul harpe, klere, en krone ontvang en die stad binnegaan het, sal hulle saam met Jesus in die oordeel sit. Die boeke word geopen–die boek van die lewe en die boek van die dood. Die boek van die lewe bevat die goeie dade van die heiliges; en die boek van die dood bevat die bose dade van die goddelose. Hierdie boeke word dan vergelyk met die wetboek, die Bybel, en daarvolgens word die mense geoordeel. Saam met Jesus spreek die heiliges die vonnis uit oor die goddelose dode. "Sien jy," het die engel gesê, "die heiliges, saam met Jesus, sit in die oordeel, en spreek vonnis uit oor die goddelose volgens die dade wat hulle in die

- 53 -

liggaam gedoen het" en die vonnis wat oor elkeen voltrek moet word, word aangeteken teenoor hulle name." Dit, het ek gesien, is die werk wat die heiliges saam met Jesus doen gedurende die duisend jaar in die Heilige Stad voordat dit op die aarde neerdaal. Dan, aan die einde van die duisend jaar, verlaat Jesus, saam met die engele en al die heiliges, die Heilige Stad, en terwyl Hy neerdaal na die aarde met hulle, word die goddelose dode opgewek, en dan sal daardie selfde manne wat Hom deursteek het en wat nou opgewek is, Hom van vêr sien in al Sy heerlikheid, vergesel van die engele en die heiliges, en hulle sal oor Hom rou bedryf. Hulle sal die spykermerke in Sy hande en voete sien, en ook waar hulle Hom met die spies in die sy gesteek het. Die merke van die spykers en die spies sal dan Sy heerlikheid wees. Dit is aan die einde van die duisend jaar dat Jesus op die Olyfberg sal staan, en die berg sal 'n groot vlakte word. Diegene wat dan vlug, is die goddelose wat opgewek is. Dan kom die Heilige Stad af op die vlakte. Die Satan besiel nou die goddelose met sy eie gees. Hy sê aan hulle dat die leër binne die stad klein is, en dat sy leër groot is en dat hulle

maklik die heiliges kan oorwin en die stad inneem.

Terwyl die Satan besig was om sy leër aan te monster, was die heiliges binne die stad, besig om die prag en heerlikheid van die Paradys van God te besigtig. Jesus was aan hulle hoof en het hulle gelei. Skielik het die Heiland uit ons midde verdwyn, maar gou weer het ons Sy lieflike stem hoor sê, "Kom, julle geseëndes van My Vader, beërf die koninkryk wat vir julle toeberei is van die grondlegging van die wêreld af." Ons het ons rondom Jesus geskaar, en net toe Hy die poorte van die stad gesluit het, is die vloek op die goddelose uitgespreek. Die poorte is gesluit. Toe het die heiliges met hulle vlerke tot bo-op die muur van die stad gevlieg. Jesus was ook by hulle;

- 54 -

Sy kroon was blink en heerlik. Dit was krone op krone, sewe in getal. Die krone van die heiliges was van die reinste goud, versier met sterre. Hulle gesigte het gestraal van heerlikheid, want hulle was in die ewebeeld van Jesus; en toe hulle boontoe beweeg het, was dit 'n verruklike skouspel.

Toe het die goddelose gesien wat hulle verloor het, en daar is vuur van God op hulle geblaas en hulle is verteer. Dit was die uitvoering van die oordeel. Die goddelose het toe die straf ontvang wat die heiliges, in medewerking met Jesus, gedurende die duisend jaar bepaal het. Dieselfde vuur van God wat die goddelose verdelg het, het die hele aarde gereinig. Die gebroke, onreëlmatige berge het gesmelt van die hitte, ook die lug en al die strooi is verbrand. Toe het ons, ons erfdeel gesien, heerlik en pragtig, en ons het die hele nuwe aarde beërf. Met luide stem het ons almal uitgeroep, "Heerlik! Halleluja!"

---



# DIE EINDE VAN DIE 2,300 DAE

Ek het 'n troon gesien, en daarop het die Vader en die Seun gesit. Ek het Jesus se aangesig aanskou, en is bekoor deur Sy lieflikheid. Die Vader se persoon kon ek nie sien nie, want 'n wolk van heerlike lig het Hom omhul. Ek het Jesus gevra of die Vader 'n vorm soos syne het; Hy het geantwoord, Ja, maar dat ek dit nie kon aanskou nie, want, het Hy gesê, "as jy die heerlikheid daarvan aanskou, sal jy sterf." Voor die troon het ek die advent volk gesien–die kerk en die wêreld. Ek het twee groepe gesien, die een groep het hulle voor die troon neergebuig met die grootste belangstelling, terwyl die ander groep sonder belangstelling en onverskillig gestaan het. Diegene wat voor die troon neergebuig het, het gebid en het na Jesus gekyk. Op Sy beurt het Hy na die Vader gekyk, en dit het gelyk of Hy met

- 55 -

Hom gepleit het. Toe het daar 'n lig van die Vader op die Seun geskyn, en van die Seun op die biddende groep. Toe weer het ek 'n baie helder lig van die Vader sien kom op die Seun, en van die Seun het dit geskyn oor die mense voor die troon. Maar daar was min wat hierdie groot lig wou aanneem. Baie het hulle onder die lig uit verwyder en dit dadelik begin teenstaan; ander was onverskillig en het nie die lig gewaardeer nie, en dit het van hulle af weggegaan. Sommige het die lig gekoester, en het gaan neerkniel saam met die biddende groep. Almal in hierdie groep het die lig aangeneem en hulle daarin verbly, en hulle aangesigte het gestraal van die heerlikheid daarvan.

Ek het die Vader sien opstaan van die troon,[1] en met 'n wa van vuur is Hy na die allerheiligste plek, binnekant die voorhangsel, en daar het Hy gaan sit. Toe het Jesus van die troon af opgestaan, en die meeste van diegene wat daar neergekniel was, het saam met Hom opgestaan. Ek het nie een ligstraal van Jesus sien gaan na die onverskillige menigte nadat Hy opgestaan het nie, en hulle is in volkome duisternis gelaat. Diegene wat opgestaan het saam met Jesus, het hulle oë op Hom gevestig gehou toe Hy die troon verlaat het, en Hy het hulle 'n entjie gelei. Toe het Hy Sy regterarm opgelig, en ons het Sy lieflike stem hoor sê, "Wag hier; Ek gaan na My Vader om die koninkryk te ontvang; bewaar julle klere vlekkeloos, en binne 'n kort rukkie sal ek van die bruilof af terugkom en julle tot My neem." Toe het daar 'n wolke-wa met wiele soos vlammende vuur, omring van engele, gekom tot waar Jesus was. Hy het in die wa geklim en is ge-

neem na die allerheiligste plek, waar die Vader sit. Daar het ek Jesus, die groot hoëpriester, sien staan voor die Vader. Op die soom van Sy kleed was 'n klokkie en 'n granaat, 'n klokkie en 'n granaat. Diegene wat saam met Jesus opgestaan het, het hulle geloof tot Hom laat ingaan in die allerheiligste plek en gebid, "My Vader, gee ons U Gees." En dan het Jesus die Heilige Gees op hulle geblaas. In daardie asem was lig, krag, en baie liefde, vreugde, en vrede.

- 56 -

Ek het my omgedraai om te kyk na die groep wat nog voor die troon gekniel het; hulle het nie geweet dat Jesus dit verlaat het nie. Dit het geskyn of die Satan daar by die troon was en geprobeer het om Gods werk voort te sit. Ek het gesien dat hulle na die troon kyk en bid, "Vader, gee ons U Gees!" Dan het die Satan op hulle 'n onheilige invloed geblaas; daarin was veel lig en krag, maar nie soete liefde en vreugde en vrede nie. Die Satan se doel was om hulle steeds te bedrieg en om die kinders van God terug te trek en te verlei.

---

[1]**Sien bladsy 81.**



## PLIG IN DIE TYD VAN BENOUDHEID

Die Here het keer op keer aan my getoon dat dit teen die Bybel is om enige voorsorg te maak vir ons stoflike behoeftes in die tyd van benoudheid. Ek het gesien dat as die heiliges voedsel opgaar, of op die lande het in die tyd van benoudheid, wanneer die swaar hongersnood, en pessiektes in die land is, sal dit van hulle afgeneem word deur geweldenaars, en vreemdelinge sal hulle lande afoes. Dan sal dit die tyd vir ons wees om heeltemal op God te vertrou, en Hy sal ons onderhou. Ek het gesien dat ons brood en water in daardie tyd aan ons gegee sal word, en dat ons geen gebrek of honger sal ly nie; want God is by magte om vir ons 'n tafel te dek in die woestyn. As dit nodig is, sal Hy kraaie stuur om ons te voed soos Hy vir Elia gevoed het, of Hy sal manna uit die hemel laat reën soos vir die Israeliete.

Huise en grond sal in die tyd van benoudheid. niks werd wees vir die heiliges nie, want hulle sal dan moet vlug voor die toornige gepeupel, en in daardie tyd sal hulle nie hulle eiendom van die hand kan sit om die saak van die waarheid te bevorder nie. Aan my is getoon dat dit Gods wil is dat die heiliges alle

- 57 -

bande moet verbreek wat hulle kan belemmer, voordat die tyd van benoudheid begin, en dat hulle 'n verbond met God moet maak deur opoffering. As hulle hul besittings op die altaar sou lê en God ernstig vra wat hulle plig is, sal Hy hulle leer wanneer om hierdie dinge van die hand te sit. Dan, in die tyd van benoudheid, sal hulle vry wees, sonder enige beslommering.

Ek het gesien dat as daar diegene is wat aan hulle besittings vashou en nie die Here vra wat hulle plig is nie, sal Hy dit nie aan hulle bekend maak nie en hulle sal toegelaat word om hulle besittings te behou, en in die tyd van benoudheid sal dit voor hulle staan soos 'n berg om hulle te verpletter; hulle sal dan probeer om dit van die hand te sit, maar sal nie kan nie. Ek het gehoor hoe sommige hulle lot beklaag: "Die saak het skade gely, Gods volk het gesmag na die waarheid, en ons het geen poging gemaak om te voorsien in die behoefte nie; nou is ons besittings waardeloos. O, as ons dit maar opgegee en vir ons skatte in die hemel weggelê het" Ek het gesien dat 'n offer nie vermeerder nie, maar steeds verminder totdat dit heeltemal verteer is. Ook het ek gesien dat God nie van al Sy kinders

verwag om hulle besittings op dieselfde tyd van die hand te sit nie; maar as hulle geseglik is, sal Hy hulle leer, in 'n tyd van behoefte, wanneer om te verkoop en hoeveel om te verkoop. Van sommige is in die verlede geverg dat hulle hul besittings moet verkoop om die Advent saak te onderhou, terwyl ander toegelaat is om hulle besittings te behou totdat daar 'n behoefte is en dan, wanneer die saak dit nodig het, is dit hulle plig om te verkoop.

Ek het gesien dat die boodskap, "Verkoop julle besittings en gee aalmoes," deur sommige nie in die regte lig gestel is nie, en dat die doel van die Heiland se woorde nie duidelik voorgestel is nie. Die doel met die verkoop van die goed is nie om hulp te gee aan mense wat in staat is om te werk en hulleself te onderhou nie, maar om die waarheid te versprei. Dit is 'n sonde om mense wat in staat is om te werk in hulle luiheid te sterk. Sommige was baie ywerig om al die dienste by te woon, nie om God te verheerlik nie, maar die "brode en die visse." Sulke mense moes liewer tuisgebly het om met hulle hande "te

- 58 -

werk wat goed is," om te voorsien in die behoeftes van hulle gesinne en om iets te hê om te gee vir die onderhoud van die kosbare waarheid. Nou is dit die tyd om skatte in die hemel weg te lê en ons harte reg te maak, in gereedheid vir die tyd van benoudheid. Alleen diegene wat skoon hande en rein harte het, sal kan staan in daardie vreeslike tyd. Nou is dit die tyd vir die wet van God om in ons verstand, op ons voorhoofde, en in ons harte geskryf te word.

Die Here het aan my die gevaar getoon wat ontstaan wanneer 'n mens toelaat dat jou hart vervul word met wêreldse gedagtes en sorge. Ek het gesien dat sommige harte afgetrek is van die teenwoordige waarheid en die liefde vir die Bybel, omdat daar ander opwindende boeke gelees word; en dan is daar nog ander wat hulle kwel oor wat hulle sal eet, drink, en aantrek. Sommige stel die koms van die Here te vêr in die toekoms. Die tyd het 'n paar jaar langer aangehou as wat hulle gereken het, en daarom dink hulle dat dit nog 'n paar jaar mag duur, en so word hulle harte afgetrek van die teenwoordige waarheid agter die wêreld aan. In hierdie dinge het ek groot gevaar gesien; want as die hart met ander dinge vervul is, word die teenwoordige waarheid uitgesluit, en bly daar geen plek oor op ons voorhoofde vir die seël van die lewende God nie. Ek het gesien dat die tyd



wat Jesus nog in die allerheiligste plek sal vertoef byna verstreke is, en dat daar maar baie min tyd oor is. Die tyd wat ons het, behoort ons te bestee aan die ondersoek van die Bybel waardeur ons geoordeel sal word in die jongste dag.

My liewe broeders en susters, laat die gebooie van God en die getuienis van Jesus gedurig in julle gedagtes wees, en laat hulle die wêreldse gedagtes en sorge verdryf. Oorpeins hulle wanneer u gaan lê en wanneer u opstaan. Lewe en handel soos iemand wat die koms van die Seun van die mens verwag. Die verseëling tyd is baie kort en sal gou verby wees. Nou is dit die tyd, terwyl die vier engele die winde vashou, om ons roeping en verkiesing vas te maak.

---

## "GEHEIMSINNIGE GEKLOP"

\- 59 -

Op 24 Augustus 1850 het ek gesien dat die "geheimsinnige geklop" die krag van die Satan was; in sommige gevalle het dit regstreeks van hom gekom, en in ander het dit onregstreeks deur sy handlangers geskied, maar alles het van die Satan gekom. Dit is sy werk wat hy op verskillende maniere doen, en tog is daar vele in die kerk en in die wêreld wat so deur die duisternis omhul is dat hulle dink en sê dat dit die krag van God is. Die engel het gevra: "Moet 'n volk nie sy God raadpleeg nie? Moet vir die lewende die dode gevra word?" Moet die lewende na die dode gaan vir kennis? Die dode weet niks. Sal julle die dode vra pleks van die lewende God? Hulle het die lewende God verlaat om die dode te raadpleeg wat niks weet nie. ' (Sien Jesaja 8: 19,20.)

Ek het gesien dat dit eerlank as godslastering sal beskou word as 'n mens teen die geklop praat, dat dit meer en meer sal toeneem, dat die mag van die Satan sal vermeerder, en dat sommige van sy troue dienaars die mag sal hê om wonderwerke te doen, en selfs vuur uit die hemel voor die mense sal laat neerdaal. Ek het gesien dat hierdie moderne towenaars deur die kloppery en deur mesmerisme met 'n verklaring sal kom vir al die wonderwerke wat ons Here Jesus Christus gedoen het, en dat vele sal glo dat al die magtige werke van die Seun van God op aarde deur dieselfde mag bewerkstellig is.[1]

\- 60 -

Ek is terugverwys op die tyd van Moses en het die tekens en wonders gesien wat God deur hom voor Farao gedoen het, die meeste waarvan deur die towenaars van Egipte nagedoen is; en dat God op magtige wyse vir Sy volk sal werk net vóór die finale verlossing van die heiliges, en dat hierdie moderne towenaars toegelaat sal word om die werk van God na te maak.

Daardie tyd sal gou kom, en ons sal moet vashou aan die sterk arm van Jehova; want al hierdie groot tekens en magtige wonders van die duiwel is daarop bereken om Gods volk te bedrieg en hulle ondergang te bewerk. Ons harte moet op God vertrou, en ons moet nie die vrees van die goddelose vrees nie, dit wil sê, ons moet nie vrees wat hulle vrees, en eerbiedig wat hulle eerbiedig nie, maar ons moet dapper en wakker wees vir die waarheid. As ons oë geopen kon word, sou ons die gedaante van bose

engele rondom ons sien, besig om nuwe maniere uit te dink om ons siele te versondig en ons te vernietig. En ons sal ook engele van God sien wat ons teen hulle beskerm, want God hou Sy wakende oog oor Israel vir hulle beswil, en Hy sal Sy kinders beskerm en uitred as hulle op Hom vertrou. Wanneer die vyand soos 'n vloed aankom, sal die Here ons beskutting wees.

[1]Toe hierdie gesig gegee is, het Spiritisme net begin en was dit nog baie swak; daar was slegs 'n paar mediums. Sedert daardie tyd het dit oor die hele wêreld versprei en tel vandag miljoene aanhangers. In die algemeen loën Spiritiste die Bybel, en bespot hulle die Christelike geloof. Van tyd tot tyd was daar mense wat daarteen te velde getrek het, maar hulle was so min dat daar nie eintlik veel aandag aan hulle geskenk is nie. Vandag verander die Spiritiste hulle metodes, en baie van hulle noem hulleself "Christen-spiritiste;" hulle verklaar dat dit nie verstandig is om die godsdiens te ignoreer nie, en hulle beweer dat hulle die ware Christelike geloof het. As ons onthou dat baie vooraanstaande geestelikes die Spiritisme goedgesind is, sien ons die weg oopgaan vir die volkome vervulling van hierdie voorspelling wat in 1850 gegee is. Lees ook die opmerkings van die skryfster op bladsy 76.

Die engel het gesê, "Onthou, jy is op betowerde grond." Ek het gesien dat ons moet waak en die volle wapenrusting van God en die skild van die geloof moet opneem; dan sal ons kan staan, en die vurige pyle van die Bose sal ons nie kan skaad nie.



# DIE BOODSKAPPERS

- 61 -

Die Here het my dikwels 'n gesig laat sien van die toestand en behoeftes van die verstrooide juwele wat nog nie gekom het tot die lig van die teenwoordige waarheid nie, en Hy het aan my getoon dat die boodskappers na hulle toe moet haas so vinnig as wat hulle kan om die lig aan hulle te bring. In die geval van vele rondom ons hoef ons maar net die vooroordeel af te breek en die bewyse vir ons standpunt uit die Woord voor hulle te lê, en hulle sal die teenwoordige waarheid met blydskap aanneem. Die boodskappers moet op die uitkyk wees vir siele soos diegene wat rekenskap sal moet gee. Hulle moet met 'n ernstige gees werk met die besef dat die dierbare en dikwels verkeerd voorgestelde saak van Christus op hulle skouers rus. Hulle sal alle wêreldse belange en gemaksug moet afskud, en hulle eerste doelwit moet wees om alles in hulle mag te doen om die teenwoordige waarheid te bevorder en verlore gaande siele te red.

Hulle sal 'n ryke loon ontvang. In hulle krone sal diegene wat deur hulle gered is, soos sterre blink vir ewig en altyd. En deur die ewigheid sal hulle die genot smaak van die wete dat hulle gedoen het wat hulle kon om die waarheid in sy skoonheid en heerlikheid voor te stel sodat siele dit liefgekry het, daardeur geheilig is, daardeur ryk geword het, gewas is in die bloed van die Lam, en vrygekoop is tot God.

Ek het gesien dat die herders diegene moet raadpleeg in wie hulle vertroue het, diegene wat in al die boodskappe was en vasstaan in die teenwoordige waarheid, voordat hulle nuwe punte van belang verkondig wat, soos hulle dink, deur die Bybel gestaaf word. Dan sal die herders heeltemal eensgesind

- 62 -

wees, en die eensgesindheid van die herders sal deur die kerk gevoel word. Ek het gesien dat so 'n weg ongelukkige verdeeldheid sal uitskakel, en dan sal daar geen gevaar wees dat die dierbare kudde verdeel en die skape verstrooi en herderloos word nie.

Ook het ek gesien dat God boodskappers het wat Hy in Sy saak wil gebruik, maar hulle was nie gereed nie. Hulle was te lig en onbekwaam om 'n goeie invloed op die kudde uit te oefen, en hulle het nie die erns van die saak aangevoel en die waarde van siele wat Gods boodskappers behoort

te voel nie. Die engel het gesê, *"Reinig julle, draers van die heilige voorwerpe van die Here! Reinig julle, draers van die heilige voorwerpe van die Here."* Hulle sal maar min kan uitrig tensy hulle hul heeltemal aan die Here oorgee en onder die indruk kom van die belangrikheid en erns van die laaste genade boodskap wat nou aan die verstrooide kudde gegee moet word. Sommige wat glad nie deur God geroep is nie is sommer baie gewillig om die boodskap te gaan verkondig. Maar as hulle die gewig en die erns van die verantwoordelikheid van sulke werk kon besef, sou hulle eerder terugdeins en saam met die apostel vra, "Wie is tot hierdie dinge bekwaam." Een rede waarom hulle so gewillig is om te gaan, is omdat God nie die erns van die saak op hulle gelê het nie. Nie almal wat die eerste en die tweede engel se boodskappe verkondig het, moet die derde engel se boodskap verkondig nie, al het hulle dit self ten volle aangeneem, want sommige het in soveel dwalings verkeer dat hulle maar net hulle eie siele kan red, en as hulle sou onderneem om ander te lei, sou hulle net hulle ondergang bewerkstellig. Ek het gesien dat sommige van diegene wat voorheen geneig was om baie fanatiek te word, ook sommer voortvarend sal wees om te hardloop voordat God hulle gestuur het en voor hulle van hulle vorige dwalings gereinig is; met dwaalleer en waarheid deurmekaar in hulle hart, sal hulle die kudde van God wil voed, en as hulle sou toegelaat word om daarmee voort te gaan, sou die kudde sieklik word, en dwaling en die dood sou volg. Ek het gesien dat hulle gesif en weer gesif sal

- 63 -

moet word, totdat hulle bevry is van alle dwaalleer, of hulle sal nie die koninkryk kan binnegaan nie. Die boodskappers kan nie dieselfde vertroue in die oordeel hê van diegene wat eers dwalings verkondig het en fanatiek was as in diegene wat in die waarheid is en nie die slagoffers van groot dwalings was nie. Dan ook is daar baie wat mense wat pas die teenwoordige waarheid aangeneem het, aanpor om in die veld uit te gaan mense wat nog veel het om te leer en baie het om te doen voordat hulle self voor God reg kan wees, en hoe kan hulle die weg vir ander aanwys.

Ek het gesien hoe nodig dit is, veral vir boodskappers, om op die uitkyk te wees vir fanatisme en dit teen te gaan orals waar hulle dit sien. Die Satan druk aan alle kante, en tensy ons waaksaam is en wakker loop vir sy strikke en planne, en die volle wapenrusting van God aan het, sal die vurige pyle van die Bose ons tref. Daar is baie heerlike waarhede in die



Woord van God, maar dit is die "teenwoordige waarheid" wat die kudde nou nodig het. Ek het die gevaar gesien van boodskappers wat afdwaal van die belangrike punte van die teenwoordige waarheid, en onderwerpe beklemtoon wat nie die kudde sal verenig en wat nie tot heiligmaking sal strek nie. Die Satan sal hier elke voordeel uitbuit om die saak van die waarheid te skaad.

Maar sulke onderwerpe soos die heiligdom in verband met die 2,300 dae, die gebooie van God, en die geloof van Jesus, sal die verlede van die advent beweging verduidelik en aantoon wat ons huidige posisie is; dit sal die geloof bevestig van diegene wat twyfel, en sekerheid gee vir die heerlike toekoms. Hierdie dinge, het ek dikwels gesien, is die vernaamste onderwerpe wat die boodskappers moet beklemtoon.

As die gekose boodskappers van die Here moes wag totdat elke struikelblok uit hulle pad weggeruim is, sal vele nooit na die verstrooide skape gaan soek nie. Die Satan sal baie besware in hulle hart lê om hulle terug te hou van hulle plig.

- 64 -

Maar hulle sal in die geloof moet uitgaan, vertrouende op Hom wat hulle tot Sy werk geroep het, en Hy sal die weg voor hulle oopmaak in soverre dit tot hulle beswil en tot Sy heerlikheid mag strek. Jesus, die groot Leraar en Voorbeeld, het geen plek gehad waar Hy Sy hoof kon neerlê nie. Sy lewe was 'n lewe van werk, verdriet, en lyding; en eindelik het Hy Sy lewe vir ons gegee. Diegene wat as gesante van Christus siele smeek om met God versoen te raak, en wat hoop om saam met Christus in heerlikheid te regeer, moet verwag om ook deelgenote van Sy lyde hier op aarde te wees. "Die wat met trane saai, sal met gejubel maai. Hy loop aldeur en ween en dra die saadkoring; hy sal sekerlik kom met gejubel en sy gerwe dra." Ps. 126: 5, 6.

# DIE MERK VAN DIE DIER

In 'n gesig wat aan my gegee is op 27 Junie 1850, het die engel wat by my was, gesê, "Tyd is byna gedaan. Weerkaats jy die lieflike beeld van Jesus soos jy moet?" Toe is my aandag gevestig op die aarde en ek het gesien dat daar 'n voorbereiding nodig is onder diegene wat onlangs die derde engel se boodskap aangeneem het. Die engel het gesê, "Maak klaar, maak klaar, maak klaar. Julle sal 'n groter dood vir die wêreld moet sterf as wat julle nog ooit gesterf het." Ek het gesien dat daar 'n groot werk gedoen moet word vir hulle, en dat daar baie min tyd oor was om dit te doen.

Toe het ek gesien dat die sewe laaste plae eerlank uitgegiet sou word op diegene wat geen skuilplek het nie; maar die wêreld het hom so min daaraan gesteur asof dit 'n paar druppels water was wat op die punt gestaan het om te val. Toe is ek in staat gestel om die vreeslike skouspel te sien van die sewe laaste plae, naamlik die wraak van God. Ek het gesien dat Sy toorn vreeslik en verskriklik was, en dat as Hy Sy hand sou uitstrek, of dit in toorn sou ophef, sou die bewoners van die wêreld word asof hulle nooit gewees het nie,

- 65 -

of hulle sou ly aan ongeneeslike sere en verterende plae wat hulle sou tref; en daar sou vir hulle geen verlossing wees nie, maar hulle sou daardeur vernietig word. Ek het vreesbevange geword, en het op my aangesig geval voor die engel en hom gevra om die gesig voor my weg te neem en te verberg, want dit was te vreeslik. Toe het ek, soos nog nooit tevore nie, gesien hoe belangrik dit is om die Woord van God deeglik te ondersoek om te weet hoe om te ontvlug van die plae wat volgens daardie Woord sal kom op al die goddelose wat die dier en sy beeld aanbid en sy merk ontvang op hulle voorhoofde of in hulle hande. Dit was vir my onverstaanbaar hoe mense die wet van God kan oortree en Sy heilige Sabbat kan vertrap wanneer daar sulke verskriklike waarskuwings en dreigemente gegee is.

Die pous het die rusdag verander van die sewende tot die eerste dag. Hy het gemeen om juis daardie gebod te verander wat gegee is om die mens te help om sy Skepper te onthou. Hy het gemeen om die grootste gebod van die dekaloog te verander en homself also gelyk te stel met God, of selfs bokant God te verhef. Die Here is onveranderlik, daarom is Sy wet ook onveranderlik; maar die pous het homself bokant God verhef deur Sy onveranderlike voorskrifte van heiligheid, geregtigheid, en goed-

heid te verander. Hy het Gods heilige dag onder die voete vertrap, en op sy eie gesag het hy in die plek daarvan een van die ses werksdae geskuif. Die hele volk het agter die dier aangeloop, en elke week beroof hulle God van Sy heilige tyd. Die pous het 'n bres geslaan in die heilige wet van God, maar ek het gesien dat die tyd gekom het vir die bres om toegemessel te word deur die volk van God, en om die ou afgebreekte plekke op te bou.

Ek het met die engel gepleit dat God Sy volk wat afgedwaal het, moes red; om hulle om Sy genade ontwil te red. Wanneer die plae begin val, sal diegene wat aanhou om die Sabbat te verontheilig nie hulle monde oop-maak om die verskonings te

- 66 -

maak wat hulle nou maak vir hulle veronagsaming daarvan nie. Hulle monde sal toe wees terwyl die plae val, en die groot Wetgewer sal diegene dit laat ontgeld wat Sy heilige wet geminag het en dit 'n vloek vir die mens genoem het. Wanneer hulle die ystergreep van daardie wet op hulle voel, sal alles wat hulle teen die wet gesê het, in lewende letters voor hulle ver-skyn, en dan sal hulle besef hoe vreeslik hulle gesondig her deur minag-tend te praat van wat God *"heilig* en *regverdig* en *goed"* genoem het.

Toe is my aandag gevestig op die heerlikheid van die hemel, op die skat wat weggelê is vir die getroues. Alles was lieflik en heerlik. Die engele het 'n heerlike lied gesing, en dan het hulle opgehou met sing en het hulle die krone van hulle hoofde afgehaal en dit al blinkende aan die voete van die lieflike Jesus neergewerp, en met welluidende stemme het hulle uit-geroep, "Heerlik, Halleluja!" Ek het saam met hulle die lofliedere aan die Lam gesing, en elke keer wanneer ek my mond oopgemaak het om Hom te loof, het ek diep onder die indruk gekom van die heerlikheid wat my omhul het. Dit was 'n alles-oortreffende, ewige gewig van heerlikheid. Die engel het gesê, "Die klein oorblyfsel wat God liefhet en Sy gebooie hou en getrou bly tot die einde sal hierdie heerlikheid geniet en vir ewig in die teenwoordigheid van Jesus wees en saam sing met die heilige engele."

Toe is my oë weggeneem van die heerlikheid, en is my aandag gevestig op die oorblyfsel op die aarde: Die engel het aan hulle gevra: "Wil julle die sewe laaste plae vryspring? Wil julle die heerlikheid ingaan en alles geniet wat God berei het vir diegene wat Hom liefhet en gewillig is om te ly vir Sy saak? Indien ja, dan moet julle sterf sodat julle kan lewe. Maak klaar, maak klaar, maak klaar. Julle moet baie meer gereed wees as wat



julle nou is, want die dag van die Here kom, verskriklik, met grimmigheid en toorngloed, om die aarde 'n woesteny te maak en sy sondaars daaruit te verdelg. Julle moet alles vir God opoffer. Lê die eie-ek, julle goed, en alles, op Sy altaar as 'n lewende offerande.

- 67 -

Dit sal alles kos om die heerlikheid binne te gaan. Vergader vir julle skatte in die hemel waar die dief dit nie kan bykom en die roes dit nie kan bederf nie. Julle moet deelgenote van Christus se lyde hier wees om deelgenote van Sy heerlikheid in die hiernamaals te wees."

Al moet ons die hemel deur lyde verkry, sal dit goedkoop genoeg wees. Ons moet die eie-ek langs die hele weg verloën, elke dag die eie-ek afsterf, sodat Jesus alleen gesien word, en Sy heerlikheid gedurig ons doelwit sal wees. Ek het gesien dat diegene wat in die laaste tyd die waarheid aan-geneem het, sal moet leer wat dit beteken om vir Christus se ontwil te ly; dat hulle swaar beproewings sal moet deurmaak sodat hulle deur lyding gereinig en geskik gemaak kan word om die seël van die lewende God te ontvang, deur die tyd van benoudheid te kan gaan, die Koning in Sy heer-likheid te kan sien, en te kan woon in die teenwoordigheid van God en die reine, heilige engele.

Ek het gesien wat ons moet wees sodat ons die heerlikheid kan beërf; en toe het ek gesien hoeveel Jesus gely het om die ryke erfdeel vir ons te verkry; en ek het gebid dat ons gedoop mag word in die lyde van Christus, sodat ons nie sal terugdeins vir die beproewings nie, maar hulle sal ver-duur met geduld en vreugde, wetende wat Jesus gely het sodat ons deur Sy armoede en lyde ryk gemaak kan word. Die engel het gesê, "Verloën die eie-ek; en julle moet gou maak." Sommige van ons het die tyd gehad om die waarheid te leer en stap vir stap voorwaarts te gaan, en elke stap wat ons geneem het, het ons versterk om die volgende stap te neem. Maar nou is die tyd amper verstreke, en wat ons jare geneem het om te leer, sal hulle binne 'n paar maande moet leer. Ook sal daar baie dinge wees wat hulle sal moet afleer, en baie nuwe dinge om aan te leer. Diegene wat nie die merk van die dier en sy beeld wil ontvang wanneer die dekreet uitgevaardig word nie, sal nou die vasberadenheid moet hê om te sê, Nee, ons wil die instelling van die dier nie hou nie!

# DIE BLINDES LEI DIE BLINDES

- 68 -

Ek het gesien hoedat die blinde leidsliede besig is om siele net so blind te maak soos hulleself, sonder 'n besef van wat oor hulle sal kom. Hulle verhef hulleself teen die waarheid, en namate dit seëvier, sal vele wat hierdie leraars beskou het as manne van God en tot hulle opgesien het vir lig, onrustig word. Hulle vra hierdie leiers aangaande die Sabbat, en hulle, met die doel om van die vierde gebod ontslae te raak, sal probeer om dit weg te redeneer. Ek het gesien dat hulle nie eerlik was met die baie stellings wat hulle teen die Sabbat ingeneem het nie. Die hoofdoel was om verby die Sabbat van die Here te kom en om 'n ander dag te hou as die een wat deur Jehova ingestel en geheilig is. As hulle uit die een stelling gejaag word, neem hulle die teenoorgestelde een in selfs 'n standpunt wat hulle self 'n rukkie tevore veroordeel het as on-logies.

Gods kinders is besig om tot die eenheid van die geloof te kom. Diegene wat die Sabbat van die Bybel hou, is eensgesind in hulle sienswyse oor Bybelse waarheid. Maar diegene wat die Sabbat weerstaan onder die advent mense is nie eensgesind nie en hulle is verdeeld. Die een weerstaan die Sabbat en sê dat dit so en so is, en meen dat die saak daarmee afgehandel is. Maar aangesien sy poging nie die vraagstuk afgehandel het nie, en die Sabbat waarheid vooruitgaan en die kinders van die Here dit nog aanneem, kom 'n ander een weer om dit omvêr te werp. Maar waar hy sy standpunt stel om verby die Sabbat te kom, vernietig hy volkome die argumente van die een wat die eerste poging gemaak het teen die waarheid, en stel hy die saak heeltemal anders voor. En so doen 'n derde en 'n vierde; maar nie een van hulle wil die saak aanneem soos dit in die Woord van God staan nie:

- 69 -

"Die sewende dag is die Sabbat van die Here jou God."

Daardie mense, het ek gesien, is nog vleeslik, en daarom onderwerp hulle hul nie aan die wet van God nie. Hulle is self nie eensgesind nie, maar nogtans werk hulle baie hard met hulle veronderstellings wat die Skrifte uit verband ruk om 'n bres in die wet van God te slaan, en om die vierde gebod te verander, af te skaf, of enigiets daarmee te doen liewer as om dit te hou. Hulle probeer om die kudde stil te maak aangaande daardie vraag;

daarom kom hulle voor die dag met allerhande sienswyses hopende dat dit die mense sal bevredig en dat hulle hul Bybels so min sal ondersoek dat hulle leiers meer dwaalleer as waarheid kan voorstel, en dat hulle dit as sulks sal aanneem en nooit verder sal kyk as hulle leiers nie.

---



## VOORBEREIDING VIR DIE EINDE

Te Oswego, New York, op 7 September 1850, het die Here aan my getoon dat daar 'n groot werk gedoen moet word vir Sy kinders voordat hulle sal kan staan in die slag van die dag van die Here. My aandag is gevestig op diegene wat voorgee dat hulle adventiste is, maar wat die teenwoordige waarheid verwerp, en ek het gesien dat hulle verbrokkel en dat die hand van die Here op hulle was om hulle nou in hierdie tyd van versameling te verdeel en te verstrooi, sodat die kosbare juwele onder hulle, wat eers bedrieg was, se oë kan oopgaan om hulle ware toestand te sien. En nou, wanneer die waarheid aan hulle voorgestel word deur die Here se boodskappers, is hulle gereed om te luister, om die lieflikheid en harmonie daarvan te sien, om hulleself los te maak van hulle ou geloofsgenote en dwalings, en om die kosbare waarheid aan te neem en op grond te staan wat hulle kan verdedig.

Ek het gesien dat diegene wat die Sabbat van die Here weerstaan, nie die Bybel kan neem en bewys dat hulle standpunt reg is nie; daarom sal hulle diegene belaster wat die

- 70 -

waarheid aanneem en leer, en hulle sal hulle karakters aanval. Baie van die-gene wat eers gewetensgetrou was, en God en Sy Woord liefgehad het, is so verhard omdat hulle die lig van die waarheid verwerp het, dat hulle nie sal skroom om diegene wat die heilige Sabbat liefhet, te belaster en vals te beskuldig as hulle maar daardeur die invloed kan ondermyn van diegene wat die waarheid sonder vrees verkondig nie. Maar hierdie dinge sal nie die werk van God belet nie. Om die waarheid te sê sal hierdie handelwyse van diegene wat die waarheid haat, juis die middel wees wat die oë van sommige sal oopmaak. Elke juweel sal gesoek en versamel word, want die Here het Sy hand uitgesteek om die oorblyfsel van Sy volk te vergader, en Hy sal die werk heerlik volbring.

Ons wat die waarheid glo, moet versigtig wees dat daar nie kwaad gepraat word van ons goeie werk nie. Ons moet seker wees dat elke stap wat ons neem in ooreenstemming is met die Bybel, want diegene wat die gebooie van God haat, sal hulle verheug oor ons foute, soos die goddelose gedoen het in 1843.

Op 14 Mei 1851, het ek die skoonheid en lieflikheid van Jesus gesien. Toe ek Sy heerlikheid sien, het ek nie gedink dat ek ooit weer van Sy heer-

likheid geskei sou word nie. Ek het 'n lig sien kom van die heerlikheid wat die Vader omhul het, en toe dit naby my kom, het my liggaam begin bewe en skud soos 'n blaar. Ek het gedink dat as dit te naby kom, sou dit my verdelg, maar die lig het by my verbygegaan. Toe kon ek enigsins 'n idee kry van die groot en vreeslike God met wie ons te doen het. Toe eers het ek besef watter flou begrip sommige het van die heiligheid van God, en hoe dikwels hulle Sy heilige Naam ydellik gebruik sonder om te besef dat dit God is, die grote en gedugte God van wie hulle spreek. Terwyl hulle bid, maak vele hulle skuldig aan oneerbiedige uitdrukkings wat die tere Gees van die Here grief en ten gevolg het dat hulle gebede nie die hemel bereik nie.

- 71 -

Ek het ook gesien dat vele nie besef wat hulle moet wees om te kan lewe in die teenwoordigheid van die Here nie, sonder 'n hoëpriester in die heiligdom gedurende die tyd van benoudheid. Diegene wat die seël van die lewende God ontvang en beskerm word in die tyd van benoudheid, moet die beeld van Jesus ten volle weerkaats.

Ek het gesien dat vele daardie voorbereiding verwaarloos wat so nodig is, en dat hulle uitgesien het na die tyd van "verkwikking" en na die "laat reëns" wat hulle sal versterk om te kan staan in die dag van die Here, en te lewe in Sy teenwoordigheid. 0, hoeveel het ek gesien in die tyd van benoudheid sonder 'n beskutting. Hulle het in gebreke gebly om die nodige voorbereiding te maak; daarom kon hulle nie die verkwikking verkry wat almal moet hê om hulle geskik te maak om te lewe in die teenwoordigheid van 'n heilige God nie. Diegene wat weier om hulle te laat reg kap deur die profete, en wat in gebreke bly om hulle siele te reinig deur gehoorsaamheid aan die volle waarheid, en wat aanneem dat hulle toestand baie beter is as wat dit werklik is, sal kom tot die tyd wanneer die sewe laaste plae val, om dan eers te ontdek dat hulle reg gekap moes gewees het vir die gebou. Maar dan sal daar nie tyd wees om dit te laat doen nie, en daar sal geen Middelaar wees om hulle saak te bepleit voor die Vader nie. Vóór hierdie tyd sal daardie vreeslike dekreet reeds uitgevaardig wees, "Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog meer heilig word." Ek het gesien dat niemand kan deel in die "verkwikking" tensy hy die oorwinning behaal oor elke swakheid, hoogmoed, selfsug, liefde vir die wêreld, en oor elke verkeerde woord en daad nie. Ons behoort dus steeds nader en nader te kom aan die Here, en ernstig te streef om daardie voorbereiding te maak wat ons in staat sal stel om te kan staan in die slag van die dag van die Here. Laat almal onthou dat God heilig is, en dat alleen heilige wesens ooit in Sy teenwoordigheid sal kan lewe.

## GEBED EN GELOOF

- 72 -

Ek het dikwels gesien dat die kinders van die Here gebed verwaarloos, veral gebed in die binnekamer word maar te dikwels versaak; vele openbaar nie daardie geloof wat dit hulle voorreg en plig is om te hê nie, en hulle wag dikwels vir daardie gevoel wat alleenlik kan ontstaan deur die geloof. Gevoel is nie geloof nie; die twee is heeltemal afsonderlik. Geloof moer deur ons beoefen word, maar die gevoel van vreugde en die seën moet van God kom. Die genade van God kom in die siel deur die kanaal van 'n lewende geloof, en daardie geloof is iets wat ons moet beoefen.

Ware geloof neem die beloofde seën aan en eien dit toe nog voordat dit verwesenlik en gevoel word. Ons moet ons versoeke in geloof opstuur tot binnekant die tweede voorhangsel, en ons geloof moet die beloofde seën aanneem en toeëien. Dan moet ons glo dat ons die seën verkry, omdat ons geloof dit aangeneem het, en op grond van die woord is dit ons s'n. "Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry." Markus 11:24. Hier is geloof, die naakte geloof, naamlik om te glo dat ons die seën ontvang het, nog voordat ons dit werklik het. Wanneer ons die beloofde seën het, en dit geniet, dan het die geloof oorgegaan in aanskouing. Maar daar is baie persone wat meen dat hulle groot geloof het wanneer hulle 'n groot mate van die Heilige Gees het, en dat hulle nie geloof kan hê tensy hulle die krag van die Gees voel nie. Hulle verwar geloof met die seën wat verkry word deur die geloof. Juis wanneer ons voel dat ons die Gees nie het nie, dan is dit die tyd om geloof te beoefen. Wanneer dit skyn of donker wolke oor die gemoed saampak, dan is dit die tyd om lewende geloof die duisternis te laat deurdring om die wolke te verjaag. Ware geloof berus in die beloftes van Gods Woord, en alleen diegene wat die Woord gehoorsaam, kan

- 73 -

die heerlike beloftes aanneem. "As julle in My bly en My woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit kry." Joh. 15:7. "En wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, omdat ons Sy gebooie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom."

Ons behoort baie te bid in die binnekamer. Christus is die wynstok, ons is die lote. As ons wil groei en voorspoedig wees, moet ons gedurig sap en

voeding ontvang van die Lewende Wynstok; want geskei van die Wynstok sal ons geen krag hê nie.

Ek het aan die engel gevra waarom daar nie baie meer geloof en krag in Israel was nie. Hy het geantwoord, "Julle los die arm van die Here te gou. Dring met julle versoeke deur tot die troon, en hou vas deur 'n sterk geloof. Die belofte staan vas. Glo dat julle die dinge ontvang wat julle vra, en julle sal dit verkry." Toe is ek gewys op Elia. Hy was onderworpe aan dieselfde swakhede as ons, en hy het ernstig gebid. Sy geloof het die beproewing deurstaan. Tot sewe maal toe het hy die Here gebid, en eindelik is die wolk gesien. Ek het gesien dat ons twyfel aan die vaste beloftes, en dat ons die Here seermaak deur ons gebrek aan geloof. Die engel het gesê, "Trek die wapenrusting aan, en sorg dat julle die skild van die geloof neem, want dit sal die hart–die lewe–beskerm teen die vurige pyle van die bose." As die vyand die wat neerslagtig is kan beweeg om hulle oë van Jesus af te wend, en op hulleself te vestig en te dink aan hulle eie onwaardigheid liewer as om op die verdienstes van Christus en Sy liefde en Sy groot genade staat te maak, sal hy hulle skild van geloof wegneem en sy doel bereik; dan sal hulle blootgestel wees aan sy vurige versoekings. Die swakkes moet daarom hulle oë op Jesus gevestig hou, in Hom glo, en dan hulle geloof beoefen.



# DIE VERSAMELTYD

- 74 -

Op 23 September het die Here aan my getoon dat Hy vir die tweede maal Sy hand uitgestrek het om die oorblyfsel van Sy volk[1] te versamel, en dat die pogings verdubbel moet word in hierdie versamel tyd. In die verstrooiing is Israel geslaan en geskeur, maar nou, in hierdie versamel tyd, sal God die wonde van Sy volk verbind en genees. In die verstrooiing het pogings om die waarheid te versprei maar min uitgerig–feitelik niks nie-maar in die versameling, wanneer God Sy hand uitstrek om Sy volk te versamel, sal die pogings om die waarheid te versprei, suksesvol wees. Almal behoort saam te staan en ywerig te wees in die werk. Ek het gesien dat dit verkeerd is vir enigeen om voorbeelde uit die verstrooiing van ouds te neem en toe te pas op hierdie versameling, want as God vir ons nou niks meer gaan doen as wat Hy destyds gedoen het nie, sal Israel nooit versamel word nie. Ek het gesien dat die 1843kaart gemaak is onder die leiding van die hand van God, en dat dit nie verander moet word nie; dat die syfers geplaas is waar Hy hulle wou hê; dat Hy Sy hand geplaas het oor 'n fout in sommige van die syfers en hulle bedek het, sodat niemand dit kon sien voordat Hy Sy hand weggeneem het nie.[1]

Toe het ek in verband met die "voortdurende offer" (Dan. 8:12) gesien dat die woord "offer" deur die mens daarby gevoeg is, en dat dit nie in die grondteks staan nie, en dat die Here die korrekte gesig daarvan gegee het aan diegene wat

- 75 -

verkondig het dat die oordeel uur gekom het. Toe daar eenstemmigheid was, vóór 1844, was byna almal eenstemmig oor die korrekte begrip van die "voortdurende;" maar in die verwarring sedert 1844, het daar ander sienswyses gekom, en duisternis en verwarring het gevolg. Sedert 1844 is tyd nie meer 'n toets nie, en dit sal nooit weer 'n toets wees nie.

[1]Dit het betrekking op die kaart wat gedurende 1843 gebruik is, en dit verwys veral na die bekering van die profetiese tydperke soos op die kaart aangedui. Die volgende sin verduidelik dat daar 'n fout ingesluip het wat in die voorsienigheid van God toegelaat is. Maar dit sou nie belet dat daar later, ná 1843 en wanneer die foutiewe berekening sy doel gedien het, 'n kaart gemaak sou word waarin die fout reggemaak sou word nie.

Die Here het aan my getoon dat die boodskap van die derde engel verkondig moet word aan die verstrooide kinders van God, maar dit moet nie aan tyd geheg wees nie. Ek het gesien dat sommige 'n valse opwinding ondergaan het ten gevolge van die verkondiging van tyd, maar die derde engel se boodskap is sterker as wat tyd kan wees. Ek het gesien dat hierdie boodskap op sy eie fondament kan staan en nie tyd nodig het om dit te versterk nie, en dat dit met groot krag sal gaan en sy werk sal doen, en dat dit in geregtigheid verkort sal word.

Toe is daar aan my gewys dat sommige in groot dwaling verkeer omdat hulle glo dat dit hulle plig is om na ou Jerusalem te gaan, en meen dat hulle daar 'n werk moet doen voordat die Here kom. So 'n sienswyse sal die aandag en belangstelling van die mense aftrek van die teenwoordige werk van die Here onder die boodskap van die derde engel, omdat diegene wat dink dat hulle eers na Jerusalem moet gaan, hulle aandag aan daardie saak sal skenk, en hulle sal hulle middele terughou van die bevordering van die teenwoordige waarheid, en die geld gebruik om hulle en ander na Jerusalem te neem. Ek het gesien dat so 'n sending nie veel goeds sal uitrig nie, en dat dit 'n lang tyd sou neem om selfs 'n paar Jode te oortuig om te glo in die eerste koms van Christus, om nie eens te praat van Sy tweede koms nie. Ek het gesien dat die Satan sommige baie be-drieg het in hierdie saak, en dat daar orals rondom hulle in hierdie land siele is wat deur hulle gehelp en gelei kan word om die gebooie van God te hou, maar hulle laat daardie mense aan hulle lot oor om te vergaan. Ook het ek gesien dat ou Jerusalem nooit opgebou sal word nie; en dat die Satan sy uiterste doen om die kinders van die Here besig te hou met hierdie dinge, nou in hierdie tyd van versameling,

- 76 -

om te belet dat hulle al hulle aandag sal skenk aan die werk van die Here, en om hulle te beweeg om daardie voorbereiding na te laat wat so nodig is vir die dag van die Here.

---

GEAGTE LESER: Uit 'n pligsgevoel teenoor my broeders en susters, en uit 'n begeerte dat die bloed van siele nie aan my kleed mag kleef nie, is ek beweeg om hierdie stukkie te skryf. Ek is bewus van die ongeloof wat vele koester ten opsigte van visioene, en weet ook dat vele wat voorgee om uit te sien na die koms van Christus, en leer dat ons in die "laaste dae" lewe,



sê dat die gesigte deur die Satan ingegee is. Ek verwag groot teenstand van sulke mense, en as ek nie gevoel het dat die Here dit van my verwag nie, sou ek nie my gesigte openbaar gemaak het nie, want dit sal gewis die haat en bespotting van sommige uitlok. Maar ek vrees God meer as die mens.

Toe die Here die eerste keer aan my boodskappe gegee het om aan Sy kinders af te lewer, was dit swaar vir my om hulle openbaar te maak, en dikwels het ek hulle versag om hulle so lig moontlik voor te stel sodat ek niemand mag seermaak nie. Dit was vir my 'n baie groot beproewing om die boodskappe, soos die Here hulle aan my gegee het, openbaar te maak. Ek het nie besef dat ek deur dit te doen, ontrou was nie, en ek het ook nie die sonde en gevaar besef van so 'n handelwyse totdat ek in 'n gesig in die teenwoordigheid van Jesus gebring is nie. Hy het na my gekyk met 'n frons en het Sy gesig van my af weggedraai. Dit is onmoontlik vir my om die vrees en angs te beskryf wat ek gevoel het. Ek het op my aangesig voor Hom geval, maar ek het geen krag gehad om een enkele woord te uiter nie. O, hoe het ek gewens dat ek bedek kon word vir daardie vreeslike frons! Toe kon ek in 'n mate besef hoe die doemwaardige voel wanneer hulle uitroep, "Berge en rotse val op ons, en bedek ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam."

Eerlank het 'n engel my beveel om op te staan, en die gesig wat ek gesien het, kan byna nie beskryf word nie. Aan my is

- 77 -

'n groep getoon wie se hare uitgetrek, en klere geskeur was; op hulle aangesigte was wanhoop en vrees. Hulle het naby my gekom en hulle klere teen myne geskuur. Ek het na my klere gekyk, en het gesien dat dit met bloed bevlek was, en dat die bloed gate daarin gevreet het. Weer het ek soos 'n dooie neergeval aan die voete van die engel wat my vergesel het. Ek kon geen ekskuus pleit nie. My tong wou nie praat nie, en ek wou net vlug van daardie heilige plek. Weer het die engel my opgerig en gesê, "Dit is nie jy wat hierin betrokke is nie, maar hierdie toneel is aan jou getoon om jou te laat weet wat met jou sal gebeur as jy nalaat om aan ander te vertel wat die Here aan jou geopenbaar het. Maar as jy getrou bly tot die einde, sal jy eet van die boom van die lewe en drink van die rivier van die water van die lewe. Jy sal nog baie ly, maar die genade van God is vir jou genoeg." Toe het ek gewillig gevoel om te doen alles wat die Here van my

wou hê, sodat ek Sy goedkeuring kon wegdra, en nie die vreeslike frons hoef te verduur nie.

Ek is dikwels vals beskuldig dat ek dinge geleer het wat eie is aan Spiritisme. Maar voordat die redakteur van die *Day-Star* in daardie dwaling beland het, het die Here aan my 'n gesig getoon van die treurige en verwoestende uitwerking wat sy en ander se leer van Spiritisme op die kudde sou hê. Ek het die lieflike Jesus gesien; Hy is 'n persoon. Ek het Hom gevra of Sy Vader ook 'n persoon is en 'n voorkoms soos Hy het. Jesus het geantwoord, "Ek is die ewebeeld van My Vader se persoon."

Ek het dikwels gesien dat die spiritistiese beskouing al die heerlikheid van die hemel wegneem, en dat die troon van Dawid en die lieflike persoon van Jesus vir vele verteer is in die vuur van Spiritisme. Ek het gesien dat sommige wat deur hierdie dwaling verlei is, gebring sal word tot die lig van die waarheid, maar dit sal vir hulle byna onmoontlik wees om

- 78 -

heeltemal ontslae te raak van die bedrieglike krag van Spiritisme. Sulke mense sal deeglike werk doen om hulle dwalings te bely en dit vir ewig te versaak.

Ek wil by u aanbeveel, geagte leser, die Woord van God as die maatstaf van u geloof en lewe. Volgens daardie Woord sal ons geoordeel word. God het, in daardie Woord, belowe om gesigte te gee in die "laaste dae;" nie as 'n nuwe maatstaf vir die geloof nie, maar vir die vertroosting van Sy kinders, en om diegene wat van die Bybelse waarheid afgedwaal het weer op die regte pad te bring. So het God met Petrus gehandel toe Hy op die punt gestaan het om hom na die heidene te stuur om te gaan preek. (Handelinge 10.)

Aan diegene wat hierdie boekie mag versprei, wil ek sê dat dit bedoel is alleen vir die opregtes, en nie vir diegene wat die spot sal dryf met die dinge van die Gees van God nie.

---



# MEVROU WHITE SE DROME

**(Waarna verwys word op bladsy 12)**

Ek het gedroom dat ek 'n tempel sien waarheen baie mense gestroom het. Alleen diegene wat in daardie tempel skuiling gevind het, sal gered word wanneer die tyd sal eindig. Almal wat buitekant gebly het, sal vir ewig verlore wees. Die menigtes daarbuite, wat op hulle verskillende weë voortgegaan het, het die spot gedryf met diegene wat die tempel binnegegaan het, en het aan hulle gesê dat hierdie veiligheidsplan 'n listige bedrog was, en dat daar, om die waarheid te sê, werklik geen gevaar was om te vermy nie. Hulle het selfs die hande aan sommige geslaan om hulle te belet om binne daardie mure te gaan.

Omdat ek bang was dat hulle vir my sou lag en spot, het ek gereken dat ek sou wag totdat die skare uiteengegaan het, of totdat ek onopgemerk sou kon binnegaan. Maar die skare het aangegroei pleks van te verminder, en omdat ek bang was dat ek te laat mag wees, het ek haastig my huis verlaat en

- 79 -

deur die skare gedruk. In my angs om die tempel te bereik, het ek nie omgegee vir die menigtes wat my omring het nie; ek het hulle nie eens gesien nie. Toe ek die gebou binnegegaan, het ek gesien dat die tempel gerus het op 'n reuse pilaar waaraan 'n Lam gebind was wat geskeur en vergruis en bebloed was. Ons wat daar teenwoordig was, het geweet dat die Lam vir ons ontwil so verskeur en vergruis was. Almal wat die tempel binnegegaan het, moes voor die Lam kom en hulle sondes bely.

Net voor die Lam was daar verhewe sitplekke waarop 'n klomp mense gesit het wat baie gelukkig gelyk het. Die lig van die hemel het in hulle gesigte gestraal; hulle het God geloof en dankliedere gesing wat soos die musiek van engele was. Hulle is die mense wat voor die Lam gekom, hulle sondes bely en vergifnis ontvang het, en nou het hulle met blye verwagting uitgesien na 'n heerlike gebeurtenis.

Nadat ek die tempel binnegegaan het, het 'n vrees my beetgepak, en ek het skaam gevoel dat ek my voor hierdie mense moes verneder. Maar ek was verplig om voorwaarts te beweeg, en ek het stadig om die pilaar geloop sodat ek voor die Lam kon kom. Toe is daar op 'n basuin geblaas, die tempel het geskud, die heiliges wat vergader het, het 'n triomfkreet aangehef en 'n vreeslike lig het die gebou verlig, en toe was alles in stik-

donkerheid gehul. Die gelukkige mense het verdwyn saam met die helder lig, en ek was alleen in die vreeslike stilte van die nag.

Vreeslik beangs het ek wakker geskrik, en ek kon myself skaars oortuig dat ek gedroom het. Dit het vir my gevoel of my ondergang beslis is, dat die Gees van die Here my verlaat het om nooit weer terug te kom nie. My neerslagtigheid het nog groter geword–as dit moontlik was.

Kort daarna het ek nog 'n droom gehad. Dit was asof ek in wanhoop gesit het, met my gesig in my hande, en as volg gepeins het: As Jesus op die aarde was, sou ek na Hom toe

- 80 -

gaan, my aan Sy voete neerwerp, en Hom vertel van al my lyding. Hy sou nie van my weggaan nie; Hy sou my genadig wees, en ek sou Hom altyd liefhê en dien. Op daardie oomblik het daar 'n deur oopgegaan, en 'n persoon met 'n pragtige voorkoms en gelaat het binnegekom. In jammerte het hy na my gekyk en gesê: "Verlang jy om Jesus te sien? Hy is hier en jy kan Hom sien as jy graag wil. Neem alles wat jy het en volg my."

Ek het dit met die allergrootste blydskap gehoor, en blymoedig het ek my goed opgeneem, elke kosbare ou dingetjie, en my gids gevolg. Hy het my na 'n steil en onstewige trap gelei. Toe ek die trappe begin klim, het hy my gewaarsku om na bo te kyk, anders kon ek duiselig word en val. Baie van die wat besig was om die steilte uit te klim, het geval voordat hulle bo was.

Eindelik het ons die boonste trappie bereik en voor die deur gestaan. Daar het my gids my beveel om al die goed wat ek saamgebring het, neer te sit. Ek het die goed blymoedig neergesit; toe het hy 'n deur oopgemaak en my beveel om in te gaan. Binne 'n oomblik het ek voor Jesus gestaan. Mens kon sommer dadelik Sy mooi gestalte uitken. So 'n stralende uitdrukking van goedheid en majesteit kon aan niemand anders behoort het nie. Toe Hy na my kyk, het ek dadelik geweet dat Hy bekend is met elke omstandigheid van my lewe, en ook al my gedagtes en gevoelens geken het.

Ek het geprobeer om myself te bedek vir Sy aanblik, want ek het gevoel dat ek nie Sy deursoekende oë kon verduur nie, maar Hy het nader gekom met 'n glimlag, en Sy hand op my hoof gelê en gesê: "Moenie vrees nie." Sy soetklinkende stem het my hart laat tril van 'n geluk wat ek nog nooit voorheen geken het nie. Ek was te bly om 'n woord te sê, en oorstelp van



geluk het ek aan Sy voete neergesak. Terwyl ek daar hulpeloos gelê het, het daar heerlike tonele voor my verbygegaan, en dit het gevoel asof ek die veiligheid en die vrede van die hemel bereik het.

- 81 -

Eindelik het my krag weer teruggekom, en het ek opgestaan. Die liefdevolle oë van Jesus was nog op my, en Sy glimlag het my siel met vreugde vervul. Sy teenwoordigheid het my met 'n heilige eerbied en 'n onbeskryflike liefde vervul.

My gids het nou die deur oopgemaak, en ons het uitgegaan. Hy het my beveel om weer my goed op te tel wat ek buite agtergelaat het. Toe het hy aan my 'n groen tou gegee wat styf opgerol was. Hy het gesê dat ek dit teen my hart moes dra, en wanneer ek Jesus wou sien, moes ek dit uit my boesem haal en heeltemal afrol tot die volle lengte. Hy het my gewaarsku om dit nooit vir 'n lang tyd opgerol te hou nie, want dit kon geknoop raak sodat dit nie maklik reguit gemaak kon word nie. Ek het die tou teenoor my hart geplaas, en het met vreugde langs die smal trap afgegaan; ek het die Here geloof en almal wat ek teëgekom het, blymoedig vertel waar hulle Jesus kon vind. Hierdie droom het my hoop gegee. Die groen tou het geloof voorgestel, en die vreugde en eenvoud van vertroue op God het in my donker siel begin duidelik word.

# WILLIAM MILLER SE DROOM

**(Waarna verwys word op bladsy 43)**

Ek het gedroom dat God, deur 'n onsigbare hand, aan my 'n mooi kissie gestuur het, tien duim by ses duim, gemaak van ebbehout, met pragtige inlegwerk van pêrels. Aan die kissie was daar 'n sleutel vas; ek het dit oopgesluit en tot my verbasing het ek gevind dat dit vol was met alle soorte juwele: diamante, edelstene, en goue en silwer muntstukke van verskeie groottes en waardes. Alles was mooi gerangskik in die kissies; en wel op so 'n wyse dat hulle 'n lig weerkaats het wat in heerlikheid gelyk was aan die van die son.

Ek het gevoel dat ek nie hierdie heerlike skouspel alleen moes geniet nie, alhoewel my hart oorstelp was van vreugde

- 82 -

by die aanskouing van die skitterende prag en waarde van die inhoud. Ek het dit toe op 'n tafel in die middel van my kamer geplaas, en laat aankondig dat almal wat wil, maar kon kom kyk na die skitterendste prag wat die mens ooit in hierdie lewe kan sien.

Die mense het begin kom, eers 'n paar, maar later 'n groot skare. Toe hulle eers in die kissie gekyk het, was hulle verbaas en het hulle uitgeroep van vreugde. Maar namate die toeskouers vermeerder het, het elkeen begin krap in die kissie; hulle het die juwele uitgehaal uit die kissie en hulle op die tafel versprei.

Ek het begin dink dat die eienaar die kissie juwele van my hand sou eis, en as ek toelaat dat hulle versprei raak, sal ek hulle nooit weer so in die kissie kan plaas as wat hulle oorspronklik was nie; en ek het gevoel dat ek nie sal kan rekenskap gee nie, want die verantwoordelikheid sal te groot wees. Ek het die mense toe gesoebat om nie die goed te hanteer of hulle uit die kissie te haal nie; maar hoe meer ek gesoebat het, hoe meer het hulle versprei geraak; en nou het dit ook gelyk of hulle in die hele kamer rondgestrooi word, op die vloer en orals op die meubels in die kamer.

Toe het ek gemerk dat daar onder die egte juwele en muntstukke ook 'n groot aantal valse juwele en muntstukke was. Ek het my baie vererg oor die slegte gedrag en ondankbaarheid van die mense, en ek het hulle bestraf en verwyt; maar hoe meer ek hulle bestraf het, hoe meer het hulle die valse juwele en valse munt met die egte vermeng.

Ek het toe so kwaad geword dat ek hulle met geweld uit die kamer

gestoot het; maar wanneer ek een uitstoot het daar weer drie in sy plek ingekom met vuilgoed en skaafsels en sand en allerhande rommel totdat hulle elkeen van die egte juwele, diamante, en muntstukke so bedek het dat mens nie een meer kon sien nie. Hulle het selfs ook die kissie stukkend gebreek en die stukke daar in die vuilgoed rondgestrooi.

- 83 -

Ek het gedink dat niemand hom gesteur het aan my verdriet of ontsteltenis nie. Ek was heeltemal ontmoedig, en het gaan sit en huil.

Terwyl ek so gesit en huil en treur het oor my groot verlies, en die rekenskap wat ek sou moes gee, het ek aan God gedink en ek het ernstig tot Hom gebid om hulp.

Dadelik het die deur oopgegaan, en 'n man het die kamer binnegekom, en toe het al die ander die kamer verlaat; in sy hand het hy 'n stofbesem gehad; hy het die vensters oopgemaak en die vuilgoed en rommel uit die kamer begin vee.

Ek het vir hom geskreeu om op te hou, want daar was ook van die kosbare juwele verstrooi in die vuilgoed.

Hy het aan my gesê, "Moenie vrees nie, ek sal sorg vir hulle." En toe, terwyl hy die vuilgoed en rommel en valse juwele en muntstukke uitgevee het, is alles by die venster uit soos 'n wolk, en die wind het hulle weggewaai. Te midde van die gewerskaf het ek my oë vir 'n oomblik gesluit; toe ek hulle weer oopmaak, was al die vuilgoed weg. Die kosbare juwele, die diamante, die goue en silwermuntstukke het nog orals in die kamer verstrooi gelê.

Toe het hy op die tafel 'n kissie geplaas, baie groter en mooier as die eerste een, en hy het die juwele, die diamante, en die muntstukke handvol gewys opgetel en hulle in die kissie gegooi, sodat daar nie een agtergebly het nie, alhoewel sommige van die diamante nie groter as 'n speldekop was nie.

Toe het hy vir my gesê, "Kom kyk."

Ek het in die kissie gekyk, en my oë is verblind deur die skouspel. Hulle het tienmaal meer geskitter as voorheen. Ek het gedink dat hulle so blink geskuur is in die sand deur die voete van daardie goddelose mense wat hulle in die stof gegooi en vertrap het. Hulle is baie mooi gerangskik in die kissie, elkeen op sy plek, sonder enige inspanning van die kant van die man wat hulle weer ingegooi het. Ek het uitgeroep van vreugde, en dit het my wakkergemaak.



BYVOEGSEL

---

## 'n VERDUIDELIKING

- 85 -

Geagte Christen-Vriende: Daar ek 'n kort beskrywing gegee het van my ondervindings en gesigte, gepubliseer in 1851, voel ek nou dat dit my plig is om die aandag te vestig op sommige dinge in daardie klein werkie, en ook om van my meer onlangse gesigte mee te deel.

1. Op bladsy 31 staan die volgende: "Ek het gesien dat die heilige Sabbat die skeidsmuur is, en sal wees, tussen die ware Israel van God en ongelowiges; en dat die Sabbat die groot strydvraag is wat die harte van Gods dierbare, wagtende heiliges verenig. Ek het gesien dat God kinders het wat die Sabbat nie sien en nie hou nie. Hulle het nie die lig daarop verwerp nie. En aan die begin van die tyd van benoudheid is ons almal vervul met die Heilige Gees waar ons uitgegaan en die Sabbat meer volledig verkondig het."

Hierdie gesig is in die jaar 1847 gegee toe daar maar baie min van die Advent broeders was wat die Sabbat gehou het, en onder hulle was daar maar min wat gemeen het dat die onderhouding daarvan belangrik genoeg was om die skeidslyn te trek tussen die kinders van God en ongelowiges. Nou begin ons die vervulling van daardie gesig sien. "Die begin van die tyd van benoudheid" waarvan hier melding gemaak word, het nie betrekking op die tyd wanneer die plae uitgestort sal word nie, maar verwys na 'n kort periode net vóór hulle uitgestort word, terwyl Christus nog in die heiligdom is. In daardie tyd, onderwyl die verlossingswerk afgesluit word, sal daar moeilikhede op die aarde kom, en die volke sal toornig wees, maar hulle sal

- 86 -

in bedwang gehou word sodat die werk van die derde engel nie belet word nie. In daardie tyd sal die "laat reën," of die tyd van verkwikking van die aangesig van die Here, kom om krag te gee aan die luide stem van die derde engel, en om die heiliges te berei om te kan staan in die periode wanneer die sewe laaste plae uitgestort sal word.

2. Die gesig van "Die Geopende en die Geslote Deur" op bladsye 38-40

is gegee in die jaar 1849. Die toepassing van Openbaring 3:7, 8, op die hemelse heiligdom en Christus se bediening was vir my heeltemal nuut. Ek het nooit gehoor dat ander van die idee praat nie. Noudat die onderwerp van die heiligdom duidelik verstaan word, word die toepassing in al sy krag en heerlikheid gesien.

3. Die gesig dat die Here "vir die tweede maal Sy hand uitgestrek het om die oorblyfsel van Sy volk te vergader," op bladsy 65 het betrekking alleen op die eensgesindheid en krag wat daar eenmaal bestaan het onder diegene wat Christus verwag het, en op die feit dat Hy begin het om Sy kinders te verenig en weer op te hef.

4. Spiritistiese Verskynsels. Lees as volg op bladsy 39: "Ek het gesien dat die geheimsinnige geklop te New York en ander plekke, die krag van die Satan was, dat sulke verskynsels sou toeneem onder die dekmantel van die godsdiens, om diegene wat bedrieg word aan die slaap te sus en om die aandag van Gods kinders, indien moontlik, te vestig op daardie dinge en hulle te laat twyfel aan die leer en krag van die Heilige Gees." Hierdie gesig is gegee in 1849, byna vyf jaar ná daardie tyd. Toe was die spiritistiese verskynsels grotendeels beperk tot die stad Rochester, en was bekend as die "Rochester Kloppery." Sedert daardie tyd het die dwaling bo verwagting versprei.

Die grootste gedeelte van die gesig op bladsy 53, getitel "Geheimsinnige Geklop," gegee in Augustus 1850, is sedert daardie tyd vervul, of tree nou in vervulling. Hier is 'n gedeelte daarvan: "Ek het gesien dat dit eerlank as godslastering beskou sal word om teen die geklop te praat, en dat dit meer en meer

- 87 -

sal versprei, dat die mag van die Satan sal toeneem en dat sommige van sy toegewyde volgelinge die mag sal hê om wonderwerke te verrig, en voor die mense selfs vuur uit die hemel sal laat neerdaal. Ek het gesien dat hierdie moderne towenaars deur die geklop en deur mesmerisme nog al die wonderwerke sal verklaar wat deur onse Here Jesus Christus gedoen is, en dat vele sal glo dat al die magtige werke van die Seun van God, toe Hy hier op aarde was deur dieselfde mag gedoen is."

Ek het die geklop-dwaling gesien, en die vordering wat dit gemaak het, en dat dit as dit moontlik was, ook die uitverkorenes sou mislei. Die Satan sal die mag hê om voor ons te laat verskyn gestaltes wat voorgee om ons



afgestorwe bloedverwante en vriende te wees. Hy sal dit laat voorkom asof hierdie vriende teenwoordig is; die woorde wat hulle gespreek het terwyl hulle nog in die lewe was, en wat ons goed ken, sal hulle namaak, en ons sal hulle stemme herken. Dit alles sal gedoen word om die heiliges te bedrieg om hierdie dwaling te glo.

Ek het gesien dat die heiliges 'n deeglike begrip moet hê van die teenwoordige waarheid, en wat hulle verplig sal wees om uit die Skrifte te bewys. Hulle moet die staat van die dode verstaan; want die geeste van duiwels sal nog aan hulle verskyn en voorgee om hulle dierbare vriende en bloedverwante te wees, en verklaar dat die Sabbat verander is; en hulle sal nog ander onbybelse leerstellings voorhou. Hulle sal alles in hulle vermoë doen om simpatie te verwek, en hulle sal wonderwerke voor die mense doen om te staaf wat hulle leer. Die kinders van die Here moet voorberei wees om hierdie geeste te bestry met die Bybelse waarheid dat die dode niks weet nie, en dat diegene wat aan hulle verskyn die geeste van duiwels is. Ons gedagtes moet nie in beslag geneem word deur die dinge rondom ons nie, maar moet besig gehou word deur die teenwoordige waarheid, en 'n voorbereiding om in vrees en nederigheid 'n rede te kan gee vir ons hoop.

- 88 -

Ons moet wysheid van omhoog soek sodat ons staande kan bly in hierdie dae van dwaling en misleiding.

Ons moet die grondslag van ons hoop goed ondersoek, want ons sal uit die Skrifte 'n rede daarvoor moet gee. Die bedrog sal toeneem, en ons sal dit van aangesig tot aangesig moet bestry; en as ons nie toegerus is nie, sal ons daardeur verstrik en oorwin word. Maar as ons doen wat ons kan om onsself voor te berei vir die stryd wat ons voorlê, sal God Sy deel doen, en Sy almagtige arm sal ons beskerm. Desnoods sal Hy die laaste engel uit die hemel stuur om die getroue siele te bewaar, om 'n heining om hulle op te stel, sodat hulle nie bedrieg en weggevoer word deur die Satan se wonders van die leuen nie.

Ek het gesien hoe vinnig hierdie bedrog besig was om te versprei. Ek het 'n lang trein gesien wat so vinnig soos weerlig gery het. Die engel het my beveel om goed te kyk, en ek het stip na die trein gekyk. Dit het vir my gelyk of die hele wêreld op die trein was en dat daar nie een mens oor was nie. Toe het die engel gesê, "Hulle word in bondels gebind, gereed om

verbrand te word." Toe het hy die kondukteur aan my gewys–'n baie aanvallige man na wie die passasiers opgesien het. Dit was vir my vreemd, en ek het die engel gevra wie die man is. Hy het geantwoord, "Dit is die Satan. Hy is die kondukteur in die gedaante van 'n engel van die lig. Hy het die wêreld gevang. Hulle is oorgegee aan die krag van die dwaling; oorgegee om die leuen te glo sodat hulle veroordeel kan word. Hierdie handlanger, wat net onderkant die Satan staan, is die masjinis, en ander van sy handlangers beklee ander betrekkings soos hy hulle nodig het, en hulle gaan almal met die spoed van weerlig na die verdoemenis."

Ek het die engel gevra of daar dan niemand oor was nie. Hy het my beveel om in die teenoorgestelde rigting te kyk, en toe het ek 'n klein groepie gesien reis langs 'n baie nou paadjie. Dit het geskyn of hulle almal verenig was, saamgebind deur die waarheid, in gerwe, of groepe.

- 89 -

Die engel het gesê, "Dit is die derde engel wat hulle bind, of verseël, in bondels vir die hemelse skuur." Hierdie groepie het afgemat gelyk, asof hulle deur 'n groot beproewing of stryd gekom het. En dit het gelyk of die son net uitgekom het agter 'n wolk en op hulle aangesigte geskyn het en hulle oorwinnend laat kyk het, asof hulle stryd byna op 'n end was.

Ek het gesien dat die Here aan die wêreld die geleentheid gegee het om die strik te ontdek. Hierdie een ding behoort vir die Christen voldoende bewys te wees, al is daar niks anders nie, naamlik, dat daar geen verskil gemaak word tussen die godvresende en die godloënaar nie. Thomas Paine, wie se liggaam nou tot stof vergaan het, en wat opgewek sal word aan die einde van die duisend jaar, tydens die tweede opstanding, om sy loon te ontvang en om die tweede dood te ondergaan, word deur die Satan in die hemel geplaas in 'n baie verhewe posisie. Die Satan het hom hier op die aarde gebruik solank as hy kon, en nou sit hy nog dieselfde werk voort deur voor te gee dat Thomas Paine baie verhewe en geëer is in die hemel; die Satan gee voor dat hy in die hemel besig is om ander te leer net soos hy hier op aarde geleer het. Daar is sommige wat met afsku sy lewe en dood gesien het, en ook sy verdorwe leerstellings toe hy nog gelewe het, maar wat hulle nou oorgee om deur Paine, een van die besoedelste en mees verdorwe onder die mense, geleer te word–iemand wat God en

- 90 -



Sy wet verag het.[1]

Hy, die vader van die leuen, verblind en bedrieg die wêreld deur sy engele uit te stuur om namens die apostels te praat, en dit voor te stel asof hulle weerspreek wat hulle onder ingewing van die Heilige Gees geskryf het toe hulle hier op aarde was. Hierdie leuenagtige engele laat die apostels hulle eie lering bederf en sê dat dit vals is. Deur so te handel, verlustig die Satan hom daarin om belydende Christene, en die hele wêreld, in onsekerheid te bring aangaande die Woord van God. Daardie heilige Boek openbaar sy leuens en dwarsboom sy planne; daarom wil hy mense lei om die goddelike oorsprong van die Boek te betwyfel. En dan hou hy die godloënaar Thomas Paine voor as iemand wat na die hemel is by sy dood, en nou met die apostels, wat hy gehaat het hier op aarde, saamwerk om die wêreld te leer.

Die Satan gee aan elkeen van sy engele die rol wat hulle moet speel. Hy beveel hulle almal om skelm en listig en slinks te wees. Hy beveel sommige van hulle om in die rol van die apostels op te tree en namens hulle te spreek, terwyl ander in die rol van godloënaars moet optree wat God vervloek het toe hulle gesterf het, maar wat hulle nou voordoen as baie godsdienstig. Tussen die heilige apostels en die grofste godloënaar word daar geen verskil gemaak nie. Hy laat hulle almal dieselfde dinge leer. Dit maak nie saak wie die Satan gebruik om te spreek nie as hy maar net sy doel kan bereik. Hy was so intiem verbonde met Paine en het hom in sy werk hier op aarde so gehelp, dat dit nie vir hom moeilik is om die woorde te ken en die handskrif na te maak van 'n dissipel wat hom so getrou en doeltreffend gedien het nie. Die Satan het baie van die woorde wat Paine geskryf het, gedikteer, en dit is nou vir hom baie maklik om sinne deur sy engele te dikteer om dit

---

[1] Om die krag van hierdie opmerkings te verstaan, moet die leser weet dat daar 'n boek gepubliseer is deur die mediumskap van ene "Eerwaarde C. Hammond," getitel Pilgrimage of Thomas Paine in the Spirit World, waarin Paine voorgestel word as 'n verhewe gees in die sewende sfeer. En in die Investigating Class in New York, is daar gesê dat Christus self met 'n medium in gesprek was en geopenbaar het dat Hy self maar in die sesde sfeer was, Hierdie verskil sal verstaan word wanneer daar onthou word dat die sfere die vordering voorstel van die gees in die geestes-wêreld, en dat Christus met meer as 1800 jaar se vordering maar die sesde sfeer bereik het, terwyl Paine, in omtrent 'n 100 jaar, die sewende bereik het! 'n Verdere verduideliking in hierdie verband word
gevind in die verklaring van Doktor Hare, dat sy geestes-suster gesê het dat haar Vordering

vertraag is deur haar geloof in die soendood van Christus. So verhef Spiritisme ongelowiges en ongeloof.

- 91 -

te laat voorkom asof dit deur Thomas Paine, sy getroue dienaar, gespreek word. Dit is 'n meester set van Satan. Al hierdie leer wat dan van die apostels en heiliges en goddelose afgestorwenes sou kom, kom regstreeks van die Satan.

Die feit dat die Satan sê dat iemand wat hy so liefgehad het, en deur wie God so volkome gehaat is, nou saam is met die heilige apostels en engele in heerlikheid, behoort genoeg te wees om die sluier weg te trek voor die oë van almal, en die duistere en verborge werk bloot te stel. Hy sê feitelik aan die wêreld en aan godloënaars, Dit maak nie saak hoe goddeloos julle is nie, en of julle in God en die Bybel glo of nie, lewe soos julle wil, die hemel is julle tuiste; want almal weet dat as Thomas Paine in die hemel is, en so verhewe is, dan sal hulle ook hemel toe gaan. Hierdie dwaling is so in die oog lopend dat almal dit kan sien as hulle wil. Die Satan doen nou deur Thomas Paine wat hy geprobeer het vandat hy geval het. Deur sy krag en wonders van die leuen is hy besig om die fondament van die Christen se hoop weg te skeur, en doof hy die son uit wat hulle noue pad na die hemel moet verlig. Hy wil die wêreld laat glo dat die Bybel nie geïnspireer is nie, dat dit niks meer as 'n storieboek is nie, terwyl hy iets anders in die plek daarvan aanbied, naamlik, spiritistiese openbarings!

Hier het hy 'n kanaal volkome aan hom toegewy en onder sy beheer, en hy kan die wêreld wysmaak wat hy wil. Die Boek wat hom en sy navolgers sal oordeel, stel hy in die skaduwee, net waar hy dit wil hê. Die Verlosser van die wêreld stel hy voor as 'n doodgewone man; en net soos die Romeinse wag by die graf van Jesus die valse gerug versprei het wat die owerpriesters hulle in die mond gelê het, so sal die arme, misleide navolgers van hierdie geestesverskynsels die on-

- 92 -

waarheid verkondig dat daar niks bonatuurlik is in verband met die Heiland se geboorte, dood, en opstanding nie. Nadat Jesus in die agtergrond gestel is, vestig hulle die aandag van die wêreld op hulleself en op hulle wonderwerke en wonders van die leuen, wat, soos hulle sê, die werke van Christus ver oortref. So word die wêreld verstrik en gerusgestel om nie die vreeslike bedrog agter te kom voordat die sewe laaste plae uitgestort



word nie. Die Satan lag wanneer hy sien hoe goed sy plan slaag en hoe die hele wêreld verstrik word.

5. Op bladsy 49 het ek gesê dat 'n wolk van heerlike lig die Vader bedek het, en dat Sy persoon nie gesien kon word nie. Ook het ek gesê dat ek die Vader van die troon sien opstaan het. Die Vader was bedek met lig en heerlikheid, sodat Sy gestalte nie gesien kon word nie; nogtans het ek geweet dat dit die Vader was en dat die lig en heerlikheid uit Sy persoon gestraal het. Toe ek hierdie lig en heerlikheid sien opstyg het van die troon, het ek geweet dat dit was omdat die Vader beweeg het, en daarom het ek gesê dat ek die Vader sien opstaan het. Die heerlikheid, of uitnemendheid, van Sy gestalte het ek nooit gesien nie; niemand kan dit sien en leef nie; maar die lig en heerlikheid wat Sy persoon omhul het, kon gesien word.

Ek het ook gesê, "Dit het geskyn of die Satan by die troon was en probeer het om die werk van God voort te sit." Ek sal nog 'n sin aanhaal van dieselfde bladsy: "Ek het omgedraai om te kyk na die groep wat nog daar voor die troon neergekniel het." Hierdie biddende groep was nog in die lewe hier op aarde, maar hulle is aan my voorgestel as knielende voor die troon. Ek het nooit die idee gehad dat hierdie mense werklik in die Nuwe Jerusalem was nie. Nooit het ek gedink dat enige sterfling kon veronderstel dat ek geglo het dat die Satan werklik in die Nuwe Jerusalem was nie. Maar het Johannes nie die rooi draak in die hemel gesien nie? Gewis het hy. "En 'n ander teken het in die hemel verskyn, en daar was 'n groot vuur-

- 93 -

rooi draak met sewe koppe en tien horings." Openb. 12:3. Wat 'n onding om in die hemel te wees! Hier is nou 'n goeie geleentheid om die spot te dryf, soos sommige gedoen het in hulle vertolking van my beskrywings.

Op bladsye 43-46 is 'n beskrywing van 'n gesig wat ek in Januarie 1850 gesien het. Die gedeelte van die gesig ten opsigte van middele wat terruggehou is van die boodskappers, was in die besonder van toepassing in daardie tyd. Sedert daardie tyd het die saak van die teenwoordige waarheid vriende bygekry wat op 'n geleentheid gewag het om goed te doen met hulle middele. Sommige van hulle was te vrygewig, tot skade van die ontvangers. Vir omtrent twee jaar is daar meer aan my getoon in verband met die onverskillige en kwistige gebruik van die Here se geld, as die gebruik daarvan.

Die volgende word aangehaal uit 'n gesig aan my gegee te Jackson,

Michigan, op 2 Junie 1853. Dit was veral van toepassing op die broeders daar: "Ek het gesien dat die broeders hulle goed begin opoffer het en dit uitgedeel het sonder dat die ware doel aan hulle voorgehou is–naamlik die behoeftige saak–hulle het te vryelik uitgedeel, en te veel en te dikwels. Ek het gesien dat die leraars moes onderneem het om te wys op hierdie fout, en hulle moes 'n goeie invloed in die kerk laat geld het. Daar is gehandel asof geld sommer niks was nie, en dat hoe gouer dit uitgegee is, hoe beter. Sommige het 'n slegte voorbeeld gestel deur groot skenkings aan te neem sonder om hoegenaamd diegene te waarsku wat die geld gehad het om dit nie so kwistig en onverskillig te gebruik nie. Deur 'n groot som geld aan te neem, sonder om te verneem of God dit as verpligting gelê het op die broeders om dit so vryelik te gee, is 'n te kwistige uitdeling goedgekeur.

"Diegene wat gegee het, het ook verkeerd gehandel, want hulle het nie navraag gedoen of daar werklik 'n behoefte was of nie. Diegene wat middele gehad het, het nie geweet wat om te doen nie. Een broeder het skade gely omdat te veel in sy

- 94 -

hande geplaas is. Hy het geen aandag geskenk aan spaarsaamheid nie, maar het spandabel gelewe, en op sy reise het hy geld links en regs uitgegee sonder enige voordeel. Hy het 'n verkeerde invloed laat geld deur die Here se geld te vry te gebruik, en in sy eie hart, en aan ander het hy gesê, Daar is geld genoeg in J___ , meer as wat gebruik kan word voor die Here kom.' Sommige is baie benadeel deur so 'n handelwyse, en hulle het in die waarheid gekom met verkeerde sienswyses; hulle het nie besef dat dit die Here se geld is wat hulle so gebruik het nie, en hulle het geen besef gehad van die waarde daarvan nie. Daardie arme siele wat so pas die derde engel se boodskap aangeneem het, en aan wie so 'n voorbeeld gestel is, sal baie moet leer om hulleself te verloën en te ly vir die ontwil van Christus. Hulle sal moet leer om gemak op te gee, om nie aan eie-gerief en eie-gemak te dink nie, en aandag te skenk aan die waarde van siele. Diegene wat onder die indruk van die ‚wee my!' is, sal nie groot voorbereidings tref om in gerief en gemak te kan reis nie. Sommige wat geen roeping daartoe gevoel het nie, is aangemoedig om in die veld uit te gaan. Hierdie dinge het 'n uitwerking gehad op ander, en hulle het nie die nodigheid gesien vir spaarsaamheid nie, of om hulleself te verloën en geld in die Here se skatkis



te stort nie. Dit sal hulle laat voel en sê, ‚Daar is ander wat baie geld het; hulle sal vir die blad gee. Ek hoef niks te doen nie. Die blad sal ondersteun word sonder my hulp.'"

Dit was 'n groot beproewing vir my om te sien dat sommige daardie dele van my gesigte wat betrekking het op die opoffering van goed om die saak te ondersteun, geneem en die verkeerde gebruik daarvan gemaak het. Hulle gebruik geld op 'n spandabele wyse, terwyl hulle nalaat om die beginsels van die ander dele na te kom. Lees die volgende op bladsy 45: "Ek het gesien dat die saak van God vertraag en onteer is deur sommige wat reis sonder dat hulle 'n boodskap van God het. Hulle sal rekenskap aan God moet gee vir elke dollar wat hulle uitgegee het om te reis na plekke waarheen dit nie hulle plig was om te gaan nie,

- 95 -

want die geld kon die saak van God vooruitgehelp het." Lees ook op bladsy 45: "Ek het gesien dat diegene wat krag het om met hulle hande te werk, en kan help om die saak te ondersteun, net so verantwoordelik gehou sal word vir hulle krag as die ander vir hulle goed."

Vervolgens wil ek spesiaal die aandag vestig op die gesig, gegee op bladsy 51. Hier volg 'n kort uittreksel: "Ek het gesien dat ... die doel van die Heiland se woorde (in Lukas 12:33) nie duidelik voorgestel is nie." Ek het gesien "die doel met die verkoop van die goed is nie om hulp te gee aan mense wat in staat is om te werk en hulleself te onderhou nie, maar om die waarheid te versprei. Dit is 'n sonde om mense wat in staat is om te werk, in hulle luiheid te sterk. Sommige was baie ywerig om al die dienste by te woon, nie om God te verheerlik nie, maar die ‚brode en die visse.' Sulke mense moes tuisgebly het om met hulle hande ‚te werk wat goed is,' om te voorsien in die behoeftes van hulle gesinne en om iets te hê om te gee om die kosbare waarheid te bevorder." In die verlede was dit die doel van die Satan om haastige mense te dryf om geld te vryelik te gebruik, en om die broeders te beïnvloed om op onverstandige wyse hulle besittings van die hand te sit, sodat siele, deur die kwistige en haastige gebruik van middele, benadeel kan word en verlore kan gaan, en dat die behoefte daaraan nou, wanneer die waarheid versprei moet word, gevoel kan word. In 'n sekere mate het sy plan geslaag.

Die Here het geopenbaar dat dit verkeerd is van baie om te kyk na diegene wat goed het om die publikasie van die blad en van traktate te

ondersteun. Elkeen behoort sy deel te doen. Diegene wat krag het om met hulle hande te werk en geld te verdien om die saak te help, is net so verantwoordelik daarvoor as die ander is vir hulle besittings. Elke kind van God wat voorgee om die teenwoordige waarheid te glo, moet ywerig wees om sy rol te speel in hierdie saak.

In Juliemaand 1853, het ek gesien dat die blad, geëien en goedgekeur deur God, nie so selde moet verskyn nie. Die saak,

- 96 -

in die tyd waarin ons nou lewe, vereis 'n weekblad,[1] en baie meer traktate moet gedruk word om die toenemende dwalings van hierdie tyd aan die kaak te stel; maar die werk word vertraag deur gebrek aan fondse. Ek het gesien dat die waarheid verkondig moet word, en dat ons nie te vreesagtig moet wees nie; dat traktate en blaaie liewer gestuur moet word na drie wat hulle nie wil hê nie, as dat een ontrief sal word wat hulle wel sal waardeer en gebaat sal word. Ek het gesien dat die tekens van die laaste dae duidelik gestel moet word, want die openbarings van die Satan neem toe. Die lektuur van die Satan en sy werktuie neem toe; hulle krag groei, en wat ons wil doen om die waarheid voor ander te bring, moet gou gedoen word.

Daar is aan my gewys dat die waarheid, as dit eenmaal gedruk is, sal staan, want dit is die waarheid vir die laaste dae; dit sal lewe, en in die toekoms sal daar nie soveel daaroor hoef gesê te word nie. Daar hoef nie ontelbare woorde op papier gedruk te word om iets te regverdig wat vir homself kan praat, en wat duidelik is nie. Die waarheid is reguit, duidelik, helder, en dit staan duidelik uit in sy selfverdediging; maar met dwaalleer is dit nie die geval nie. Dit is so krom en verdraaid dat daar baie woorde nodig is om dit te verduidelik in sy verdraaide vorm. Ek het gesien dat al die lig wat op sommige plekke ontvang is, uit die blad verkry is; dat siele die waarheid op daardie wyse gekry en dan met ander daaroor gepraat het, en dat daar op plekke groepe gelowiges ontstaan het deur hierdie stille boodskapper. Die blad was hulle prediker. Die saak van die waarheid moet nie vertraag word deur gebrek aan middele nie.

**[1]Die Review and Herald het voor hierdie tyd baie ongereeld verskyn. Later het dit halfmaandeliks verskyn.**



# EVANGELIE-ORGANISASIE

- 97 -

Die Here het gewys dat evangelie-organisasie te veel gevrees en verwaarloos is.[1] Ons moet bang wees vir vormlikheid, maar ons moet sorg dat orde nie verwaarloos word nie. Daar is orde in die hemel. Daar was orde in die kerk toe Christus hier op aarde was, en ná Sy hemelvaart is orde streng gehandhaaf onder Sy apostels. En nou, in hierdie laaste dae, onderwyl God Sy kinders tot eensgesindheid bring in die geloof, is daar groter behoefte aan orde as ooit tevore; want namate God Sy kinders verenig, is die Satan en sy bose engele druk besig om hierdie eensgesindheid te belet en te vernietig. Daarom gebeur dit dat manne haastig in die veld uitgestuur word wat gebrek aan wysheid het en wat onoordeelkundig is–manne wat moontlik hulle eie huise nie goed regeer en nie die orde kan handhaaf oor die paar siele waaroor God hulle in die huis aangestel het nie; maar nogtans voel hulle bekwaam om toesig te hou oor 'n groot kudde. Hulle doen baie dinge wat verkeerd is, en diegene wat onbekend is met ons geloof meen dat al die boodskappers soos hierdie selfgestuurde manne is. So word die saak van God in onguns gebring, en baie mense verwerp die waarheid wat hulle andersins sou ondersoek het.

Mense wie se lewens nie heilig is nie, en wat onbekwaam is om die teenwoordige waarheid te leer, gaan in die veld uit sonder dat hulle erken word deur die kerk of die broeders in die algemeen, en die gevolg is verwarring en verdeeldheid.

- 98 -

Sommige het 'n teoretiese kennis van die waarheid; hulle kan die argumente lewer, maar daar is gebrek aan geestelikheid, oordeel, en ondervinding; hulle skiet kort in baie dinge wat hulle behoort te verstaan voordat hulle die waarheid kan leer. Ander kan weer nie die argumente lewer nie, maar omdat 'n paar van die broeders gehoor het dat hulle mooi kan bid, en so nou en dan ook 'n opwindende toespraak kan lewer, word hulle in die

[1] Die Adventiste het aan alle kerke behoort, en aan die begin het hulle geen plan gehad om nog 'n genootskap te stig me. Ná 1844 was daar groot verwarring, en die meerderheid was gekant teen enige soort organisasie daar hulle gemeen het dat dit teenstrydig was met die volkome vryheid van die evangelie. Die getuienis en werk van Mevrou White het fanatisme altyd teen gegaan, en in die voorligting wat deur haar gekom het, is daar aangedring op die een of ander vorm van organisasie as noodsaaklik om verwarring te vermy.

veld uitgestoot om 'n werk te doen waarvoor God hulle nie toegerus het nie, en waarvoor hulle nie die nodige ondervinding en oordeelkundigheid het nie. Geestelike hoogmoed tree te voorskyn, hulle word hovaardig, en hulle handel onder die wanbegrip dat hulle werkers is. Hulle ken hulleself nie. Daar is gebrek aan oordeelkundigheid, hulle kan nie geduldig redeneer nie, hulle praat groot van hulleself, en beweer baie dinge wat hulle nie kan bewys uit die Woord van God nie. God weet dit; daarom roep Hy nie sulke mense om te werk in hierdie gevaarlike tye nie, en die broeders moet daarteen waak om mense in die veld uit te stuur wat God nie geroep het nie.

Die manne wat God nie geroep het nie is gewoonlik juis die wat so absoluut seker is dat hulle wel geroep is, en dat hulle werk baie belangrik is. Hulle gaan in die veld uit, en in die algemeen is hulle nie 'n goeie invloed nie; op sommige plekke is hulle wel suksesvol, en dit laat hulle en ander dink dat hulle gewis deur God geroep is. Omdat 'n man 'n bietjie sukses behaal, is dit geen positiewe bewys dat hy deur God geroep is nie, want die engele van God werk nou in die harte van Sy opregte kinders om hulle verstand te verlig om die teenwoordige waarheid te verstaan sodat hulle dit kan aanneem en lewe. En al sou selfgestuurde manne hulle self plaas waar God hulle nie geplaas het nie, en sê dat hulle leraars is, en siele die waarheid aanneem omdat hulle dit verkondig het, is dit geen bewys dat daardie manne deur God gestuur is nie. Die siele wat die waarheid van hulle kry, ontvang dit om in beproewing en slawerny te beland, daar hulle later sal ontdek dat hierdie

- 99 -

manne nie deur God gelei is nie. Al sou goddelose manne die waarheid verkondig, mag daar diegene wees wat dit aanneem; maar dit sal nie daardie manne wat dit verkondig het in die guns van God bring nie. Goddelose manne bly nog goddelose manne, en hulle straf sal wees volgens die bedrog wat hulle gepleeg het teenoor die geliefdes van God, en volgens die verwarring wat hulle in die kerk gebring het; hulle sondes sal nie bedek bly nie, maar sal geopenbaar word in die dag van Gods toorn.

Hierdie selfgestuurde boodskappers is 'n vloek vir die saak. Opregte siele vertrou hulle, en meen dat hulle onder die leiding van God handel en in harmonie is met die kerk; daarom laat hulle hul toe om die nagmaal te bedien, en namate dit vir hulle duidelik word dat een van hulle eerste pligte



is om hulle te laat doop, laat hulle toe dat daardie manne hulle doop. Maar wanneer die lig kom, soos dit sekerlik sal kom, en hulle ontdek dat daardie manne nie is wat hulle gemeen het, naamlik Gods gekose boodskappers nie, begin hulle te twyfel aan die waarheid wat hulle ontvang het, en voel hulle dat hulle alles van nuuts af moet leer; die vyand bring hulle in twyfel in verband met hulle ervaring of hulle deur God gelei was of nie, en hulle is nie tevrede totdat hulle weer 'n nuwe begin gemaak het en oorgedoop is nie. Dit is baie meer vermoeiend vir die gees van Gods boodskappers om te gaan na plekke waar diegene was wat 'n verkeerde invloed laat geld het, as om op 'n heeltemal nuwe plek te gaan werk. Gods dienaars moet duidelik en openlik handel, en nie verkeerde dinge bedek nie, want hulle staan tussen die lewendes en die dode en sal moet rekenskap gee van hulle getrouheid, hulle sending, en die invloed wat hulle gehad het op die kudde van die Here waaroor hulle as opsigters aangestel is.

Diegene wat die waarheid aanneem en in sulke beproewings beland,

- 100 -

sou die waarheid tog gekry het as hierdie manne weggebly en die nederige posisies beklee het wat die Here vir hulle beoog het. God het Sy oog gehou oor Sy juwele, en Hy sou na hulle Sy geroepe en gekose boodskappers gestuur het–manne wat met wysheid sou gehandel het. Die lig van die waarheid sou aan daardie siele hulle ware posisie getoon het, en hulle sou die waarheid op verstandige wyse aangeneem het, en tevrede gewees het met die skoonheid en helderheid daarvan. En namate hulle die kragtige werking daarvan gevoel het, sou hulle sterk geword en 'n heilige invloed gehad het.

Nog weer is die gevaar aan my getoon van mense wat gaan reis wanneer God hulle nie geroep het nie. As hulle suksesvol is, sal hulle gebrek aan bekwaamheid gevoel word. Hulle sal onverstandige dinge doen, en deur gebrek aan wysheid mag kosbare siele gedryf word tot die plek waar hulle nie bereik kan word nie. Ek het gesien dat die kerk sy verantwoordelikheid moet besef, en die lewens, kwalifikasies, en algemene gedrag deeglik moet ondersoek van diegene wat hulleself uitgee as leraars. As daar nie onmiskenbare bewyse is dat God hulle geroep het nie, en hulle nie voel dat die "wee my!" op hulle is as hulle nie die roeping gehoorsaam nie, is dit die plig van die kerk om op te tree en reguit te sê dat die kerk hierdie mense nie as leraars erken nie. Dit is die enigste weg wat die kerk

kan inslaan om duidelik op te tree in hierdie saak, want die verantwoordelikheid rus op hom.

Ek het gesien dat hierdie deur waar die vyande inkom om die kudde lastig te val en in verwarring te bring, toegemaak kan word. Ek het aan die engel gevra hoe dit gesluit kon word. Hy het geantwoord, "Die kerk moet vlug na Gods Woord en bevestig word op die evangelie-organisasie, wat oor die hoof gesien en verwaarloos is." Dit is absoluut nodig om die kerk tot eensgesindheid in die geloof te bring. Ek het gesien dat die kerk in die tyd van die apostels gevaar geloop het om verlei te word deur valse leraars. Daarom het die broeders manne gekies wat voldoende bewys gelewer het dat hulle bekwaam is om

- 101 -

hulle eie huise goed te regeer en die orde te handhaaf in hulle eie gesinne, en om diegene te verlig wat in duisternis verkeer het. God is omtrent sulke manne geraadpleeg, en dan, ooreenkomstig die gevoelens van die kerk en Heilige Gees, is hulle afgesonder deur die oplegging van hande. Nadat hulle hul opdrag van God ontvang het, en deur die kerk goedgekeur is, het hulle uitgegaan en gedoop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; hulle het die Avondmaal bedien, en dit dikwels gedoen om die heiliges deur die simbole van die gebroke liggaam en die vergote bloed van die gekruisigde Heiland gedurig te herinner aan Sy lyde en dood.

Ek het gesien dat die gevaar van valse leraars vandag net so groot is as in die tyd van die apostels, en as ons niks meer doen nie, moet ons net sulke spesiale reëlings tref as hulle getref het om die vrede, harmonie, en eenheid van die kudde te bewaar. Ons het hulle voorbeeld en ons behoort dit te volg. Broeders met gesonde verstand en ervaring moet saamkom, volgens die Woord van God en die leiding van die Heilige Gees, moet hulle, na vurige gebed, die hande lê op diegene wat volkome bewys gelewer het dat hulle van God geroep is, en hulle moet daardie manne afsonder om hulle heeltemal aan Sy werk te wy. Hierdie handelwyse sal toon dat hulle die goedkeuring van die kerk het om uit te gaan as boodskappers van die plegtigste boodskap wat nog ooit aan mense gegee is.

God sal nie die sorg van Sy kudde opdra aan manne wie se verstand en oordeel verswak is deur hulle vorige dwalings nie, soos byvoorbeeld die leer van perfeksionisme en van Spiritisme; manne wat terwyl hulle so gedwaal het, hulleself en die saak van die waarheid in die skande gebring het. Alhoewel hulle nou mag voel dat hulle vry is van dwaalleer, en bekwaam is om uit te gaan en die laaste boodskap te verkondig,



- 102 -

sal God hulle nie aanneem nie. Hy sal nie kosbare siele aan hulle sorg toevertrou nie, want hulle verstand is verdraai toe hulle gedwaal het, en is dus verswak. Die grote en heilige God is 'n jaloerse God, en dit is Sy wil dat alleen heilige manne Sy waarheid sal verkondig. Die heilige wet wat God van Sinai afgekondig het, is 'n deel van Homself, en alleen heilige manne wat die wet stip nakom, kan Hom vereer deur dit aan ander te leer.

Die dienaars van God wat die waarheid leer, behoort oordeelkundige manne te wees. Hulle behoort manne te wees wat teenstand kan verduur sonder om opgewonde te raak, want diegene wat die waarheid weerstaan, sal diegene aanval wat dit verkondig, en hulle sal alle moontlike besware, in die ergste vorms bring teen die waarheid. Die dienaars van God wat die boodskap dra, moet in staat wees om hierdie besware te beantwoord, kalm en nederig in die lig van die waarheid. Dikwels spreek die teenstanders van die waarheid die predikante van God op 'n uittartende wyse aan om hulle iets te laat sê in dieselfde gees, sodat hulle dit later kan gebruik om hulle bewerings te staaf dat die leraars van die wet 'n bitter en onverdraagsame gees het. Ek het gesien dat ons gereed moet wees vir besware, en dat ons hulle geduldig, oordeelkundig, en nederig moet oorweeg, en hulle nie sommer moet minag of met positiewe bewerings uit die weg wil ruim deur los te trek of die teenstander en 'n harde gees teen hom te openbaar nie; die besware moet in die lig en krag van die waarheid beantwoord, en so uit die weg geruim word. Op hierdie manier sal daar 'n goeie indruk gemaak word, en eerlike teenstanders sal dan erken dat hulle verkeerd was, en dat die bewaarders van die gebooie nie is soos hulle vyande voorstel nie.

Diegene wat voorgee om dienaars van die lewende God te wees, moet gewillige dienaars van almal wees pleks van hulleself te verhef bokant die broeders; en hulle moet 'n vriendelike en hoflike gees openbaar.

- 103 -

As hulle 'n fout begaan behoort hulle gewillig te wees om dit deeglik te bely. Eerlike bedoelings moet nie aangevoer word as ekskuus om nie foute te bely nie. So 'n belydenis sal nie die vertroue van die kerk in sy boodskap-

per verminder nie, en daardeur sal hy 'n goeie voorbeeld stel; ook sal dit die gees van belydenis aanmoedig in die kerk, en heerlike eensgesindheid sal die uitwerking wees. Diegene wat voorgee om leraars te wees, behoort die voorbeeld van vroomheid, sagmoedigheid, en nederigheid te stel; hulle moet vriendelik wees om siele te win vir Jesus en die waarheid van die Bybel. 'n Predikant van Christus moet in woord en daad rein wees. Hy behoort gedurig te onthou dat hy geïnspireerde woorde gebruik, die woorde van 'n heilige God. Hy moet ook onthou dat die kudde aan sy sorg toevertrou is, dat hy hulle lewens voor Jesus moet bring en vir hulle moet bid soos Jesus vir ons by die Vader pleit. Ek is terugverwys na die kinders van Israel, en ek het gesien hoe rein en heilig die dienaars in die heiligdom moes wees, want deur hulle werk is hulle in noue aanraking met God gebring. Hulle wat bedien, moet heilig, rein, en sonder smet wees, of God sal hulle verdelg. God het nie verander nie. Hy is vandag nog net so heilig en rein, en nog net so noulettend as voorheen. Diegene wat voorgee om dienaars van Jesus te wees, moet manne van ondervinding en groot vroomheid wees; dan sal hulle ook ten alle tye en op alle plekke 'n heilige invloed kan laat geld.

Ek het gesien dat dit nou tyd is vir die boodskappers om in te dring orals waar daar openinge is, en dat God voor hulle sal uitgaan om die harte van sommige te open om te luister. Nuwe plekke moet binnegedring word, en, orals waar dit gedoen word, sou dit goed wees as twee saam kon werk sodat die een die ander kan ondersteun. 'n Plan soos die volgende is aan my voorgestel: Dit sal goed wees as twee broeders saam kan gaan en saam kan reis na die donkerste plekke waar daar sterk teenstand is, en waar harde werk

- 104 -

nodig is; met gesamentlike pogings en met groot geloof moet hulle dan die waarheid voorstel aan diegene in die duisternis. As dit dan nodig is vir hulle om baie plekke te besoek, kan hulle alleen uitgaan, maar hulle moet dikwels saamkom op toer, om mekaar aan te moedig deur hulle geloof, en so sal hulle mekaar kan sterk. Ook moet hulle beraadslaag oor plekke wat vir hulle oop is, sodat hulle kan besluit watter een van hulle se gawes die beste op 'n sekere plek kan gebruik word; en op watter wyse hulle die grootste sukses sal behaal om harte te bereik. As hulle dan weer moet skei, sal dit met nuwe krag en moed wees om te stry teen teenstand en duisternis, en te werk vir die redding van verlore gaande siele.



Ek het gesien dat die dienaars van God nie dieselfde arbeidsveld oor en oor moet bewerk nie; hulle moet op nuwe plekke na siele gaan soek. Diegene wat reeds in die waarheid bevestig is" moet nie soveel aanspraak maak op hulle dienste nie; want hulle behoort nou alleen te kan staan, en ander rondom hulle te kan versterk terwyl die boodskappers van God afgeleë en donker plekke besoek om die waarheid te bring aan diegene wat nog nie verlig is met die teenwoordige waarheid nie.

---

# KERK-MOEILIKHEDE*

Geagte Broeders En Susters: Namate dwaalleer toeneem, behoort ons te strewe om wakker te wees in die saak van God, en om die erns van ons tyd te besef. Duisternis sal die aarde bedek en groot donkerheid die mense. En daar byna almal rondom ons bedek is met die groot duisternis van dwaalleer en bedrog, noop dit ons om die doodsheid af te skud, en naby God te lewe, sodat ons van Hom goddelike ligstrale kan ontvang, en heerlikheid van die aangesig van Jesus.

- 105 -

Namate die duisternis en die dwaalleer toeneem, behoort ons 'n vollediger kennis van die waarheid te verkry om in staat te wees om ons standpunt in verband met die Skrifte te handhaaf.

Ons moet geheilig word deur die waarheid, heeltemal toegewy aan God, en ons behoort ons heilige belydenis so uit te lewe dat die Here meer lig op ons kan laat skyn en ons kan versterk met Sy krag. Elke oomblik wat ons nie waak nie, loop ons gevaar om deur die vyand aangeval, en deur die magte van die duisternis oorwin te word. Die Satan beveel sy engele om wakker te wees, en almal omver te werp wat hulle maar kan; hulle moet die boesemsonde en swakhede van almal ken, en moet hulle met duisternis omhul, sodat hulle nie waaksaam sal wees nie, en 'n weg sal inslaan wat die saak sal onteer wat hulle voorgee om lief te hê, om so droefheid in die kerk te bring. Die siele van hierdie misleide en agterlosige mense word al donkerder, en die lig van die hemel verlaat hulle. Hulle kan nie hulle boesem sondes ontdek nie, en die Satan span sy net vir hulle en hulle word in sy strikke gevang.

God is ons sterkte. Ons moet na Hom opsien om wysheid en leiding; en met die oog op Sy heerlikheid, die welsyn van die kerk, en die redding van ons eie siele, moet ons, ons boesem sondes oorwin. As indiwidue behoort ons daarna te strewe om elke dag 'n nuwe oorwinning te behaal. Ons moet leer om alleen te staan, en volkome op God te steun. Hoe eerder ons dit leer hoe beter. Elkeen moet uitvind wat sy swakhede is, en dan moet hy getrou waak dat sy sondes hom nie oorwin nie; hy moet die oorwinning oor hulle behaal. Dan sal ons vrymoedigheid teenoor God hê, en die kerk sal gevrywaar word teen baie moeilikhede.

Wanneer die boodskappers van God hulle huise verlaat om vir die red-

[1]**Uit die Review, 11 Augustus 1853.**

ding van siele te gaan werk, bestee hulle baie van hulle tyd aan arbeid vir diegene wat jare al in die waarheid is, maar wat nog swak is omdat hulle die leisels gelos het en opgehou het om te waak;

- 106 -

soms dink ek ook dat hulle die vyand versoek om hulle te versoek. Hulle beland in die een of ander onbenullige moeilikheid of beproewing, en dan moet die dienaars van die Here hulle tyd verkwis om hulle te besoek. Ure, en soms dae, van hulle tyd word verkwis, en hulle siele word gegrief en seergemaak deur die geklets oor nietige moeilikheidjies en beproewings wat as baie groot voorgestel word uit vrees dat die dienaars van God miskien sal dink dat die saak te nietig is vir ernstige aandag. Liewer as om te verwag dat die dienaars van die Here hulle uit hierdie moeilikhede moet help, moet hulle hulleself voor die Here verootmoedig en vas en bid totdat die beproewings verwyder is.

Sommige dink dat al rede waarom die Here Sy boodskappers in die veld geroep het, is om deur hulle gehiet en gebied te word, en om in die arms gedra te word; hulle dink dat die belangrikste werk wat hierdie boodskappers het, is om nietige moeilikheidjies uit die weg te ruim–beproewings wat hulle op hulleself gebring het deur 'n onverstandige handelwyse, in te gee vir die vyand, en deur 'n onverdraagsame, vitterige gees te openbaar teenoor diegene rondom hulle. En wat van die hongerige skape in hierdie tyd? Hulle ly honger vir die brood van die lewe. Diegene wat die waarheid ken en daarin bevestig is, maar wat: dit nie gehoorsaam nie–as hulle dit gedoen het, sou hulle nie in so baie moeilikhede beland het nie–hou die boodskappers besig, en die doel waarvoor God hulle in die veld geroep het, word nie bereik nie. Die dienaars van God word gegrief en hulle word ontmoedig deur sulke dinge in die kerk, wanneer dit die strewe van almal behoort te wees om nie hulle laste swaarder te maak nie, maar hulle te help met woorde van bemoediging en gebede van geloof. Hoeveel vryer sou hulle nie wees nie as almal wat die waarheid bely daarna sou strewe om ander te help, pleks van self aanspraak te maak op soveel hulp. Soos sake nou staan, wanneer die dienaars van God donker plekke binnedring waar die waarheid nog nie verkondig is nie, gaan hulle verwond in die gees deur die onnodige beproewings van hulle broeders.

- 107 -

En daarbenewens moet hulle nog te staan kom teen die ongeloof en



vooroordeel van die teenstanders, sommige van wie op hulle trap.

Hoe makliker sou dit vir hulle wees om harte te bereik, en hoe meer sou dit God verheerlik, as Sy dienaars vry was van ontmoediging en beproewings, sodat hulle met 'n vry gees die waarheid in sy skoonheid kon verkondig? Diegene wat skuldig was dat hulle soveel werk van die dienaars van God geëis het, en wat laste op hulle gelê het om moeilikhede uit die weg te ruim wat hulle self uit die weg moes geruim het, sal aan God rekenskap moet gee vir al die tyd en middele wat bestee is om hulle tevrede te stel, en ook die vyand. Hulle behoort in staat te wees om hulle broeders te help. Hulle moet nie hulle moeilikhede en beproewings as las laai op die hele vergadering nie, of wag dat van die boodskappers dit vir hulle uit die weg moet ruim nie; hulle moet sake self voor God regmaak; hulle moeilikhede uit die weg ruim, en gereed wees om die hande van die werkers te sterk, liewer as om hulle te verswak.

# DIE HOOP VAN DIE KERK*

Waar ek in die laaste tyd rondgekyk het om die nederige navolgers van die sagmoedige Jesus te sien, was ek baie ontstel. Baie wat voorgee dat hulle uitsien na die spoedige koms van Christus, is besig om aan hierdie wêreld gelykvormig te word, en hulle soek die goedkeuring van diegene rondom hulle meer as die goedkeuring van God. Hulle is koud en vormlik, net soos die kerke waaruit hulle so kort gelede gekom het. Die woorde geskryf aan die Laodicense is ook 'n treffende beskrywing van hulle toestand. (Sien Openbaring 3:14-20.)

- 108 -

Hulle was nie "koud ... en ook nie warm nie," maar "lou." En tensy hulle die raad aanneem van die "getroue en waaragtige Getuie," en ywerig is om hulle te bekeer en "te koop goud wat deur vuur gelouter is," en "wit klere," en "salf" vir hulle oë nie, sal Hy hulle uit Sy mond spuug.

Die tyd het gekom wanneer 'n groot gedeelte van diegene wat eenmaal bly was, en van vreugde gejubel het by die gedagte aan die onmiddellike koms van die Here, op dieselfde grond staan as die kerke en die wêreld wat hulle bespot het omdat hulle geglo het dat Jesus sou kom, en allerhande valshede versprei het om vooroordeel teen hulle op te wek en hulle invloed te vernietig. Nou, as iemand verlang na die lewende God, en honger en dors na die geregtigheid, en God hom Sy krag laat voel, en die verlange van sy siel bevredig deur Sy liefde in sy hart uit te stort, en as hy God verheerlik deur Hom te loof, word hy, deur hierdie sogenaamde gelowiges in die spoedige koms van die Here, dikwels as mislei beskou, en word hy daarvan beskuldig dat hy gehipnotiseer is of 'n bose gees het.

Baie van hierdie sogenaamde Christene trek aan, praat, en handel soos die wêreld, en die enigste ding waaraan hulle nog uitgeken word, is hulle belydenis. Alhoewel hulle voorgee om uit te sien na die koms van Christus, is hulle gedagtes nie op hemelse dinge nie, maar op aardse dinge. "Hoedanig," moet hierdie mense "wees in heilige wandel en godsvrug," wat voorgee dat hulle "die koms van die dag van God verwag en verhaas"? 2 Pet. 3:11, 12. "Elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is." 1 Joh. 3:3. Maar dit is duidelik dat baie wat die naam Adventis dra, meer aandag skenk aan die versiering van hulle liggame, en om goed te lyk in die oë van die wêreld, as om uit die Woord van God te leer hoe hulle

[1] **Uit die Review, 10 Junie 1852.**

Hom kan behaag.

Wat sou gebeur as die lieflike Jesus, ons voorbeeld, onder hulle en die belyers van die godsdiens oor die algemeen, sou verskyn soos tydens Sy eerste koms? Hy is in 'n krip gebore.

- 109 -

Volg Hom deur Sy lewe van diens op aarde. Hy was 'n man van smarte en bekend met droefheid. Hierdie sogenaamde Christene sou skaam wees vir die nederige en sagmoedige Verlosser wat 'n eenvoudige kleed sonder naat gedra het, en geen plek gehad het waar Hy Sy hoof kon neerlê nie. Sy vlekkelose, selfopofferende lewe sou hulle veroordeel; Sy heilige erns sou hulle ligsinnigheid en ydele gelag op 'n pynlike wyse stilmaak; Sy sondelose lewe sou 'n bestraffing wees vir hulle wêreldsgesindheid en hebsugtigheid; Sy onomwonde verklaring van die waarheid sou hulle ware karakter openbaar, en hulle sou net een begeerte hê, en dit sal wees om die nederige patroon, die lieflike Jesus so gou moontlik uit die weg te ruim. Hulle sou onder die eerstes wees wat sou probeer om Hom te verstrik in Sy woorde, en wat sou skreeu, "Kruisig Hom! Kruisig Hom!"

Laat ons Jesus volg waar Hy Jerusalem so nederig binnegery het, toe die hele menigte van die dissipels begin het "om God met blydskap te prys met 'n groot stem oor al die kragtige dade wat hulle gesien het, terwyl hulle sê: Geseënd is die Koning wat kom in die Naam van die Here, vrede in die hemel en heerlikheid in die hoogste hemele! En sommige van die Fariseërs uit die skare sê vir Hom: Meester, bestraf U dissipels. En Hy antwoord en sê vir hulle: Ek sê vir julle, as hulle swyg, sal die klippe uitroep." 'n Groot gedeelte van diegene wat voorgee dat hulle op die koms van Christus wag, sou net so gretig wees as die Fariseërs om die dissipels die swye op te lê, en ongetwyfeld sou hulle ook die kreet aanhef, "Fanatisme! Mesmerisme! Mesmerisme!" En hulle sou sê dat die dissipels wat hulle klere, en palmtakke op die pad van die Here sprei, spandabel en gek is. Maar God sal 'n volk op die aarde verwek wat nie so koud en dood is dat hulle Hom nie kan loof en verheerlik nie. Daar sal mense wees wat Hom sal verheerlik, en as Sy uitverkorenes–hulle wat Sy gebooie hou–sou stilbly, sou die klippe uitroep.

- 110 -

Jesus sal kom, maar nie soos Hy die eerste maal gekom het, soos 'n kindjie in Betlehem nie; nie soos Hy Jerusalem binnegery het, en toe Sv dissipels God met 'n groot stem geloof en uitgeroep het, "Hosanna" nie; maar Hy sal kom met die heerlikheid van Sy Vader, en die van die groot gevolg van heilige engele wat Hom na die aarde sal begelei. Al die engele van die hemel sal Hom vergesel, terwyl die wagtende heiliges na die hemel sal kyk, net soos die manne van Galilea gestaan eh kyk het toe Hy van die Olyfberg opgevaar het. Dan sal alleen diegene wat heilig is, diegene wat die nederige Patroon ten volle nagevolg het, in verrukking en blydskap uitroep wanneer hulle Hom sien kom, "Kyk, dit is onse God op wie ons gewag het, dat Hy ons kan verlos." En dan sal hulle verander word, "in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin"–naamlik daardie basuin wat die slapende heiliges uit hulle grafte roep, beklee met die heerlike onsterflikheid, en met die oorwinnings kreet op hulle lippe–oorwinning oor die dood en die graf! Die verheerlikte heiliges word dan saam met die engele opgeneem die Here tegemoet in die lug, om nooit meer geskei te word van die Persoon van hulle liefde nie.

Met so 'n vooruitsig, so 'n heerlike hoop, so 'n verlossing wat Christus met Sy eie bloed vir ons gekoop het, sal ons kan stilbly? Sal ons God nie met 'n groot stem loof soos die dissipels Jesus geloof het toe Hy Jerusalem binnegery het nie? Is ons vooruitsig nie baie heerliker as hulle s'n was nie? Wie durf ons dan belet om die Here te loof, met 'n groot stem, by die ge-dagte aan so 'n heerlike hoop, naamlik die onsterflikheid? Ons het 'n voorsmaak gehad van die kragte van die aanstaande wêreld, en ons verlang na meer. My hele wese roep uit na die lewende God, en ek sal nie tevrede wees voordat ek met Sy volheid vervul is nie.

# VOORBEREIDING VIR CHRISTUS SE KOMS*

- 111 -

Geagte Broeders En Susters: Glo ons met ons hele hart dat Christus spoedig sal kom, en dat ons nou die laaste genade boodskap het wat aan 'n gedoemde wêreld verkondig moet word? Is ons voorbeeld wat dit behoort te wees? Toon ons aan diegene rondom ons, deur ons lewe en heilige gedrag, dat ons uitsien na die heerlike koms van ons Here en Verlosser, Jesus Christus, wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan Sy verheerlikte liggaam? Ek is bevrees dat ons hierdie dinge nie glo en besef soos ons behoort nie. Diegene wat die belangrike waarhede wat ons bely, glo, behoort hulle geloof uit te lewe. Daar is 'n te sterk hunkering na plesier en dinge wat ons aandag in beslag neem in hierdie wêreld; daar word te veel gedink aan klere, en die tong word te besig gehou met ligsinnige praatjies, en dit is dinge wat ons belydenis loënstraf, want ons hou ons nie besig met die dinge van die hemel vanwaar ons die Heiland verwag nie.

Engele hou die wag oor ons en beskerm ons; omdat ons deelneem aan ligsinnige praatjies en grappe, en agtelosig word, grief ons hierdie engele. Al maak ons so nou en dan 'n poging, om die oorwinning te behaal, en al slaag ons ook soms daarin, sal ons dit nie behou nie, maar weer terugval in dieselfde sorgelose, onverskillige toestand; ons sal die versoeking van die vyand nie weerstaan nie, en nie die beproewing van ons geloof wat kosbaarder is as goud, kan verduur nie. Ons ly nie vir die ontwil van Christus nie, en verbly ons nie in die beproewing nie.

Daar is 'n groot gemis aan Christelike volharding en aan die diens van God volgens beginsel.

- 112 -

Ons moenie soek om die eie-ek te bevredig nie, maar om God te eer en te verheerlik; en alles wat ons doen en sê, moet alleen Sy verheerliking beoog. As ons maar wou ag slaan op die volgende belangrike woorde, en hulle gedurig sou onthou, sou ons nie so maklik in die versoeking kom nie, en ons woorde sou min en verstandig wees: "Hy is terwille van ons oortredinge deurboor, terwille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het

[1]**Uit die Review, 17 Februarie 1853.**

daar vir ons genesing gekom.""Elke ydel woord wat die mense praat, daar moet hulle rekenskap van gee in die oordeelsdag.""U is 'n God wat sien."

Ons kan nie aan hierdie belangrike woorde dink, of dink aan die lyde van Jesus, dat ons, arme sondaars, vergifnis kan ontvang en deur Sy kosbare bloed met God versoen word, sonder om te voel dat 'n heilige hand ons terughou, en daar by ons 'n ernstige begeerte ontstaan om te ly vir Hom wat soveel vir ons gely het nie. As ons oor hierdie dinge sou dink, sou die geliefde eie-ek, en die eiewaardigheid, verneder word, en die plek daarvan sal ingeneem word deur 'n kinderlike eenvoud wat die bestraffing van ander sal kan verduur, en wat nie maklik kwaad sal word nie. Dan Sal ons siel nie regeer word deur 'n eiesinnige gees nie.

Die ware Christen se vreugde en vertroosting moet en sal in die hemel wees. Die verlangende siele van diegene wat die kragte van die aanstaande wêreld, en die hemelse vreugde ondervind het, sal nie bevredig word deur die dinge van die aarde nie. Hulle sal genoeg vind om te doen in hulle vry tyd. Hulle siele sal tot God getrek word. Waar die skat is, daar sal ook die hart wees; hulle sal soete gemeenskap hou met die God wat hulle liefhet en aanbid. Hulle vermaak sal wees die betragting van hulle skatte–die heilige stad, die nuwe aarde, hulle ewige tuiste. En terwyl hulle dink aan die dinge wat verhewe, rein, en heilig is, sal die hemel naby kom, en hulle

- 113 -

sal die krag van die Heilige Gees voel, wat hulle steeds meer en meer sal afwend van wêreldse dinge, om hulle troos en vernaamste vreugde te vind in die dinge van die hemel, hulle heerlike tuiste. Die aantrekkingskrag tot God en die hemel sal dan so sterk wees dat niks hulle gedagtes sal kan aftrek van die hoofdoel van die verlossing van hulle siele en die verering en verheerliking van God nie.

Namate ek besef hoeveel daar vir ons gedoen is om ons reg te hou, is ek gedwonge om uit te roep, 0 watter liefde, watter wonderbare liefde, het die Seun van God vir ons arme sondaars! Moet ons dan so dwaas en onverskillig wees terwyl alles gedoen word wat daar kan gedoen word vir ons verlossing? Die ganse hemel stel belang in ons. Ons moet lewendig en wakker wees om die verhewe en heilige Verlosser te eer, te verheerlik, en lief te hê. Ons harte behoort uit te gaan in liefde en dankbaarheid tot Hom wat so vol liefde en ontferming teenoor ons is. Met ons lewe moet



ons Hom vereer, en met 'n reine en heilige gedrag moet ons wys dat ons van omhoog gebore is, dat hierdie wêreld nie ons tuiste is nie, maar dat ons pelgrims en vreemdelinge hier is, op weg na 'n beter land.

Vele wat die Naam van Christus bely, en wat sê dat hulle Sy spoedige koms verwag, weet nie wat dit is om te ly vir die ontwil van Christus nie. Hulle harte is nie versag deur genade nie; hulle het nie die eie-ek afgesterf soos hulle dikwels op verskillende maniere toon nie. Maar terselfdertyd praat hulle ook van beproewings. Die hoofoorsaak van hulle beproewings is hulle onwedergebore harte waarin die eie-ek nog so sensitief is dat dit dikwels seergemaak word. As sulke mense maar kon besef wat dit beteken om nederige navolgers van Christus te wees, om ware Christene te wees, sou hulle dadelik ernstig begin werk, en reg begin. Ten eerste moet hulle die eie-ek afsterf, dan moet hulle bid sonder ophou, en al die drifte van die hart moet hulle in toom hou. Julle moet alle selfvertroue en selfvoldaanheid laat vaar, broeders, en julle moet die nederige Patroon volg. Dink altyd aan Jesus dat Hy u voorbeeld is, en wandel in Sy voetstappe.

- 114 -

Sien op Jesus, die leidsman en voleinder van u geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra en die skande verag het. Hy het die teenspraak van sondaars teen Hom verdra. Vir ons sondes was Hy eenmaal die sagmoedige, geslagte Lam; Hy is verwond, verbrysel, geslaan, en gestraf.

Laat ons dan, blymoedig, ook iets ly vir die ontwil van Jesus, die eieek elke dag kruisig, deelgenote word van Christus se lyde hier, sodat ons deelgenote kan word van Sy heerlikheid wanneer ons gekroon sal word met eer, en heerlikheid, onsterflikheid, en die ewige lewe.

# GETROUHEID IN DIE GETUIENISDIENS

Die Here het aan my getoon dat Sabbat houers groot belang moet stel in hulle dienste wat interessant moet wees. Daar is groot behoefte aan meer belangstelling en opgewektheid in hierdie verband. Almal behoort iets te hê om vir die Here te sê, want as hulle dit doen sal hulle geseën word. Daar word 'n gedenkboek geskryf van diegene wat nie hulle byeenkomste versaak nie, en wat dikwels met mekaar oor die Here praat. Die oorblyfsel sal oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis. Sommige verwag dat hulle alleen deur die bloed van die Lam sal oorwin, sonder enige spesiale poging van hulle eie. Ek het gesien dat God genadig was deur aan ons die gawe van spraak te gee. Hy het aan ons 'n tong gegee, en ons sal rekenskap aan Hom moet gee van hoe ons dit gebruik het. Ons moet God verheerlik met ons mond deur tot eer van die waarheid te praat en van Sy grenslose genade, en ons moet oorwin deur die woord van ons getuienis, deur die bloed van die Lam.

- 115 -

Ons moenie saamkom om stil te bly nie; alleen diegene word deur die Here onthou wat saamkom om tot Sy eer en heerlikheid te spreek en te vertel van Sy krag. Op hulle sal die seën van God rus, en hulle sal verkwik word. As almal sou handel soos hulle behoort, sou geen kosbare tyd verkwis word nie, en daar sou geen vermanings nodig wees oor lang gebede en toesprake nie; al die tyd sal bestee word aan kort pittige getuienisse en gebede. Vra, glo, en ontvang. Die Here word te veel bespot; daar is te veel biddery wat geen gebed is nie en wat die engele moeg maak en God mishaag, en daar is te veel holle en betekenislose herhalings. Ten eerste behoort ons ons behoefte te voel, en dan moet ons God vir die juiste dinge vra wat ons nodig het, en ons moet glo dat Hy dit aan ons gee terwyl ons nog besig is om te bid; dan Sal ons geloof groei; almal sal gestig word; die swakkes sal krag ontvang; en diegene wat moedeloos en neerslagtig is, sal na bo kyk en glo dat God 'n beloner is van almal wat Hom ernstig soek.

Sommige bly stil in die vergadering omdat hulle niks nuuts het om te sê nie, en as hulle wel spreek, sou hulle dieselfde storie moet herhaal. Ek het gesien dat hoogmoed daaragter skuil, dat God en Sy engele luister na die getuienis van die heiliges, en dat Hy behaag en verheerlik word deur die weeklikse herhalings. Die Here hou van eenvoud en nederigheid, maar Hy word mishaag, en die engele gegrief, wanneer die sogenaamde

erfgename van God en mede-erfgename van Jesus toelaat dat kosbare tyd verkwis word in hulle vergaderings.

As die broeders en susters in die toestand is waarin hulle behoort te wees, sou hulle wel weet wat om te sê ter ere van Jesus wat aan die kruis van Golgota gehang het vir hulle sondes. As hulle 'n beter besef gehad het van die neerbuigende liefde van God in die gawe van Sy eniggebore Seun as soenoffer vir hulle sondes en oortredings, en van die lyde en angs van Jesus om die uitweg te maak vir die doemwaardige mens sodat hy

- 116 -

vergewe kon word en lewe, sou hulle meer gewillig gewees het om Jesus te loof en groot te maak. Hulle sou nie kan stilbly nie, maar met dankbaarheid sou hulle getuig van Sy heerlikheid, en vertel van Sy krag. En waar hulle dit doen, sal seëninge van God op hulle uitgestort word. Al sou hulle dieselfde storie herhaal, sou dit God verheerlik. Die engel het aan my diegene gewys wat dag en nag roep, "Heilig, Heilig, Heilig is die Here God, die Almagtige." "Gedurige herhaling," het hy gesê, "maar nogtans word God daardeur verheerlik." Al sou ons dieselfde storie altyd weer oorvertel, word God daardeur vereer, en dit is bewys dat ons nie Sy goedheid en seëninge vergeet nie.

Ek het gesien dat die kerke geval het; dat kilheid en die dood in hulle midde regeer. As hulle die Woord van God sou gehoorsaam, sou dit hulle nederig maak. Maar hulle verhef hulle bokant die werk van God. Dit is te vernederend vir hulle om dieselfde eenvoudige storie van Gods goedheid te herhaal wanneer hulle saamkom, en hulle lê hulle daarop toe om iets nuuts, iets groots te kry om te sê, wat die oor sal streel en die mens sal behaag, en daarom verlaat Gods Gees hulle. Wanneer ons die nederige manier van die Bybel volg, sal die Gees van God in ons werk. Almal sal in soete eensgesindheid verkeer wanneer ons die eenvoudige kanaal van die waarheid volg, vertrouende op die Woord van God; en daar sal geen gevaar wees dat ons deur bose engele beïnvloed sal word nie. Dit is wanneer siele hulle bokant die Gees van God stel en in hulle eie krag voortbeweeg, dat die engele ophou om oor hulle te waak, en hulle word oorgelaat aan die aanvegtings van die Satan.

Pligte word neergelê in die Woord van God wat, as hulle gedoen word, die volk van God nederig en afgesonder van die wêreld sal hou, en hulle sal bewaar van die afvalligheid waarin die ander kerke verval het. Die was



van voete" en die viering van die Avondmaal, moet meer dikwels geskied. Jesus het ons die voorbeeld gestel, en ons beveel om te doen soos Hy gedoen het.

- 117 -

Ek het gesien dat ons Sy voorbeeld so stiptelik moontlik moet navolg; maar die broeders en susters het nie altyd so verstandig gehandel soos hulle wel moes gedoen het by die voete-was nie, en daar het verwarring ontstaan. Voete-was moet baie versigtig by nuwe plekke ingestel word, veral waar die mense nie ingelig is oor die voorbeeld en leer van onse Here op hierdie punt nie, en waar daar vooroordeel in hierdie opsig is. Baie eerlike siele, deur die invloed van vorige leraars in wie hulle vertroue gehad het, koester vooroordeel teen hierdie duidelike plig, en die onderwerp moet aan hulle op die regte manier en op die regte tyd voorgestel word.

Daar is geen voorbeeld in die Bybel waar die broeders die susters se voete gewas het nie; maar daar is 'n voorbeeld waar susters die voete van broeders gewas het. Maria het die voete van Jesus gewas met haar trane, en dit afgedroog met haar hare. (Sien ook 1 Tim. 5:10.) Ek het gesien dat die Here die susters beweeg het om die voete van die broeders te was, en dit was volgens die reglement van die evangelie. Almal behoort met verstand te handel en nie die voete-was 'n lastige seremonie te maak nie.

Die heilige groet wat in die evangelie van Jesus Christus vermeld word deur die apostel Paulus, moet altyd in sy ware karakter beskou word. *Dit is 'n heilige kus*. Dit moet beskou word as 'n teken van gemeenskap wanneer Christenvriende van mekaar skei, of wanneer hulle weer ontmoet na 'n afwesigheid van weke of maande, In 1 Thessalonicense 5:26, sê die apostel Paulus: "Groet die broeders almal met 'n heilige kus." In dieselfde hoofstuk sê hy: "Onthou julle van elke vorm van kwaad." Daar kan geen kwaad wees wanneer die heilige kus gegee word op die regte tyd en plek nie.

Ek het gesien dat die sterk hand van die vyand teen die werk van God is, en die hulp en krag van elkeen wat die waarheid liefhet is nodig; hulle moet almal help om die hande te sterk van diegene wat die waarheid verkondig, sodat hulle

- 118 -

deur gedurige waaksaamheid die vyand kan uitsluit. Almal moet saamstaan, verenig in die werk. Al die kragte van die siel moet ingespan word, want wat gedoen moet word, moet gou gedoen word.

Toe het ek die derde engel gesien. Die engel by my het gesê, "Vreeslik is sy werk. Hy is die engel wat die koring moet versamel tussen die onkruid, en dit moet verseël of in gerwe bind vir die hemelse skuur. Hierdie dinge behoort die hele hart beet te pak, en al die aandag te geniet."

---



## AAN DIEGENE WAT ONERVARE IS

Sommige, het ek gesien, het nie die regte besef van die belangrikheid van die waarheid en die uitwerking daarvan nie, en dikwels handel hulle in die hitte van die oomblik, of uit opgewondenheid, en volg hulle hul gevoelens in stryd met die kerklike orde. Hulle dink dat die godsdiens hoofsaaklik daarin bestaan om 'n lawaai te maak. Sommige wat so pas die waarheid van die derde engel se boodskap aangeneem het, is sommer gereed om ander te bestraf en te leer wat vir jare in al die waarheid bevestig is, en wat daarvoor gely, en die heiligmakende krag daarvan gevoel het. Diegene wat die vyand so opgeblase laat word het, sal die heiligmakende invloed van die waarheid moet voel, en besef in watter toestand hulle was toe hulle dit gevind het—"ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en nakend." Wanneer die waarheid hulle begin reinig, en die skuim in hulle lewens begin verteer, soos dit gewis ook sal doen as dit in liefde aangeneem word, sal die een vir wie hierdie groot werk gedoen is nie voel dat hy ryk en verryk is en aan niks gebrek het nie.

Diegene wat die waarheid bely, en dink dat hulle alles daarvan weet voordat hulle die eerste beginsels daarvan geleer het, en baie voorbarig is om as onderwysers op te tree en diegene te bestraf wat vir jare pal gestaan het vir die waarheid,

- 119 -

toon duidelik dat hulle dit glad nie verstaan, en die uitwerking daarvan nie ondervind het nie; want as hulle die heiligmakende krag daarvan geken het, sou hulle die vreedsame vrugte van geregtigheid voortgebring het, en sou hulle nederigheid geleer het onder die soete en kragtige invloed daarvan. Hulle sal vrugte voortbring tot heerlikheid van God, verstaan wat die waarheid vir hulle gedoen het, en hulle sal ander hoër ag as hulleself.

Ek het gesien dat die oorblyfsel nie voorberei is vir wat op die aarde sal kom nie. Domheid, soos 'n doodsheid, benewel die verstand van die meeste van diegene wat voorgee dat hulle glo dat ons die draers is van die laaste boodskap. Met die grootste erns het die engel wat by my was uitgeroep, "Maak klaar! maak klaar! maak klaar! want die grimmige toorngloed van die Here sal spoedig kom. Hy sal Sy wraak uitgiet, sonder genade, en julle is nie gereed nie. Skeur julle harte en nie julle klere nie. Daar moet 'n groot werk gedoen word vir die oorblyfsel. Baie van hulle verknies hulle oor ligte beproewings." Die engel het gesê, "Legioene van

bose engele is rondom julle, en hulle probeer om julle te omhul met hulle vreeslike duisternis, sodat julle verstrik en gevang kan word. Julle laat julle harte te maklik aftrek van die werk van voorbereiding, en van die uiters belangrike waarhede vir hierdie laaste dae. En julle verknies julle oor ligte beproewings, en tree in die grootste besonderhede van klein moeilikhede om dit aan hierdie een en daardie een te vertel." Vir baie ure praat die betrokke partye, en nie alleen word hulle tyd verkwis nie, maar ook die dienaars van God moet na hulle luister, wanneer die harte van albei partye nie versag is deur genade nie. As hoogmoed en selfsug afgelê sou word, sou die meeste moeilikhede binne vyf minute uit die weg geruim kan word. Engele is gegrief, en God is mishaag deur die ure wat mense bestee om hulleself te regverdig. Ek het gesien dat God Hom nie sal neerbuig en luister na lang betoë van selfregverdiging nie, en Hy wil nie hê dat sy

- 120 -

dienaars dit moet doen en so kosbare tyd verkwis wat bestee behoort te wees om sondaars tereg te wys en om siele uit die vuur te trek nie.

Ek het gesien dat Gods volk op betowerde grond is, en dat sommige byna alle besef verloor het van die kortheid van die tyd en die waarde van die siel. Daar het hoogmoed gekom onder Sabbat houers–hoogmoed in kleredrag en voorkoms. Die engel het gesê, "Sabbat houers sal die eie-ek moet afsterf, en sal moet sterf vir hoogmoed en die liefde vir die goedkeuring van ander."

Waarheid, reddende waarheid, moet gegee word aan die hongerlydende mense wat in duisternis is. Ek het gesien dat vele tot God gebid het om hulle nederig te maak; maar as God hulle gebede moet verhoor, dan sal dit deur vreeslike dinge in geregtigheid wees. Dis hulle plig om hulleself te verootmoedig. Ek het gesien dat as selfverheffing sou toegelaat word, sou dit gewis siele verlei, en as dit nie oorwin word nie, sou dit hulle ondergang bewerk. Wanneer iemand homself begin verhef in sy eie oë, en dink dat hy iets kan doen, word die Gees van God aan hom onttrek, en gaan hy voort in sy eie krag totdat hy tot 'n val kom. Ek het gesien dat een heilige, as hy reg is, die arm van God kan beweeg; maar 'n menigte ander, as hulle verkeerd is, sal swak wees en niks kan uitrig nie.

Vele het onwedergebore en trotse harte, en hulle dink meer aan hulle eie onbenullige griewe en beproewings as aan die siele van sondaars. As hulle die heerlikheid van God sou beoog, sou hulle besorg voel oor



die siele wat verlore gaan rondom hulle; en namate hulle die gevaar van daardie siele besef, sou hulle ywerig, en met geloof in God, die hande van Sy dienaars sterk, dat hulle onverskrokke, dog in liefde, die waarheid aan daardie siele kan verkondig en hulle waarsku om dit aan te neem voordat die soete stem van genade sou wegsterf. Die engel het gesê, "Diegene wat Sy Naam bely is nie gereed nie." Ek het gesien dat die sewe laaste plae uitgestort sal word op die onbeskermde hoofde van die goddelose;

- 121 -

en dan sal diegene wat in hulle weg gestaan het die bitter verwyte van sondaars moet hoor, en hulle harte sal binne-in hulle beswyk.

Die engel het gesê, "Julle het na strooitjies gegryp en julle verknies oor nietige beproewings. Ten gevolge daarvan het sondaars verlore gegaan." God is gewillig om vir ons te werk in ons dienste, en dit is 'n genot vir Hom om te werk. Maar die Satan sê, "Ek sal die werk verhinder." En daarop sê sy werktuie, "Amen." Sogenaamde gelowiges van die waarheid hou hulleself besig met hulle onbenullige beproewings en moeilikhede wat die Satan voor hulle vergroot het. Tyd word verkwis wat nooit weer herwin kan word nie. Die vyande van die waarheid het ons swakheid gesien, God is daardeur mishaag, en Christus verwond. Die Satan bereik sy doel, sy planne slaag, en hy behaal die oorwinning.

# SELFVERLOËNING

Ek het gesien dat daar gevaar is dat die heiliges te groot voorbereidings sal maak vir konferensies; dat sommige vermoei word deur te veel dienery; en dat die aptyt verloën moet word. Daar is gevaar dat sommige die dienste sal bywoon net vir die brode en die visse. Ek het gesien dat almal wat toegee aan die genotsugtigheid van die eie-ek deur die gebruik van tabak, dit behoort te laat staan en hulle geld aan iets beters te bestee. Diegene wat dinge opgee wat hulle genot verskaf het, en wat die geld wat hulle eers bestee het aan die bevrediging van hulle aptyt, in die skatkis van die Here stort, maak 'n opoffering. Soos in die geval van die twee geldstukkies van die weduwee, sien God sulke gawes. Die bedrag mag klein wees, maar as almal dit sou doen, sou dit die bedrag in die skatkis aanvul. As almal hulle" daarop sou toelê om meer spaarsaam te wees wat klere betref, en sonder dinge klaar te kom wat nie

- 122 -

absoluut nodig is nie, en as hulle skadelike dinge soos tee en koffie sou laat staan en die geld wat hulle daaraan bestee vir die saak sou gee, sou hulle meer seëninge hier ontvang, en ook hulle loon in die hemel. Daar is baie wat reken dat hulle, omdat God hulle die middele gegee het, alles mag koop wat hulle wil hê, dat hulle die rykste kosse mag eet, baie klere mag koop, en dat daar tog geen verdienste aan verbonde is om hulleself te verloën wanneer hulle genoeg het nie. Sulke mense maak geen opofferings nie. As hulle 'n bietjie minder spandabel sou lewe en meer sou gee vir die saak van God om die waarheid aan te help, sou dit opoffering aan hulle kant wees, en wanneer elke mens sal vergeld word volgens sy werke, sal Hy hulle opofferings onthou.

# ONEERBIEDIGHEID

Ek het gesien dat Gods heilige Naam met eerbied en vrees gebruik moet word. Die woorde Almagtige God word deur sommige op onbedagsame wyse in die gebed gebruik, en dit mishaag Hom. Sulke mense besef nie die heiligheid van God of die waarheid nie, of hulle sou nie so oneerbiedig spreek van die grote en vreeslike God wat hulle eerlank in die laaste dag sal oordeel nie. Die engel het gesê, “Moenie daardie twee woorde saam gebruik nie, want vreeslik is Sy Naam.” Diegene wat ’n besef het van die grootheid en majesteit van God, sal Sy Naam op hulle lippe met heilige eerbied neem. Hy woon in die ontoeganklike lig; geen mens kan Hom sien en leef nie. Ek het gesien dat hierdie dinge verstaan en reggemaak sal moet word voordat die kerk voorspoed kan verwag.

# VALSE HERDERS

- 123 -

Aan my is getoon dat die valse herders dronk is, maar nie van wyn nie; hulle waggel, maar nie ten gevolge van sterk drank nie. Die waarheid van God is vir hulle verseël; hulle kan dit nie lees nie. Wanneer hulle gevra word wat die sewende-dag Sabbat is, en of dit die ware Sabbat van die Bybel is, dan lei hulle die mense na fabels. Ek het gesien dat hierdie profete soos die jakkalse van die woestyn is. Hulle het nie in die bresse getree nie; hulle het nie die heinings herstel sodat die volk van God kan staan in die stryd van die dag van die Here nie. Wanneer die gemoedere oor die saak gaande gemaak is, en mense hierdie valse herders begin vra aangaande die waarheid, gebruik hulle die maklikste en beste argument om hulle doel te bereik en die gemoedere van die wat navra te stil, al moet hulle dan hulle eie stellings verander om dit te kan doen. Die lig het geskyn op baie van hierdie herders, maar hulle wou dit nie aanneem nie, en hulle moes baiekeer hulle stellings verander om die waarheid te ontduik en weg te kom van die gevolgtrekkings waartoe hulle gedryf sou gewees het as hulle hul eerste stelling sou verdedig het. Die krag van die waarheid het hulle fondamente verpletter, maar pleks dat hulle dit aangeneem het, het hulle ander stellings ingeneem waarmee hulle self nie tevrede was nie.

Ek het gesien dat baie van hierdie herders die leer van Gods Woord in die verlede verwerp het; hulle het die heerlike waarhede geloën en verwerp wat hulle eers so ywerig verkondig het, en hulle het hulleself met mesmerisme en allerhande misleidings bedek. Ek het gesien dat hulle dronk is van dwaalleer, en besig is om hulle kuddes na die dood te voer. Baie van die teenstanders van Gods waarheid lê snags verkeerde dinge en uitdink, en bedags voer hulle hul bose planne uit

- 124 -

om die waarheid te bestry, en om iets nuuts voort te bring om die belangstelling van die mense in beslag te neem en hulle aandag af te trek van die kosbare en allerbelangrikste waarheid.

Ek het gesien dat die priesters wat hulle kuddes na die dood lei, eerlank gestuit sal word in hulle vreeslike werk. Die plae van God is aan kom, maar dit sal nie genoeg wees vir hierdie valse herders om met een of twee van hierdie plae gepynig te word nie. Gods hand sal in daardie tyd uitgestrek

wees in toorn en in regverdigheid, en Hy sal dit nie weer intrek aleer Sy doel ten volle bereik is, en die huurling-priesters gebring is om aan die voete van die heiliges te aanbid, en te erken dat God hulle liefgehad het omdat hulle die waarheid vasgehou en Gods gebooie gehou het nie.

Die verskillende partye onder die belydende Adventiste gelowiges het almal ’n bietjie waarheid, maar God het al hierdie waarhede aan Sy kinders gegee wat voorberei word vir die dag van God. Hy het ook aan hulle waarhede gegee wat nie een van die ander partye ken nie, en ook nie sal verstaan nie. Dinge wat vir hulle verseël is, het die Here oopgestel vir diegene wat wil sien, en wat gereed is om te verstaan. As God enige nuwe lig het om ons mee te deel, sal Hy Sy uitverkorenes en geliefdes dit laat verstaan sonder dat dit vir hulle nodig sal wees om hulle verstand te laat verlig deur diegene te hoor wat in duisternis en dwaling is.

Aan my is getoon dat dit nodig is vir diegene wat glo dat ons die laaste genadeboodskap het, om hulleself af te skei van diegene wat daagliks nuwe dwalinge indrink. Ek het gesien dat nog oud nog jonk hulle vergaderings moet bywoon; want dit is verkeerd om hulle op hierdie manier aan te moedig terwyl hulle dwaalleer verkondig wat ’n dodelike vergif is vir die siel, en die gebooie van mense as leerstellings voorhou. Die invloed van sulke byeenkomste is nie goed nie. As God ons verlos het van sulke duisternis en dwalings, behoort ons onwrikbaar te staan in die vryheid waarmee Hy ons vrygemaak het, en ons te verbly in die waarheid.

- 125 -

Ons behaag die Here nie wanneer ons na dwaalleer gaan luister wanneer ons nie verplig is om te gaan nie; want tensy Hy ons na sulke byeenkomste stuur waar dwaalleer afgedwing word op die mense deur blote wilskrag, sal Hy ons nie bewaar nie. Die engele sal ons nie daar beskerm nie, en ons sal aan die genade van die vyand oorgelaat wees om verswak te word deur hom en sy bose engele; en die lig rondom ons sal besoedel word met die duisternis.

Ek het gesien dat ons geen tyd het om te verkwis deur na fabels te luister nie. Ons gedagtes moet nie so afgetrek word nie, maar moet besig gehou word met die teenwoordige waarheid, en met soek na wysheid sodat ons meer kennis kan verkry ten opsigte van ons standpunt, en dat ons in nederigheid in staat mag wees om ’n rede vir ons hoop te gee uit die Skrifte. Terwyl valse leerstellings en gevaarlike dwalings afgedwing word,



kan die hart hom nie besig hou met die waarheid wat die huis van Israel sal berei om te kan staan in die dag van die Here nie.

# GODS GAWE AAN DIE MENS

Ek is gewys op die neerbuigende liefde van God in die gawe van Sy Seun om te sterf sodat die mens vergifnis mag verkry en lewe. Ek het Adam en Eva gesien wat die prag en heerlikheid van die Tuin van Eden bewoon het, en van al die bome van die tuin kon eet, behalwe een. Maar die slang het Eva versoek, en sy het haar man versoek, en albei van hulle het van die verbode boom geëet. Albei van hulle het Gods gebod oortree, en hulle het sondaars geword. Die nuus het deur die hemel versprei, en elke harp het stil geword. Die engele het getreur, en hulle was bevrees dat Adam en Eva nog eens hulle hande sou uitsteek en van die boom van die lewe sou eet om so onsterflike sondaars te word.

- 126 -

Maar God het gesê dat Hy die oortreders uit die tuin sou verdryf, en Hy het gerubs met 'n vlammende swaard die boom van die lewe laat bewaak, sodat die mens dit nie kon bykom om van die vrugte te eet wat hulle vir ewig aan die lewe sou hou nie.

Droefheid het die hemel vervul toe daar besef is dat die mens verlore is, en dat die wêreld wat God geskape het, vervul sou word met mense wat gedoem is tot ellende, siekte, en die dood, en dat daar geen uitkomkans was vir die oortreder nie. Die hele nageslag van Adam moes sterf. Toe het ek die lieflike Jesus gesien, en daar was 'n uitdrukking van medelyde en verdriet op Sy gelaat. Eerlank het ek Hom die helder lig sien nader wat die Vader omhul. Die engel by my het gesê, "Hy is in ernstige gesprek met Sy Vader." Terwyl Jesus met die Vader gespreek het, het die engele in groot angs en spanning verkeer. Driemaal was Hy omsluit deur die heerlike lig wat die Vader omring het, en die derde maal wat Hy van die Vader af gekom het, kon ons Sy persoon sien. Sy gelaat was kalm, sonder enige teken van verbystering of moeilikheid, en dit het gestraal van 'n lieflikheid wat nie in woorde beskryf kan word nie. Toe het Hy aan die engelekoor bekendgemaak dat daar 'n uitweg gevind is vir die verlore mensdom, dat Hy met die Vader gepleit en Sy toestemming verkry het om Sy eie lewe te gee as losprys vir die mensdom, om hulle sondes te dra, en die doodvonnis self te ondergaan, om sodoende 'n weg te open waardeur die mens, deur die verdienstes van Sy bloed, vergifnis van sonde kan verkry, en deur gehoorsaamheid teruggebring kan word na die tuin waaruit hulle verjaag is. Dan sal hulle weer toegang hê tot die heerlike, onverganklike vrug van

die boom van die lewe, alle reg waartoe hulle nou verbeur het.

Toe het vreugde, onbeskryflike vreugde, die hemel vervul, en die hemelse koor het 'n lied van lof en aanbidding gesing. Hulle het hulle harpe bespeel, en nog 'n noot hoër gesing as wat ooit tevore gesing is, ten gevolge van die groot genade en

- 127 -

die neerbuigende liefde van God om Sy geliefde Seun te gee om te sterf vir 'n geslag van rebelle. Toe het lof en aanbidding weergalm vir die selfverloëning en opoffering van Jesus deur Sy toestemming om die boesem van Sy Vader te verlaat om te kom ly en sterf om so die lewe aan ander te gee.

Die engel het gevra, "Dink jy dat die Vader Sy geliefde Seun gegee het sonder 'n groot stryd? O, nee!" Dit was vir God baie moeilik om te besluit of Hy die skuldige mensdom sou laat vergaan, en of Hy Sy dierbare Seun sou gee om vir hulle te sterf. Die engele het so belanggestel in die redding van die mens dat daar onder hulle diegene was wat hulle heerlikheid en lewe sou opgegee het vir die verlore mens. "Maar," het die engel by my gesê, "dit sou niks gebaat het nie." Die oortreding was so groot dat die lewe van 'n engel nie die skuld sou kon betaal het nie. Alleen die dood en intrede van Gods Seun kon die skuld betaal en die mens verlos uit die hopelose verdriet en ellende.

Maar die werk wat aan die engele gegee is, was om van die hemel neer te daal op die aarde, en van die aarde weer op te vaar met versterkende balsem van heerlikheid om die Seun van God te vertroos in Sy lewe van lyde. Hulle het Hom gedien. Verder was dit hulle werk om diegene wat die genade aangeneem het, te beskerm teen die bose engele en die duisternis wat die Satan gedurig versprei. Ek het gesien dat dit onmoontlik was vir God om Sy wet te verander om die verlore mensdom te red; daarom het Hy Sy geliefde Seun toegelaat om te sterf vir die mens se oortredings.



# GEESTELIKE GAWES

DEEL EEN

## INLEIDING

- 133 -

Die gawe van profesie is geopenbaar in die kerk tydens die Joodse dispensasie. As dit vir 'n paar eeue gewyk het ten gevolge van die verrotte toestand van die kerk teen die einde van daardie dispensasie, het dit weer aan die einde van daardie tydperk te voorskyn gekom om die Messias aan te kondig. Sagaria, die vader van Johannes die Doper, was vervul met die Heilige Gees "en het geprofeteer." Simeon, 'n regverdige en vroom man, "het die vertroosting van Israel verwag," hy het deur die Heilige Gees in die tempel gekom, en van die Kindjie Jesus geprofeteer dat Hy sal wees „'n lig tot verligting van die nasies en tot heerlikheid van u volk Israel." Anna, 'n profetes, het van Hom "gespreek met almal in Jerusalem wat die verlossing verwag het." En daar was geen groter profeet as Johannes die Doper nie, wat deur God gekies is om aan Israel te sê, "Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem."

Die Christelike dispensasie het begin met die uitstorting van die Gees, en 'n groot verskeidenheid van geestelike gawes is onder die gelowiges geopenbaar. Die gawes was so oorvloedig dat Paulus aan die gemeente te Korinthe geskryf het, "Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is"–aan elkeen in die kerk, nie aan elkeen in die wêreld soos vele hierdie teks uitlê nie.

Sedert die groot afval word hierdie gawes maar selde geopenbaar; en dit is waarskynlik ook die rede waarom belydende Christene oor die algemeen glo dat die gawes beperk was tot die beginstadium van die kerk. Maar moet ons nie die feit dat die gawes opgehou het, toeskryf aan die dwalings en ongeloof van die kerk nie? En wanneer die volk van God weer glo en lewe soos die vroeë kerk, soos hulle gewis sal doen ten gevolge van die verkondiging van die gebooie van God en die geloof in Jesus, sal die "laat reëns" dan nie weer die gawes terugbring nie? Volgens die voorbeeld van die verlede behoort ons dit te verwag. Nieteenstaande die afdwalings in die tyd van die Jode,

- 134 -

het daardie tydperk begin en is dit afgesluit met spesiale openbarings van die Gees van God. En is dit nou onredelik om te veronderstel dat die Christelike tydperk–die lig waarvan, in vergelyking met die vorige bedel-

ing, soos die lig van die son is vergeleke met die flou strale van die maan–in heerlikheid sou begin en in duisternis sou afsluit? En aangesien die spesiale werk van die Gees nodig was om 'n volk voor te berei vir die eerste koms van Christus, hoeveel te meer is dit nie nodig om die mense vir die tweede koms te berei nie; veral daar die laaste dae gevaarliker tye sal wees as ooit te vore, en valse profete groot tekens en wonders sal doen, om selfs die uitverkorenes te verlei as dit sou moontlik wees. Maar wat sê die Skrif?

"En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word. En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word." Markus 16:15-18.

Campbell se vertaling sê, "Hierdie wonderwerkende kragte sal onder die gelowiges wees." Hierdie gawes was nie beperk tot die apostels nie, maar het ook op die gelowiges gekom. Wie sal hulle ontvang? Diegene wat glo. Hoe lank? Daar is geen bepaling nie; die belofte is gegee saam met die opdrag om die evangelie te verkondig, en dit is vir alle gelowiges.

Maar daar word beswaar gemaak dat hierdie hulp net aan die apostels belowe is, en aan diegene wat geglo het deur hulle prediking; dat hulle hul opdrag uitgevoer het, die evangelie bevestig het, en dat die gawes opgehou het met daardie geslag. Laat ons sien of die opdrag geëindig het met daardie geslag.

- 135 -

Mattheus 28:19, 20 lui: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld."

Dat die verkondiging van die evangelie onder hierdie opdrag nie geëindig het in die vroeë kerk nie, blyk duidelik uit die belofte, "Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld." Hy sê nie, "Ek is met julle, apostels, orals, tot aan die eindes van die aarde" nie; maar, "Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld, of die Christelike era." Dit sal nie help om te sê dat net die Joodse eeu bedoel was nie, want dit



het reeds by die kruis geëindig. Ek kom dus tot die gevolgtrekking dat die prediking en die geloof van die evangelie altyd vergesel sal wees van dieselfde geestelike hulp. Die opdrag aan die apostels behoort aan die Christelike era, en het die hele tydperk ingesluit. Die gawes is verloor deur afvalligheid, en hulle sal weer herstel word met die herlewing van die eertydse geloof en praktyk.

In 1 Korinthiërs 12:28, word ons meegedeel dat God sekere geestelike gawes in die kerk gestel het. En by die gemis aan enige skriftuurlike bewys dat Hy die gawes teruggetrek of afgeskaf het, moet ons aanneem dat dit die doel was dat hulle sou bly. Waar is dan die bewys dat hulle afgeskaf is? Ons vind dit in dieselfde hoofstuk waar ons lees dat die Joodse Sabbat afgeskaf is en die Christelike daarvoor in die plek gestel is, naamlik, 'n hoofstuk in die Handelinge van die Verborgenheid van die Ongeregtigheid en die Mens van die Sonde. Maar die beswaarmakers maak aanspraak op Bybelse bewys dat die gawes sou ophou, en hulle meen dat dit die volgende skriftuur is: "Die liefde vergaan nooit nie; maar profesieë—hulle sal tot niet gaan; of tale—hulle sal ophou; of kennis—dit sal tot niet gaan. Want ons ken ten dele en ons profeteer ten dele. Maar as die volmaakte gekom het, dan sal wat ten dele is, tot niet gaan.

- 136 -

Toe ek 'n kind was, het ek gepraat soos 'n kind, gedink soos 'n kind, geredeneer soos 'n kind; maar nou dat ek 'n man is, het ek klaar met die dinge van 'n kind. Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is. En nou bly geloof, hoop, liefde." 1 Kor. 13:8-13.

Hierdie teks voorspel dat die geestelike gawes tot niet sal gaan, ook geloof en hoop. Maar wanneer sou hulle ophou? Ons sien nog uit na die tyd wanneer–

> "Hoop sal oorgaan tot werklikheid, Geloof tot aanskouing,
> en gebed tot lof."

Hulle sal ophou wanneer die volmaaktheid gekom het; wanneer ons nie langer in 'n spieël soos in 'n raaisel sien nie, maar van aangesig tot aangesig. Die volmaakte dag, wanneer die regverdiges volmaak sal wees, en sien soos hulle gesien is, is nog in die toekoms. Dit is waar dat die mens van die sonde, toe hy sy manlike jare bereik het, sulke "kinderagtige dinge"

soos profesieë, tale, kennis, en ook geloof en hoop en die liefde van die vroeë Christene afgeskaf het. Maar daar is niks in die teks om te wys dat dit Gods plan was om die gawes weg te neem wat Hy in die kerk gestel het, voordat die kerk die verwesenliking van sy geloof en hoop gesien het, en voordat die alles oortreffende heerlikheid van die onsterflike staat die grootste vertonings van geestelike krag en kennis wat nog ooit in hierdie verganklike wêreld gesien is, in die skaduwee sal stel nie.

Die beswaar wat aangevoer word uit 2 Timotheus 3: 16, wat vir sommige so gewigtig lyk, verdien werklik nie veel aandag nie. As Paulus, toe hy gesê het dat die Skrifte die mens van God volkome kan toerus, vir elke goeie werk, bedoel het dat niks meer onder ingewing sou geskryf word nie, waarom was hy juis op daardie oomblik besig om stukke by te voeg tot die Skrifte? Of waarom het hy nie, toe hy daardie sin geskryf het, sy pen neergegooi nie? En waarom het Johannes, dertig jaar daarna, die boek van Openbaring geskryf? Ook daardie boek bevat 'n

- 137 -

teks wat gebruik word om te bewys dat die geestelike gawes afgeskaf is.

"Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is." Openb. 22:18, 19.

Uit hierdie tekste word afgelei dat God, wat baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, en in die begin van die evangeliebedeling deur Jesus en Sy apostels, nou op plegtige wyse belowe het om nooit weer enigiets op hierdie wyse aan die mens te openbaar nie. Daarom moet alle profeteerdery ná hierdie datum vals wees. Hierdie skrifgedeelte, so word beweer, het die kanon van die Skrifte voltooi. As dit so is, waarom het Johannes dan sy evangelie geskryf ná sy terugkeer van Patmos na Efese? Het hy, deur dit te doen, bygevoeg tot die profesie van die boek geskrywe op die eiland Patmos? Dit blyk duidelik uit die teksverband dat die waarskuwing in verband met byvoeging tot, en weglating van, nie betrekking het op die saamgestelde Bybelboek nie, maar op die boek van Openbaring, soos dit van die hand van die apostel gekom het. Maar geen mens het die reg om iets by te voeg of weg te laat



van enige boek van die Bybel wat onder inspirasie van God geskryf is nie. Het Johannes, toe hy die boek Openbaring geskryf het, iets bygevoeg tot die boek van Daniël se profesie? Nee, hoegenaamd nie. 'n Profeet het geen reg om die Woord van God te verander nie. Maar die gesigte van Johannes bevestig dié van Daniël, en werp baie bykomstige lig op die onderwerpe wat daar behandel is. Ek besluit dus dat die Here Homself nie gebind het om te swyg nie, maar dit Hom nog vrystaan om te spreek. Laat dit altyd die taal van my hart wees, Spreek Here, deur wie U wil, want U dienskneg luister.

- 138 -

Die poging dus, om uit die Skrifte te probeer bewys dat die geestelike gawes afgeskaf is, is 'n volslae mislukking. En aan gesien die poorte van die hel nie geseëvier het teen die kerk nie, en God nog 'n volk op die aarde het, mag ons 'n ontwikkeling van die geestelike gawes verwag in verband met die derde engel se boodskap–'n boodskap wat die kerk terug sal bring op apostoliese grond, en dit inderwaarheid die lig, en nie die duisternis van die wêreld sal maak nie.

Ons is gewaarsku dat daar in die laaste dae valse profete sal wees, en die Bybel gee ons 'n toets om hulle leer te beproef of hulle eg of vals is. Die hoof toets is die wet van God waardeur die woorde en die sedelike karakter van die profete getoets moet word. As daar geen egte profesieë in die laaste dae sou wees nie, hoe maklik sou dit gewees het om dit reguit te sê en sodoende die deur te sluit vir alle bedrog, liewer as om 'n toets te gee om die profete te toets, en wat daarop dui dat daar valse sowel as egte sou wees.

In Jesaja 8:19, 20, is daar 'n profesie oor die gees wat waarsê, en die toets vir hulle is: "Na die wet en na die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie!" Waarom word daar gesê, "As hulle nie ... spreek nie" as daar terselfdertyd geen egte geestelike openbarings of profesieë sal wees nie? Jesus het gesê, "Pas op vir valse profete.... Aan hulle vrugte sal julle hulle ken." Matt. 7:15,16. Dit is deel van die bergprediking, en almal kan sien dat hierdie prediking van algemene toepassing is op die kerk van die evangelie bedeling. Valse profete sal aan hulle vrugte geken word, met ander woorde, aan hulle sedelike karakter. Die enigste maatstaf waarby ons kan vasstel of vrugte goed of sleg is, is die wet van God. So word ons gebring tot die wet en tot die

getuienis. Ware profete sal nie alleen spreek volgens daardie Woord nie, maar hulle sal ook daarvolgens lewe. En iemand wat so lewe, durf ek nie veroordeel nie.

- 139 -

Dit was nog altyd kenmerkend van valse profete dat hulle gesigte van vrede sien; en terwyl hulle "vrede, vrede," roep–dan oorval 'n skielike verderf hulle. Die ware profete sal sonder vrees alle sonde bestraf, en waarsku van komende toorn.

Profesieë wat die duidelike en positiewe verklarings van die Woord weerspreek, moet verwerp word. So het ons Heiland Sy dissipels geleer toe Hy hulle gewaarsku het in verband met die wyse van Sy tweede koms. Toe Jesus voor die oë van Sy dissipels na die hemel opgevaar het, het die engele uitdruklik gesê dat dieselfde Jesus wat hulle na die hemel sien opvaar het, weer net so sou kom soos hulle Hom na die hemel sien wegvaar het. Daarom het Jesus, in Sy voorspelling van die werk van die valse profete in die laaste dae, gesê, "As hulle dan vir julle sê: Kyk, Hy is in die woestyn–moet nie uitgaan nie. Kyk, Hy is in die binnekamer–moet dit nie glo nie." Alle ware profesieë in hierdie verband sal dui op Sy sigbare koms uit die hemel. Waarom het Jesus nie gesê, verwerp alle profesieë in daardie tyd, want daar sal dan geen ware profete wees nie?

"En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man en die mate van die volle grootte van Christus." Efe. 4: 11-13.

Uit 'n vorige vers van hierdie skrifgedeelte lees ons dat Christus, toe Hy opgevaar het, gawes aan die mense gegee het. Onder die gawes word genoem apostels, profete, evangeliste, herders, en leraars. Die doel van die gawes was om die heiliges tot die eenheid van die geloof en van die kennis te bring. Sommige wat hulle vandag uitgee as herders en leraars betoog dat hierdie gawes hulle doel volkome bereik het sowat agtienhonderd jaar gelede, en dat hulle opgehou het.

- 140 -

Hoekom doen hulle dan nie afstand van hulle titels as herders en leraars nie? As die amp van profeet deur hierdie teks beperk is tot die vroeë kerk,



dan geld dit ook vir die van evangelis, en al die ander; want daar word geen uitsondering gemaak nie.

Laat ons 'n bietjie verder op hierdie punt ingaan. Al die gawes is gegee vir die opbouing van die heiliges totdat almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis, en die gees. Onder hulle invloed het die vroeë kerk daardie eenheid beleef: "Die menigte van die wat gelowig geword het, was een van hart en siel." Ten gevolge van hierdie eenheid het die apostels "met *grote krag* ... getuienis gegee van die opstanding van die Here Jesus, en grote genade was oor hulle almal." Hand. 4:31-33. Hoe nodig is so 'n toestand nie vandag nie! Maar afvalligheid het verdeeldheid gebring, die skoonheid van die kerk bederf en haar met sak en as beklee. Verdeeldheid en wanordelikheid was die gevolg. Nog nooit was daar sulke verdeeldheid in die Christendom as vandag nie. As die gawes nodig was om die eenheid van die vroeë kerk te bewaar, hoe nodig is dit dan nie vandag om die eenheid te herstel nie! En dat dit die doel van God is om in die laaste dae die eenheid van die kerk te herstel, blyk baie duidelik uit die profesieë. Ons word verseker dat die wagters eenders sal sien wanneer die Here Sion weer sal herstel. Ook word gesê dat die verstandiges aan die einde sal verstaan. Wanneer dit gebeur sal daar eenheid van geloof wees onder almal wat God as wys beskou; want diegene wat inderwaarheid reg verstaan, moet noodwendig eenders verstaan. Wat sal hierdie eenheid bring as dit nie die gawes is wat vir daardie doel gegee is nie?

Uit wat ons aangevoer het is dit duidelik dat die volmaakte staat van die kerk wat hier voorspel is, nog in die toekoms is, en dus het hierdie gawes nog nie hulle doel bereik nie. Die brief aan die Efesiërs is geskryf in die jaar 64 n.C. sowat twee jaar

- 141 -

voordat Paulus aan Timotheus geskryf het dat hy gereed was om geoffer te word, en dat die tyd van sy heengaan naby was. Die saad van die afval het toe begin opkom in die kerk, want tien jaar tevore het Paulus in sy tweede brief aan die Thessalonicense geskryf, "Die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk." Verskeurende wolwe het op die punt gestaan om die kerk binne te dring, en hulle sou nie die kudde spaar nie. Die kerk was toe nie op weg na daardie volkome eenheid waarna die teks verwys nie, maar daar sou sektes en skeurings ontstaan. Die apostel het dit geweet; maar hy het ook seker verby daardie tydperk van die groot afval

gesien, na die tyd van die versameling van die oorblyfsel van Gods volk, toe hy gesê het, "Totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof." Efe. 4:13. Die gawes wat in die kerk geplaas is, het dus nog nie hulle tyd uitgedien nie.

"Blus die Gees nie uit nie. Verag die profesieë nie. Beproef alle dinge; behou die goeie." I Thess. 5: 19-21.

In hierdie brief het die apostel die onderwerp van die tweede koms van die Here ingelui. Daarna het hy die toestand van die ongelowige wêreld in daardie tyd beskryf, wat sal sê, "Vrede en veiligheid," wanneer die dag van die Here skielik op hulle sal kom, en 'n skielike verderf hulle sal oorval soos 'n dief in die nag. Toe het hy die kerk, met die oog op hierdie dinge, vermaan om wakker en nugter te wees en te waak. In sy vermaning het hy ook die woorde gebruik wat ons reeds aangehaal het, "Blus die Gees nie uit nie," ens. Sommige mag dink dat hierdie drie tekste los van mekaar staan wat hulle betekenis betref, maar hulle is natuurlik verbind in hulle volgorde. Die persoon wat die Gees uitblus, sal die profesieë verag wat die wettige vrug is van die Gees. "Daarna sal Ek My Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer."

- 142 -

Joël 2: 28. Die uitdrukking, "Beproef alle dinge," is beperk tot die onderwerp onder bespreking, naamlik profeteerdery, en ons moet die geeste toets met die maatstaf wat God aan ons gegee het in Sy Woord. Geestelike bedrog en valse profesieë is teenswoordig algemeen; en hierdie teks het ongetwyfeld 'n spesiale toepassing in hierdie verband. Verstaan goed, die apostel sê nie, Verwerp alle dinge nie, maar: Beproef alle dinge; *behou die goeie.*

"En daarna sal Ek My Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien. En ook op die diensknegte en diensmaagde sal Ek in die dae My Gees uitgiet. En Ek sal wondertekens gee aan die hemel en op die aarde: bloed en vuur en rook pilare. Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed voordat die grote en deurlugtige dag van die Here kom. En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word; want op die berg Sion en in Jerusalem sal daar ontkoming wees soos die Here gesê het, en onder die vrygemaaktes wat die Here sal roep." Joël 2:28-32.

Hierdie profesie van Joël, wat verwys na die uitstorting van die Heilige



Gees in die laaste dae, is nie heeltemal vervul aan die begin van die evangelie bedeling nie. Dit blyk duidelik uit die verwysing na die wondertekens aan die hemel en op die aarde, wat die voorlopers sou wees van die "grote en deurlugtige dag van die Here." Alhoewel ons die tekens reeds gehad het, is daardie vreeslike dag nog in die toekoms. Ons kan die hele evangelie bedeling die laaste dae noem, maar om te beweer dat die laaste dae reeds 1,800 jaar in die verlede is, is belaglik. Hulle sal strek tot die dag van die Here en die verlossing van die oorblyfsel van Gods volk: "Want op die berg Sion en in Jerusalem sal daar ontkoming wees soos die Here gesê het, en onder die vrygemaaktes wat die Here sal roep."

- 143 -

Die oorblyfsel wat daar sal wees in die tyd van die wonder tekens wat die grote en deurlugtige dag van die Here inlui, is ongetwyfeld die oorblyfsel van die saad van die vrou waarna verwys word in Openbaring 12: 17–die laaste geslag van die kerk op aarde. "En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te maak met haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou."

Die oorblyfsel van die evangeliekerk sal al hierdie gawes besit. Daar sal oorlog teen hulle gemaak word omdat hulle die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus hou. (Openb. 12:17.) In Openbaring 19:10, word daar gesê dat die getuienis van Jesus die gees van die profesie is. Die engel het gesê, "Ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders wat die getuienis van Jesus het." In Openbaring 22:9, herhaal hy feitelik dieselfde woorde as volg: "Ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders, die profete." As ons die twee tekste vergelyk, sal ons die krag sien van die uitdrukking, "Die getuienis van Jesus is die gees van die profesie." Maar die getuienis van Jesus sluit al die gawes van daardie een Gees in. Paulus het gesê: "Ek dank my God altyd oor julle vir die genade van God wat aan julle in Christus Jesus' gegee is, dat julle in alle opsigte in Hom ryk gemaak is, in elke woord en alle kennis; soos die getuienis aangaande Christus bevestig is onder julle, sodat julle in geen enkele genadegawe agterstaan nie, terwyl julle wag op die openbaring van onse Here Jesus Christus." 1 Kor. 1: 4-7. Die getuienis van Jesus is bevestig in die kerk te Korinthe; en wat was die gevolg? Hulle het in geen enkele genadegawe agtergestaan nie. Is ons gevolgtrekking dan nie geregverdig nie dat wanneer die oorblyfsel volko-

me bevestig is in die getuienis van Jesus hulle in geen gawe sal agterstaan terwyl hulle wag op die koms van onse Here Jesus Christus nie?

R. F. Cottrell.

---



# GEESTELIKE GAWES

---

## DIE VAL VAN DIE SATAN

- 145 -

Die Satan was eentyd 'n geëerde engel in die hemel, naas Christus. Sy gelaat, soos die van die ander engele, was sag, en met die uitdrukking van geluk daarop. Sy voorkop was hoog en breed, en het groot intelligensie getoon. Sy gestalte was volmaak; en sy houding was trots en majestueus. Maar toe God aan Sy Seun gesê het, "Laat Ons mense maak na Ons beeld," het die Satan jaloers geword op Jesus. Hy wou geraadpleeg gewees het oor die vorming van die mens, en omdat hy nie geraadpleeg is nie, is hy met afguns, jaloesie, en haat vervul. Hy wou, naas God, die hoogste eer in die hemel hê.

Tot op daardie tyd het daar orde en harmonie in die hemel geheers, en daar was volkome onderworpenheid aan die regering van God. Dit was die grootste sonde om te rebelleer teen Sy orde en Sy wil. Die ganse hemel was in beroering. Die engele is aangemonster in afdelings, en aan die hoof van elke afdeling het 'n engel van 'n hoër orde gestaan. Die Satan, wat eersugtig was om homself te verhef, en onwillig om te buig vir die gesag van Jesus, het onder 'n dekmantel teen die regering van God gespreek. Sommige van die engele het met die Satan gesimpatiseer in sy opstand, en ander het hulle beywer vir die eer en wysheid van God waar Hy gesag aan Sy Seun gegee het. Daar was 'n stryd onder die engele. Die Satan en die wat met hom gesimpatiseer het, het hulle beywer om die regering van God te hervorm. Hulle wou Sy ondeurgrondelike wysheid naspeur, om te ontdek met watter doel Hy

- 146 -

Jesus verhef het en Hom met sulke onbeperkte mag en gesag beklee het. Hulle het gerebelleer teen die gesag van die Seun. Die ganse hemelse leërskare is gedaag om voor die Vader te verskyn, om in die geval van elkeen 'n beslissing te vel. Dit is daar besluit om die Satan uit die hemel te werp, saam met al die engele wat by hom aangesluit het in sy rebellie. Toe het daar oorlog in die hemel gekom. Die engele het teen mekaar geveg; die Satan wou die Seun van God en die wat hulle aan Sy wil onderwerp het,

oorrompel. Maar die goeie en getroue engele het die oorwinning behaal, en die Satan, saam met sy volgelinge, is uit die hemel verdryf.

Nadat die Satan en diegene wat saam met hom geval het, uitgesluit is uit die hemel, en hy besef het dat hy vir ewig die reinheid en heerlikheid van die hemel verloor het, het hy berou gekry, en wou hy graag in die hemel herstel word. Hy was gewillig om sy regte plek in te neem, of enige plek wat hom aangewys mag word. Maar nee; die hemel kon nie weer in gevaar gebring word nie. Daar was gevaar dat die hele hemel besoedel kon word as hy weer teruggeneem sou word; want die sonde het by hom begin, en die saad van rebellie was binne-in hom. Sowel hy en sy volgelinge het geween, en hulle het gesoebat om herstel te word in die guns van God. Maar hulle sonde–hulle haat en nyd en jaloesie–was so groot dat God dit nie kon uitdelg nie. Dit moes bly om die finale straf te ontvang.

Toe die Satan ten volle besef het dat daar geen moontlikheid was dat hy weer in die guns van God herstel sou word nie, het sy kwaadwilligheid en haatdraendheid begin sigbaar word. Hy het sy engele geraadpleeg, en daar is 'n plan beraam om nog teen die regering van God te werk. Toe Adam en Eva in die pragtige tuin geplaas is, het die Satan planne beraam om hulle te vernietig. Hierdie gelukkige egpaar sou op geen manier beroof kon word van hulle geluksaligheid solank hulle God gehoorsaam het nie. Die Satan sou nie sy mag oor hulle kon laat geld tensy hulle God eers ongehoorsaam is en so Sy guns verbeur nie. Daar moes dus 'n plan beraam word om hulle tot ongehoorsaamheid te lei sodat hulle die misnoeë van

- 147 -

God oor hulle kon bring, om hulle dus meer regstreeks onder die invloed van die Satan en sy engele te laat kom. Daar is besluit dat die Satan 'n ander gedaante moes aanneem, en belangstelling in die mens moes toon. Hy moes Gods trou in twyfel trek en die vraag laat ontstaan of God wel presies bedoel het wat Hy gesê het; vervolgens moes hy hulle nuuskierigheid opwek, en hulle beweeg tot 'n poging om Gods onnaspeurlike planne agter te kom, die juiste sonde waaraan die Satan hom skuldig gemaak het en die rede te ontdek waarom Hy sekere beperkings gestel het ten opsigte van die boom van die kennis.



# DIE VAL VAN DIE MENS

Heilige engele het dikwels die tuin besoek en Adam en Eva onderrig aangaande hulle werk, en hulle is ook ingelig aangaande die rebellie en val van die Satan. Die engele het hulle gewaarsku teen die Satan, en hulle vermaan om in hulle werk nie van mekaar weg te gaan nie, want hulle kon in aanraking kom met hierdie gevalle vyand. Verder het die engele hulle beveel om die voorskrifte van God stip na te volg, want deur volkome gehoorsaamheid alleen sou hulle veilig wees. Dan sou die gevalle vyand geen mag oor hulle kry nie.

Die Satan het met Eva begin, en haar beweeg om ongehoorsaam te wees. Die eerste fout wat sy begaan het, was om af te dwaal van haar man af; toe het sy daar by die verbode boom gaan rondstaan; daarna het sy geluister na die stem van die versoeker, en begin twyfel aan wat God gesê het, naamlik, "Die dag as jy daarvan eet, sal jy die dood sterwe." Sy het gedink dat die Here miskien nie presies gemeen het wat Hy gesê het nie, en sy het dit toe gewaag om haar hand uit te steek en van die vrugte te neem en te eet. Dit was mooi om na te kyk, en dit het lekker gesmaak. Toe het sy jaloers geword dat God iets teruggehou het wat werklik vir hulle goed was,

- 148 -

en daarom het sy ook van die vrugte vir haar man aangebied en hom in versoeking gebring. Sy het aan Adam vertel alles wat die slang aan haar gesê het, en sy het haar verbasing uitgespreek dat hy kon praat.

Ek het gesien dat daar droefheid kom oor die gelaat van Adam. Hy het bang en verbaas gelyk. Dit het geskyn of daar 'n stryd in sy gemoed aan die gang was. Hy was seker dat dit die vyand was teen wie hulle gewaarsku is, en dat sy vrou sou sterf. Hulle sou geskei moet word. Sy liefde vir Eva was baie sterk, en in wanhoop het hy besluit om ook te deel in haar lot. Hy het die vrug gegryp en dit vinnig geëet. Die Satan was verheug. Hy het in die hemel gerebelleer, en hy het volgelinge verkry wat hom liefgehad het en saam met hom gestaan het. Hy het geval, en hy het ander saam met hom in sy val gesleep. En nou het hy die vrou versoek om God te wantrou, en Sy wysheid en Sy alwyse planne na te speur. Die Satan het geweet dat die vrou nie alleen sou val nie. Adam, ten gevolge van sy liefde vir Eva, was ook die gebod van God ongehoorsaam, en hy het saam met haar geval.

Die nuus van die val van die mens het deur die hemel versprei. Elke

harp het stil geword. Die engele het in droefheid hulle krone van hulle hoofde geneem en neergegooi. Die hele hemel was in beroering. Daar is raad gehou om te besluit wat om met die skuldige paar te doen. Die engele was bang dat hulle hul hand sou uitsteek en ook van die boom van die lewe eet, en so onsterflike sondaars word. Maar God het gesê dat Hy die oortreders uit die tuin sou verdryf. Daar is dadelik opdrag gegee aan engele om die pad na die boom van die lewe te bewaak. Dit was die Satan se bestudeerde plan dat Adam en Eva God ongehoorsaam moes wees om by Hom in onguns te raak, en dat hulle dan van die boom van die lewe sou eet om vir ewig in sonde en ongehoorsaamheid te lewe, en om die sonde so te verewig. Maar heilige engele is gestuur om hulle uit die tuin te dryf, en om die weg tot die boom van die lewe te versper. Elkeen van daardie magtige engele het in sy regterhand iets gehad wat soos 'n vlammende swaard gelyk het.

- 149 -

Toe het die Satan getriomfeer. Hy het ander laat ly deur sy val. Hy is uit die hemel uitgesluit, hulle uit die Paradys.

---



## DIE VERLOSSINGSPLAN

Toe daar besef is dat die mens verlore was, en dat die aarde wat God geskape het, vervul sou word met sterwelinge gedoem tot ellende en siekte en die dood, en dat daar geen uitweg vir die oortreders was nie, is die hemel met droefheid vervul. Die hele geslag van Adam sal moet sterf. Ek het die lieflike Jesus gesien, en dat daar op Sy gelaat 'n uitdrukking van medelyde en droefheid was. Eerlank het ek gesien dat Hy die vreeslike helder lig wat die Vader omhul het, nader. Die engel by my het gesê, Hy is in ernstige gesprek met Sy Vader. Terwyl Jesus met Sy Vader in gesprek was, het die engele in groot spanning verkeer. Drie maal is Hy ingesluit deur die heerlike lig rondom die Vader, en die derde maal toe Hy van die Vader af kom, kon Sy persoon gesien word. Sy gelaat was kalm, vry van alle sorg en twyfel, en dit het gestraal van 'n onbeskryflike goedwilligheid en beminlikheid. Toe het Hy die engeleskare meegedeel dat daar 'n uitweg gevind is vir die verlore mensdom. Hy het aan hulle vertel dat Hy met Sy Vader gepleit het en aangebied het om Sv lewe te gee as losprys, om die doodvonnis self te dra sodat die mens deur Hom vergifnis mag verkry, en dat hulle deur die verdienstes van Sv bloed, en Sy gehoorsaamheid aan die wet van God, weer herstel kan word in die guns van God, en in die pragtige tuin, en weer kan eet van die vrug van die boom van die lewe.

Eers was die engele nie bly nie, want hulle Aanvoerder het niks van hulle weggesteek nie, maar het die hele verlossings

- 150 -

plan aan hulle verduidelik. Jesus het aan hulle gesê dat Hy tussen die toorn van Sy Vader en die skuldige mens sou staan, dat Hy die sonde en die smaad sou dra, en dat maar min Hom sou aanneem as die Seun van God. Byna almal sou Hom haat en Hom verwerp. Hy sou al Sy heerlikheid in die hemel aflê, op die aarde verskyn soos 'n mens, Hom verneder en deur Sy eie ondervinding sou Hy bekend raak met die verskillende versoekings waaraan die mens onderhewig is, sodat Hy kan weet hoe om diegene te help wat in versoeking kom; en eindelik sou Hy, ná Hy Sy sending as leraar volbring het, oorgelewer word in die hande van mense, en Hy sou die wreedste mishandeling en lyding ondergaan wat die Satan en sy engele, bose mense kan beweeg om oor Hom te bring; Hy sou die wreedste dood sterf, tussen die hemel en die aarde opgehang word as 'n skuldige sondaar; en Hy sou ure van liggaamlike foltering verduur, wat so

verskriklik sou wees dat selfs die engele hulle aangesigte daarvoor sou bedek. Hy sou nie alleen liggaamlike pyn verduur nie, maar ook geestelike lyding–iets waarmee liggaamlike foltering nie vergelyk kan word nie. Die gewig van die sondes van die hele wêreld sou op Hom druk. Hy het aan hulle gesê dat Hy sou sterf, en die derde dag weer opstaan, en dat Hy na Sy Vader sou opvaar om in te tree vir die afvallige, sondige mensdom.

Die engele het hulleself voor Hom neergewerp. Hulle' het hulle lewens aangebied. Jesus het aan hulle gesê dat Hy deur Sy dood vele sou red, maar dat die lewe van 'n engel nie die skuld sou kon betaal nie. Alleen Sy lewe sou die Vader aanneem as losprys vir die mens. Jesus het ook aan hulle gesê dat hulle wel iets kon doen, naamlik om Hom by te staan en Hom van tyd tot tyd te versterk; Hy het hulle laat verstaan dat Hy die menslike natuur sou aanneem en dat Hy swakker as hulle sou wees. Hulle sou getuies wees van Sy

- 151 -

vernedering, en waar hulle Sy lyde sien, en die haat van die mense teen Hom, sou dit hulle baie diep raak, en ten gevolge van hulle liefde vir Hom sou hulle Hom graag wil red uit die hande van Sy moordenaars; maar hulle moes nie probeer om iets te belet wat hulle sou sien nie; by Sy opstanding sou hulle wel iets kon doen. Die verlossingsplan is so opgestel, en Sy Vader het die plan goedgekeur.

Met 'n heilige droefheid het Jesus die engele vertroos en bemoedig; Hy het hulle meegedeel dat diegene wat Hy sou verlos in die hiernamaals by Hom sou wees, en dat Hy deur Sy dood vele sou verlos, en dat Hy die een wat die mag van die dood het, sou vernietig. Daarna sou Sy Vader Hom die koningskap en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gee tot in ewigheid. Die Satan en sondaars sou vernietig word, sodat die sonde nooit weer die reinheid van die hemel en die nuwe aarde kon bederf nie. Jesus het die hemelse leërskare gevra om te berus in die plan wat Sy Vader aangeneem het, en om hulle te verbly dat die mensdom deur Sy dood weer herstel sou word in die guns van God en die vreugde van die hemel.

Toe het vreugde, onuitspreeklike vreugde, die hemel vervul. En die hemelse leërskare het 'n dank en loflied gesing. Hulle het op hulle harpe gespeel en op 'n hoër noot gesing as voorheen ten gevolge van die groot genade en neerbuigende liefde van God deur die gawe van Sy geliefde



Seun om te sterf vir 'n geslag van rebelle. Liedere van lof en aanbidding is gesing vir die selfopoffering van Jesus, dat Hy verkies het om die boesem van Sy Vader te verlaat vir 'n lewe van lyde en angs, en die skandedood te sterf om die lewe aan ander te gee.

Die engel het gevra, "Dink jy dat die Vader Sy geliefde Seun opgegee het sonder 'n worsteling? Nee, nee. Dit was vir die God van die hemel 'n stryd om te besluit of Hy die sondige mens sou laat vergaan, of Sy Seun sou gee om vir hulle te sterf." Die engele het so groot belanggestel in die

- 152 -

redding van die mens, dat daar onder hulle diegene was wat hulle heerlikheid en lewe sou opgegee het vir die sterwende mensdom. "Maar," het die engel wat by my was, gesê, "dit sou niks gebaat het nie. Die oortreding is so groot dat die lewe van 'n engel nie voldoende sou gewees het om die skuld te betaal nie. Alleen die dood en voorbidding van Gods Seun sou die sondeskuld betaal en die verlore mens verlos uit die hopelose verdriet en ellende."

Maar die engele het hulle werk gekry; hulle moes opvaar en neerdaal om die Seun van God in Sy lyde te vertroos met balsem uit die heerlikheid, en Hom te bedien. Ook sou hulle werk wees om die onderdane van genade te beskerm en te bewaar van die bose engele en die duisternis waarmee die Satan gedurig trag om hulle te omhul. Ek het gesien dat dit onmoontlik was vir God om Sy wet te verander om die verlore mensdom te red; daarom het Hy toegelaat dat Sy geliefde Seun : vir die mens se oortreding sterf.

Weer het die Satan hom saam met sy engele verbly dat hy, deur die mens tot 'n val te bring, Gods Seun kon neerhaal uit Sy verhewe posisie. Hy het aan sy engele gesê dat wanneer Jesus die gevalle mens se natuur aanneem, sou hy Hom kon oorweldig en die volvoering van die verlossingsplan belet.

Die Satan soos hy eers was, 'n gelukkige, verhewe engel, is aan my getoon. Toe is die Satan aan my getoon soos hy nou is. Hy het nog 'n koninklike gestalte. Sy gelaatstrekke is nog edel, want hy is 'n gevalle engel. Maar die uitdrukking op sy gelaat is vol angs, sorg, haat, kwaadwilligheid, bedrog, en boosheid. Die voorhoof wat eenmaal so edel was, het ek veral opgemerk. Van sy oë af het sy voorhoof begin terugwyk. Ek het gesien dat hy homself so lank aan die boosheid oorgegee het dat elke

goeie hoedanigheid verlaag is, en dat elke bose karaktertrek verskerp is. Sy oë was listig, skelm, met groot deurdringingsvermoë. Hy was groot van liggaamsbou, maar die spiere van sy hande en gesig was pap.

- 153 -

Toe ek hom gesien het, het sy ken op sy linkerhand gerus. Dit het geskyn of hy diep dink. Daar was 'n glimlag op sy gelaat wat my laat bewe het, want dit was vol boosheid en sataniese lis. Dit is die glimlag wat gewoonlik op sy gelaat is net vóór hy seker maak van sy slagoffer, en terwyl hy sy slagoffer vasvang in sy strik, word hierdie glimlag afskuwelik.



# DIE EERSTE ADVENT VAN CHRISTUS

Aan my is die tydstip getoon toe Jesus die menslike natuur sou opneem, Homself sou verneder as mens, en ly onder die versoekings van die Satan.

Hy is sonder aardse prag en praal gebore. Hy is in 'n stal gebore, en is in 'n krip neergelê; en nogtans is Sy geboorte geëer ver bokant die van enige ander mensekind. Engele van die hemel het die herders verwittig van die advent van Jesus, en lig en heerlikheid uit die hemel het hulle boodskap bevestig. Die hemelse leërskare het hulle harpe bespeel en God verheerlik. In triomf het hulle die advent van die Seun van God in 'n gevalle wêreld aangekondig om die verlossingswerk te kom doen, en om deur Sy dood vrede, geluk, en die ewige lewe aan die mens te bring. God het die advent van Sy Seun geëer. Engele het Hom aanbid.

Engele van God het gesweef oor die toneel van Sy doop; die Heilige Gees het neergedaal in die vorm van 'n duif en op Hom gerus; en terwyl die mense verbaas gestaan het, met hulle oë op Hom gevestig, is die Vader se stem uit die hemel gehoor, en Hy het gesê, U is My geliefde Seun; in U het Ek 'n welbehae.

Johannes was nie seker of dit die Verlosser was wat gekom het om deur hom in die Jordaan gedoop te word nie. Maar God het aan hom 'n teken belowe sodat hy die Lam van God kon ken. Daardie teken is gegee in die vorm van die hemelse duif wat op Jesus neergedaal het, en die heerlikheid van God

- 154 -

wat rondom Hom geskyn het. Johannes het sy hand uitgestrek, na Jesus gewys, en met 'n groot stem gesê, "Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!"

Johannes het sy dissipels meegedeel dat Jesus, die beloofde Messias, die Verlosser van die wêreld was. Namate sy werk ten einde geloop het, het hy sy dissipels geleer om na Jesus op te sien en Hom te volg as die groot Leermeester. Johannes se lewe was vol droefheid en selfverloëning. Hy het die eerste koms van Christus aangekondig, maar hy is nie toegelaat om Sy wonderwerke te sien of die krag te geniet wat Hy geopenbaar het nie. Wanneer Jesus gevestig sou wees as leraar, het Johannes geweet dat hy self sou moes sterf. Sy stem is selde gehoor, behalwe in die woestyn. Sy lewe was eensaam. Hy was nie verknog aan sy vader se gesin om hulle

geselskap te geniet nie, maar hy het hulle verlaat ten einde sy roeping te vervul. Menigtes het die besige stede en dorpe verlaat en na die wildernis gegaan om die woorde te hoor van die wonder profeet. Johannes het die byl aan die wortel van die boom geslaan. Hy het sonde bestraf, ongeag die gevolge, en het die weg vir die Lam van God berei.

Herodes was aangedaan waar hy geluister het na die kragtige, reguit getuienis van Johannes, en met die grootste belangstelling het hy gevra wat hy moes doen om een van sy dissipels te word. Johannes was bekend met die feit dat hy op die punt gestaan het om met sy broer se vrou in die huwelik te tree, terwyl sy broer nog gelewe het, en onverskrokke het hy Herodes meegedeel dat dit nie wettig sou wees nie. Herodes was onwillig om die opoffering te maak. Hy het sy broer se vrou getrou, en deur haar invloed het hy Johannes in die gevangenis laat werp, met die plan egter om hom later vry te laat. Terwyl hy in die gevangenis was, het Johannes deur middel van sy dissipels gehoor van die magtige werke van Jesus. Hy kon nie na daardie woorde van genade gaan luister nie; maar sy dissipels het hom ingelig gehou en hom vertroos met wat hulle gehoor het. Kort daarna is Johannes onthoof op aandrang van Herodes se vrou.

- 155 -

Ek het gesien dat die nederigste dissipels wat Jesus gevolg het, Sy wonders gesien, en Sy vertroostende woorde gehoor het, groter was as Johannes die Doper; dit wil sê hulle was meer verhewe en geëerd, en het meer plesier in hulle lewe gehad.

Johannes het gekom in die gees en krag van Elia om die eerste koms van Jesus aan te kondig. My aandag is gevestig op die laaste dae, en ek het gesien dat Johannes diegene voorgestel het wat sou uitgaan in die gees en krag van Elia om die dag van wraak aan te kondig, en die tweede koms van Jesus.

Ná die doop van Jesus in die Jordaan, is Hy deur die Gees in die woestyn gelei om deur die duiwel versoek te word. Die Heilige Gees het Hom berei vir daardie spesiale toneel van heftige versoekings. Vir veertig dae is Hy deur die Satan versoek, en gedurende daardie tyd het Hy niks geëet nie. Alles in Sy omgewing was onaangenaam, en waarvoor die menslike natuur sou terugdeins. Hy was saam met die wilde diere en die duiwel, in 'n woeste, eensame plek. Die Seun van God was bleek en uitgeteer ten gevolge van Sy vas en lyding. Maar Sy loopbaan was duidelik aangewys;



Hy moes die werk klaarmaak wat Hy gekom het om te doen. Die Satan het voordeel getrek uit die lyde van die Seun van God, en hy het besluit om Hom aan te val met baie versoekings, in die hoop om die oorwinning oor Hom te behaal omdat Hy Homself verneder het deur die menslike natuur aan te neem. Die Satan het met hierdie versoeking gekom: "As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word." Hy het Jesus versoek om bewys te gee dat Hy die Messias is deur gebruik te maak van goddelike krag. Bedaard het Jesus hom geantwoord, "Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan."

Die Satan wou Jesus in 'n twisgesprek wikkel of Hy die Seun van God is.

- 156 -

Hy het verwys na Sy swak en lydende toestand, en hy het vermetel verklaar dat hy sterker was as Jesus. Maar die woord wat uit die hemel gespreek is, "U is My geliefde Seun; in U het Ek 'n welbehae," was genoeg om Jesus in al Sy lyde te ondersteun. Ek het gesien dat Christus niks te doen gehad het om die Satan te oortuig van Sy krag en of Hy die Verlosser van die wêreld was nie. Die Satan het genoeg bewys gehad van die verhewe posisie en gesag van die Seun van God. Dit was sy onwilligheid om te buig vir die gesag van Christus wat hom uit die hemel uitgesluit het.

Om sy krag te openbaar, het die Satan vir Jesus na Jerusalem geneem en Hom op die dak van die tempel laat staan; daar het hy Hom versoek om bewys te gee dat Hy die Seun van God is deur Homself daar af te werp. Die Satan het die volgende skriftuur aangehaal: "Want daar is geskrywe: Hy sal Sy engele bevel gee aangaande U, en hulle sal U op die hande dra, sodat U nie miskien u voet teen 'n klip stamp nie." Jesus sê vir hom: "Daar is ook geskrywe: Jy mag die Here jou God nie versoek nie." Die Satan wou hê dat Jesus op vermetele wyse moes reken op die genade van die Vader en Sy lewe in gevaar moes stel vóór die volvoering van Sy sending. Hy het gehoop dat die verlossingsplan sou misluk; maar die plan was te heg gelê om deur die Satan in die war gestuur te word. Christus is die voorbeeld vir alle Christene. Wanneer hulle in versoeking kom, of as hulle regte bestry word, moet hulle dit geduldig dra. Hulle moenie voel dat hulle reg het om die Here aan te roep om Sy krag ten behoewe van hulle te openbaar sodat hulle die oorwinning oor hulle vyande kan behaal, tensy God daardeur

regstreeks geëer en verheerlik kan word nie. As Jesus van die dak van die tempel sou afgespring het, sou dit die Vader nie verheerlik het nie; want niemand sou daardie daad gesien het nie behalwe die Satan en die engele van God. En dit sou die Here in versoeking gebring het om Sy krag te openbaar aan Sy bitterste vyand.

- 157 -

Dit sou 'n toegewing gewees het aan die een wat Jesus gekom het om te oorwin.

"Toe bring die duiwel Hom op 'n hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld in 'n oomblik se tyd. En die duiwel sê vir Hom: Ek sal U al hierdie mag gee en hulle heerlikheid, want dit is aan my oorgegee, en ek gee dit aan wie ek wil. As U my dan aanbid, sal alles aan U behoort. En Jesus antwoord en sê vir hom: Gaan weg agter My, Satan, want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien."

Die Satan het aan Jesus die koninkryke van hierdie wêreld voorgestel so aanloklik moontlik. As Jesus hom daar sou aanbid, het hy aangebied om sy aansprake op die besittings van hierdie aarde prys te gee. As die verlossingsplan uitgevoer sou word, en Jesus sou sterf om die mens te verlos, het die Satan geweet dat sy eie mag beperk en eindelik, weggeneem sou word, en dat hy vernietig sou word. Dit was dus sy weldeurdagte plan om, indien moontlik, die volvoering te belet van die groot werk wat deur die Seun van God begin is. As die verlossingsplan vir die mens sou misluk, sou die Satan die koninkryk kon behou waarop hy toe aanspraak gemaak het. En as hy sou wen, het hy homself gevlei dat hy sou regeer in opposisie tot die God van die hemel.

Die Satan het hom verbly toe Jesus Sy mag en heerlikheid afgelê en die hemel verlaat het. Hy het gemeen dat die Seun van God toe in sy mag oorgegee is. Die versoeking het so goed geslaag met die heilige paar in Eden dat hy gehoop het om deur sy sataniese mag en lis selfs die Seun van God te oorrompel, en sodoende sy eie lewe en sy koninkryk te red. As hy Jesus kon verlei om af te wyk van die wil van Sy Vader, sou hy sy doel bereik. Maar Jesus het die versoeker ontmoet met die bestraffing, "Gaan weg agter My, Satan." Hy sou neerbuig alleen voor Sy Vader.

- 158 -

Die Satan het aanspraak gemaak op die koninkryk van die aarde as syne, en hy wou Jesus wysmaak dat al Sy lyde verhoed kon word, en dat Hy nie



hoef te sterf om die koninkryke van hierdie aarde en hulle heerlikheid te verkry nie; as Hy hom maar sou aanbid, sou Hy al die besittings van die aarde kon verkry, en die heerlikheid geniet om daaroor te regeer. Maar Jesus het vas gestaan. Hy het geweet dat die tyd sou kom wanneer Hy deur Sy eie lewe die koninkryk sou loskoop van die Satan, en dat almal in die hemel en op die aarde, uiteindelik aan Hom sou onderdanig wees. Hy het die lewe van lyde en die vreeslike dood verkies as die weg deur Sy Vader aangewys, sodat Hy die wettige erfgenaam van die koninkryke van die aarde kon word en hulle in Sy hande gegee kon word as Sy ewige besitting. Ook die Satan sal in Sy hande oorgegee word om deur die dood vernietig te word, sodat hy nooit meer vir Jesus of die heiliges in heerlikheid kan lastig val nie.

# DIE BEDIENING VAN CHRISTUS

Nadat die Satan klaar was met sy versoekings, het hy Jesus vir 'n tyd met rus gelaat, en engele het voedsel in die wildernis berei vir Hom en Hom verkwik; en die seën van die Vader het op Hom gerus. Die kwaaiste versoekings van die Satan het misluk, maar nogtans het hy uitgesien na tye in die bediening van Jesus wanneer hy sy liste teen Hom sou kon gebruik. Hy het nog gehoop om die oorwinning oor Hom te behaal deur diegene wat Jesus nie sou aanneem nie, op te stook om Hom te haat en te probeer vernietig. Die Satan het spesiaal beraadslaag met sy engele. Hulle was teleurgesteld en toornig omdat hulle niks uitgerig het teen die Seun van God nie. Hulle het besluit dat hulle nog listiger sal moet wees en hulle kragte tot die uiterste sal moet inspan om ongeloof aan te wakker onder Sy eie volk dat Hy die Verlosser van die wêreld is, en op hierdie wyse Jesus te ontmoedig in Sy sending. Dit sal nie saak maak hoe nougeset die Jode mag wees in die

- 159 -

nakoming van hulle seremonies en offergawes nie, as hulle maar kon verblind word vir die profesieë, en gelei word om te glo dat die Messias sou kom as 'n magtige aardse koning, mag hulle daartoe gebring word om Jesus te verag en te verwerp.

Aan my is getoon dat die Satan en sy engele baie besig was tydens Christus se bediening, deur die mense met ongeloof, haat, en veragting te besiel. Dikwels, wanneer Jesus 'n snydende waarheid geleer en hulle sondes bestraf het, het die mense toornig geword. Die Satan en sy engele het hulle aangehits om die lewe van die Seun van God te neem. Meer as eenmaal het hulle klippe opgetel om Hom te stenig, maar die engele het Hom beskerm, en Hom weggeneem van die bose skare na 'n plek van veiligheid. Weer, toe Hy die onomwonde waarheid gespreek het, het die skare Hom na 'n berg geneem met die voorneme om Hom daar af te gooi. Daar het stry onder hulle ontstaan oor wat hulle met Hom sou doen, en toe het engele Hom weer vir hulle oë verberg, en Hy het deur die skare gegaan en ontsnap.

Die Satan het nog gehoop dat die groot verlossingsplan sou misluk. Hy het al sy kragte ingespan om die harte van die mense te verhard en hulle gevoelens te verbitter teen Jesus. Hy het gehoop dat so min Hom sou aanneem as die Seun van God dat Hy Sy lyde en opoffering te groot sou ag

vir so 'n klein klompie. Maar ek het gesien dat as daar maar slegs twee was wat Jesus sou aangeneem het as die Seun van God en in Hom sou geglo het tot redding van hulle siele, Hy die plan sou uitgevoer het.

Jesus het Sy werk begin deur die mag van die Satan te verbreek oor die lydendes. Hy het die siekes in gesondheid herstel, die blindes laat sien, die kreupeles genees en hulle laat huppel van vreugde tot verheerliking van God. Hy het diegene gesond gemaak wat vir jare siek was, gebind deur die wrede mag van die Satan. Met woorde van genade het Hy die swakkes, die vreesagtiges, en die neerslagtiges

- 160 -

vertroos. Die swakkes en lydendes wat die Satan in oorwinning vasgehou het, het Jesus verlos uit sy greep, gesond gemaak, en in groot vreugde en geluk herstel. Hy het die dode lewendig gemaak, en hulle het God verheerlik vir die magtige openbaring van Sy krag. Hy het magtige werke gedoen vir almal wat in Hom geglo het.

Die lewe van Christus was vol goedertierenheid, medelyde, en liefde. Hy was altyd gereed om te luister na die klaagliedere waarmee hulle na Hom toe gekom het, en het hulle gehelp. Menigtes het in hulle eie persoon die bewyse gedra van Sy goddelike krag. En tog, ná Hy hulle gehelp het, was daar baie wat skaam was vir die nederige, dog magtige, Leraar. Omdat die leiers nie in Hom geglo het nie, was die mense nie gewillig om Jesus aan te neem nie. Hy was 'n man van smarte en bekend met droefheid. Hulle kon dit nie gedoog om regeer te word deur Sy kalm, selfopofferende lewe nie. Hulle wou die eer geniet wat hierdie wêreld gee. Tog was daar baie wat die Seun van God gevolg het, na Sy leer geluister en woorde ingedrink het wat so genadiglik van Sy lippe gekom het. Sy woorde was vol betekenis, en so duidelik dat die swakstes dit kon verstaan.

Die Satan en sy engele het die oë en die verstand van die Jode benewel, en hulle het die owerstes van die volk aangehits om die Verlosser om die lewe te bring. Ander is gestuur om Jesus na hulle toe te bring; maar toe hulle by Hom kom, was hulle baie verbaas. Hulle het gesien dat Hy vol van medelyde en ontferming was by die aanskouing van die menslike ellende. Hulle het gehoor hoedat Hy in liefde en tederheid die swakkes en siekes aanmoedig. Ook het hulle gehoor hoedat Hy met gesag die mag .van die Satan bestraf en hom gebied om die gevangenes vry te laat. Hulle het geluister na die woorde van wysheid wat oor Sy lippe gevloei het, en dit



het hulle geboei; hulle kon eenvoudig nie die hande aan Hom slaan nie. Hulle

- 161 -

het na die priesters en owerstes teruggegaan sonder Jesus. Toe hulle gevra is, "Waarom het julle Hom nie gebring nie?" het hulle vertel wat hulle gesien het van Jesus se wonderwerke, en van die heilige woorde van wysheid en liefde en kennis wat hulle gehoor het, en hulle het gesê, "Nooit het 'n mens so gespreek soos hierdie man nie." Die owerpriesters het hulle beskuldig dat hulle ook bedrieg is, en sommige van die dienaars was skaam dat hulle Hom nie gevange geneem het nie. Die priesters het honend gevra of enige van die owerstes in Hom geglo het. Ek het gesien dat baie van die magistrate en ouderlinge wel in Jesus geglo het; maar die Satan het hulle teruggehou om dit te bely; hulle mensevrees was groter as hulle vrees vir God.

Dusver het die lis en haat van die Satan nie daarin geslaag om. die verlossingsplan te laat misluk nie. Die tyd vir die verwesenliking van die doel waarvoor Jesus na die wêreld gekom het, het genader. Die Satan en sy engele het saam raad gehou en hulle het besluit om Christus se eie volk te besiel om te roep om Sy bloed en Hom met smaad en hoon te belaai. Hulle het gehoop dat Jesus sulke behandeling nie sou gedoog nie, en dat Hy Sy nederigheid en sagmoedigheid nie sou handhaaf nie.

Terwyl die Satan besig was om planne te beraam, het Jesus: sorgvuldig aan Sy dissipels verduidelik watter lyding Hy sou ondergaan–dat Hy gekruisig sou word en dat Hy die derde dag weer sou opstaan. Maar hulle was traag om te verstaan, en hulle kon nie begryp wat Hy aan hulle vertel het nie.

# DIE VERHEERLIKING

- 162 -

Die geloof van die dissipels is baie versterk deur die verheerliking, toe hulle toegelaat is om Christus se heerlikheid te sien en die stem uit die hemel te hoor wat getuig het van Sy goddelike karakter. God het aan die volgelinge van Jesus sterk bewys gegee dat Hy die beloofde Messias is, sodat hulle in hulle bittere droefheid by Sy kruisiging nie heeltemal vertroue sou verloor nie. Tydens die verheerliking het die Here Moses en Elia gestuur om met Christus te spreek oor Sy lyde en dood. Pleks dat Hy engele gekies het om te spreek met die Seun van God, het God diegene gekies wat self die beproewings van hierdie aarde ondervind het.

Elia het met God gewandel. Sy werk was swaar en moeilik, want deur hom het die Here die sondes van Israel bestraf. Elia was 'n profeet van God; en nogtans was hy verplig om van plek tot plek te vlug om sy lewe te behou. Sy eie volk het op hom jag gemaak soos op 'n wilde dier, om hom te dood. Maar God het Elia verheerlik. Engele het hom in heerlikheid en oorwinning opgeneem na die hemel.

Moses was groter as enige persoon wat ooit voor hom gelewe het. God het hom grootliks vereer deurdat hy bevoorreg was om van aangesig tot aangesig met God te spreek, soos iemand met 'n vriend sou praat. Hy is toegelaat om die heerlike lig te sien wat die Vader omhul. Deur Moses het die Here die kinders van Israel verlos uit die Egiptiese slawerny. Moses was 'n middelaar vir sy volk, en dikwels het hy tussen hulle en die toorn van God gestaan. Toe die Here baie toornig was oor die ongeloof van Israel, hulle murmurering, en hulle snode sondes, is Moses se liefde vir Israel op die proef gestel.

- 163 -

God het besluit om hulle te verdelg en van hom 'n magtige volk te maak. Moses het sy liefde vir Israel getoon deur sy ernstige pleidooi vir hulle behoud. In sy droefheid het hy God gebid om Sy toorngloed op hom te laat neerkom, en om Israel te vergewe, of so nie, om sy naam uit te delg uit Sy boek.

Toe Israel teen God en teen Moses gemurmureer het omdat hulle geen water kon kry nie, het hulle hom daarvan beskuldig dat hy hulle gelei het om hulle en hulle kinders te laat sterf. God het hulle murmurering gehoor

en Moses gebied om tot die rots te spreek sodat die mense water kon kry. In sy woede het Moses die rots geslaan, en die heerlikheid vir homself geneem. Die gedurige gemor van die kinders van Israel het hom die grootste droefheid besorg, en vir 'n tydjie het hy vergeet hoeveel die Here reeds van hulle verdra het, en dat hulle gekla nie teen hom was nie, maar teen God. Hy het slegs aan homself gedink, hoe hy verontreg is, en hoe min dankbaarheid hulle getoon het as loon vir sy groot liefde vir hulle.

Dit was Gods plan om Sy volk dikwels in moeilike plekke te bring, en hulle dan in hulle nood deur Sy krag te verlos, sodat hulle 'n besef kon kry van Sy liefde en sorg vir hulle. Maar Moses het nagelaat om God te eer en Sy Naam groot te maak voor Sy volk sodat hulle Hom mag verheerlik. Daardeur het hy God mishaag.

Toe Moses van die berg af gekom het met die twee kliptafels, en sien hoedat Israel die goue kalf aanbid, het hy baie kwaad geword en die kliptafels neergegooi sodat hulle gebreek het. Ek het gesien dat Moses in hierdie geval nie gesondig het nie. Hy het namens God kwaad geword, en hy het hom beywer vir Sy heerlikheid. Maar toe hy toegegee het aan die natuurlike gevoelens van sy hart en vir homself die eer geneem het wat God toegekom het, het hy gesondig, en vir daardie sonde sou God hom nie toelaat om die land Kanaän binne te gaan nie.

- 164 -

Die Satan het getrag om iets te kry waarvoor hy Moses kon beskuldig voor die engele. Hy was baie bly oor sy sukses toe hy hom gelei het om God te mishaag, en hy het aan die engele gesê dat hy ook die Verlosser van die wêreld sou oorwin wanneer Hy kom om die mens te verlos. Weens sy oortreding het Moses onder die mag van die Satan gekom–naamlik die heerskappy van die dood. As hy getrou gebly het, sou die Here hom in die beloofde land gebring het, en Hy sou hom na die hemel geneem het sonder om die dood te smaak.

Moses het gesterf, maar Migael het neergedaal om hom lewendig te maak voordat sy liggaam die verderf gesien het. Die Satan het geprobeer om die liggaam te hou, en hy het daarop aanspraak gemaak as syne; maar Migael het Moses opgewek en na die hemel geneem. Die Satan het hom bitterlik hierteen verset en teen God uitgevaar dat Hy onregverdig is deur toe te laat dat sy prooi hom ontneem word; maar Christus het nie Sy teenstander bestraf nie, alhoewel dit ten gevolge van sy versoeking was dat die dienaar van God geval het. Sagmoedig het Hy die Satan na Sy Vader verwys, en gesê, "Die Here bestraf jou!"



Jesus het aan Sy dissipels gesê dat daar sommige by Hom staan wat die dood nie sou sien voordat hulle die koninkryk van God sou sien kom met krag nie. By die verheerliking is hierdie belofte vervul. Die gelaat van Jesus is daar verander, en dit het geblink soos die son. Sy kleed was wit en het geglinster. Moses was teenwoordig as verteenwoordiger van diegene wat uit die dode opgewek sou word by die wederkoms van Christus. Elia, wat verheerlik is sonder om die dood te sien, het diegene verteenwoordig wat in onsterflikheid verander sal word by die tweede koms van Christus, en na die hemel geneem sal word sonder om die dood te sien. Die dissipels het met vrees en verbasing die majesteit van Jesus aanskou, en die wolk wat hulle oorskadu het, en hulle het die stem in vreeslike majesteit hoor sê, "Dit is My geliefde Seun, luister na Hom."

# CHRISTUS VERRAAI

- 165 -

Ek is gebring tot die tyd toe Jesus die Pasga geëet het saam met Sy dissipels. Die Satan het Judas bedrieg en hom gelei om te dink dat hy een van Christus se ware dissipels was; maar sy hart was maar altyd vleeslik. Hy het die magtige werke van Jesus gesien; hy was saam met Hom in Sy bediening, en hy het die oorweldigende getuienis aangeneem dat: Hy die Messias was; maar Judas was suinig en inhalig; hy het geld liefgehad. Hy was kwaad oor die kosbare salf wat op Jesus uitgegiet is. Maria het haar Here liefgehad. Hy het haar sondes vergewe, en dit was baie, en Hy het haar broer uit die dode opgewek, en sy het gevoel dat niks te kosbaar was om aan Jesus te gee nie. Hoe kosbaarder die salf, hoe beter kon sy daardeur haar dankbaarheid aan die Heiland toon. As dekmantel vir sy inhaligheid, het Judas aangevoer dat dit verkoop moes gewees het, en dat die geld aan die armes gegee moes gewees het. Maar dit was nie omdat hy enige gevoel vir die armes gehad het nie, want hy was selfsugtig, en dikwels het hy van die geld vir homself geneem wat hy in bewaring gehad het vir die armes. Judas het hom nie bekommer oor die gerief en selfs die behoeftes van Jesus nie, en om sy hebsugtigheid te bedek, het hy dikwels van die armes gepraat. Hierdie gulhartige daad van Maria was 'n skerp bestraffing van sy inhalige geaardheid. Die weg is berei vir die versoeking van die Satan om ingang te kry tot die hart van Judas.

Die priesters en owerstes van die Jode het Jesus gehaat; maar menigtes het na Hom gekom om Sy woorde van wysheid te hoor, en Sy magtige werke te sien. Die uiterste belangstelling van die mense is opgewek, en hulle het Jesus gretig gevolg om die leer te hoor van hierdie wonderbare leraar.

- 166 -

Baie van die owerstes het in Hom geglo, maar hulle was bang om hulle geloof te bely sodat hulle nie miskien uit die sinagoge gewerp sou word nie. Die priesters en owerstes het besluit dat iets gedoen moes word om die aandag van die mense af te trek van Jesus. Hulle het gevrees dat al die mense in Hom sou glo. Hulle kon geen veiligheid vir hulleself sien nie. Hulle moes òf hulle posisie verloor, òf hulle moes Jesus om die lewe bring. En nadat hulle Hom om die lewe gebring het, sou daar nog diegene wees

wat lewende monumente is van Sy krag. Jesus het Lasarus uit die dode opgewek, en hulle het gevrees dat as hulle Jesus om die lewe sou bring, sou Lasarus getuig van Sy groot krag. Die mense het toegestroom om die man te sien wat uit die dode opgewek is, en die owerstes het besluit om ook Lasarus dood te maak, en so die opwinding te demp. Daarna sou hulle die mense terugbring na die tradisies en leringe van mense, die vertiening van kruisement en wynruit, om so weer invloed oor hulle te hê. Hulle het besluit om Jesus gevange te neem as Hy alleen is, want as hulle sou probeer om Hom by die skare te neem, terwyl die mense se belangstelling in Hom so groot was, sou hulle moontlik gestenig word.

Judas het geweet hoe graag hulle Jesus in die hande wou kry, en hy het aangebied om Hom in die hande van die owerpriesters en ouderlinge te verraai vir 'n paar silwer geldstukke. Sy liefde vir geld het hom laat instem om sy Here te verraai in die hande van Sy bitterste vyande. Die Satan het regstreeks deur Judas gewerk, en daar by die indrukwekkende toneel van die laaste avondmaal, was die verraaier besig met sy planne om Sy Meester te verraai. In droefheid het Jesus aan Sy dissipels gesê dat almal daardie aand aan Hom sal aanstoot neem. Maar Petrus het heftig verklaar dat al sou al die ander aanstoot neem, sou hy dit nie doen nie. Jesus het aan hom gesê: "Die Satan het vurig begeer om jou soos koring te sif. Maar Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie mag ophou nie; en as jy eendag bekeerd is, moet jy jou broeders versterk." Lukas 22:31,32.

- 167 -

Ek het Jesus in die tuin gesien met Sy dissipels. In groot droefheid het Hy hulle gevra om te waak en te bid sodat hulle nie in versoeking kom nie. Hy het geweet dat hulle geloof beproef sou word, hulle hoop teleurgestel, en dat hulle al die krag wat hulle kan kry deur te waak en te bid, sou nodig hê. Met sterk geroep en geween het Jesus gebid, "Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem! Laat nogtans nie My wil nie, maar U wil geskied" Die Seun van God het in angs gebid. Groot druppels bloed het op Sy voorhof gestaan en op die grond geval. Engele het oor die plek gesweef, die toneel gesien, maar net een het opdrag gehad om die Seun van God te gaan versterk in Sy lyde. Daar was geen vreugde in die hemel nie. Die engele het hulle krone en harpe neergegooi, en stil en met die grootste belangstelling het hulle Jesus gadegeslaan. Hulle wou graag die Seun van God omring, maar die bevelvoerende engel wou hulle nie toelaat nie, want as hulle sou sien hoedat Hy verraai word, sou hulle Hom miskien wou verlos; die verlossingsplan is opgestel, en dit moes vervul word.



Nadat Jesus gebid het, het Hy na Sy dissipels gekom, maar hulle het geslaap. In daardie vreeslike uur het Hy nie die medelyde en gebede van selfs Sy dissipels gehad nie. Petrus, wat 'n rukkie tevore nog so ywerig was, was vas aan die slaap. Jesus het hom herinner aan sy positiewe verklarings, en het aan hom gesê, "So was julle dan nie in staat om een uur saam met My te waak nie?" Driemaal het die Seun van God in angs gebid. Toe het Judas met sy bende hulle verskyning gemaak. Hy het sy Meester soos gewoonlik genader en Hom gegroet. Die bende het Jesus omring, maar toe het Hy Sy goddelike krag geopenbaar, en gevra, "Wie soek julle?" "Dit is Ek." Hulle het teruggedeins en op die grond neergeval. Jesus het hierdie vraag gestel sodat hulle Sy krag kon sien en die bewys kon hê dat Hy Homself uit hulle hande kon verlos as Hy wou.

Die dissipels se hoop het herleef toe hulle sien hoedat die

- 168 -

skare met hulle swaarde en stokke so vinnig teen die grond val. Toe hulle opstaan en weer die Seun van God omring, het Petrus sy swaard uitgetrek en die kneg van die hoëpriester se oor afgekap. Jesus het Hom beveel om sy swaard weer in die skede te steek, en gesê, "Dink jy dat Ek nie nou My Vader kan bid, en Hy sal vir My meer as twaalf legioene van engele beskikbaar stel nie?" Toe hierdie woorde gespreek is, het ek gesien dat die aangesigte van die engele opgeflikker het met hoop. Daar en dan het hulle begeer om hulle Aanvoerder te omring en om die bose skare uitmekaar te jaag. Maar weer het droefheid oor hulle gekom toe Jesus bygevoeg het, maar "hoe sou die Skrifte dan vervul word, dat dit so moet gebeur?" Die moed van die dissipels het ook in wanhoop en bitter teleurstelling gesak toe Jesus toegelaat het dat Sy vyande Hom wegneem.

Die dissipels het gevrees vir hulle eie lewens, en hulle het Hom almal verlaat en gevlug. Jesus is alleen gelaat in die hande van die moorddadige bende. O, wat 'n oorwinning was dit vir die Satan! En hoe droefgeestig was die engele van God! Baie afdelings heilige engele, elk aangevoer deur 'n groot bevelvoerende engel aan hulle hoof, is gestuur om toeskouers te wees by die toneel. Hulle moes elke belediging aanteken, en elke mishandeling van die Seun van God; ook moes hulle al die angs aanteken wat Jesus sou ly; want daardie einste manne wat 'n rol gespeel het in daardie

vreeslike toneel, sal dit alles weer in lewende karakters sien.

---



# DIE VERHOOR VAN CHRISTUS

- 169 -

Die engele, toe hulle die hemel verlaat het, het in droefheid hulle blink krone afgehaal. Hulle kon nie hulle krone dra terwyl hulle Aanvoerder ly, en 'n doringkroon dra nie. Die Satan en sy engele was in die geregsaal besig om alle menslike gevoelens en medelyde te vernietig. Die lug was swaar en besoedel deur hulle teenwoordigheid. Die owerpriesters en ouderlinge is deur hulle besiel om Jesus te beledig en te mishandel op 'n wyse wat vir die menslike natuur byna ondraaglik was. Die Satan het gehoop dat sulke smaad en geweld die Seun van God sou beweeg om te kla en te murmureer, of om gebruik te maak van Sy goddelike krag om Homself te bevry uit die mag van die skare, sodat die verlossingsplan tog uiteindelik sal misluk.

Petrus het sy Here nog gevolg ná Hy verraai is. Hy wou graag sien wat hulle met Jesus sou doen. Maar toe hy daarvan beskuldig is dat hy een van Sy dissipels is, het hy uit vrees vir sy eie veiligheid verklaar dat hy die man glad nie ken nie. 'n Kenmerk van die dissipels was die reinheid van hulle taal, maar Petrus, om sy beskuldigers te oortuig dat hy nie een van Christus se dissipels was nie, het dit die derde maal ontken deur homself te verwens en te sweer. Jesus, wat 'n entjie van Petrus af gestaan het, het hom met 'n droewige en bestraffende blik betrag. Toe het die dissipel die woorde onthou wat Jesus aan hom gesê het in die bovertrek, en ook sy eie besliste verklaring, "Al sal almal ook aanstoot aan U neem, ek sal nooit aanstoot neem nie." Hy het sy Here verloën met vloeke; maar daardie aanblik van Jesus het Petrus se hart laat versmelt, en dit was sy redding. Hy het bitterlik geween en berou gehad oor sy groot sonde;

- 170 -

hy het tot bekering gekom, en toe was hy in staat om sy broeders te versterk.

Die skare het geroep om die bloed van Jesus. Wreed het hulle Hom gegésel; hulle het Hom die ou purper koninklike kleed aangetrek, en die doringkroon op Sy heilige hoof gesit. Hulle het 'n riet in Sy hand gegee, voor Hom neergebuig, en Hom spottend gegroet deur te sê, "Wees gegroet, Koning van die Jode!" Toe het hulle die riet uit Sy hand geneem en Hom daarmee oor die hoof geslaan, sodat die dorings diep in Sy slape

gesteek en die bloed teen Sy baard laat afstroom het.

Die engele kon kwalik die toneel verduur. Hulle sou Jesus verlos het, maar die bevelvoerende engele het hulle belet deur te sê dat dit 'n baie groot losprys is wat betaal moet word vir die mens, maar dat dit voldoende sou wees, en die dood sou verseker van die een wat die mag van die dood het. Jesus het geweet dat die engele toeskouers was by die toneel van Sy vernedering. Die swakste engel sou die spottende menigte magteloos op die grond kon laat neerval, en Jesus verlos het. Hy het geweet dat as Hy dit van Sy Vader begeer het, sou die engele Hom dadelik verlos. Maar dit was nodig dat Hy die geweld van bose mense moes verduur ten einde die verlossingsplan te volvoer.

Jesus het sagmoedig en nederig gestaan voor die verwoede skare, terwyl hulle Hom op die liederlikste wyse beledig het. Hulle het in Sy gesig gespuug—daardie gelaat waarvoor hulle eendag sal wil wegkruip, wat die Godstad sal verlig, en heerliker as die son sal skyn. Christus het nie Sy martelaars kwaadaardig aangekyk nie. Hulle het 'n ou kleed oor Sy hoof gegooi sodat Hy nie kon sien nie, en toe het hulle Hom in die gesig geslaan, en vir Hom geskreeu, "Profeteer wie dit is wat U geslaan het?" Daar was beroering onder die engele. Hulle sou Hom dadelik verlos het; maar hulle bevelvoerende engele het hulle teruggehou.

- 171 -

Sommige van die dissipels het die moed gehad om in die saal in te gaan waar Jesus was, om Sy verhoor te sien. Hulle het verwag dat Hy Sy goddelike mag sou openbaar om Homself uit die hande van Sy vyande te verlos, en hulle te straf vir hulle wreedheid teenoor Hom. Hulle hoop het opgevlam, of verflou, namate hulle die verskillende tonele gesien het. Met tye het hulle getwyfel en gevrees dat hulle mislei is. Maar die stem wat gehoor is by die berg van verheerliking, en die heerlikheid wat hulle gesien het, het hulle geloof versterk dat Hy die Seun van God was. Hulle het hulle weer die tonele wat hulle gesien het, voor die gees geroep, naamlik die wonderwerke wat hulle Jesus sien doen het in die genesing van die siekes, die opening van die oë van die blindes, en die ore van die dowes, die bestraffing en uitwerping van duiwels, die opwekking van die dode, en die stilmaak van die wind en die see. Hulle kon nie glo dat Hy sou sterf nie. Hulle het gehoop dat Hy nog in krag sou opstaan en die bloeddorstige skare sou gebied om uitmekaar te gaan, soos Hy gedoen het toe Hy die



tempel binnegegaan en diegene uitgedryf het wat van die huis van God 'n handelshuis gemaak het, en hulle voor Hom uitgevlug het asof hulle deur 'n afdeling gewapende soldate verjaag is. Die dissipels het gehoop dat Jesus Sy mag sou openbaar om almal te oortuig dat Hy die Koning van Israel was.

Judas was vervul met bittere berou en skaamte oor sy vreeslike daad om Jesus te verraai. En toe hy die mishandeling sien wat die Heiland moes verduur, was dit te veel vir hom. Hy het Jesus liefgehad, maar hy het geld meer liefgehad. Hy het nie gedink dat Jesus sou toelaat dat die skare wat hy gelei het Hom gevange sou neem nie. Hy het verwag dat Hy 'n wonder sou doen en Homself van hulle sou verlos. Maar toe hy die verwoede skare in die geregsaal sien, wat gedors het na Sy bloed, het hy sy skuld diep besef; en terwyl vele Jesus heftig beskuldig het, het Judas sy weg deur die skare gebaan,

- 172 -

en bely dat hy gesondig het deur onskuldige bloed te verraai. Hy het aan die priesters die geld teruggegee wat hulle hom betaal het, en hulle gesmeek om Jesus los te laat, en verklaar dat Hy absoluut onskuldig is.

Vir 'n kort rukkie was die priesters so vererg en verward dat hulle stilgebly het. Hulle wou nie hê dat die mense moes weet dat hulle een van Jesus se volgelinge gehuur het om Hom in hulle hande te verraai nie. Die feit dat hulle op Jesus jag gemaak het soos op 'n dief, en Hom heimelik gevange geneem het, wou hulle graag wegsteek. Maar die belydenis van Judas, en sy vervalle, skuldige gelaat, het die priesters voor die skare aan die kaak gestel, en bewys dat dit haat was wat hulle beweeg het om Jesus te laat vang. Toe Judas hardop verklaar het dat Jesus onskuldig was, het die priesters geantwoord, "Wat gaan dit ons aan? Jy kan toesien." Hulle het Jesus in hulle mag gehad, en hulle sou sorg dat Hy nie weer loskom nie. Judas, oorweldig deur angs, het die geld wat hy nou verag het aan die voete van diegene wat hom gehuur het, neergegooi en in angs en vrees het hy homself gaan ophang.

Jesus het baie simpatiseerders gehad onder die skare rondom Hom, en die feit dat Hy niks geantwoord het op die baie vrae wat aan Hom gestel is nie, het die skare verbaas. Onder al die gespot en geweld van die gepeupel, was daar geen frons of teken van onrus op Sy gelaat nie. Hy was waardig en kalm. Die toeskouers het Hom met bewondering betrag. Hulle het

Sy volmaakte gestalte en waardige houding vergelyk met die voorkomste van diegene wat as regters oor Hom gesit het, en hulle het vir mekaar gesê dat Hy meer soos 'n koning gelyk het as enige van die owerstes. Hy het geen tekens getoon dat Hy 'n misdadiger was nie. Sy oë was sag, helder, vasberade, en Sy voorhoof was breed en hoog. Al Sy gelaatstrekke het getuig van goedwilligheid, en edelheid van beginsel. Sy lydsaamheid en verdraagsaamheid was so anders as die van die mens dat vele gesidder het. Selfs Herodes en Pilatus het ongemaklik gevoel ten gevolge van Sy edele, goddelike houding.

- 173 -

Reeds van die begin af was Pilatus oortuig dat Hy nie 'n gewone mens was nie. Hy het geglo dat Sy karakter onbesproke was, en dat Hy heeltemal onskuldig was aan die aanklagte wat teen Hom ingebring is. Die engele wat daar op die toneel was, het die oortuigings van die Romeinse goewerneur gesien, en om hom te weerhou om geen aandeel te hê in die oorlewering van Christus om gekruisig te word nie, is 'n engel gestuur na Pilatus se vrou, wat haar in 'n droom ingelig het dat dit die Seun van God was met wie se verhoor haar eggenoot besig was, en dat Hy onskuldig is. Dadelik het sy 'n boodskap aan Pilatus gestuur, en gesê dat sy baie dinge gely het in 'n droom ten opsigte van Jesus, en sy het hom gewaarsku om niks met daardie heilige Mens te doen te hê nie. Die boodskapper, wat haastig deur die skare gedring het, het die brief in die hande van Pilatus gegee. Terwyl hy dit gelees het, het hy gebewe en bleek geword, en dadelik het hy besluit om niks te doen te hê met die dood van Christus nie. As die Jode die bloed van Jesus wou vergiet, sou hy nie sy goedkeuring gee nie, maar hy sou hom beywer om Hom los te laat.

Toe Pilatus hoor dat Herodes in Jerusalem is, het dit vir hom groot verligting gebring; want hy het gehoop om alle verantwoordelikheid te ontduik in verband met die verhoor en veroordeling van Jesus. Hy het Jesus, en Sy aanklaers dadelik na Herodes gestuur. Hierdie heerser was verhard in die sonde. Die onthoofding van Johannes die Doper het 'n klad op sy gewete gelaat wat hy nie kon uitwis nie. Toe hy van Jesus hoor en die magtige werke wat Hy gedoen het, het hy gevrees en gebewe, want hy het gedink dat dit Johannes die Doper was wat uit die dode opgestaan het. Toe Jesus in sy hande oorgegee is deur Pilatus, het Herodes die daad geneem as 'n erkenning van sy mag, gesag, en oordeel. Dit het die twee heersers versoen, want hulle was vyande. Herodes was bly om Jesus te sien, en hy het verwag dat Hy 'n groot wonderwerk sou doen om hom tevrede te stel.



- 174 -

Maar dit was nie Jesus se werk om nuuskierigheid te bevredig, of Sy eie veiligheid te soek nie. Sy goddelike, wonderwerkende krag sou gebruik word vir die verlossing van ander, maar nie vir Homself nie.

Jesus het niks geantwoord op die baie vrae wat Herodes Hom gestel het nie; ook het Hy nie Sy vyande wat Hom heftig beskuldig het, geantwoord nie. Herodes het hom vererg omdat Jesus skynbaar nie sy mag gevrees het nie, en met sy soldate het hy die Seun van God verag, bespot, en mishandel. Maar hy was nogtans verbaas oor die edele, goddelike houding van Jesus onder die skaamtelose mishandeling, en omdat hy gevrees het om Hom te veroordeel, het hy Hom weer teruggestuur na Pilatus.

Die Satan en sy engele het Pilatus versoek en geprobeer om hom te lei om sy eie ondergang te bewerkstellig. Hulle het aan hom gesê dat as hy nie deelneem aan die veroordeling van Jesus nie, sou ander dit doen; die skare het gedors na Jesus se bloed, en as hy Hom nie oorlewer om gekruisig te word nie, sou hy sy gesag en wêreldse eer verloor, en hy sou beskuldig word dat hy 'n volgeling van die bedrieër is. Uit vrees dat hy sy mag en gesag sou verloor, het Pilatus toegestem tot die dood van Jesus. En alhoewel hy die bloed van Jesus op Sy aanklaers laat neerkom het, en die skare dit aanvaar en uitgeroep het, "Laat Sy bloed op ons en ons kinders kom," het dit Pilatus nie verskoon nie; hy was skuldig aan die bloed van Christus. Vir die bevordering van sy eie selfsugtige belange, en weens sy liefde vir die eer van die groot manne van die wêreld, het hy 'n onskuldige man oorgelewer om te sterf. As Pilatus sou gehandel het volgens sy oortuigings, sou hy geen aandeel gehad het in die veroordeling van Jesus nie.

Die voorkoms en woorde van Jesus tydens Sy verhoor het 'n diep indruk gemaak op die gemoed van baie wat daar teenwoordig was. Die gevolge van die invloed wat daar uitgeoefen is, was kenbaar ná Sy opstanding. Onder diegene wat toe by die kerk aangesluit het, was daar vele wie se oortuiging gekom het gedurende die verhoor van Jesus.

- 175 -

Die Satan se woede was groot toe hy sien dat al die wreedheid wat

hy die Jode beweeg het om Jesus aan te doen, geen verset van Sy kant uitgelok het nie. Alhoewel Hy die menslike natuur aangeneem het, is Hy ondersteun deur 'n goddelike sielsterkte, en Hy het geensins afgewyk van die wil van Sy Vader nie.

---



# DIE KRUISIGING VAN CHRISTUS

Die Seun van God is aan die mense oorgelewer om gekruisig te word; met oorwinnings krete het hulle die liefdevolle Heiland weggelei. Hy was swak en uitgeput deur die pyn, die géseling, die verlies van bloed, en die slae wat Hy ontvang het; en nogtans is die swaar kruis waaraan Hy eerlank gekruisig sou word, op Sy skouers gelê. Jesus het beswyk onder die las. Driemaal is die kruis op Hom gelê, en driemaal het Hy flou neergesak. Een van Sy volgelinge–'n man wat nie openlik sy geloof in Christus bely het nie, maar wat tog in Hom geglo het, is beveel om die kruis te dra. Dit is op hom geplaas, en hy het dit gedra na die plek. In die lug bokant die plek was daar afdelings engele. 'n Aantal van Christus se dissipels het Hom na Golgota gevolg, met droefheid en bitter geween. Hulle het gedink aan Sy triomfantlike intog in Jerusalem 'n klein rukkie tevore, toe hulle Hom gevolg en uitgeroep het, "Hosanna in die hoogste hemele!" en hulle klere, en palmtakke voor Hom gesprei het. Hulle het gemeen dat Hy toe die koninkryk sou neem en as tydelike vors oor Israel sou regeer. Maar hoe het die toneel verander! Hoe is hulle hoop verpletter! Nie met blydskap nie en nie met blye hoop nie, maar met harte vol vrees en wanhoop het hulle Hom gevolg wat nou so verneder was en eerlank sou sterf.

- 176 -

Die moeder van Jesus was daar. Haar hart was deurboor met angs soos 'n liefdevolle moeder dit alleen kon voel; maar saam met die dissipels het sy nog gehoop dat Christus Homself deur 'n magtige wonderwerk sou bevry van Sy moordenaars. Die gedagte dat Hy sou toelaat dat hulle Hom kruisig, was vir haar te veel. Maar die reëlings is getref, en Jesus is op die kruis uitgestrek. Die hamer en die spykers is gebring.

Die harte van die dissipels het binne-in hulle beswyk. Die droefheid van die moeder van Jesus was ondraaglik. Voordat die Heiland aan die kruis genael is, het die dissipels haar van die toneel weggedra, sodat sy nie kon hoor hoe die spykers deur die bene en spiere van Sy hande en voete geslaan word nie. Jesus het nie gekla nie, maar Hy het gekreun van pyn. Sy gelaat was bleek, en groot druppels sweet het op Sy voorhoof gestaan. Die Satan het hom verheug in die lyde wat die Seun van God moes verduur, maar tog het hy gevrees dat sy pogings om die verlossingsplan te laat misluk tevergeefs was, dat sy koninkryk verlore was, en dat hy uiteindelik sou vernietig word.

Nadat Jesus aan die kruis genael is, is dit opgetel en in die gat laat sak wat daarvoor gegrawe is; dit het die vlees van Jesus verder geskeur en verskriklike pyn veroorsaak. Om die dood van Jesus nog skandeliker te maak, is twee diewe saam met Hom gekruisig–een aan elke kant. Die diewe is met geweld geneem na baie weerstand van hulle kant; hulle arms is teruggedruk en vasgespyker. Maar Jesus het Hom nie teëgesit nie. Dit was nie nodig om Sy arms terug te druk op die kruis nie. Terwyl die diewe die laksmanne gevloek het, het die Heiland in pyn vir Sy vyande gebid, "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie." Dit was nie slegs liggaamlike foltering wat Christus gely het nie; die sondes van die hele wêreld is op Hom gelê.

- 177 -

Terwyl Jesus daar aan die kruis gehang het, het sommige van die verbygangers Hom gesmaad; hulle het hulle hoofde gebuig soos vir 'n koning, en vir Hom gesê, "U wat die tempel afbreek en in drie dae opbou, red Uself! As U die Seun van God is, kom af van die kruis!" Die Satan het dieselfde woorde gebesig teen Christus in die woestyn - "As U die Seun van God is." Die owerpriesters en ouderlinge en skrifgeleerdes het spottend gesê, "Ander het Hy gered, Homself kan Hy nie red nie. As Hy die Koning van Israel is, laat Hy nou van die kruis afkom, en ons sal in Hom glo." Die engele wat gesweef het oor die toneel van Christus se kruisiging was verontwaardig toe die owerstes spottend aan Hom gesê het, "As Hy die Seun van God is, laat Hy Homself verlos." Hoe het hulle gewens dat hulle Jesus kon red, maar hulle is nie toegelaat om dit te doen nie. Die doel van Sy sending was nog nie vervul nie.

Terwyl Jesus deur daardie lang ure van foltering aan die kruis gehang het, het Hy nie Sy moeder vergeet nie. Sy het teruggekom na daardie vreeslike toneel, want sy kon nie langer van haar seun af wegbly nie. Die laaste les van Jesus was een van ontferming en menslikheid. Hy het die droewige gelaat van Sy moeder aangekyk, en toe het Hy gekyk na Sy geliefde dissipel Johannes. Aan Sy moeder het Hy gesê, ",Vrou, daar is jou seun!" En toe het Hy aan Johannes gesê, "Daar is jou moeder!" En van daardie uur af het Johannes haar in sy huis geneem.

In Sy foltering het Jesus dors gekry, en hulle het Hom asyn met gal gemeng, gegee om te drink; maar toe Hy daaraan geproe het, wou Hy dit nie hê nie. Die engele het die lyde gesien van hulle geliefde Aanvoerder totdat



hulle dit nie langer meer kon uithou nie, en hulle het hulle aangesigte bedek van die skouspel. Die son het geweier om te kyk na daardie vreeslike toneel. Jesus het met 'n groot stem geroep wat die harte van Sy moordenaars laat sidder het, "Dit is *volbring!"* Toe is die voorhangsel van die tempel geskeur van

- 178 -

bo tot onder; die aarde het gebewe, en die rotse is losgeskeur. Daar was groot duisternis oor die aarde. Dit het geskyn of die laaste hoop van die dissipels weggeveeg is toe Jesus gesterf het. Baie van Sy navolgers was teenwoordig by die toneel van Sy lyde en dood, en hulle beker van droefheid was vol.

Die Satan was nie toe so bly soos hy eers was nie. Hy het gehoop om die verlossingsplan te laat misluk; maar die grondslag daarvan was te heg. En nou, deur die dood van Christus, het hy geweet dat hy self ook uiteindelik sal moet sterf, en sy koninkryk aan Jesus gegee sal word. Hy het beraadslaag met sy engele. Hy het niks uitgerig teen die Seun van God nie, en nou sal dit vir hulle nodig wees om hulle pogings te verskerp, en om met hulle krag en lis teen Sy navolgers te werk. Hulle moes soveel as wat hulle kon, belet om die verlossing aan te neem wat deur Jesus vir hulle gekoop is. Deur dit te doen sou die Satan nog teen die regering van God kon werk. Dit sou ook in sy eie belang wees om soveel mense van Jesus af weg te hou as moontlik. Want die sondes van diegene wat vry gekoop is deur die bloed van Christus sal uiteindelik gelê word op die een wat die sonde begin het, en hy sal die straf moet dra, terwyl diegene wat nie die verlossing van Jesus aangeneem het nie, die straf van hulle eie sondes sal moet dra.

Die lewe van Christus het nooit gepaard gegaan met wêreldse rykdom, eer, of vertoon nie. Sy nederigheid en selfverloëning vorm 'n skerp teenstelling met die hoogmoed en selfbevrediging van die priesters en ouderlinge. Sy vlekkelose reinheid was 'n gedurige bestraffing van hulle sondes. Hulle het Hom verag oor Sy nederigheid, heiligheid, en reinheid. Maar diegene wat Hom hier verag het, sal Hom eendag sien in die heerlikheid van die hemel en die onoortreflike heerlikheid van Sy Vader.

In die geregsaal was Hy omring van vyande wat gedors het na Sy bloed; maar daardie verhardes wat uitgeroep het, "Laat Sy bloed op ons en ons kinders kom," sal Hom sien as 'n geëerde Koning.

- 179 -

Die ganse leërskare van die hemel sal Hom op Sy weg begelei met oorwinningsliedere, en lof en majesteit toebring aan Hom wat gedood was, maar tog weer lewe as 'n magtige oorwinnaar.

Armsalige, swak, ellendige mense het gespuug in die gesig van die Koning van die heerlikheid, terwyl 'n brutale oorwinnings kreet aangehef is deur die gepeupel oor die vernederende belediging. Daardie gelaat wat die ganse hemel vervul het met bewondering is deur hulle geskend met slae. Hulle sal weer daardie aangesig sien, blinkend soos die middagson, en hulle sal wegvlug daarvoor. Pleks van die geskreeu van brutale oorwinning, sal hulle rou bedryf oor Hom.

Jesus sal Sy hande, met die merke van die kruisiging, toon. Hy sal altyd die merke van daardie wrede mishandeling dra. Die merke van die spykers sal die verhaal vertel van die mens se wonderbaarlike verlossing en die verskriklike prys waarteen dit gekoop is. Daardie selfde manne wat die spies in die sy gesteek het van die Here van die lewe, sal daardie merkteken sien en hulle sal bitter ween oor die aandeel wat hulle gehad het aan die skending van Sy liggaam.

Sy moordenaars was baie vererg oor die opskrif: "Die Koning van die Jode," wat aan die kruis bokant Sy hoof aangebring is. Maar dan sal hulle verplig wees om Hom te aanskou in al Sy heerlikheid en koninklike mag. Op Sy kleed en op Sy heup sal in lewende letters geskryf staan, "Koning van die konings, en Here van die here." Hulle het Hom spottend aan die kruis toegeroep, "Laat die Christus, die Koning van Israel, nou van die kruis afkom, sodat ons kan sien en glo." Hulle sal Hom dan sien met koninklike mag en gesag. Dan sal hulle om geen bewys vra dat Hy Koning van Israel is nie; maar oorweldig deur 'n besef van Sy majesteit en alles oortreffende heerlikheid, sal hulle gedwonge wees om te erken, "Salig is Hy wat kom in die Naam van die Here."

- 180 -

Die skudding van die aarde, die skeuring van die rotse, die duisternis wat oor die aarde gekom het, en die groot stem van Jesus toe Hy net vóór Sy dood uitgeroep het, "Dit is volbring," het Sy vyande ontstel en Sy moordenaars laat sidder. Die dissipels wou graag weet wat hierdie sonderlinge gebeurtenisse beteken het; maar hulle hoop was verpletter. Hulle het gevrees dat die Jode sou trag om hulle ook om die lewe te bring. Hulle was seker dat sulke haat soos wat teen die Seun van God geopenbaar is, nie by Hom sou eindig nie. Hulle het baie eensame ure deurgebring, wenende oor hulle teleurstelling. Hulle het verwag dat Jesus soos 'n aardse Vors sou regeer, maar hulle hoop het saam met Hom gesterf. In hulle droefheid en teleurstelling, het die vraag by hulle ontstaan of Hy hulle nie miskien bedrieg het nie. Selfs Sy moeder se geloof in Hom as die Messias het begin wankel.



Alhoewel die dissipels se hoop aangaande Jesus teleurgestel is, het hulle Hom nogtans liefgehad, en wou hulle Sy liggaam met eer begrawe, maar hulle het nie geweet hoe hulle dit sou regkry nie. Josef van Arimathea, 'n ryk en invloedryke raadsman van die Jode, en 'n ware dissipel van Jesus, het heimlik, dog onverskrokke na Pilatus gegaan, en hom gevra of hy die liggaam van die Heiland kon kry. Hy kon dit nie waag om openlik te gaan nie, weens die haat van die Jode. Die dissipels het gevrees dat 'n poging sou aangewend word om hulle te belet om die liggaam van Jesus op 'n waardige wyse ter aarde te bestel. Pilatus het die versoek toegestaan, en die dissipels het die lewelose liggaam van die kruis afgehaal, bitter teleurgestel oor hulle verydelde hoop. Sorgvuldig het hulle die liggaam gewikkel in fyn linne, en dit gelê in Josef se nuwe graf.

Die vroue wat Christus nederig gevolg het in Sy lewe, wou Hom nie verlaat totdat hulle eers gesien het dat Hy in die graf gelê is en 'n groot klip in die ingang geplaas is, sodat Sy vyande Hom nie kon kom wegneem nie. Maar hulle vrees was onnodig; want ek het gesien dat 'n leërskare van engele met die grootste belangstelling waggehou het by die rusplek van Jesus,

- 181 -

terwyl hulle gewag het op die bevel om hulle rol te speel in die bevryding van die Koning van die heerlikheid uit Sy gevangenis.

Christus se moordenaars het gevrees dat Hy moontlik weer in die lewe kon terugkeer en op daardie wyse sou ontsnap. Hulle het dus vir Pilatus gevra om 'n wag by die graf te plaas tot die derde dag. Dit is toegestaan, en die klip in die ingang is verseël, sodat Sy dissipels nie miskien kom en Sy liggaam steel en sê dat Hy uit die dode opgestaan het nie.

# DIE OPSTANDING VAN CHRISTUS

Die dissipels het op die Sabbat gerus, en getreur oor die dood van hulle Here, terwyl Jesus, die Koning van heerlikheid, in die graf gelê het. Toe dit begin aand word, is 'n soldate-wag geplaas by die rusplek van die Heiland, terwyl engele, onsigbaar, oor die heilige plek gesweef het. Stadig het die nag verbygegaan, en terwyl dit nog donker was, het die engele-wag geweet dat die tyd vir die verlossing van Gods dierbare Seun, hulle geliefde Aanvoerder, byna daar was. Onderwyl hulle met die grootste aandoening gewag het op die uur van triomf, het 'n magtige engel vinnig van die hemel af aangevlieg gekom. Sy gelaat was soos die weerlig, en sy kleed was so wit soos sneeu. Sy lig het die duisternis verdryf op sy pad, en dit het die bose engele, wat aanspraak gemaak het op die liggaam van Jesus, in vrees laat vlug voor sy verblindende lig en heerlikheid. Een uit die skare van engele wat die toneel van Christus se vernedering aanskou het, en wat daar by Sy rusplek waggehou het, het aangesluit by die engel uit die hemel, en saam het hulle na die graf gegaan. Die aarde het geskud en gebewe toe hulle aankom, en daar was 'n groot aardbewing.

- 182 -

Die Romeinse wag was vreesbevange. Waar was nou hulle mag om die liggaam van Jesus te hou? Toe het hulle nie aan hulle plig gedink, of aan die moontlikheid dat die dissipels Sy liggaam mag steel nie. Terwyl die lig van die engele, wat helderder as die son geskyn het, alles daar verlig het, het die Romeinse wag op die grond neergeval soos dooie mense. Een van die engele het die klip beetgepak en dit weggerol voor die ingang van die graf, en hy het daarop gaan sit. Die ander een het die graf binnegegaan en die doek om Jesus se hoof afgehaal. Toe het die engel uit die hemel, met 'n groot stem wat die aarde laat bewe het, geroep, "Seun van God, U Vader roep U! Kom uit." Die dood kon nie langer oor Hom heerskappy voer nie. Jesus het uit die dode opgestaan, 'n groot oorwinnaar. Met die grootste eerbied het die engele die toneel aanskou. En terwyl Jesus uit die graf voortkom, het daardie skitterende engele hulle in die stof neergebuig in aanbidding, en hulle het Hom begroet met oorwinningsliedere.

Die engele van die Satan was verplig om te vlug voor die deurdringende lig van die hemelse engele, en hulle het bitter gaan kla by hulle koning omdat hulle prooi met sulke geweld van hulle ontneem is, en dat die, Een wat hulle so bitsig gehaat het, uit die dode opgestaan het. Die Satan en sy

leërskare het hulle verbly dat hulle mag oor die gevalle mens ten gevolg gehad het dat die Here van die lewe in die graf moes gelê word, maar hulle helse triomf was van korte duur. Want toe Jesus voortgekom het uit Sy gevangenis, 'n koninklike oorwinnaar, het die Satan geweet dat hy self na 'n tyd sal moet sterf, en dat sy koninkryk sou gaan na Hom wat reg het daarop. Hy was egter woedend dat Jesus, ondanks al sy pogings, nie oorwin is nie, maar die verlossings weg vir die mens geopen het, sodat almal wat dit wil bewandel, gered kon word.

Die bose engele en hulle aanvoerder het raad gehou om die vraag te

- 183 -

bespreek op watter manier hulle nog teen die regering van God kon werk. Die Satan het sy dienaars beveel om na die owerpriesters en ouderlinge te gaan. Hy het gesê: "Ons het daarin geslaag om hulle te bedrieg, hulle oë te verblind, en hulle harte teen Jesus te verhard. Ons het hulle laat glo dat Hy 'n bedrieër was. Daardie Romeinse wag sal die haatlike nuus bring dat Christus opgestaan het. Ons het die priesters en ouderlinge gelei om Jesus te haat en Hom om die lewe te bring. Laat hulle nou verstaan dat as dit bekend word dat Jesus opgestaan het, sal die mense hulle stenig omdat hulle 'n onskuldige man gedood het."

Toe die leërskare van hemelse engele die graf verlaat, en die lig van hulle heerlikheid verdwyn het, het die Romeinse wag dit gewaag om hulle hoofde op te lig en rond te kyk. Hulle was met verbasing vervul toe hulle sien dat die groot klip by die ingang van die graf weggerol, en dat die liggaam van Jesus weg was. Hulle is haastig na die stad om aan die priesters en ouderlinge te gaan vertel wat hulle gesien het. Terwyl daardie moordenaars geluister het na die wonderbaarlike rapport, het hulle gesigte verbleek. Hulle het gesidder van vrees by die gedagte aan wat hulle gedoen het. As die rapport waar is, is hulle verlore. Vir 'n tyd het hulle spraakloos gesit, en mekaar aangestaar sonder om te weet wat om te sê of te doen. Om die rapport aan te neem, was om hulleself te veroordeel. Hulle het opsy gegaan om te beraadslaag wat gedoen moet word. Hulle het geredeneer dat as die rapport van die wag onder die mense versprei word, sou diegene wat Christus gedood het, ook gedood word as Sy moordenaars. Daar is toe besluit om die soldate om te koop om die saak geheim te hou. Die priesters en ouderlinge het hulle 'n groot som geld aangebied, en gesê; "Julle moet sê: Sy dissipels het in die nag gekom en Hom gesteel



terwyl ons aan die slaap was." En toe die wag wou weet wat met hulle sou gebeur omdat hulle op hulle pos geslaap het, het die Joodse beamptes belowe om met die goewerneur te praat en hulle veiligheid te verseker.

- 184 -

Vir geld het die Romeinse wag hulle eer verkoop, en ingestem om te handel soos die priesters en ouderlinge voorgestel het.

Toe Jesus daar aan die kruis uitgeroep het, *"Dit is volbring,"* is die rotse losgeskeur, die aarde is geskud, en sommige van die grafte is geopen. Toe Hy opgestaan het as oorwinnaar oor die dood en die graf, en terwyl die aarde gebewe het en die heerlikheid van die hemel rondom daardie heilige plek geskyn het, het baie van die regverdige dode, in gehoorsaamheid aan Sy roepstem, voortgekom as getuies dat Hy opgestaan het. Daardie bevoorregte, verrese heiliges, het verheerlik voortgekom. Hulle was uitverkorenes en heiliges van elke eeu, van die skepping af tot die dae van Christus. Dus, terwyl die Joodse ouderlinge pogings aangewend het om die feit van Christus se opstanding te bedek, het God verkies om 'n aantal uit hulle grafte te laat opstaan om te getuig dat Jesus opgestaan het, en om Sy heerlikheid te verkondig.

Daardie verrese heiliges het verskil in lengte en voorkomste, sommige het 'n edeler voorkomste gehad as ander. Aan my is meegedeel dat die bewoners van die aarde steeds gedegenereer het, en hulle krag en aanvalligheid verloor het. Die Satan het die mag van siekte en die dood gehad, en namate die eeue verloop het, het die uitwerking van die vloek meer sigbaar geword, en die mag van die Satan kon duideliker gesien word. Diegene wat geleef het in die dae van Noag en Abraham het gelyk soos die engele in voorkomste, aanvalligheid, en sterkte. Maar die daaropvolgende geslagte het steeds swakker geword en vatbaarder vir siekte, en hulle lewens was korter. Die Satan het geleer hoe om die mensdom te teister en te verswak.

Diegene wat opgestaan het ná die opstanding van Jesus, het aan baie verskyn; hulle het vertel dat die opoffering vir die mens volkome was; dat Jesus, wat deur die Jode gekruisig is, opgestaan het uit die dode; en om te bewys dat hulle woorde waar is, het hulle verklaar, "Die Here het opgestaan, en ons het saam met Hom opgestaan." Hulle het getuig dat dit deur Sy krag was dat hulle tevoorskyn geroep is uit hulle grafte.

- 185 -

Ten spyte van die valse rapporte wat versprei is, kon die opstanding van Christus nie deur die Satan, sy engele, of die owerpriesters bedek word nie; want die heiliges wat uit die graf gebring is, het die wonderbaarlike en blye nuus versprei; en ook Jesus het Homself getoon aan Sy treurende, hartseer dissipels, sodat hulle vrees verban en groot blydskap in hulle harte gekom het.

Namate die nuus van stad tot stad en van dorp tot dorp versprei het, het die Jode op hulle beurt weer gevrees vir hulle eie lewe, en daarom het hulle die haat bedek wat hulle gekoester het teenoor die dissipels. Hulle enigste hoop was om die valse rapport te versprei. En diegene wat graag hierdie leuen wou glo, het dit aangeneem. Pilatus het gesidder toe hy hoor dat Jesus opgestaan het. Hy kon die getuienis wat gegee is, nie betwyfel nie, en van daardie uur af het hy nooit weer vrede gehad nie. Vir wêreldse eer, en omdat hy gevrees het dat hy sy gesag en sy lewe sou verloor, het hy Jesus oorgelewer in die dood. Hy was nou ten volle oortuig dat dit nie alleen 'n onskuldige man was wie se bloed hy laat vergiet het nie, maar dat dit die Seun van God was. Pilatus was miserabel tot sy dood toe, Angs en wanhoop het alle hoop en alle blydskap in sy lewe verpletter. Hy was troosteloos, en het 'n aaklige dood gesterf.

Die hart van Herodes[1] het nog meer verhard, en toe hy hoor dat Christus opgestaan het, was hy nie baie ontstel nie.

\- 186 -

Hy het Jakobus laat doodmaak, en toe hy sien dat dit die Jode behaag het, het hy ook Petrus laat vang met die doel om hom te dood. Maar God het werk vir Petrus gehad, en daarom het Hy Sy engel gestuur om hom te ver-

[1] Dit was Herodes Antipas wat deelgeneem het aan die verhoor van Christus, en dit was Herodes Agrippa wat Jakobus laat doodmaak het. Hy was die neef en swaer van Antipas. Deur intrige het hy die troon van Antipas vir homself verkry, en toe hy dit bestyg het, het hy dieselfde beleid teenoor die Christene gevolg as Antipas. In die Herodiaanse dinastie was daar ses persone van daardie naam. Dit was in 'n mate dus 'n algemene titel, en die persone is onderskei deur ander name soos bv. Antipas, Filippus, Agrippa ens. Dus sou ons ook spreek van Tsaar Ni kol aas, Tsaar Alexander ens. In hierdie geval is die term natuurlik en met reg gebruik, daar Agrippa, toe hy Jakobus laat doodmaak het, gesit het op die troon van Antipas wat 'n rukkie tevore deelgeneem het aan die verhoor van Christus; en hy het dieselfde karakter geopenbaar. Dit was dieselfde Herodiaanse gees, maar net in 'n ander persoon geopenbaar, net was die "draak" van Openbaring 12: 17 dieselfde is as die draak van vers 3, waar die besielende krag in albei gevalle die draak van vers 9 is. In die een geval het hy deur die mag van heidense Rome gewerk, en in die ander deur ons eie regering.



los. Die oordele van God het Herodes getref. Terwyl hy hom eendag weer verhef het voor 'n groot skare, het die engel van die Here hom getref, en hy het 'n vreeslike dood gesterf.

Vroeg in die more van die eerste dag van die week, nog voor dit lig was, het die heilige vroue na die graf gekom met speserye om die liggaam van Jesus te salf. Hulle het gevind dat die swaar klip voor die ingang van die graf weggerol, en die liggaam van Jesus weg was. Hulle moed het hulle begeef, en hulle het gevrees dat vyande die liggaam weggeneem het.

Skielik het hulle twee engele in wit klere en blinkende gesigte gesien. Hierdie hemelse wesens het geweet waarvoor die vroue gekom het, en het hulle dadelik meegedeel dat Jesus nie daar was nie; Hy het opgestaan, maar hulle het kom kyk na die plek waar Hy gelê het. Hulle het die vroue toe beveel om aan Sy dissipels te gaan vertel dat Hy hulle sou voorgaan na Galilea. Met vrees en groot blydskap het die vroue haastig teruggegaan na die treurende dissipels, en hulle die dinge vertel wat hulle gesien en gehoor het.

Die dissipels kon dit nie glo dat Christus opgestaan het nie, maar, vergesel van die vroue wat die berig gebring het, het hulle haastig na die graf gehardloop. Hulle het gevind dat Jesus nie daar was nie; hulle het Sy linne-kleed gesien, maar kon nie die goeie nuus glo dat Hy uit die dode opgestaan het nie.

\- 187 -

Hulle is huis toe, verwonderd oor wat hulle gesien het, en ook oor die rapport wat die vroue gebring het. Maar Maria het verkies om daar in die nabyheid van die graf te vertoef, peinsende oor wat sy gesien het, en ontstel deur die gedagte dat sy miskien bedrieg kon wees. Sy het gevoel dat nuwe beproewings vir haar gewag het. Haar droefheid is verskerp, en sy het bitter geween. Sy het gebuk om in die graf te kyk, en toe het sy twee engele in wit gesien. Een het gesit waar die hoof van Jesus gelê het, en die ander een waar Sy voete was. Hulle het haar tederlik aangespreek en gevra waarom sy ween. Sy het geantwoord, "Omdat hulle my Here weggeneem het, en ek weet nie waar hulle Hom neergelê het nie."

Toe sy wegdraai van die graf af, het sy Jesus daar naby sien staan, maar sy het Hom nie geken nie. Hy het haar liefderyk aangespreek en gevra waarom sy so treurig is en wie sy soek. Menende dat Hy die tuinier was, het sy Hom smekend gevra dat as Hy haar Here weggeneem het Hy haar

tog moet sê waar Hy Hom gelê het, sodat sy Hom kon wegneem. Jesus het haar aangespreek met Sy eie hemelse stem, en gesê, "Maria!" Sy het daardie stembuiging geken, en dadelik het sy geantwoord, "Rabboeni!" en in haar blydskap wou sy Hom omhels; maar Jesus het gesê, "Moenie My aanraak nie, want Ek het nog nie opgevaar na My Vader nie; maar gaan na My broers en sê vir hulle: Ek vaar op na My Vader en julle Vader, en My God en julle God." Blymoedig het sy na die dissipels gehaas met die goeie nuus. Jesus het gou na Sy Vader opgevaar om van Sy eie lippe te hoor dat Hy die soenoffer aangeneem het, en om alle krag in hemel en op aarde te ontvang.

Engele soos 'n wolk het die Seun van God omring en die ewige poorte beveel om oop te gaan sodat die Koning van heerlikheid kon ingaan. Terwyl Jesus by daardie hemelse leërskare was, in die teenwoordigheid van God, en omring deur Sy heerlikheid,

- 188 -

het ek gesien dat Hy nie Sy dissipels op die aarde vergeet het nie, maar krag van Sy Vader ontvang het sodat Hy dit weer aan hulle kon gee. Hy het daardie selfde dag weer teruggekeer en Homself aan Sy dissipels getoon. Hy het hulle toe toegelaat om Hom aan te raak, want Hy het na Sy Vader opgevaar en het krag ontvang.

By daardie geleentheid was Thomas nie teenwoordig nie. Hy wou nie nederig die rapport van die dissipels aanneem nie, maar het vasberade en vol selfvertroue gesê dat hy nie sou glo tensy hy sy vingers in die spykermerke kon steek, en in die sy van Jesus waar die spieswond was nie. Daardeur het hy sy gebrek aan vertroue in sy broeders getoon. As almal dieselfde soort bewys sou eis, sou niemand vandag Jesus aanneem en in Sy opstanding glo nie. Maar dit was die wil van God dat die rapport van die dissipels aangeneem moet word deur diegene wat nie self die verrese Heiland gesien en gehoor het nie. Die ongeloof van Thomas het God nie behaag nie. Toe Jesus Sy dissipels weer ontmoet het, was Thomas ook by hulle; en toe hy Jesus sien, het hy geglo. Maar hy het gesê dat hy nie sou tevrede wees sonder die bewyse van aanraking, plus die getuienis van sy oë nie, en toe het Jesus hom die bewyse gegee wat hy verlang het. Thomas het uitgeroep, "My Here en my God!" Maar Jesus het hom bestraf vir sy ongeloof, en gesê, "Omdat jy My gesien het, Thomas, het jy geglo; salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het."



So ook moet diegene wat geen proefondervindelike kennis het van die eerste en tweede engele se boodskap nie, die boodskap van ander aanneem wat wel sulke kennis en ondervinding het. Ek het gesien dat net soos Jesus verwerp is, is ook hierdie boodskappe verwerp. Net soos die dissipels verkondig het dat daar verlossing in geen ander Naam onder die hemel is nie, so moet ook die dienaars van God getrou en onverskrokke diegene waarsku wat slegs 'n deel van die waarhede in verband met die

- 189 -

derde boodskap aanneem, dat hulle blymoedig al die boodskappe wat God hulle gegee het, moet aanneem, anders sal hulle geen deel daarin hê nie.

Terwyl die heilige vroue op weg was met die boodskap dat Jesus opgestaan het, was die Romeinse wag besig om die leuenagtige rapport te versprei wat in hulle mond gelê is deur die owerpriesters en ouderlinge, naamlik dat die dissipels in die nag terwyl hulle aan die slaap was, gekom het en die liggaam van Jesus gesteel het. Die Satan het hierdie leuen gelê in die harte en monde van die owerpriesters, en die mense was gereed om hulle woord aan te neem. Maar God het .die saak verseker, en het hierdie belangrike gebeurtenis, waarvan ons verlossing afhanklik is, bo alle twyfel gestel; en dit was onmoontlik vir die priesters en ouderlinge om dit te verdoesel. Getuies is uit die dode opgewek om Christus se opstanding te bevestig.

Jesus het vir veertig dae by Sy dissipels gebly, en groot blydskap in hulle harte gebring namate Hy meer volledig aan hulle die werklikhede van die koninkryk van God geopenbaar het. Hy het hulle opdrag gegee om te getuig van die dinge wat hulle gesien en gehoor het aangaande Sy lyde, dood, en opstanding, dat Hy versoening gedoen het vir die sonde, en dat almal wat wil na Hom toe mag kom en die lewe kan vind. Getrou het Hy vertel dat hulle vervolg en beproef sou word; maar hulle sou krag put uit die herinnering aan hulle ervarings en die woorde wat Hy tot hulle gespreek het. Hy het hulle vertel dat Hy die versoekings van die Satan oorwin het deur beproewing en lyding. Die Satan sou nie meer mag oor Hom hê nie, maar hy sou sy versoekings regstreeks op hulle toespits, en op almal wat in Sy Naam sal glo. Maar hulle kan oorwin soos Hy oorwin het. Jesus het aan Sy dissipels mag gegee om wonders te doen, en Hy het hulle meegedeel dat alhoewel hulle deur bose mense vervolg sou word,

- 190 -

sou Hy van tyd tot tyd Sy engele stuur om hulle te verlos. Hulle lewens sou nie geneem word alvorens hulle sending volbring was nie; daarna mag dit vir hulle nodig wees om hulle getuienis met hulle bloed te verseël.

Sy navolgers het blymoedig geluister na Sy lering, en het gretig elke woord aangeneem wat van Sy heilige lippe gekom het. Nou het hulle vir seker geweet dat Hy die Saligmaker van die wêreld is. Sy woorde het diep in hulle harte ingesink, en hulle was jammer dat hulle so gou geskei sou word van hulle hemelse Leraar, en nie meer Sy vertroostende, genadige woorde sou hoor nie. Maar weer is hulle harte deur liefde en groot vreugde verwarm toe Jesus aan hulle gesê het dat Hy weggaan om vir hulle wonings te berei, en dat Hy weer sal kom om hulle te haal, sodat hulle altyd by Hom kon wees. Ook het Hy belowe om die Trooster, die Heilige Gees, te stuur om hulle in alle waarheid te lei. "En Hy het Sy hande opgehef en hulle geseën."

---



# DIE HEMELVAART VAN CHRISTUS

Die ganse hemel het gewag op die oorwinnings uur wanneer Jesus sou opvaar na Sy Vader. Engele het gekom om die Koning van heerlikheid te ontvang en Hom triomfantlik te begelei na die hemel. Nadat Jesus Sy dissipels geseën het, is Hy van hulle geskei en opgeneem. En op weg na omhoog is Hy gevolg deur die menigte gevangenes wat tydens Sy opstanding ook opgestaan het. 'n Leërskare van die hemel was daar, terwyl daar in die hemel 'n ontelbare menigte engele gewag het op Sy koms. Namate hulle opgestyg het na die Heilige Stad, het die engele wat Jesus begelei het, uitgeroep, "Hef op julle hoofde, O poorte, ja hef op, ewige deure, dat die Erekoning kan ingaan." In verrukking het dié binne die stad uitgeroep, "Wie is dan die Erekoning?"

- 191 -

Die begeleidende engele het geantwoord, "Die Here, sterk en geweldig, die Here geweldig in die stryd! Hef op julle hoofde, o poorte, ja hef op, ewige deure dat die Erekoning kan ingaan." Weer het die wagtende engele gevra, "Wie is dan tog die Erekoning?" en die begeleidende engele het met soetklinkende stemme geantwoord, "Die Here van die leërskare—Hy is die Erekoning!" En die hemelse stoet het die Godstad binnegegaan. Toe het die leërskare van die hemel hulle majestueuse Aanvoerder omring, en in innige aanbidding voor Hom neergebuig en hulle skitterende krone aan Sy voete neergewerp. Daarna het hulle hul goue harpe bespeel en die pragtigste en heerlikste musiek het die ganse hemel vervul, en daar is lofliedere gesing aan die Lam wat geslag is, maar tog lewe in majesteit en heerlikheid.

Terwyl die dissipels droefgeestig na bo gekyk het om nog 'n laaste blik te werp op hulle opvarende Here, het twee engele in wit gekleed by hulle gestaan en gesê, "Galilese manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het." Die dissipels, en die moeder van Jesus, wat ook die hemelvaart van die Seun van God gesien het, het die volgende nag deurgebring en Sy wonderdade bespreek, en die vreemde en heerlike dinge wat in daardie kort tydjie plaasgevind het.

Die Satan het weer raad gehou met sy engele, en met bittere haat teen Gods regering het hy hulle meegedeel dat hulle, solank hy nog sy mag en gesag op die aarde behou, hulle pogings moes vertienvoudig teen die

volgelinge van Jesus. Hulle het niks teen Christus vermag nie, maar hulle moet werk, om indien moontlik, Sy navolgers omver te gooi. In elke geslag moet hulle soek om diegene te verstrik wat in Jesus glo. Hy het aan sy engele vertel dat Jesus aan Sy dissipels mag gegee

- 192 -

het om hulle te bestraf en hulle uit te werp, en diegene te genees wat deur hulle geteister word. Toe het die Satan se engele uitgegaan soos brullende leeus met die doel om Jesus se volgelinge te vernietig.

---



## DIE DISSIPELS VAN CHRISTUS

Met groot krag het die dissipels 'n gekruisigde en verrese Saligmaker verkondig. Tekens en wonders is deur hulle gedoen in die Naam van Jesus; siekes is gesond gemaak; en 'n man wat van sy geboorte af kreupel was, is genees, en saam met Petrus en Johannes het hy die tempel binnegegaan terwyl hy loop en spring en God prys voor al die mense. Die nuus het versprei, en die mense het rondom die dissipels begin vergader. Baie het saamgedrom, verbaas oor die genesing wat geskied het.

Toe Jesus gesterf het, het die priesters gedink dat daar nie meer wonderwerke onder hulle sou geskied nie, dat die opwinding sou afneem, en dat die mense hulle weer sou wend na die tradisies van mense. Maar nee! onder hulle het die dissipels nou wonders gedoen, en die mense is met verbasing vervul. Hulle het Jesus gekruisig, en nou het hulle gewonder waar Sy navolgers hierdie krag vandaan gekry het. Hulle het gedink dat Hy, terwyl Hy nog gelewe het, die. krag aan hulle gegee het; maar hulle het verwag dat die wonderwerke ná Sy dood sou ophou. Petrus het hulle verbystering gesien en aan hulle gesê, "Israeliete, waarom is julle hieroor verwonderd, of waarom kyk julle ons so aan asof ons deur ons eie krag of godsvrug bewerk het dat hy wandel? Die God van Abraham en Isak en Jakob, die God van ons vaders, het Sy Kind Jesus verheerlik,

- 193 -

Hom wat julle oorgelewer en voor Pilatus verloën het toe hy besluit het om Hom los te laat. En julle het die Heilige en Regverdige verloën en gevra dat 'n moordenaar aan julle sou geskenk word, en die Leidsman tot die lewe het julle doodgemaak. God het Hom uit die dode opgewek, waarvan ons getuie is. En deur die geloof in Sy Naam het Sy Naam hierdie man wat julle sien en ken, sterk gemaak."

Die owerpriesters en ouderlinge kon nie hierdie woorde verdra nie, en op hulle bevel is Petrus en Johannes gegryp en in die gevangenis gewerp. Maar duisende het tot inkeer gekom en is gelei om te glo in die opstanding en hemelvaart van Christus, nadat slegs een preek deur die dissipels gelewer is. Die priesters en ouderlinge was verontrus. Hulle het Jesus om die lewe laat bring sodat die aandag van die mense op hulle gevestig kon word; maar nou was die saak baie erger as voorheen. Hulle is deur die dissipels openlik daarvan beskuldig dat hulle die moordenaars van die Seun van God was, en hulle kon nie vasstel in watter mate hierdie dinge mag

toeneem, of watter houding die mense teenoor hulle sou inneem nie. Hulle sou baie graag vir Petrus en Johannes om die lewe wou bring, maar uit vrees vir die volk wou hulle dit nie waag nie.

Die apostels is die volgende dag voor die raad gebring. Daardie einste manne wat so bitsig geroep het om die bloed van die Regverdige was daar. Hulle het gehoor hoe Petrus sy Here met 'n eed verloën het toe hy beskuldig is dat hy ook een van Sy dissipels was, en hulle het gehoop om hom weer die skrik op die lyf te jaag. Maar Petrus het tot bekering gekom, en nou het hy 'n kans gesien om die klad uit te wis van daardie lafhartige verloëning, en die Naam te verhoog wat hy onteer het. Met heilige onverskrokkenheid, en in die krag van die Gees, het hy sonder vrees aan hulle gesê: Dit is "deur die Naam van Jesus Christus die Nasarener wat julle gekruisig het, maar wat God uit die dode opgewek het, dat deur Hom hier--die man gesond voor julle staan.

- 194 -

Hy is die steen wat deur julle, die bouers, verag is, wat 'n hoeksteen geword het. "En die verlossing is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie."

Die mense was verbaas oor die vrymoedigheid van Petrus en Johannes, en het hulle as metgeselle van Jesus herken, want hulle onverskrokkenheid was soos die van Jesus toe Hy voor Sy vyande gestaan het. Deur een aanblik van droefheid en medelyde, het Jesus Petrus bestraf toe hy Hom verloën het, en nou, waar hy sy Here sonder vrees bely het, het Petrus Sy goedkeuring en seën ontvang. As teken van die goedkeuring van Jesus, is hy vervul met die Heilige Gees.

Die priesters kon dit nie waag om die haat te openbaar wat hulle gekoester het teenoor die dissipels nie. Hulle het hulle beveel om die raad te verlaat, en toe het hulle met mekaar beraadslaag en gesê, "Wat moet ons met hierdie manne doen? Want dat daar 'n kenlike teken deur hulle plaasgevind het, is duidelik vir al die inwoners van Jerusalem; ons kan dit nie ontken nie." Hulle was bang dat die nuus omtrent hierdie goeie daad onder die mense bekend moes word. As dit algemeen bekend sou word, het die priesters gevoel dat hulle hulle eie mag sou verloor, en hulle sou beskou word as die moordenaars van Jesus. Al wat hulle dus kon waag om te doen, was om die apostels te dreig en hulle te beveel om op straf van



die dood nie langer te spreek in die Naam van Jesus nie. Maar Petrus het onverskrokke gesê dat hulle nie anders kon as om die dinge te verkondig wat hulle gesien en gehoor het nie.

Deur die krag van Jesus het die dissipels voortgegaan om die siekes te genees wat na hulle toe gebring is. Honderde het hulle daeliks geskaar onder die banier van die gekruisigde en verrese Heiland wat na die hemel opgevaar het. Die priesters en ouderlinge, en diegene wat saam met hulle gewerk het, was verontrus. Weer het hulle die apostels na die gevangenis teruggestuur, hopende dat die opwinding sou bedaar. Die Satan en sy engelewas baie bly; maar die engele van God het die tronkdeure oopgemaak, en, in weerwil van die bevel van die hoëpriesters en ouderlinge, het hulle die apostels beveel, "Gaan heen, staan en vertel in die tempel aan die volk al die woorde van hierdie lewe."

- 195 -

Die raad het weer vergader en gestuur vir hulle gevangenes. Die dienaars het die tronkdeure oopgemaak, maar diegene wat daar in moes gewees het, was nie daar nie. Hulle is terug na die priesters en ouderlinge, en het gesê, "Die gevangenis het ons in alle sekerheid toegesluit gevind, en die wagters het buite gestaan voor die deure; maar toe ons oopmaak, kry ons niemand daarbinne nie." Toe kom daar een "en bring hulle berig en sê: Kyk, die manne wat julle in die gevangenis gesit het, staan in die tempel en leer die volk. Daarop gaan die hoofman met die dienaars en bring hulle, maar nie met geweld nie, uit vrees vir die volk dat hulle gestenig kon word. Hulle het hulle dan gebring en voor die raad gestel; en die hoëpriester het hulle gevra en gesê: Het ons julle nie uitdruklik verbied om in dié Naam te leer nie? En kyk, julle het Jerusalem met julle leer vervul; en julle wil die bloed van hierdie man op ons bring."

Hierdie Joodse leiers was huigelaars; hulle het die lof van mense liefgehad meer as wat hulle God liefgehad het. Hulle harte is so verhard dat die magtigste werke deur die apostels hulle net woedend gemaak het. Hulle het geweet dat as die dissipels Jesus sou verkondig, Sy kruisiging, opstanding, en hemelvaart, sou dit die skuld by hulle tuisbring as Sy moordenaars. Hulle was nou nie meer so gewillig dat die bloed van Jesus op hulle moet kom nie as toe hulle so bitsig uitgeroep het, "Laat Sy bloed op ons en ons kinders kom."

Onbevrees het die apostels verklaar dat hulle God liewer as mense be-

hoort te gehoorsaam. Petrus het gesê, "Die God van ons vaders het Jesus opgewek, wat julle omgebring het deur Hom aan 'n kruishout te hang. Hom het God as 'n Leidsman en Verlosser deur Sy regterhand verhoog om aan Israel bekering en vergifnis van sondes te skenk.

- 196 -

En ons is Sy getuie van hierdie dinge, en ook die Heilige Gees wat God gegee het aan die wat Hom gehoorsaam is." By die aanhoor van hierdie woorde was daardie moordenaars gebelg, en hulle het besluit om weer eens hulle hande met bloed te bevlek deur die apostels dood te maak. Hulle het planne beraam om dit te doen, toe 'n engel van God in die hart van Gamaliël gewerk het om die volgende raad aan die priesters en owerstes te gee: "Bly af van hierdie manne en laat hulle staan; want as hierdie voorneme of hierdie werk uit mense is, sal dit vernietig word; maar as dit uit God is, kan julle dit nie vernietig nie, dat dit nie miskien gevind word dat julle selfs teen God stry nie." Bose engele het gewerk in die harte van die priesters en ouderlinge om die apostels te dood; maar God het Sy engel gestuur om dit te belet deur onder die Joodse leiers iemand op te rig wat sou intree vir Sy dienaars. Die werk van die apostels was nog nie klaar nie. Hulle sou nog voor konings gebring word om te getuig vir die Naam van Jesus en van die dinge wat hulle gesien en gehoor het.

Onwillig het die priesters hulle gevangenes vrygelaat, nadat hulle geslaan en beveel is om nie meer in die Naam van Jesus te spreek nie. "Hulle het toe van die Raad af weggegaan, bly dat hulle waardig geag was om vir Sy Naam oneer te ly. En hulle het nie opgehou nie om elke dag in die tempel en van huis tot huis te leer en die evangelie te verkondig dat Jesus die Christus is." So het die Woord van God gegroei en vermenigvuldig. Die dissipels het sonder vrees getuig van die dinge wat hulle gesien en gehoor het, en deur die Naam van Jesus het hulle magtige wonderwerke gedoen. Onverskrokke het hulle diegene wat so gewillig was dat die bloed van Jesus maar op hulle kon kom, beskuldig dat hulle Sy moordenaars was.

Ek het gesien dat engele van God opdrag ontvang het om die belangrike waarhede te bewaar wat sou dien as anker vir die

- 197 -

dissipels van Christus in elke geslag. Die Heilige Gees het op spesiale wyse gerus op die apostels wat getuies was van ons Heiland se kruisiging, opstanding, en hemelvaart–belangrike waarhede wat die hoop van Israel



sou wees. Almal moes hulle hoop vestig in die Verlosser van die wêreld as hulle enigste hoop, en wandel in die weg wat Hy geopen het deur die gawe van Sy eie lewe, en hulle moes Gods wet hou en lewe. Ek het die wysheid en goedheid van Jesus gesien in die krag wat Hy aan die dissipels gegee het om dieselfde goeie werk voort te sit waarvoor Hy gehaat en om die lewe gebring is deur die Jode. In Sy Naam het hulle mag gehad oor die werke van die Satan. 'n Stralekrans van lig en heerlikheid het die tyd gekenmerk van Jesus se dood en opstanding, en het die heilige waarheid verewig dat Hy die Verlosser van die wêreld is.

---

## DIE DOOD VAN STEFANUS

Die dissipels het grootliks vermenigvuldig in Jerusalem, en baie van die priesters was gehoorsaam aan die geloof. Stefanus, vol van geloof, het groot wonders gedoen onder die volk. Dit het die Joodse leiers opgewek tot groter woede toe hulle sien dat priesters die ou tradisies opgee, hulle afwend van die offers, en Jesus aanneem as die groot Soenoffer. Met krag van omhoog, het Stefanus die ongelowige priesters en ouderlinge bestraf, en Jesus voor hulle verhef. Hulle kon nie die krag en wysheid waarmee hy gepraat het, weerstaan nie, en toe hulle vind dat hulle niks teen hom kon uitrig nie, het hulle manne gehuur om vals te sweer dat hulle hom godslasterlike woorde hoor spreek het teen Moses en teen God. Hulle het die mense aangevuur, Stefanus gevange geneem, en deur valse getuies het

- 198 -

hulle hom beskuldig dat hy teen die tempel en die wet gespreek het. Hulle het getuig dat hulle hom hoor sê het dat hierdie Jesus van Nasaret die gewoontes sou vernietig wat Moses aan hulle gegee het.

Terwyl Stefanus voor sy regters gestaan het, het die lig van die heerlikheid van God sy aangesig verlig. "En terwyl almal wat in die Raad sit, hul oë stip op hom hou, sien hulle dat sy gesig was soos die gesig van 'n engel." Toe hy die aanklagte teen hom beantwoord het, het hy begin by Moses en die profete, en 'n oorsig gegee van die geskiedenis van die kinders van Israel en Gods handelinge met hulle, en hy het aangetoon hoe die koms van Christus voorspel is in die profesieë. Hy het verwys na die geskiedenis van die tempel, en het verklaar dat God nie woon in tempels met mensehande gemaak nie. Die Jode het die tempel aanbid, en dit het hulle met groter verontwaardiging vervul wanneer daar teen daardie gebou gespreek is as wanneer daar teen God gespreek is. Toe Stefanus van Christus gepraat en na die tempel verwys het, het hy gesien dat die mense nie sy woorde aanneem nie; en hy het hulle sonder vrees bestraf: "Julle hardnekkiges en onbesnedenes van hart en ore, julle weerstaan altyd die Heilige Gees." Terwyl hulle die uiterlike insettinge van hulle godsdiens nagekom het, was hulle harte verdorwe en vol boosheid. Hy het verwys na die wreedheid van hulle vaders wat die profete vervolg het, en hy het gesê dat hulle wat hy nou toegespreek het 'n groter sonde begaan het omdat hulle Christus verwerp en gekruisig het. "Watter een van die profete het julle vaders nie vervolg nie? Ja, hulle het dié doodgemaak wat vooraf die koms verkondig

het van die Regverdige, van wie julle nou verraaiers en moordenaars geword het."

Toe hierdie snydende waarhede geuiter is, was die: priesters en owerstes woedend, en hulle het op Stefanus afgestorm en op hulle tande gekners. "Maar hy was vol van die Heilige Gees en het die oë gehou na die hemel en die heerlikheid van

- 199 -

God gesien en Jesus wat staan aan die regterhand van God; en hy het gesê: Daar sien ek die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan." Die mense wou hom nie verder aanhoor nie. "Hulle het met 'n groot stem geskreeu en hulle ore toegestop en soos een man op hom aangestorm. En hulle het hom buitekant die stad uitgewerp en hom gestenig." Hy het op sy knieë neergeval en met 'n groot stem uitgeroep: "Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie!"

Ek het gesien dat Stefanus 'n magtige Godsman was, spesiaal geroep om 'n belangrike plek in die kerk te vul. Die Satan het hom verheug in sy dood; want hy het geweet dat die dissipels sy heengaan baie sou voel. Maar die Satan se oorwinning was kort van duur, want onder die aanwesiges daar, was iemand aan wie Jesus Homself sou openbaar. Saulus het nie deelgeneem aan die steniging nie, maar hy het die moord goedgekeur. Hy was 'n ywerige vervolger van die kerk van God, en het jag gemaak op die dissipels, hulle in hulle huise gevange geneem en hulle oorgelewer aan diegene wat hulle sou doodmaak. Saulus was 'n geleerde en bekwame man; die Jode het baie van hom gedink omrede sy geleerdheid en sy ywer; en baie van die dissipels van Christus het hom gevrees. Die Satan het goed gebruik gemaak van sy talente in die voortsetting van sy opstand teen die Seun van God en diegene wat in Hom geglo het. Maar God kan, die mag verbreek van die groot vyand, en diegene vrystel wat gevangenes van hom was. Christus het Saulus gekies as 'n "uitverkore werktuig" om in Sy Naam te preek, om Sy dissipels te versterk in hulle werk, en om meer as die plek van Stefanus te vul.



# DIE BEKERING VAN SAULUS

- 200 -

Terwyl Saulus op weg was na Damaskus met magtigings briewe om manne en vroue wat Jesus verkondig het, gevange te neem en hulle in boeie na Jerusalem te bring, het die bose engele rondom hom hulle verbly. Maar skielik het daar 'n lig uit die hemel om hom geskyn, dit het die bose engele laat vlug, en hy het op die grond neergeval. Hy het 'n stem hoor sê, "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?" Saulus het gevra: "Wie is U, Here?" en die Here het geantwoord: "Ek is Jesus wat jy vervolg. Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop." Saulus, bewende en verbaas, het geantwoord, "Here, wat wil U hê, moet ek doen?" En die Here het hom geantwoord: "Staan op en gaan na die stad, en dit sal jou gesê word wat jy moet doen."

Die manne wat by hom was, het spraakloos gestaan; hulle het 'n stem gehoor, maar niemand gesien nie. Toe die lig: verdwyn het, en Saulus van die grond af opstaan en sy oë oopmaak, kon hy niemand sien nie. Die heerlikheid van die hemelse lig het hom verblind. Hulle het hom toe aan die hand gelei en na Damaskus gebring; daar was hy vir drie dae blind, en gedurende daardie tyd het hy nie geëet of gedrink nie. Toe het die Here een van Sy engele gestuur na een van die einste manne wat Saulus gehoop het om gevange te neem, en aan hom is in 'n gesig geopenbaar dat hy moes gaan na die straat wat genoem word Reguitstraat, en daar moes hy "vra in die huis van Judas na 'n man met die naam van Saulus van Tarsus, want kyk, hy bid; en hy het in 'n gesig 'n man met die naam van Ananias sien inkom en hom die hande oplê, sodat hy weer kon sien."

Ananias het gevrees dat daar moontlik 'n fout in hierdie saak kon wees, en hy het aan die Here begin vertel wat hy van Saulus gehoor het.

- 201 -

Maar die Here het aan hom gesê, "Gaan, want hy is vir My 'n uitverkore werktuig om My Naam te dra voor nasies en konings en die kinders van Israel. Want Ek sal hom toon hoeveel hy vir My Naam moet ly." Ananias het die opdrag uitgevoer, die huis binnegegaan, en sy hande op Saulus gelê en gesê, "Saul, broeder, die Here het my gestuur, naamlik Jesus wat aan jou verskyn het op die pad waarmee jy gekom het, sodat jy weer kan sien en met die Heilige Gees vervul word."

Saul kon onmiddellik weer sien, en hy het opgestaan en is gedoop.

Daarna het hy in die sinagoges geleer dat Jesus waarlik die Seun van God was. Almal wat hom gehoor het, was verbaas en hulle het gevra: "Is hy nie die man wat in Jerusalem uitgeroei het die wat hierdie Naam aanroep, en hier gekom het met die doel om hulle geboeid na die owerpriesters te bring nie?" Maar Saul het steeds kragtiger getuig en die Jode in verwarring gebring. Nou was hulle weer in die moeilikheid. Almal was bekend met Saul se weerstand teen Jesus, en die ywer waarmee hy almal wat in Sy Naam geglo het, opgesoek en in die dood oorgelewer het; en sy wonderbaarlike bekering het vele oortuig dat Jesus die Seun van God is. Saul het van sy ervaring getuig in die krag van die Heilige Gees. Hy het vertel hoe hy die mense tot die dood toe vervolg het; hoe hy manne en vroue geboei en in die gevangenis oorgelewer het, en hoe daar op die pad na Damaskus skielik 'n helder lig uit die hemel hom omstraal het en Jesus Homself aan hom geopenbaar het en hom oortuig het dat Hy die Seun van God is.

Waar Saul Jesus so sonder vrees verkondig het, het hy 'n magtige invloed uitgeoefen. Hy het 'n kennis van die Skrifte gehad, en na sy bekering het 'n goddelike lig die profesieë aangaande Jesus verlig, sodat hy duidelik en vrymoedig die waarheid kon voorstel, en wys hoe die Skrifte verdraai is.

- 202 -

Met die Gees van God op hom het hy op duidelike en kragtige wyse verwys na die profesieë wat betrekking het op Christus se eerste koms, en hulle daarop gewys dat die Skrifte vervul is wat Sy lyde en dood en opstanding beskryf.



# DIE JODE BESLUIT OM PAULUS DOOD TE MAAK

Namate die owerpriesters en owerstes die uitwerking van die verkondiging van Paulus se ervaring gesien het, is hulle met haat vervul teen hom. Hulle het gesien dat hy Jesus met vrymoedigheid preek, en wonderwerke in Sy Naam verrig, en dat die skare na hom luister, hulle tradisies versaak, en die Joodse leiers beskou as die moordenaars van die Seun van God. Hulle het toornig geword, en hulle het raad gehou wat om te doen om die opwinding onder die mense te demp. Hulle het tot die besluit gekom dat die enigste veilige weg was om Paulus om die lewe te bring. Maar God het geweet van hulle planne, en engele het opdrag gekry om hom te bewaak, sodat hy kon lewe om sy sending te vervul.

Gelei deur die Satan, het die ongelowige Jode die poorte van Damaskus dag en nag bewaak, met die doel om Paulus dood te maak wanneer hy die stad sou verlaat. Maar Paulus is gewaarsku dat die Jode hom om die lewe wou bring, en die dissipels het hom in die nag in 'n mandjie oor die muur laat afsak. Ten gevolge van die mislukking van hulle planne was die Jode skaam en kwaad, en die doel van die Satan is verydel.

Paulus is toe na Jerusalem om aan te sluit by die dissipels; maar hulle was almal bang vir hom. Hulle kon nie glo dat hy nou 'n dissipel was nie. Die Jode in Damaskus was daarop uit om hom dood te maak, en nou wou sy eie broeders hom nie ontvang nie; maar Barnabas het hom geneem en na die

- 203 -

apostels gebring, en aan hulle vertel hoe Paulus die Here op die pad gesien het, en hoe hy sonder vrees in Damaskus in die Naam van Jesus gespreek het.

Maar die Satan was besig om die Jode op te wek om Paulus te vernie-tig, en Jesus het hom beveel om Jerusalem te verlaat. Vergesel van Barnabas het hy na ander stede gegaan, Jesus verkondig en wonders gedoen, en baie het tot bekering gekom. Toe hy een man genees het wat altyd kreupel was, wou die mense–hulle was afgodedienaars–offers bring aan die dissipels. Dit het Paulus ontstel, en hy het aan hulle gesê dat hy en sy medewerkers maar net mense was, en dat alleen die God wat die hemel en die aarde gemaak het aanbid moes word. So het Paulus God verhef voor die mense; maar hy kon hulle skaars bedwing. Hulle het toe eers 'n besef begin kry van geloof in die ware God, en hoe Hy aanbid en vereer be-

hoort te word; en waar hulle na Paulus geluister het, het die Satan steeds die ongelowige Jode van ander stede aangehits om Paulus te agtervolg en die goeie werk te vernietig wat deur hom gedoen is. Hierdie Jode het die afgodedienaars deur middel van valse rapporte opgewek teen Paulus. Die bewondering en agting van die mense het nou verander in haat, en diegene wat 'n kort rukkie tevore gereed was om die dissipels te aanbid, het Paulus gestenig, hom uit die stad gesleep, menende dat hy dood was. Maar terwyl die dissipels by Paulus gestaan en oor hom getreur het, het hy opgestaan en saam met hulle in die stad gegaan.

Toe Paulus en Silas weer besig was om Jesus te verkondig, het 'n sekere vrou wat 'n waarsêende gees gehad het, hulle gevolg en uitgeroep, "Hierdie manne is dienaars van God, die Allerhoogste, wat aan ons die weg van verlossing verkondig." Vir 'n paar dae lank het sy dit gedoen. Dit het Paulus gegrief; want hierdie geroep agter hulle het die aandag van die mense van die waarheid afgetrek.

- 204 -

Die doel van die Satan om haar dit te laat doen, was om weersin by die mense te wek en die invloed van die dissipels te vernietig. Dit het Paulus onthits, en hy het omgedraai en aan die gees gesê, "Ek beveel jou in die Naam van Jesus Christus om uit haar uit te gaan!" Die gees het die bestraffing aangeneem en uit haar uitgegaan.

Haar meesters was bly dat sy so agter die dissipels geroep het; maar toe die bose gees haar verlaat en hulle sien dat sy nou 'n sagmoedige dissipelin van Christus geword het, was hulle baie kwaad. Hulle het baie geld gemaak met haar waarsêery; en nou was al die hoop op hulle wins weg. Die doel van die Satan is verydel, maar sy dienaars het Paulus en Silas gevang, hulle op die markplaas gebring voor die owerstes en magistrate, en gesê, "Hierdie manne bring ons stad in opskudding, omdat hulle Jode is." En die skare het soos een man teen hulle opgestaan, hulle klere van hulle afgeskeur, en opdrag gegee dat hulle geslaan moes word. En toe hulle hul baie slae gegee het, is hulle in die gevangenis gewerp, en die sipier is beveel om hulle sorgvuldig te bewaak; en hy, nadat hy die bevel gekry het, het hulle in die binneste gevangenis gewerp en hulle voete in die blok vasgemaak. Maar die engele van die Here het hulle na die gevangenis vergesel, en hulle gevangenskap tot die heerlikheid van God laat strek, en aan die mense getoon dat God in die werk en met Sy uitverkore dienaars



was.

Te middernag, het Paulus en Silas gebid en lofliedere tot God gesing; skielik was daar 'n groot aardbewing, sodat die fondamente van die gevangenis geskud het; toe het ek gesien hoe die engel van God dadelik elkeen se boeie losmaak. Toe die sipier van die tronk wakker skrik en sien dat die tronkdeure oop was, was hy baie bang. Hy het gedink dat die gevangenes ontsnap het, en dat hy die doodstraf sou kry. Toe hy op die punt was om sy eie lewe te neem, het Paulus met 'n groot stem geroep en gesê, "Moenie jouself kwaad aandoen nie, want ons is almal hier."

- 205 -

Die krag van God het die sipier daar tot oortuiging gebring. Hy het om 'n lamp gevra, die gevangenis bewend binnegegaan en voor Paulus en Silas neergeval en hulle uitgelei en gevra, "Menere, wat moet ek doen om gered te word?" En hulle het geantwoord, "Glo in die Here Jesus Christus, en jy sal gered word, jy en jou huis." Die sipier het toe sy hele huisgesin vergader, en Paulus het Jesus aan hulle verkondig. So is die sipier se hart verenig met die van sy broeders, en hy het hulle wonde gewas, en hy en sy gesin is daardie nag gedoop. Toe het hy aan hulle voedsel voorgesit, en hy was bly en het met sy hele huis in God geglo.

Die wonderbaarlike nuus van die openbaring van die krag van God in die opening van die tronkdeure, en in die bekering van die sipier en sy gesin, het gou orals versprei. Die owerstes het van hierdie dinge gehoor, en hulle was bang, en het aan die sipier opdrag gegee om Paulus en Silas los te laat. Maar Paulus wou nie die tronk so stilletjies verlaat nie; hy was nie gewillig om die openbaring van Gods krag te laat verberg nie. Hy het aan hulle gesê, "Hulle het ons in die openbaar onveroordeeld geslaan, ons wat Romeinse burgers is, en ons in die gevangenis gewerp, en wil hulle ons nou in die geheim uitwerp? Volstrek nie! Laat hulle self kom en ons uitlei." Toe hierdie woorde aan die magistrate oorgebring is, en dit bekend geword het dat die apostels Romeinse burgers was, was die owerstes bang dat hulle miskien by die keiser sou gaan kla oor die onwettige wyse waarop hulle behandel is. Hulle het toe gekom en hulle gesmeek en hulle uitgelei met die versoek om uit die stad te vertrek.

# PAULUS BESOEK JERUSALEM

- 206 -

Ná Paulus se bekering het hy Jerusalem besoek, en daar het hy Jesus en die wonders van Sy genade verkondig. Hy het vertel van sy wonderbare bekering, en dit het die priesters en owerstes so kwaad gemaak dat hulle besluit het om hom dood te maak. Maar om sy lewe te red, het Jesus weer aan hom in 'n gesig verskyn terwyl hy gebid het, en aan hom gesê, "Maak gou en gaan haastig uit Jerusalem uit, want hulle sal jou getuienis aangaande My nie aanneem nie." Paulus het geantwoord, "Here, hulle weet self dat ek besig was om die wat in U glo, in die gevangenis te werp en in al die sinagoges te slaan; en toe die bloed van Stefanus, U getuie, vergiet is, het ek ook self daarby gestaan en sy moord goedgekeur en die klere opgepas van die wat hom doodgemaak het," Paulus het gemeen dat die Jode in Jerusalem nie sy getuienis sou kon weerstaan nie; dat hulle sou aanneem dat die groot verandering in hom alleen deur die krag van God kon geskied het. Maar die bevel was nog dringender as die vorige: "Gaan heen, want Ek sal jou ver wegstuur na die heidene."

Gedurende Paulus se afwesigheid van Jerusalem, het hy baie briewe na verskillende plekke geskryf, waarin hy van sy ervarings vertel en kragtige getuienis gegee het. Maar sommige het hulle daarop toegelê om die invloed van daardie briewe te vernietig. Hulle was gedwonge om te erken dat sy briewe kragtig was, maar hulle het beweer dat hy persoonlik swak was en sy spraak veragtelik.

Die feite in die saak is dat Paulus 'n man van groot geleerdheid was, en sy wysheid en maniere het sy toehoorders bekoor. Hy het van die geleerde mense behaag met sy kennis, en baie van hulle het in Jesus geglo. Waar hy verskyn het voor konings, en groot vergaderings, was hy so welsprekend dat almal tot hom aangetrokke gevoel het.

- 207 -

Dit het die priesters en ouderlinge baie kwaad gemaak. Paulus kon hom maklik begeef in diep redenasies, en hy het die mense saam met hom gevoer in verhewe gedagtes waarin hy die groot rykdom van Gods genade en die weergalose liefde van Christus voor hulle geskilder het. En dan kon hy in die grootste eenvoud afdaal tot die peil van die gewone mense en op kragtige wyse vertel van sy bekering, en dit het by hulle die begeerte

geskep om ook dissipels van Christus te word.

Weer eens het die Here aan Paulus verskyn en aan hom geopenbaar dat hy na Jerusalem moes gaan, en dat hy daar vasgebind sou word en vir Sy Naam sou ly. Alhoewel hy vir 'n lang tyd 'n gevangene was, het die Here nogtans 'n spesiale werk deur hom gedoen. Sy bande sou juis die middel wees om die kennis van Christus te versprei en God te verheerlik. Waar hy van stad tot stad gestuur is in verband met sy verhoor, het hy voor konings en goewerneurs getuig van Jesus en die gebeurtenisse in verband met sy eie bekering, sodat hulle sonder verskoning sou wees ten opsigte van hulle verhouding tot Jesus. Duisende het in Hom geglo en hulle verbly in Sy Naam. Ek het gesien dat die spesiale doel van God volvoer is in die reis van Paulus oor die see; dit was Sy doel dat die bemanning van die skip die krag van God sou sien deur Paulus, en dat die heidene ook die Naam van Jesus sou hoor, en dat vele tot bekering sou kom deur die prediking van Paulus en deur die wonders wat hy sou doen. Konings en goewerneurs is bekoor deur sy redenasies, en waar hy met ywer en in die krag van die Heilige Gees Jesus verkondig het, en van sy eie ervarings vertel het, is die mense oortuig dat Jesus die Seun van God is. Terwyl sommige met verbasing vervul is waar hulle na Paulus geluister het, het een uitgeroep, "Jy beweeg my amper om 'n Christen te word." Tog het die meeste van diegene wat hom gehoor het, gedink dat hulle later daaroor sou peins.

- 208 -

Die Satan het van hierdie versuim gebruik gemaak, en omdat hulle die geleentheid laat verbygaan het toe hulle harte sag was, het hulle die kans vir ewig laat verlore gaan. Hulle harte is verhard.

Aan my is die werk van die Satan getoon hoe hy eers die oë van die Jode verblind het sodat hulle Jesus nie sou aanneem as hulle verlosser nie; en hoe hy hulle so met haat en afguns vervul het oor Sy magtige werke, dat hulle Sy lewe geneem het. Die Satan het in een van Christus se eie volgelinge ingevaar en hom beweeg om Hom te verraai in die hande van Sy vyande, sodat hulle die Vors van die lewe en heerlikheid gekruisig het.

Nadat Jesus uit die dode opgestaan het, het die Jode hulle sondes opgehoop in hulle poging om die feit dat Hy opgestaan het, te verberg deur die Romeinse wag om te koop om 'n leuen te versprei. Maar die opstanding van Jesus is dubbeld bevestig deur die opstanding van die menigte getuies in daardie selfde tyd. Ná Sy opstanding, het Jesus aan Sy dissipels verskyn, en op een tyd ook aan meer as vyfhonderd; en diegene wat Hy saam met Hom uit die dode opgewek het, het aan baie verskyn en verklaar dat Jesus opgestaan het.



Die Satan het die Jode gelei om teen God te rebelleer deur te weier om Sy Seun aan te neem, en deur hulle hande te bevlek met Sy kosbare bloed. Ondanks die kragtige bewyse wat hulle nou gehad het dat Jesus die Seun van God was en die Verlosser van die wêreld, het hulle Hom vermoor, en hulle wou geen getuienis in Sy guns aanneem nie. Hulle enigste hoop en vertroosting, net soos die van die Satan ná sy val, was om te probeer om die oorhand te kry teen die Seun van God. Hulle het dus volgehou met hulle rebellie deur die dissipels van Christus te vervolg en hulle om die lewe te bring. Niks was vir hulle so verfoeilik as om die Naam van Jesus te hoor wat hulle gekruisig het nie; en hulle was vasbeslote om na geen getuienis in Sy guns te luister nie. Byvoorbeeld, toe die Heilige Gees deur Stefanus so kragtig getuig het

- 209 -

dat Jesus die Seun van God was, het hulle hul ore toegestop sodat hulle nie miskien oortuig word nie. Die Satan het die moordenaars van Jesus vas gehad in sy greep. Deur bose werke het hulle hulleself sy gewillige onderdane gemaak, en deur hulle het hy gewerk om die gelowiges in Christus te plaag en lastig te val. Hy het deur die Jode gewerk om die heidene teen Christus en Sy volgelinge op te wek. Maar God het Sy engele gestuur om die dissipels te versterk vir hulle werk, sodat hulle kon getuig van die dinge wat hulle gesien en gehoor het, en om eindelik deur hulle standvastigheid hulle getuienis met hulle bloed te verseël.

Die Satan het hom daarin verbly dat die Jode veilig in sy strikke was. Hulle het nog voortgegaan met hulle nuttelose vormdiens, hulle offers en hulle insettinge. Toe Jesus aan die kruis uitgeroep het, "Dit is volbring," is die voorhangsel van die tempel van bo tot onder in twee geskeur as bewys dat God nie langer die priesters in die tempel sou ontmoet om hulle offers en diens aan te neem nie, en ook om te wys dat die skeidsmuur tussen Jode en heidene afgebreek was. Jesus het Homself geoffer vir albei, en as hulle ooit gered sou word, moes beide Jode en heidene in Hom glo as die enigste soenoffer vir die sonde, en Redder van die wêreld.

Toe die soldaat die sy van Jesus deursteek het daar aan die kruis, het daar twee verskillende strome uitgevloei, een van bloed, en die ander van

water. Die bloed sou die sondes afwas van diegene wat glo in Sy Naam, en die water was 'n voorstelling van die lewende water wat Jesus gee om lewe aan die gelowige te gee.

---



# DIE GROOT AFVAL

- 210 -

Ek is teruggevoer tot die tyd toe die heidense afgodedienaars die Christene vervolg en doodgemaak het. Die bloed het in strome gevloei. Edeles, geleerdes, eenvoudiges–almal is voor die voet en sonder genade om die lewe gebring. Ryk gesinne is in armoede gedompel omdat hulle nie hulle godsdiens wou versaak nie. Maar nieteenstaande die vervolging en lyding wat hierdie Christene moes verduur, wou hulle nie die standaard verlaag nie. Hulle het hulle godsdiens rein gehou. Ek het gesien dat die Satan hom verbly het oor hulle lyding; maar God het hierdie getroue martelare met welbehae bejeën. Die Christene wat in daardie vreeslike tyd gelewe het, was baie dierbaar vir Hom, omdat hulle gewillig was om vir Sy saak te ly. Elke nuwe lyding wat hulle verduur het, het hulle loon groter gemaak in die hemel.

Alhoewel die Satan hom verbly het in die lyding van die heiliges, was hy nogtans nie tevrede nie. Hy wou beheer hê oor sowel hulle verstand en liggaam. Die lyding wat hulle moes verduur, het hulle nader aan die Here gebring, hulle gelei om mekaar lief te hê, en hulle meer as ooit laat vrees om Hom te mishaag. Die Satan wou hulle daartoe beweeg om God te mishaag; dan sou hulle hul krag verloor, en hulle volharding en standvastigheid versaak. Alhoewel duisende om die lewe gebring is, is daar ander verwek om hulle plek te neem. Die Satan het gesien dat hy sy onderdane verloor; want alhoewel hulle vervolg en gedood is, het hulle Jesus aangeneem om die onderdane van Sy koninkryk te word. Die Satan het toe planne beraam om met groter sukses teen die regering van God te veg en die kerk omver te gooi. Hy het die heidense afgodedienaars gelei om die Christelike geloof gedeeltelik aan te neem. Hulle het voorgegee om te glo in die kruisiging en

- 211 -

opstanding van Christus, en hulle het geprobeer om aan te sluit by die volgelinge van Jesus, sonder 'n verandering van die hart. 0, watter groot gevaar het die kerk bedreig! Dit was 'n tyd van geestelike angs. Sommige het gemeen dat as hulle die peil sou verlaag en saamstaan met daardie afgodedienaars wat 'n gedeelte van die Christelike geloof aangeneem het, sou hulle die volkome bekering van laasgenoemdes kon bewerkstellig.

Die Satan was daarop uit om die leerstellings van die Bybel te vervals.

Ek het gesien dat die peil eindelik verlaag is, en dat die heidene by die Christene aangesluit het. Hoewel hierdie afgodedienaars voorgegee het dat hulle bekeer is, het hulle hul afgodediens saam met hulle in die kerk gebring; al wat hulle gedoen het, was om die voorwerpe van hulle aanbidding te verander in beelde van die heiliges, en selfs in die beeld van Jesus en Sy moeder Maria. Namate die volgelinge van Christus geleidelik met hulle verenig het, is die Christelike godsdiens vervals, en die kerk het sy krag en reinheid verloor. Sommige het geweier om met hulle te verenig; hulle het hulle godsdiens rein bewaar en God in die eensaamheid gedien. Hulle het geweier om neer te buig vir 'n beeld van enigiets in die hemele daarbo, of op die aarde hierbenede.

Die Satan het hom verheug oor die val van so baie, en toe het hy die gevalle kerk beweeg om diegene wat hulle godsdiens rein bewaar het, te dwing om die seremonies en beelde aanbidding aan te neem op straf van die dood. Die vervolgingsvure is weer aangesteek teen die ware kerk van Christus, en miljoene is sonder genade om die lewe gebring.

Dit is aan my op die volgende wyse voorgestel: 'n Groot aantal heidense afgodedienaars het 'n swart banier gedra, met beelde van die son, maan en sterre daarop. Hierdie groep het baie kwaai en kwaad gelyk. Toe is 'n ander groep aan my getoon wat 'n wit banier gedra het, en daarop was geskrywe, "Reinheid en heiligheid aan die Here."

- 212 -

Hulle aangesigte was gekenmerk deur vasberadenheid en 'n hemelse gelatenheid. Ek het gesien hoedat die heidense afgodedienaars hulle nader, en daar was 'n groot slagting. Die Christene het voor hulle weggesmelt, maar nogtans het die Christene nader aan mekaar gestaan en hulle banier stywer vasgehou. Terwyl baie van hulle geval het, het ander hulle rondom die banier kom skaar en hulle plekke gevul.

Ek het gesien dat die groep afgodedienaars raad hou. Omdat hulle die Christene nie kon dwing om oor te gee nie, het hulle op 'n ander plan besluit. Ek het gesien dat hulle hul banier laat sak, die Christene nader, en voorstelle aan hulle maak. Aan die begin was die voorstelle botweg van die hand gewys. Toe het ek gesien hoe die groep Christene raad hou. Sommige het voorgestel dat hulle hul banier moet laat sak, die voorstelle moet: aanneem en hulle lewens red, om later in krag toe te neem en weer hulle banier oor die heidene op te hef. Daar was egter 'n paar wat nie hiervan wou hoor nie; vasberade het hulle die dood verkies liewer as om die banier te laat sak. Toe het ek gesien dat vele die banier laat sak en aansluit by die heidene; maar die ander wat vasgestaan het, het dit gegryp en weer omhoog gehou. Ek het gesien dat daar gedurig mense was wat die geledere van die rein groep verlaat en by die afgodedienaars onder die swart banier aansluit om diegene onder die wit banier te vervolg. Baie van hulle is om die lewe gebring, maar die wit banier is omhoog gehou, en ander gelowiges is verwek om hulle daarom te skaar.



Die Jode wat in die eerste instansie die woede van die heidene opgewek het teen Jesus, sou nie ongestraf bly nie. In die geregsaal, toe Pilatus geaarsel het om Jesus te veroordeel, het die waansinnige Jode uitgeroep, "Laat Sy bloed op ons en op ons kinders kom!" Die vervulling van hierdie vreeslike vloek wat die Jode oor hulleself uitgeroep het, het die Joodse volk getref. Die heidene, sowel as diegene wat Christene genoem word, was hulle vyande. Die naam-Christene, in hulle ywer vir

- 213 -

Christus wat deur die Jode gekruisig is, het gemeen dat hoe meer lyding hulle die Jode veroorsaak, hoe beter dit God sou behaag. Ten gevolge hiervan is baie van die ongelowige Jode doodgemaak, terwyl ander van plek tot plek verjaag is, en alle moontlike ontberings moes ly.

Die bloed van Christus en van Sy dissipels wat hulle dood-gemaak het, het op hulle gekom, en die vreeslikste oordele het hulle getref. Die vloek van God het hulle agtervolg, en vir die heidene en naam-Christene het hulle 'n spreekwoord en 'n spot geword. Hulle is verneder, verafsku, gehaat, asof hulle die brandmerk van Kain gedra het. Maar ek het gesien dat God hierdie volk op wonderbaarlike wyse bewaar het, en hulle oor die hele aarde versprei het, sodat hulle beskou kan word as die volk wat spesiaal deur die vloek van God getref is. Ek het gesien dat God die Jode as volk verlaat het, maar dat indiwidue onder hulle nog tot bekering sal kom en dat die skubbe van hulle oë sal afval sodat hulle sal sien dat die profesieë aangaande hulle vervul is; hulle sal Jesus as Verlosser van die wêreld aanneem, en die groot sonde van hulle volk insien wat Hom verwerp en gekruisig het.

## DIE VERBORGENHEID VAN DIE ONGEREGTIGHEID

Dit was maar altyd die doel van die Satan om die mense se aandag af te trek van Jesus en dit op 'n mens te vestig, en om die verantwoordelikheid van die indiwidu weg te neem. Die Satan se plan in die versoeking van die Seun van God het misluk, maar hy het groter sukses gehad in sy versoeking van die gevalle mens. Die Christelike godsdiens het besoedel geraak. Pouse en priesters het hulleself verhef, en het die mense geleer om na hulle op te sien vir vergifnis van sondes pleks van self na Christus te gaan.

- 214 -

Die mense is totaal verlei. Hulle is geleer dat die pouse en priesters Gods verteenwoordigers is, wanneer hulle inderwaarheid die verteenwoordigers van die Satan is, en diegene wat vir hulle neerbuig, aanbid die Satan. Die mense het om die Bybel gevra, maar die priesters het dit gevaarlik geag om die mense self te laat lees, want hulle kon miskien verlig word en die sondes van hulle leiers aan die kaak stel. Die mense is geleer om alles aan te neem van hierdie bedrieërs soos uit die mond van God. Hulle het daardie mag oor die verstand uitgeoefen wat God alleen behoort te hê. As enigeen dit gewaag het om sy eie oortuigings te volg, is daar na sy bloed gedors met dieselfde haat as wat die Satan en die Jode teen Jesus geopenbaar het.

Ek is gewys op 'n tyd toe die Satan werklik die oorwinning behaal het. 'n Menigte Christene is op 'n vreeslike wyse om die lewe gebring omdat hulle hul godsdiens rein wou bewaar. Die Bybel is gehaat, en pogings is gemaak om die wêreld daarvan te bevry. Die mense is belet om dit te lees op straf van die dood; en alle eksemplare wat hulle in die hande kon kry, is verbrand. Maar ek het gesien dat God Sy Woord op spesiale wyse bewaar het. Hy het dit beskerm. Soms was daar slegs 'n paar eksemplare oor, maar Hy sou nie toelaat dat Sy Woord heeltemal uitgeroei word nie, want in die laaste dae sou daardie eksemplare so vermenigvuldig word dat elke gesin sy eie Bybel sou hê. Ek het gesien dat toe daar nog net 'n paar eksemplare van die Bybel oor was, was dit baie kosbaar en vertroostend vir die vervolgde volgelinge van Jesus. Dit is in die geheim gelees, en diegene wat hierdie groot voorreg gehad het, het gevoel dat hulle 'n onderhoud met God en Sy dissipels gehad het. Maar vir hierdie heerlike voorreg

moes vele met hulle lewens boet. Wanneer hulle ontdek is, is hulle na die skavot, of die brandstapel geneem, of hulle is in die tronk gegooi om daar van honger te sterf.

- 215 -

Die Satan kon nie die verlossingsplan verhinder nie. Jesus is gekruisig, en Hy het die derde dag weer opgestaan. Maar die Satan het aan sy engele gesê dat hy die kruisiging en die opstanding tot sy eie voordeel sou uitbuit. Hy was gewillig om diegene wat geloof bely het in Jesus maar te laat glo dat die wette wat die Joodse offerstelsel bepaal het tot 'n einde geloop het met die dood van Christus, mits hy hulle verder kon dryf om ook te glo dat die wet van tien gebooie saam met Christus gesterf het.

Ek het gesien dat vele sommer maklik die bedrog van die Satan aangeneem het. Die hele hemel is tot verontwaardiging gestem toe hulle die heilige wet van God onder die voete vertrap gesien het. Jesus en die ganse leërskare van die hemel was bekend met die aard van Gods wet; hulle het geweet dat Hy dit nie sou verander of afskaf nie. Die hopelose toestand van die mens, ná die sondeval, het die grootste droefheid in die hemel veroorsaak, en dit het Jesus beweeg om te sterf vir die oortreders van Gods heilige wet. Maar as daardie wet afgeskaf kon gewees het, sou die mens gered kon gewees het sonder dat Jesus moes sterf. Sy dood het dus nie die wet van Sy Vader vernietig nie, maar het die heilige gebooie daarvan geëer en verhef.

As die kerk rein en standvastig gebly het, sou die Satan hulle nie kon bedrieg het en hulle gelei het om Gods wet te vertrap nie. In hierdie vermetele plan het die Satan regstreeks gemik na die grondslag van Gods regering in die hemel en op die aarde. Sy rebellie het tot sy uitwerping uit die hemel gelei. Ná sy opstand het hy, om homself te red, verlang om Gods wet te verander, maar voor die ganse leërskare van die hemel is daar aan hom gesê dat Gods wet onveranderlik is. Die Satan weet dat as hy ander kan beweeg om Gods wet te oortree, hy hulle vir sy kant gewin het; want elke oortreder van die wet moet sterf.

Die Satan het besluit om nog verder te gaan. Hy het aan sy engele gesê dat sommige so ywerig vir Gods wet sou wees

- 216 -

dat hulle nie in sy strikke gevang sal word nie; die tien gebooie is so duidelik dat vele sal glo dat hulle nog bindend is, en daarom moes hulle probeer



om net een van die gebooie te vervals. Hy het toe sy verteenwoordigers gelei om te probeer om die vierde gebod, naamlik die Sabbatsgebod, te verander, en sodoende juis daardie een te verander wat die ware God, die Skepper van die hemel en die aarde, openbaar. Die Satan het aan hulle die glorieryke opstanding van Jesus voorgehou, en hulle wysgemaak dat Hy, deur Sy opstanding op die eerste dag van die week, die Sabbat verander het van die sewende tot die eerste dag van die week.

So het die Satan dan die feit van die opstanding gebruik vir sy eie doeleindes. Hy en sy engele het hulle daarin verbly dat die dwalings wat hy berei het so goed ingang gevind het by die sogenaamde vriende van Christus. Wat die een met geestelike afsku verwerp het, het die ander sonder meer aangeneem. Daarom was dit ook dat verskillende dwalings aangeneem en met ywer verdedig is. Die wil van God, so duidelik in Sy Woord geopenbaar, het bedek geraak met dwalings en tradisies wat geleer is as die gebooie van God. Alhoewel hierdie hemeltergende bedrog verdra sal word tot by die tweede koms van Christus, het God Homself nogtans, deur hierdie lang tydperk van dwaalleer en bedrog, nie onbetuig gelaat nie. Te midde van die duisternis en vervolging van die kerk, was daar altyd opregte en getroue lede wat die gebooie van God bewaar het.

Ek het gesien dat die engele skare met verbasing vervul was by die aanskouing van die lyde en dood van die Koning van heerlikheid. Maar ek het gesien dat dit vir hulle nie 'n wonder was nie dat die Here van lewe en heerlikheid-Hy wat die ganse hemel vervul het met vreugde en prag—die bande van die dood sou verbreek en sou voortkom uit Sy graf as 'n triomfantlike oorwinnaar. As een van hierdie gebeurtenisse dan moet herdenk word deur 'n rusdag, dan is dit seker die kruisiging.

- 217 -

Maar ek het gesien dat nie een van hierdie gebeurtenisse bedoel was om Gods wet te verander of af te skaf nie; inteendeel, hulle lewer die sterkste bewys van die onveranderlikheid van die wet.

Albei hierdie belangrike gebeurtenisse het hulle gedenktekens. Deur die gebruik van die brood en wyn by die viering van die Avondmaal, verkondig ons die dood van die Here totdat Hy kom. Die tonele van Sy lyde en dood word daardeur weer vars in ons geheue gebring. Die opstanding van Christus word herdenk deur ons begrafnis met Hom in die doop, en ons opkoms uit die watergraf tot 'n nuwe lewe is 'n beeld van Sy

opstanding.

Aan my is getoon dat die wet van God vir ewig sal bly staan, en dat dit deur die ewigheid op die nuwe aarde sal bestaan. By die skepping, toe die fondamente van die aarde gelê is, het die seuns van God die werk van die Skepper met bewondering aanskou, en die leërskare van die hemel het gejubel van vreugde. Toe is ook die fondament van die Sabbat gelê. Aan die einde van die ses skeppings dae, het God op die sewende dag gerus van Sy werk wat hy gemaak het; Hy het die sewende dag geseën en dit geheilig omdat Hy op daardie dag gerus het van al Sy werk. Die Sabbat is in Eden ingestel vóór die sondeval, en dit is gevier deur Adam en Eva en die leërskare van die hemel. God het op die sewende dag gerus en dit geheilig. Ek het gesien dat die Sabbat nooit afgeskaf sal word nie, maar dat die verloste heiliges, en die leërskare van engele, dit deur die ewigheid sal vier ter ere van die groot Skepper.



# DIE DOOD IS NIE DIE EWIGE LEWE IN PYNIGING NIE

- 218 -

Die Satan het sy bedrog in Eden begin. Aan Eva het hy gesê, „Julle sal gewis nie sterwe nie." Dit was die Satan se eerste les oor die onsterflikheid van die siel, en hy het hierdie bedrog van daardie tyd af voortgesit tot vandag toe, en hy sal dit voortsit totdat Gods kinders uit die gevangenis vrygestel is. My aandag is gevestig op Adam en Eva in Eden. Hulle het van die verbode boom geëet, en toe is die vlammende swaard rondom die boom van die lewe geplaas, en hulle is uitgedryf uit die tuin sodat hulle nie miskien van die boom van die lewe eet en onsterflike sondaars word nie. Die vrug van daardie boom sou die onsterflikheid verewig. Ek het 'n engel hoor vra: "Wie van die gesin van Adam het verby daardie vlammende swaard gekom en van die boom van die lewe geëet?" Toe het ek 'n ander engel hoor antwoord, "Nie een van die gesin van Adam het verby daardie vlammende swaard gekom en geëet van daardie boom nie; daarom is daar ook nie 'n enkele onsterflike sondaar nie." Die siel wat sondig sal 'n ewigdurende dood sterf–'n dood waaruit daar geen opstanding sal wees. nie; en dan sal die wraak van God bevredig word.

Dit is vir my 'n wonder dat die Satan so goed daarin geslaag het om die mens te laat glo dat die woorde van God: "Die siel wat sondig, die moet sterwe," beteken dat die siel wat sondig nie sal sterwe nie, maar in ewigheid in ellende sal lewe. Die engel het aan my gesê, "Lewe is lewe" of dit in pyniging of in geluksaligheid is. Die dood is sonder pyn, sonder vreugde, sonder haat."

Die Satan het sy engele beveel om 'n spesiale poging aan te wend om die leuen te versprei wat eerste aan Eva in Eden vertel is, "Julle sal gewis nie sterwe nie." En namate die mense die leuen aangeneem het, en hulle gelei is om te glo dat die mens onsterflik is, het die Satan hulle gelei om te glo dat die sondaar in ewige pyniging sal voortlewe.

- 219 -

Toe is die weg vir die Satan berei om deur sy verteenwoordigers te werk, en God aan die mense voor te hou as 'n wraaksugtige tiran–iemand wat almal in die hel dompel wat Hom mishaag en hulle vir altyd Sy wraak laat voel; en terwyl hulle daar in die vlamme in die grootste foltering verkeer,

word Hy voorgestel as toeskouer wat Hom in hulle lyding verlustig. Die Satan het geweet dat as hierdie dwaling aangeneem word, sou daar vele wees wat God sou haat pleks dat hulle Hom liefhet en aanbid; en ook dat baie daartoe sal kom om te glo dat die dreigemente van Gods Woord nie letterlik vervul sal word nie, want dit sou indruis teen Sy goedgunstigheid en liefde om die wesens wat Hy geskape het in ewige pyn te dompel.

'n Ander uiterste waartoe die Satan mense gelei het, was om heeltemal die geregtigheid van God oor die hoof te sien, en ook die dreigemente in Sy Woord, en om Hom voor te stel as 'n geheel en al genadige wese wat niemand sal laat verlore gaan nie, en dat almal, sowel heiliges as sondaars, uiteindelik in Sy koninkryk gered sal word.

Ten gevolge van die algemene dwalings oor die onsterflike siel in ewige pyniging, wend die Satan hom weer tot 'n ander klas wat hy beweeg om die Bybel te beskou as 'n Boek wat nie geïnspireer is nie. Hulle neem aan dat dit baie goeie dinge leer, maar hulle meen dat hulle nie daarop kan staatmaak en dit nie kan liefhê nie omdat hulle geleer is dat dit ewige pyniging leer.

Daar is 'n ander klas wat die Satan nog verder verlei, selfs om die bestaan van God te loën. Hulle glo dat die karakter van die God van die Bybel inkonsekwent is as Hy dan 'n deel van die mensdom deur die ewigheid heen op 'n verskriklike wyse sal folter. Daarom loën hulle die Bybel en sy Ingewer, en hulle beskou die dood as 'n ewige slaap.

- 220 -

Daar is nog 'n ander klas wat vreesagtig is. Die Satan verlei hulle tot sonde, en nadat hulle gesondig het, hou hy aan hulle voor dat die loon van die sonde nie die dood is nie, maar lewe in die vreeslikste foltering wat onverpoos deur die ewigheid sal duur. Deur aan hulle swak verstand die afgryslikheid van 'n ewige hel voor te hou, beheers hy hulle verstand, en hulle word kranksinnig. Dan is die Satan en sy engele bly, en ongelowiges en godloënaars vul die geledere aan van diegene wat die Christelike geloof smaad. Hulle beweer dat hierdie euwels die natuurlike gevolge is van geloof in die Bybel en sy Ingewer, terwyl hulle in werklikheid die uitvloeisel is van die aanname van hierdie algemene dwaling.

Ek het gesien dat die leërskare van die hemel verontwaardig was oor hierdie vermetele werk van die Satan. Ek het gevra waarom toegelaat word dat al hierdie bedrog die verstand van mense beïnvloed, terwyl die engele



van God magtig is, en, as hulle net die opdrag kry, die mag van die vyand maklik kon breek. Toe het ek gesien dat God geweet het dat die Satan al sy lis sou gebruik om die mens te vernietig; daarom het Hy Sy Woord laat skryf, en het Hy Sy doel met die menslike geslag so duidelik gestel dat selfs die swakstes onder hulle nie hoef af te dwaal nie. Nadat Hy Sy Woord aan die mens gegee het, het Hy dit sorgvuldig bewaar van vernietiging deur die Satan of sy engele, of deur enige van sy werktuie en verteenwoordigers. Ander boeke mag tot niet gaan, maar hierdie een sal vir ewig bly. En naby die einde van tyd, wanneer die Satan sy verleidings sal verskerp, sal dit vermenigvuldig word sodat almal wat dit verlang 'n eksemplaar kan kry en hulle daardeur kan bewapen teen die bedrieërye en leuenagtige wonders van die Satan.

Ek het gesien dat God die Bybel op spesiale wyse bewaak het; maar toe daar nog maar min eksemplare was, het geleerde mense in sommige gevalle die woorde verander, menende dat hulle dit daardeur sou verduidelik, terwyl hulle inderwaarheid dinge wat reeds duidelik was, vervaag het,

- 221 -

omdat hulle beïnvloed is deur hulle eie sienswyses, geput uit die oorlewering. Maar ek het gesien dat die Woord van God, as geheel, 'n volmaakte ketting is, waarin die een deel by die ander inskakel en dit verduidelik. Opregte soekers na die waarheid hoef nie te dwaal nie; want nie alleen is die Woord van God duidelik en eenvoudig in sy verklaring van die weg van die lewe nie, maar die Heilige Gees is gegee om ons te lei in die weg van die lewe wat daarin geopenbaar is.

Ek het gesien dat die engele van God nooit die wil sal beheers nie. God stel voor die mens die lewe en die dood, en hy self moet kies. Daar is baie wat die lewe begeer, maar hulle hou aan om in die breë weg te wandel. Hulle verkies om teen Gods regering te rebelleer, ten spyte van Sy groot genade en ontferming in die gawe van Sy Seun om vir hulle te sterf. Diegene wat verkies om nie die saligheid aan te neem wat so duur vir hulle gekoop is nie moet gestraf word. Maar ek het gesien dat die Here hulle nie in die hel sal opsluit om vir ewig gepynig te word nie; Hy sal hulle ook nie na die hemel neem nie; want as Hy hulle in die geselskap sou bring van wesens wat rein en heilig is, sou dit hulle baie miserabel maak. Maar Hy sal hulle volkome vernietig sodat hulle sal wees asof hulle nooit bestaan het

nie; dan sal Sy regverdigheidsin bevredig wees. Hy het die mens gemaak uit die stof van die aarde, en ongehoorsames en onheiliges sal deur vuur verteer word en weer tot stof vergaan. Ek het gesien dat die goedheid en barmhartigheid van God in hierdie saak almal sal lei om Sy karakter te bewonder en Sy heilige Naam te aanbid. Nadat die goddelose van die aarde vernietig is, sal die ganse leërskare van die hemel uitroep, "Amen!"

Die Satan beskou met groot tevredenheid diegene wat die Naam van Christus bely, maar tog vaskleef aan die bedrog wat by hom ontstaan het. Hy lê hom daarop toe om steeds nuwe bedrieërye uit te dink, en sy krag en lis in hierdie verband neem altyd toe. Hy het sy verteenwoordigers, die pouse en priesters, gelei om hulleself te verhef, en om die mense op te wek om diegene wat nie sy bedrieërye wil aanneem nie, bitter te vervolg en te dood.

- 222 -

O, die lyding en angs wat die dierbare volgelinge van Christus moes verduur! Die engele het alles getrou opgeteken. Die Satan en sy bose engele het die engele wat hierdie lydende heiliges bedien het, triomfantlik meegedeel dat hulle almal doodgemaak sou word, sodat daar nie een enkele ware Christen op die aarde sal oorbly nie. Ek het gesien dat die kerk van God destyds rein was. Daar was geen gevaar dat mense met bedorwe harte daarin sou kom nie; want die opregte Christen wat dit gewaag het om vir sy geloof te getuig, was in gevaar van die pynbank, die brandstapel, en elke denkbare soort marteling wat die Satan en sy bose engele kon uitdink, of in die hart van die mens kon ingee.



# DIE REFORMASIE

Nieteenstaande al die vervolgings wat die heiliges moes verduur, is daar lewende getuies vir Gods waarheid verwek aan alle kante. Die engele van die Here het die werk gedoen wat aan hulle opgedra is. Hulle het in die donkerste plekke gesoek en uit die duisternis manne getrek wat eerlik en opreg was. Al hierdie mense was feitelik onder die dwaalleer bedolwe, maar nogtans het God hulle geroep, soos Hy Saul geroep het, as Sy uitverkore werktuie om Sy waarheid te dra, en hulle stemme te verhef teen die sondes van Sy sogenaamde volk. Die engele van God het gewerk in die harte van Luther, Melanchthon, en ander op verskillende plekke, en 'n dors by hulle geskep vir die lewende getuienis van die Woord van God. Die vyand het ingestroom soos 'n vloed, en die banier moes teen hom verhef word. Luther was die een wat gekies is om in die bres te tree, te staan teen die woede van 'n gevalle kerk, en die klein klompie te versterk wat getrou gebly het aan hulle heilige roeping. Hy het altyd gevrees dat hy God sou mishaag. Hy het geprobeer om deur sy werke in die guns van God te

- 223 -

kom, maar hy was nie tevrede aleer 'n ligstraal uit die hemel die duisternis uit sy hart verdryf, en hom gelei het om, nie op werke nie, maar op die verdienstes van die bloed van Christus te vertrou. Toe was hy in staat om self tot God te gaan, nie deur pouse en biegvaders nie, maar deur Jesus Christus alleen.

O, hoe dierbaar vir Luther was hierdie nuwe en heerlike lig, wat in sy donker hart geskyn en sy bygeloof verdryf het! Hy het dit meer gewaardeer as die kosbaarste aardse skat. Die Woord van God was nuut. Alles het ver-ander. Die boek wat hy eers gevrees het omdat hy geen skoonheid daarin kon sien nie, was nou die lewe–die ewige lewe–vir hom. Dit was sy vreugde, sy vertroosting en sy geliefde onderwyser. Niks kon hom beweeg om die studie daarvan op te gee nie. Eers het hy die dood gevrees, maar namate hy die Woord van God gelees het, het al sy vrees verdwyn, en hy het die karakter van God bewonder en Hom liefgekry. Hy het die Bybel vir homself ondersoek, en die skatte geniet wat hy daarin ontdek het; daarna het hy dit ondersoek vir die kerk. Die sondes van diegene op wie hy vertrou het vir die saligheid, het hom gewalg, en waar hy baie ander in dieselfde duisternis sien verkeer het waarin hy gewees het, het hy met erns gesoek na 'n geleentheid om hulle te wys op die Lam van God as die

enigste een wat die sonde van die wêreld kan wegneem.

Hy het sy stem verhef teen die dwalings en sondes van die Roomse kerk, en hy het ernstig geprobeer om die ketting van duisternis te verbreek wat duisende gebind het, en hulle op werke laat vertrou het vir die saligheid. Hy het verlang om hulle te vertel van die rykdom van Gods genade en die uitnemendheid van die verlossing deur Jesus Christus. In die krag van die Heilige Gees het hy sy stem verhef teen die sondes van die leiers van die kerk; en waar hy die opposisie van die priesters die hoof moes bied, het sy moed hom nie begeef nie; want hy het onwrikbaar vertrou op die sterke arm van God vir die oorwinning.

- 224 -

Namate die stryd heftiger geword het, het die woede van die priesters teen hom toegeneem. Hulle het geweier om hervorm te word. Hulle het verkies om voort te lewe in gemak, in losbandige plesier, en in boosheid; en hulle wou die kerk in duisternis hou.

Ek het gesien dat Luther vurig en ywerig en onverskrokke was in die bestraffing van die sonde en die verkondiging van die waarheid. Hy het nóg bose mense nóg duiwels gevrees; hy het geweet dat hy Iemand aan sy kant gehad het wat magtiger was as hulle almal. Luther was ywerig, moedig, en onverskrokke, en met tye was daar gevaar dat hy te ver sou gaan. Maar God het Melanchthon verwek wat in karakter net die teenoorgestelde van Luther was, en hy sou Luther help om die werk van hervorming voort te sit. Melanchthon was vreesagtig en versigtig, en baie geduldig. Die Here het hom baie liefgehad. Hy het groot kennis van die Skrifte gehad, en hy was wys en oordeelkundig. Sy liefde vir die saak van God was gelyk aan die van Luther. Die harte van hierdie twee manne was saamgesnoer; hulle was onskeibare vriende. Luther was 'n groot hulp vir Melanchthon wanneer laasgenoemde gevaar geloop het om te vreesagtig en te stadig te wees; en op sy beurt was Melanchthon 'n groot hulp vir Luther wanneer hy te vinnig wou vooruitgaan. Melanchthon se versiendheid en versigtigheid het dikwels die saak teen moeilikhede bewaar wat sou ontstaan het as die werk aan Luther alleen oorgelaat sou gewees het; maar dikwels ook sou die werk vertraag gewees het as dit aan Melanchthon alleen oorgelaat sou gewees het. Ek het die wysheid van God gesien in die keuse van hierdie twee manne om die werk van die Reformasie voort te sit.

Toe is ek teruggevoer na die dae van die apostels, en ek het gesien dat



God as metgeselle gekies het die vurige, ywerige Petrus, en die sagmoedige, geduldige Johannes. Soms was Petrus voortvarend, en in sulke gevalle het die geliefde dissipel hom in bedwang gehou. Maar dit het hom nie hervorm nie; nadat hy egter sy Here verloën het, en hy tot bekering gekom het,

- 225 -

was daar net 'n sagte waarskuwing van Johannes nodig om hom in toom te hou. Die saak van Christus sou dikwels skade gely het as dit aan Johannes alleen oorgelaat sou gewees het. Die ywer van Petrus was nodig. Sy onverskrokkenheid en energie het hulle dikwels uit 'n moeilikheid gehelp, en hulle vyande die swye opgelê. Johannes het 'n innemende geaardheid gehad. Hy het baie vir die saak van Christus gewin deur sy verdraagsaamheid en opregte toewyding.

God het manne opgewek om hulle stem te verhef teen die sondes van die pouslike kerk, en om die Reformasie voort te sit. Die Satan het geprobeer om hierdie lewende getuies om die lewe te bring, maar die Here het 'n beskutting rondom hulle opgerig. Hy het toegelaat dat sommige, tot Sy verheerliking, hulle getuienis met hulle bloed verseël; maar daar was ander magtige manne soos Luther en Melanchthon wat God op die beste manier kon verheerlik deur te lewe, en die sondes van priesters, pouse, en konings aan die kaak te stel. Hulle het gebewe vir die stem van Luther en sy medewerkers. Deur daardie uitverkore manne het ligstrale die duisternis begin verdrywe, en baie het die lig met blydskap aangeneem en daarin gewandel. Wanneer een getuie gedood is, is daar twee en meer verwek om sy plek te vul.

Maar die Satan was nie tevrede nie. Hy kon maar net oor die liggaam alleen mag hê; hy kon die gelowiges nie dwing om hulle geloof en hoop te versaak nie. Daarom het hulle selfs in die dood geseëvier in die heerlike hoop op onsterflikheid by die opstanding van die regverdiges. Hulle het feitlik bonatuurlike energie gehad. Hulle het dit nie gewaag om selfs vir een oomblik te slaap nie, maar hulle het gestaan met die Christelike wapenrusting aangegord en gereed vir die stryd, nie slegs teen geestelike vyande nie, maar teen die Satan in die gedaante van manne wat gedurig uitgeroep het, "Versaak jou geloof, of sterf." Daardie paar Christene was sterk in God, en kosbaarder in Sy oë as die menigtes wat die Naam van Christus bely, maar nogtans lafharte is in Sy saak. Solank die kerk vervolg

is, was die lede verenig en vol liefde; hulle was sterk in God.

- 226 -

Sondaars is nie toegelaat om by die kerk aan te sluit nie. Diegene wat gewillig was om alles vir Christus te verlaat, kon Sy dissipels word. Hulle het die armes, die nederiges, en die Christene liefgehad.

---



# DIE KERK EN DIE Wêreld VERENIG

Daarna het ek gesien dat die Satan met sy engele vergader het om te sien wat hulle gewin het. Dit is waar dat hulle wel deur dreigemente met die dood sommige vrees agtige siele teruggehou het om die waarheid aan te neem; maar vele, selfs onder die vreesagtiges, het die waarheid aangeneem en hulle vrees het hulle onmiddellik verlaat. Waar hierdie gelowiges die dood van hulle broeders gesien het, en hulle standvastigheid, en geduld, het hulle geweet dat God en Sy engele daardie manne gehelp het om die lyding te verhuur, en dit het hulle moedig en onverskrokke gemaak. Toe dit vir hulle nodig geword het om te sterf, het hulle hulle geloof bewaar met sulke geduld en standvastigheid dat dit selfs hulle moordenaars laat sidder het. Die Satan en sy engele het besluit dat daar 'n beter manier was om siele te vernietig, 'n plan wat uiteindelik meer suksesvol sou wees. Alhoewel die Christene moes ly, het hulle standvastigheid en die heerlike hoop wat hulle opgebeur het, die swakkes sterk gemaak sodat hulle die pynbank en die vlamme sonder weifeling getrotseer het. Hulle het getrag om hulle soos Christus te gedra toe Hy voor Sy moordenaars gestaan het, en deur hulle standvastigheid en die heerlikheid van God wat op hulle gerus het, het hulle baie ander oortuig van die waarheid.

Toe het die Satan besluit om 'n sagter manier van optrede te volg. Hy het reeds daarin geslaag om die leerstellings van die Bybel te vervals, en tradisies wat die ondergang van miljoene ten gevolge sou hê, het al diep wortelgeskiet. Hy het sy haat bedwing en besluit om sy onderdane te vra om nie voort te gaan met die bitter vervolging nie, maar die kerk daartoe te bring om hom te beywer vir die verskillende oorlewerings

- 227 -

liewer as vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is. Namate hy die kerk oorreed het om gunste en eerbetuigings van die wêreld te ontvang, het hy in die onguns van God begin kom. En waar die kerk versuim het om die onomwonde waarheid te verkondig wat die genotsugtiges en vriende van die wêreld uitgesluit het, het hy geleidelik sy krag verloor.

Die kerk bestaan nie vandag uit daardie afgeskeie en besondere lede wat daarin was toe die hete vuur van vervolging so kwaai teen hom gewoed het nie. Hoe het die goud verdof! Hoe het die fyn goud verander! Ek het gesien dat die kerk, as hy sy eie heilige karakter behou het, die krag van die Heilige Gees wat aan die dissipels gegee is, nog sou gehad het. Die

siekes sou genees word, duiwels sou bestraf en uitgewerp word, en hy sou 'n krag en verskrikking vir sy vyande gewees het.

Ek het 'n groot menigte gesien wat die Naam van Christus bely het, maar God het hulle nie erken as Syne nie. Hy het geen behae in hulle gehad nie. Dit het geskyn asof die Satan 'n vroom karakter aangeneem het, en hy was heeltemal gewillig dat die mense sou dink dat hulle Christene is. Hy was selfs gretig dat hulle in Jesus moet glo, en in Sy kruisiging en Sy opstanding. Die Satan en sy engele glo dit self ten volle, en hulle sidder. Maar as hierdie geloof nie lei tot goeie werke nie, en diegene wat dit bely, beweeg om Jesus te volg in 'n selfopofferende lewe nie, sou die Satan nie daaroor ontstel wees nie; want dit kom hierop neer: hulle neem net die naam Christen aan, maar hulle harte bly vleeslik, en die Satan kan hulle nou beter in sy diens gebruik as toe hulle niks bely het nie. Hulle bedek hulle gebreke met die benaming Christen, en hulle leef onbekeerd voort sonder dat hulle hul bose neigings versaak het. Dit gee aan ongelowiges die geleentheid om Christus te smaad vir hulle gebreke, en diegene wat wel 'n reine godsdiens beoefen, word met veragting bejeën.

- 228 -

Die predikante preek strelende dinge om die" vleeslike hart te bevredig. Hulle durf dit nie waag om Jesus, en die snydende waarhede van die Bybel te verkondig nie; want as hulle dit sou doen sou hierdie vleeslike belyers nie in die kerk bly nie. Maar aangesien baie van hulle ryk is, moet hulle behou word, alhoewel hulle net so ongeskik is om daar te wees as die duiwel en sy engele. Dit is presies soos die Satan dit graag wil hê. Die godsdiens van Jesus word as gewild voorgestel, en as iets eerliks in die oë van die wêreld. Die mense word vertel dat diegene wat godsdienstig is, meer deur die wêreld geëer sal word. Sulke leringe verskil hemelsbreed van die wat Christus geleer het. Sy leer en die wêreld kan nooit in vrede saamwoon nie. Diegene wat Hom gevolg het, moes die wêreld versaak. Hierdie strelende dinge het hulle oorsprong gehad by die duiwel en sy engele. Hulle het die planne beraam, en die naam-christene het dit uitgevoer. Strelende fabels is verkondig en geredelik aangeneem, en huigelaars en volslae sondaars het by die kerk aangesluit. As die waarheid in sy reinheid gepreek sou gewees het, sou dit baie gou daardie klas uitgesluit het. Maar daar is geen verskil gemaak tussen die naam-christene en die wêreldlinge nie. Ek het gesien dat as die vals mantel afgeskeur kon gewees het van die kerklede,



sou daar sulke skreiende sondes, vuilheid, en verdorwenheid aan die lig gekom het, dat selfs die mees beskeie kind van die Here nie sou geskroom het om hierdie naam-christene by hulle regte naam te noem nie, naamlik dat hulle kinders is van hulle vader, die duiwel; want hulle het sy werke gedoen.

Jesus, en al die hemelse engele het die toneel met verfoeiing aanskou; en tog het God 'n boodskap vir die kerk gehad wat heilig en baie belangrik was. As hulle dit aangeneem het, sou dit 'n volkome hervorming in die kerk teweeggebring het; dit sou die lewende getuienis laat herlewe het wat die huigelaars en sondaars sou uitwerp, en die kerk weer in die guns van God sou gebring het

## WILLIAM MILLER

- 229 -

God het Sy engel gestuur om te werk in die hart van 'n landbouer wat nie in die Bybel geglo het nie, om hom te beweeg om die Skrifte te ondersoek. Die engele van God het daardie uitverkorene herhaaldelik besoek, om sy verstand te lei en hom die profesieë te laat verstaan wat maar altyd duister was vir Gods volk. Die eerste skakel van die ketting van waarheid is aan hom gegee, en hy is gelei om skakel vir skakel op te soek totdat hy die Woord van God met bewondering bejeën het. Hy het gesien dat daar 'n volmaakte ketting van waarheid was. Die Woord wat hy eers nie wou aanneem as geïnspireer nie, het nou voor sy gees ontvou in al sy skoonheid en heerlikheid. Hy het gesien dat die een skrifgedeelte die ander uitlê, en wanneer een gedeelte nie vir hom duidelik was nie, het hy 'n ander gedeelte van die Woord gevind wat dit verklaar het. Hy het die heilige Woord van God met vreugde en met die grootste respek en eerbied bejeën.

Namate hy die profesieë nagespeur het, het hy gesien dat die aardbewoners in die slottonele van die wêreld se geskiedenis lewe, maar hulle het dit nie geweet nie. Hy het die kerke betrag en gesien dat hulle verdorwe was; hulle het Jesus nie meer liefgehad nie, maar die wêreld; hulle het gesoek na wêreldse eer pleks na die eer wat van omhoog kom; hulle het wêreldse rykdom nagejaag pleks om skatte in die hemel te vergader. Hy kon orals die geveinsdheid, duisternis, en doodsheid sien. Sy gees is binne-in hom opgewek. God het hom geroep om sy plaas te verlaat, net soos Hy Elisa in die land agter sy osse weggeroep het om Elia te volg. In vrees en bewing het William Miller aan die mense die verborgenhede van die koninkryk van God begin verduidelik, en sy toehoorders gevoer, deur die profesieë tot by die tweede koms van Christus.

- 230 -

Met elke poging het sy krag vermeerder. Net soos Johannes die Doper die eerste koms van Jesus verkondig het en die weg berei het vir Sy koms, het William Miller en diegene wat hom bygestaan het die tweede koms van die Seun van God verkondig.

Ek is teruggevoer tot die dae van die dissipels, en daar is aan my getoon dat God 'n spesiale werk gehad het vir die geliefde Johannes om te doen. Die Satan was vasbeslote om daardie werk te verhinder, en hy het sy die-

naars daartoe gelei om Johannes dood te maak. Maar God het Sy engel gestuur en Johannes op wonderbaarlike wyse te bewaar. Almal wat die openbaring van Gods krag gesien het toe hy Johannes verlos het, was verbaas, en vele was oortuig dat God met hom was, en dat sy getuienis aangaande Jesus betroubaar was. Diegene wat hom wou doodmaak, was bang om dit weer te probeer, en hy is toegelaat om maar te ly vir Jesus. Hy is vals beskuldig deur sy vyande, en is toe verban na 'n eensame eiland, waarheen die Here Sy engel gestuur het om aan hom die gebeurtenisse te openbaar wat op die aarde sou plaasvind, en die toestand van die kerk tot by die einde–sy afvalligheid, en ook die posisie wat hy kan beklee as hy die Here sou behaag en die oorwinning sou behaal.

Die engel van die hemel het in sy majesteit na Johannes gekom, sy aangesig het geblink van die heerlikheid van God. Hy het aan Johannes tonele van die allergrootste belang in die geskiedenis van die kerk van God geopenbaar, en hy het aan hom die gevaarlike stryd getoon wat die navolgers van Christus sal moet stry. Johannes het hulle deur vurige beproewings sien gaan, hoedat hulle gereinig en beproef is, en hoe hulle eindelik, as oorwinnaars, gered is in die koninkryk van God. Die gelaat van die engel het geskitter van vreugde, en dit was baie heerlik toe hy Johannes gewys het op die uiteindelike oorwinning van die kerk van God. Waar die apostel die uiteindelike verlossing van die kerk gesien het, is hy weggevoer deur die heerlikheid van die toneel,

- 231 -

en in diepe eerbied het hy neergeval aan die voete van die engel om hom te aanbid. Maar die hemelse boodskapper het hom dadelik opgerig en saggies bestraf deur te sê, "Moenie! Ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders wat die getuienis van Jesus het. Aanbid God. Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie." Daarna het die engel aan Johannes die hemelse stad getoon, met al sy skitterende glorie, en hy, in verrukking, en oorbluf, en sonder om te dink aan die bestraffing van die engel 'n rukkie tevore, het weer aan sy voete neergeval. Weer het die engel hom bestraf deur te sê, "Moenie! want ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders, die profete, en van hulle wat die woorde van hierdie boek bewaar. Aanbid God."

Beide predikante en gemeentelede het die boek Openbaring beskou as onverstaanbaar, en nie so belangrik as die ander Skrifte nie. Maar ek het



gesien dat hierdie boek inderwaarheid 'n openbaring is, veral vir diegene wat in die laaste dae sou lewe, om hulle te help verstaan wat hulle posisie en plig is. God het William Miller se aandag gevestig op die profesieë, en hom baie lig gegee op die boek Openbaring.

As hulle Daniël se gesigte verstaan het, sou die mense die gesigte van Johannes ook beter verstaan het. Maar op die regte tyd, het God in die hart gewerk van Sy uitverkore dienaar wat, duidelik in die krag van die Heilige Gees, die profesieë verklaar en die harmonie aangetoon het tussen die gesigte van Daniël en Johannes en ander dele van die Bybel; en hy het die vreeslike waarskuwings van die Woord voor die mense beklemtoon en hulle gemaan om klaar te maak vir die koms van die Seun van die mens. Diegene wat hom gehoor het, is tot diepe oortuiging gebring, en predikante en gemeentelede en sondaars en ongelowiges, het hulle tot die Here bekeer sodat hulle in die oordeel sou kon staan.

- 232 -

Engele van God het William Miller vergesel op sy sending. Hy was standvastig en moedig, en hy het die boodskap wat aan hom gegee is sonder vrees verkondig. 'n Wêreld in duisternis, en 'n koue, wêreldsgesinde kerk was genoeg om al sy kragte in werking te bring en hom gewillig te maak om te swoeg en ontbering te ly. Alhoewel hy teenstand gekry het van die naam-Christene en die wêreld, en die Satan en sy engele versuur het, het hy aangehou om die ewige evangelie te verkondig aan groot gehore, en sy stem is wyd en syd gehoor:

"Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van Sy oordeel het gekom."

## DIE EERSTE ENGEL SE BOODSKAP

Ek het gesien dat die verkondiging van die tyd in 1843 van God was. Dit was Sy doel om die mense wakker te skud en hulle voor 'n toets te bring waar hulle vir of teen die waarheid sou moes besluit. Predikante was oortuig dat die verklaring van die profetiese tydperke reg was, en sommige het hulle hoogmoed versaak, hulle salarisse en gemeentes opgegee, en van plek tot plek gegaan om die boodskap te verkondig. Maar aangesien die boodskap van die hemel deur baie min van die predikante aangeneem is wat voorgegee het dat hulle dienaars van Christus is, moes die werk gedoen word deur vele wat nie predikante was nie. Sommige het hulle werk op die plase verlaat om die boodskap te verkondig, terwyl ander weggeroep is van hulle winkels en besighede. Selfs vakmanne het hulle werk opgegee om die onpopulêre roeping te aanvaar om die eerste engel se boodskap te verkondig.

Predikante het hulle sektariese beskouings en gevoelens opgegee om die boodskap van die koms van Jesus te verkondig. Waar die boodskap ook al verkondig is, het dit die mense in beroering gebring. Sondaars het tot bekering gekom, geween,

- 233 -

en gebid om vergifnis van sondes, en diegene wat deur oneerlikheid ander tekort gedoen het, was gretig om vergoeding te doen. Ouers het baie besorg geword oor hulle kinders. Diegene wat die boodskap aangeneem het, het begin werk vir hulle onbekeerde vriende en bloedverwante, en het hulle onder die erns van die boodskap gesmeek om klaar te maak vir die koms van die Seun van die mens. Diegene wat nie die baie bewyse wat aangevoer is, wou aanneem nie, was verhard. Hierdie sielsreinigingswerk het die mense beweeg om hulle liefde af te wend van aardse dinge, en dit het groot toewyding ten gevolg gehad.

Duisende het die waarheid aangeneem wat deur William Miller verkondig is, en God het vir Homself dienaars opgewek in die gees en krag van Elia om die boodskap te verkondig. Net soos Johannes, die voorloper van Jesus, het diegene wat hierdie ernstige boodskap verkondig het, verplig gevoel om die byl aan die wortel van die boom te sit, en 'n beroep op die mense te doen om vrugte voort te bring wat by die bekering pas. Die mikpunt van hulle boodskap was om die kerke wakker te skud en hulle ware karakter te openbaar. En namate die ernstige waarskuwing gegee

is om te vlug vir die wraak wat sou kom, het baie wat in die kerke was die genesende boodskap aangeneem; hulle het besef hoe ver hulle afgedwaal het, en met bittere trane van berou en kwelling van die siel het hulle hulle voor God verootmoedig. En waar die Gees van God op hulle gekom het, het hulle gehelp om die boodskap te verkondig: "Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van Sy oordeel het gekom."

Die verkondiging van 'n bepaalde tyd het groot teenstand uitgelok sowel van predikante in die kansel as van die mees roekelose en vermetele sondaars. "Geen mens weet die juiste dag of uur nie," is gehoor uit die mond van geveinsde predikante, en van die spotters. Hulle wou niks leer van diegene wat die jaar verkondig het wanneer, volgens hulle mening,

- 234 -

die profetiese tydperke ten einde sou loop, en wat hulle gewys het op die tekens dat die koms van Christus, naby, voor die deur was nie. Baie herders van die kudde, wat voorgegee het dat hulle Jesus liefhet, het gesê dat hulle nie daarteen was dat die koms van Jesus verkondig word nie, maar dat hulle teen die bepaling van die tyd was. Gods alsiende oog het hulle harte gelees, Hulle wou Jesus nie naby hê nie. Hulle het geweet dat hulle onchristelike lewens nie die toets sou kon deurstaan nie, want hulle het nie gewandel in die nederige pad wat Hy aangewys het nie. Hierdie valse herders het in die weg van Gods werk gestaan. Die waarheid, met oortuigende krag verkondig, het die mense wakkergeskud, en soos die sipier het hulle begin vra, "Wat moet ek doen om gered te word?" Maar hierdie herders het tussen die waarheid en die mense getree en strelende dinge aan hulle verkondig wat hulle weggelei het van die waarheid. Hulle het saam met die Satan en sy engele geroep, "Vrede, vrede!" wanneer daar geen vrede was nie. Diegene wat gemaksugtig was en tevrede was om maar ver van God te lewe, wou nie wakkergeskud wees uit hulle vleeslike veiligheid nie. Ek het gesien dat die engele van God dit alles gesien het; die kleed van daardie onheilige herders was bevlek met die bloed van siele.

Predikante wat nie self hierdie reddende boodskap wou aanneem nie, het ander wat dit wel sou aangeneem het, verhinder om dit te doen. Die bloed van daardie siele kleef aan hulle. Beide predikante en gemeentelede het saamgestaan om hierdie boodskap van die hemel teen te werk, en om William Miller en diegene wat hom gehelp het in sy werk, te vervolg. Daar is valse dinge van hom gesê om sy invloed te ondermyn; en verskeiemaal, nadat hy duidelik die raad van God verkondig het, en die snydende waarhede aan die harte van sy toehoorders tuisgebring het, is daar groot woede teen hom opgewek, en sommige het hom voorgelê met die doel om hom dood te maak. Maar God het engele gestuur om hom te bewaar, en hulle het hom veilig deur die verwoede skare gelei. Sy werk was nog nie klaar nie.



- 235 -

Die opregtes het die boodskap aangeneem. Hulle het geweet dat dit van God was en dat dit op die regte tyd gegee is. Engele het met die grootste belangstelling die uitwerking van die hemelse boodskap gadegeslaan, en toe die kerke dit verwerp het, het hulle in droefheid met Jesus beraadslaag. Hy het Sy gesig weggedraai van die kerke, en Sy engele opdrag gegee om die dierbares wat die boodskap nie verwerp het nie, te bewaak, want daar sou nog meer lig op hulle skyn.

Ek het gesien dat as die naam-christene hulle Heiland se verskyning liefgehad het, en gevoel het dat daar niemand op aarde was soos Hy nie, sou hulle die eerste verkondiging van Sy koms met blydskap aangeneem het. Maar die feit dat die eerste verkondiging van Sy koms hulle nie behaag het nie, was afdoende bewys dat hulle Hom nie liefgehad het nie. Die Satan en sy engele het getriomfeer, en hulle het dit in die aangesig van Christus en Sy heilige engele gewerp dat Sy kastige volgelinge so min liefde vir Hom het dat hulle glad nie Sy koms begeer het nie.

Ek het die volk van God in blye verwagting sien verkeer, wagtende op die koms van hulle Here. Maar dit was Gods doel om hulle op die proef te stel. In die berekening van die profetiese tydperke het Hy 'n misrekening met Sy hand bedek. Diegene wat hulle Here verwag het, het nie hierdie fout raakgesien nie, en selfs die geleerdste manne wat daardie uitleg betwis het, het dit nie gesien nie. God het dit so beskik dat 'n groot teleurstelling Sy volk sou te beurt val. Die tyd het verbygegaan, en diegene wat in blye verwagting uitgesien het na die koms van hulle Heiland was droefgeestig en ontmoedig, terwyl diegene wat nie die verskyning van Jesus liefgehad het nie, maar die boodskap uit vrees aangeneem het, bly was dat Hy nie gekom het op die tyd toe Hy verwag is nie. Hulle belydenis het nie hulle harte verander en hulle lewens gereinig nie. Die verbygaan van die tyd sonder dat daar iets gebeur het, het goed gedien om sulke harte te openbaar.

- 236 -

Hulle was die eerste om die spot te dryf met die treurendes en teleurgesteldes wat waarlik die koms van hulle Heiland liefgehad het. Ek het die wysheid van God gesien in die beproewing van Sy kinders met daardie deurtastende toets, om vas te stel wie sou terugdeins en uitsak in die uur van beproewing.

Jesus en die ganse leërskare van die hemel het diegene wat met sulke soete verlange uitgesien na Hom wat hulle siele liefgehad het, met medelyde en liefde bejeën. Engele het oor hulle gesweef om hulle te versterk in die uur van beproewing. Diegene wat die hemelse boodskap nie aangeneem het nie is in duisternis gelaat, en Gods toorn het teen hulle ontvlam omdat hulle nie die lig wou aanneem wat Hy uit die hemel gestuur het nie. Daardie getroue, teleurgestelde groep, wat nie kon verstaan waarom hulle Here nie gekom het nie, is nie in duisternis gelaat nie. Weer is hulle na hulle Bybels gelei om die profetiese tydperke te ondersoek. Die Here het Sy hand weggeneem van die syfers, en die fout is opgeklaar. Hulle het gesien dat die profetiese tydperke gereik het tot 1844, en dat dieselfde bewyse wat hulle aangevoer het dat die profetiese tydperke in 1843 geëindig het, bewys het dat hulle in 1844 sou eindig. Lig uit die Woord van God het hulle posisie verlig, en hulle het 'n talmtyd ontdek— "As dit mag vertoef, wag dan daarop." In hulle liefde vir Christus se onmiddellike koms, het hulle die talming van die gesig oor die hoof gesien wat die opregte wagtendes sou openbaar. Weer is daar 'n bepaalde tyd gestel, maar ek het gesien dat baie van hulle nie daardie verskriklike teleurstelling te bowe kon kom om dieselfde ywer en energie aan die dag te lê as wat hulle geloof in 1843 gekenmerk het nie.

Die Satan en sy engele het oor hulle getriomfeer, en diegene wat die boodskap nie wou aanneem nie het hulleself

- 237 -

geluk gewens met hulle versiende oordeel en wysheid om nie bedrieg te word soos hulle dit genoem het nie. Hulle het nie besef dat hulle die raad van God teen hulleself verwerp het, en dat hulle besig was om saam met die Satan en sy engele te werk om Gods kinders, wat die hemelse boodskap uitgelewe het, te verbyster nie.

Diegene wat hierdie boodskap geglo het, is verdruk in die kerke. Vir 'n tyd is diegene wat die boodskap nie wou aanneem nie uit vrees te-



ruggehou om uiting te gee aan die gevoelens van hulle harte; maar toe die tyd verbygegaan het, is hulle ware gevoelens geopenbaar. Hulle wou die getuienis stilmaak wat die wagtendes gevoel het dat hulle moet gee, naamlik dat die profetiese tydperke gestrek het tot 1844. Met duidelikheid het die gelowiges hulle fout verduidelik, en redes gegee waarom hulle die Here in 1844 verwag het. Hulle teenstanders kon geen argumente aanvoer teen hulle sterk bewyse nie. Nogtans het die woede van die kerke teen hulle ontvlam; hulle was vasbeslote om nie na die getuienis te luister nie, om die getuienis uit die kerke te ban, sodat ander dit nie kon hoor nie. Diegene wat dit gewaag het om aan ander die lig te gee wat God aan hulle gegee het, is uit die kerke uitgesluit; maar Jesus was met hulle, en hulle was blymoedig in die lig van Sy aanskyn. Hulle was bereid om die boodskap van die tweede engel aan te neem.

# DIE TWEEDE ENGEL SE BOODSKAP

Toe die kerke geweier het om die eerste engel se boodskap aan te neem, het hulle die lig van die hemel verwerp en in onguns geraak by God. Hulle het op hulle eie krag vertrou, en deur die eerste engel se boodskap te weerstaan, het hulle hulleself geplaas waar hulle nie die lig van die tweede engel se boodskap kon sien nie. Maar die geliefdes van God, wat verdruk was, het die boodskap, "Geval, geval het Babilon," aangeneem, en die kerke verlaat.

- 238 -

Naby die einde van die tweede engel se boodskap, het ek gesien dat daar 'n groot lig uit die hemel skyn op die volk van God. Die strale van hierdie lig het net so helder as die sonstrale gelyk. En ek het engelstemme hoor roep: "Daar kom die bruidegom, gaan uit hom tegemoet!"

Dit was die middernagtelike geroep wat krag sou gee aan die tweede engel se boodskap. Engele is uit die hemel gestuur om die ontmoedigde heiliges op te wek en hulle te berei vir die groot werk voor hulle. Dit was nie die mees talentvolle manne wat eerste hierdie boodskap ontvang het nie. Engele is gestuur na die nederiges, en toegewydes, en hulle moes die boodskap gee: "Daar kom die bruidegom, gaan uit hom tegemoet!" Diegene aan wie hierdie boodskap toevertrou is, het haastig en in die krag van die Heilige Gees die boodskap verkondig en hulle ontmoedigde broeders opgewek. Hierdie werk was nie afhanklik van die wysheid en geleerdheid van mense nie, maar van die krag van God; en Sy heiliges wat die roepstem gehoor het, kon dit nie weerstaan nie. Die vromes het eerste die boodskap aangeneem, en diegene wat voorheen leiers was in die werk was die laaste om dit aan te neem en te help met die wekroep: "Daar kom die bruidegom, gaan uit hom tegemoet!"

In elke deel van die land is daar lig gegee op die tweede engel se boodskap, en die roepstem het die harte van duisende week gemaak. Die boodskap het gegaan van stad tot stad, en van dorp tot dorp, totdat die wagtende volk van God heeltemal wakker geskud was. Baie kerke wou nie toelaat dat die boodskap in hulle midde verkondig word nie, en menigtes wat die lewende getuienis gehad het, het hulle aan die gevalle kerke onttrek. Daar is 'n groot werk gedoen deur die middernagtelike geroep. Dit was 'n hartdeursoekende boodskap wat die gelowiges laat verlang het na 'n dieper geestelike lewe. Hulle het geweet dat hulle nie op mekaar kon

leun nie.

Deur te vas, te waak, en gedurig te bid, het die heiliges verlangend gewag op hulle Here.

- 239 -

Daar was selfs sondaars wat met siddering gedink het aan die koms, maar die massas het die gees van die Satan geopenbaar in hulle teenstand teen die boodskap. Orals het hulle spottend gesê: "Niemand weet die dag of die uur nie." Bose engele het hulle aangepor om hulle harte te verhard en elke ligstraal uit die hemel te verwerp, sodat hulle vasgevang kon word in die strikke van die Satan. Baie van die wat voorgegee het dat hulle die koms van Christus verwag het, het geen aandeel geneem in die verkondiging van die boodskap nie. Die heerlikheid van God wat hulle gesien het, die nederigheid en toewyding van die wagtendes, en die oorweldigende getuienis, het hulle laat bely dat hulle die waarheid aangeneem het, maar hulle was nie bekeer nie, hulle was nie gereed vir die koms van hulle Here nie.

Orals het die heiliges in 'n ernstige gebedsgees verkeer. Hulle is gekenmerk deur 'n heilige erns. Met die grootste belangstelling het die engele die uitwerking van die boodskap gadegeslaan, en hulle het diegene verhef wat dit aangeneem het, en hulle afgetrek van aardse dinge om groter voorrade te verkry uit die heilfontein. Gods volk is toe aangeneem deur Hom. Jesus het hulle met welbehae bejeën, want Sy beeld is in hulle geopenbaar. Hulle het alles opgeoffer, hulle ten volle toegewy, en het verwag om met die onsterflikheid beklee te word. Maar 'n droewige teleurstelling het op hulle gewag. Die tyd waarna hulle uitgesien het om verlos te word, het verbygegaan, hulle was nog op die aarde, en die vloek van die sonde was maar te sigbaar. Hulle het al hulle hoop in die hemel gestel, en by voorbaat het hulle al die onsterflikheid gesmaak, maar hulle hoop is nie verwesenlik nie.

Die vrees in die harte van baie van die mense, het nie dadelik verdwyn nie, hulle het nie dadelik oor die teleurgesteldes getriomfeer nie. Maar toe geen sigbare tekens van Gods wraak gesien is nie, het die vrees hulle verlaat, en hulle het begin hoon en smaad. Die volk van God is weer beproef en

- 240 -

getoets. Die wêreld het vir hulle gelag, en het hulle bespot en verwyt en



diegene wat vas geglo het dat Jesus lank voor daardie tyd sou gekom het om die dode op te wek, die lewende heiliges te verander, en die koninkryk vir ewig te besit, het gevoel soos die dissipels by die graf van Christus. "Hulle [het] my Here weggeneem, en ek weet nie waar hulle Hom neergelê het nie."

# DIE ADVENTBEWEGING GEILLUSTREER

Ek het 'n aantal groepe gesien wat skynbaar aan mekaar verbind was met koorde. Baie in hierdie groepe het in volslae duisternis verkeer, hulle oë was op die aarde gerig, en daar was oënskynlik geen verbintenis tussen hulle en Jesus nie. Maar versprei onder hierdie groepe was daar mense wie se aangesigte verlig was, en wie se oë na die hemel gerig was. Strale lig van Jesus, soos sonstrale, het op hulle geskyn. 'n Engel het my beveel om goed te kyk, en toe het ek gesien dat 'n engel oor elkeen van hierdie mense wat die ligstrale gehad het, gewaak het, terwyl bose engele rondom diegene was wat in duisternis gewandel het. Ek het 'n engel hoor roep: "Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van Sy oordeel het gekom."

'n Heerlike lig het geskyn op hierdie groepe om almal te verlig wat die lig wou aanneem. Sommige van die wat in die duisternis was, het die lig aangeneem en hulle verbly. Ander het die lig van die hemel weerstaan, en gesê dat dit gestuur is om hulle te verlei. Die lig het van hulle weggegaan, en hulle is in duisternis gelaat. Diegene wat die lig van Jesus ontvang het, het blymoedig die vermeerderde lig aangeneem wat op hulle geskyn het. Hulle aangesigte het geglinster van heilige vreugde,

- 241 -

terwyl hulle oë omhoog gerig was op Jesus, en saam met die stem van die engel is hulle stemme gehoor: "Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van Sy oordeel het gekom." Terwyl hulle hierdie woorde geroep het, het ek gesien dat diegene wat in duisternis was, hulle met die sy en die skouer gedruk. het. Toe het baie van diegene wat die heilige lig aangeneem het die bande verbreek wat hulle gebind het, sodat hulle afgeskei is van daardie groepe. Onderwyl hulle dit gedoen het, het manne wat aan die verskillende groepe behoort het, en wat deur hulle geëer was, tussen hulle deurgegaan; sommige met mooi woorde, en ander met 'n woedende aanblik en dreigende gebare, en hulle het die bande weer vasgemaak wat losgegaan het. Hierdie manne het aanhoudend gesê: "God is met ons. Ons staan in die lig. Ons het die waarheid." Ek het gevra wie hierdie mense is, en daar is aan my gesê dat hulle predikante en vooraanstaandes is wat self die lig verwerp het, en onwillig is dat ander dit moet aanneem.

Ek het gesien dat diegene wat die lig liefgehad het, met groot verlange na bo gekyk het, in die verwagting dat Jesus sou kom om hulle na Hom toe te neem. Eerlank het daar 'n wolk oor hulle gekom, en hulle gesigte het

baie droewig geword. Ek het gevra wat die wolk veroorsaak het, en aan my is getoon dat dit hulle teleurstelling is. Die tyd waarop hulle die Heiland verwag het, het verbygegaan en Jesus het nie gekom nie. Moedeloosheid het die wagtendes oorval, die predikante en leiers wat ek 'n rukkie tevore gesien het, het hulle verheug, en almal wat die lig verwerp het, het getriomfeer, terwyl die Satan en sy bose engele gejuig het.

Toe het ek die stem van 'n ander engel hoor sê: "Geval, geval het Babilon!" 'n Lig het geskyn op die "moedeloses, en met groot verlange na Sy koms, het hulle weer hulle oë op Jesus gevestig. Ek het 'n aantal engele sien praat met die een

- 242 -

wat geroep het, "Geval het Babilon," en hulle het hulle stemme met syne verenig in die geroep, "Daar kom die bruidegom, gaan uit hom tegemoet." Die musikale stemme van daardie engele het orals binnegedring. 'n Baie helder en heerlike lig het rondom diegene geskyn wat die lig liefgehad het wat aan hulle gegee is. Hulle aangesigte het gestraal van heerlikheid, en hulle het saam met die engele geroep, "Daar kom die bruidegom!" Terwyl hulle in die verskillende groepe saam hulle stemme verhef het, het diegene wat die lig verwerp het, woedend teen hulle gestamp, en hulle bespot en gehoon. Maar engele van God het met hulle vlerke gewaai oor die vervolgdes, terwyl die Satan en sy engele geprobeer het om hulle duisternis om hulle te werp en hulle te beweeg om die lig van die hemel te verwerp.

Toe het ek 'n stem hoor sê aan diegene wat rondgestamp en bespot is, "Gaan onder hulle uit, en raak nie aan wat onrein is nie." In gehoorsaamheid aan daardie stem, het 'n groot aantal die bande verbreek wat hulle gebind het, die groepe verlaat wat in duisternis was, en aangesluit by diegene wat reeds vry was, en hulle stemme saam met hulle verhef. Ek het ernstige, vurige gebede gehoor van diegene wat nog by groepe was wat in duisternis verkeer het. Die predikante en vooraanstaande manne het onder hierdie groepe beweeg en die bande stywer gebind, maar nog het ek die ernstige gebede gehoor. Toe het ek gesien dat diegene wat gebid het, hulle hande uitsteek om hulp na die verenigde groep wat vry was en wat hulle in God verbly het. Die antwoord wat hulle gegee het terwyl hulle ernstig na die hemel gekyk en na omhoog gewys het, was, "Gaan uit van hulle en sonder julle af." Ek het indiwidue sien worstel om vryheid,



en eindelik het hulle die bande verbreek wat hulle gebind het. Hulle het hulle verset teen die pogings om die bande weer stywer te bind, en hulle het die herhaalde bewerings: "God is met ons," en "ons het die waarheid," verwerp.

- 243 -

Gedurig het persone die groepe verlaat wat in duisternis was, en aangesluit by die vry groep wat, soos dit geskyn het, in 'n oop land was wat bokant die aarde verhef was. Hulle het na bo gekyk, die heerlikheid van God het op hulle gerus, en hulle het Hom met blydskap geloof. Hulle was verenig, en dit het geskyn asof hulle deur 'n hemelse lig omhul was. Rondom hierdie groep was daar sommige wat onder die invloed van die lig gekom het, maar wat nie juis met die groep verenig was nie. Almal wat die lig liefgehad het wat op hulle geskyn het, het met groot belangstelling omhoog gekyk, en Jesus het hulle met soete goedkeuring bejeën. Hulle het verwag dat Hy sou kom, en het verlang na Sy koms. Hulle het nie weer met verlange na die aarde teruggekyk nie. Maar weer het daar 'n wolk oor hulle gekom, en ek het gesien dat hulle na benede kyk. Ek het gevra wat die oorsaak van hierdie verandering was. Die engel by my het gesê, "Hulle is weer teleurgestel in hulle verwagting. Jesus kan nog nie na die aarde toe kom nie. Hulle sal groter beproewings moet verduur vir Sy ontwil. Hulle sal die dwalings en oorlewerings wat hulle van mense ontvang het, moet opgee, en heeltemal moet terugkeer na God en Sy Woord. Hulle moet gereinig word, wit gemaak en beproef word. Diegene wat daardie bitter beproewing kan verduur, sal die ewige oorwinning behaal."

Jesus het nie na die aarde gekom om, soos die wagtende, blye groep verwag het, die heiligdom te reinig deur die aarde met vuur te louter nie. Ek het gesien dat hulle reg was met die berekening van die profetiese tydperke, profetiese tyd het geëindig in 1844, en Jesus het die allerheiligste plek binnegegaan om die heiligdom te reinig aan die einde van die dae. Hulle het die fout begaan omdat hulle nie verstaan het wat die heiligdom was en hoe dit gereinig sou word nie. Toe ek weer kyk na die wagtende, teleurgestelde groep, het hulle baie hartseer gelyk. Hulle het sorgvuldig die bewyse van hulle geloof nagegaan, en ook die berekening van die profetiese

- 244 -

tydperke, maar hulle kon geen fout ontdek nie. Die tyd is vervul, maar

waar was hulle Heiland? Hulle het Hom verloor.

Die teleurstelling van die dissipels, toe hulle by die graf gekom en die liggaam van Jesus nie daar gevind het nie, is aan my getoon. Maria het gesê, "Hulle het my Here weggeneem, en ek weet nie waar hulle Hom neergelê het nie." Engele het aan die treurende dissipels vertel dat hulle Here opgestaan het, en voor hulle uit sou gaan na Galilea.

Ek het gesien dat Jesus hierdie teleurgesteldes wat gewag het op Sy koms, net so ook met die grootste ontferming bejeën het; en Hy het Sy engele gestuur om hulle verstand te verlig sodat hulle Hom kon volg waar Hy was. Hy het hulle gewys dat hierdie aarde nie die heiligdom was nie, maar dat Hy die allerheiligste plek in die hemel moes binnegaan om versoening te doen vir Sy volk, en om die koninkryk van Sy Vader te ontvang, en dat Hy na die aarde sou terugkeer om hulle te kom haal om vir ewig by Hom te woon. Die teleurstelling van die eerste dissipels is 'n goeie voorstelling van die teleurstelling van diegene wat hulle Here in 1844 verwag het.

Ek is teruggeneem tot die tyd van Christus se triomfantlike intog in Jerusalem. Die blymoedige dissipels het geglo dat Hy toe die koninkryk sou neem en regeer soos 'n aardse vors. Hulle het hulle Koning met groot hoop gevolg. Hulle het die mooi palmtakke afgesny, en van hulle klere uitgetrek en dit ywerig op Sy weg gesprei; en sommige het voorgeloop, en ander het agterna gekom, en hulle het uitgeroep, "Hosanna vir die Seun van Dawid! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here! Hosanna in die hoogste hemele!" Die opwinding het die Fariseërs ontstel, en hulle het Jesus gevra om Sy dissipels te bestraf. Maar Hy het aan hulle gesê, "As hulle swyg, sal die klippe uitroep."

- 245 -

Die profesie van Sagaria 9:9 moes vervul word; maar die dissipels was gedoem tot 'n bittere teleurstelling. Binne 'n paar dae het hulle Jesus na Golgota gevolg, en daar het hulle Hom bebloed en verwond aan die wrede kruis gesien. Hulle het gesien hoedat Hy aan die kruis sterf, en hulle het Hom gaan begrawe. Hulle harte het weggesink in droefheid; hulle verwagtings is nie in een enkele opsig verwesenlik nie, en hulle hoop het saam met Jesus gesterf. Maar toe Hy uit die dode opgestaan en aan Sy treurende dissipels verskyn het, het hulle hoop herleef. Hulle het Hom weer gevind.



Ek het gesien dat die teleurstelling van diegene wat geglo het in die koms van die Here in 1844, nie so groot was as die teleurstelling van die eerste dissipels nie. Die eerste en die tweede engele se boodskappe was 'n vervulling van profesie. Hulle is op die regte tyd gegee, en hulle het die werk gedoen wat God bedoel het dat hulle moet doen.

---

## NOG 'n ILLUSTRASIE

Aan my is die belangstelling getoon wat die ganse hemel stel in die werk wat op die aarde aangaan. Jesus het 'n magtige engel opdrag gegee om neer te daal en die aardbewoners te waarsku om voor te berei vir Sy tweede koms. Toe die engel die teenwoordigheid van Jesus in die hemel verlaat het, het 'n baie helder en heerlike lig voor hom uitgegaan. Aan my is meegedeel dat sy opdrag was om die aarde te verlig met sy heerlikheid, en die mense te waarsku van die aanstaande wraak van God. Menigtes het die lig aangeneem. Sommige van die mense was baie ernstig, terwyl ander opgeruim en in verrukking verkeer het. Almal wat die lig aangeneem het, het hulle aangesigte hemelwaarts gewend en God verheerlik. Alhoewel die lig op almal geskyn het, het sommige bloot net onder die invloed daarvan gekom, maar het dit nie hartlik aangeneem nie. Baie was met groot woede vervul. Predikante en gemeente lede het saamgestaan met die grofste sondaars,

- 246 -

en die lig wat van die magtige engel geskyn het, met alle mag weerstaan. Maar almal wat dit aangeneem het, het hulle onttrek aan die wêreld, en in noue gemeenskap met mekaar verkeer.

Die Satan en sy engele was druk besig in 'n poging om die aandag van so baie as hulle maar kon, af te trek van die lig. Die groep wat dit verwerp het, is in duisternis gelaat. Ek het gesien dat die engel van God met die grootste belangstelling waak oor Sy belydende volk, om die karakter op te teken wat hulle gevorm het onder die verkondiging van die hemelse boodskap aan hulle. En waar baie van diegene wat voorgegee het dat hulle Jesus liefhet, die hemelse boodskap spottend en met haat verwerp het, het 'n engel op 'n perkamentrol hulle skandelike daad opgeteken. Die ganse hemel was met verontwaardiging vervul dat Jesus so geaffronteer is deur Sy sogenaamde volgelinge.

Ek het die teleurstelling gesien van diegene wat die Here verwag het toe Hy nie op die verwagte tyd gekom het nie. Dit was Gods doel om die toekoms te verberg en Sy volk tot 'n besluit te bring. Sonder die prediking van 'n bepaalde tyd vir die koms van Christus, sou die werk wat God beoog het nie gedoen gewees het nie. Die Satan het menigtes gelei om die groot gebeurtenisse in verband met die oordeel en die einde van die proeftyd ver in die toekoms te stel. Dit was dus nodig om die mense aan

die verstand te bring dat hulle elke oomblik gereed moet wees.

Toe die tyd verbygegaan het, het diegene wat die lig van die engel nie ten volle aangeneem het nie, aangesluit by diegene wat die boodskap verag het, en hulle het ook die teleurgesteldes bespot. Die engele het gesien in watter posisie Christus se volgelinge was. Die verbygaan van die bepaalde tyd het hulle getoets en beproef, en baie is in die weegskaal geweeg en te lig bevind. Hulle het luidrugtig daarop aanspraak gemaak dat hulle Christene is, maar in byna alle opsigte het hulle Christus nie gevolg nie. Die Satan het gejuig oor die toestand van die sogenaamde volgelinge van Christus.

- 247 -

Hy het hulle in sy strikke gevang. Hy het die meerderheid van hulle gelei om die nou paadjie te verlaat, en hulle het geprobeer om die hemel te bereik langs 'n ander weg. Engele het gesien hoedat die reines en heiliges vermeng was met sondaars in Sion en met wêreldsgesinde huigelaars. Hulle het gewaak oor die ware dissipels van Jesus; maar die besoedeldes het ook die heiliges besoedel. Diegene wie se harte gebrand het met 'n groot begeerte om Jesus te sien, is deur geveinsde broeders belet om van Sy koms te praat. Die engele het die toestand aanskou, en hulle het gesimpatiseer met die oorblyfsel wat die koms van hulle Here liefhet.

'n Ander magtige engel het opdrag gekry om neer te daal op die aarde. Jesus het in sy hand iets geplaas wat geskrywe was, en op weg na die aarde het hy uitgeroep, "Geval, geval het Babilon." Toe het ek gesien dat die teleurgesteldes weer hulle oë op die hemel gerig het, en met geloof en hoop uitgesien het na die verskyning van hulle Here. Maar dit het gelyk of baie van hulle in 'n benewelde toestand verkeer het asof hulle aan die slaap was; maar ek het nogtans die tekens van groot droefheid op hulle gesigte gesien. Die teleurgesteldes het uit die Skrifte gesien dat hulle in 'n talm tyd was, en dat hulle geduldig sou moes wag op die vervulling van die visioen. Dieselfde bewyse wat hulle beweeg het om hulle Here te verwag in 1843, het hulle gelei om Hom in 1844 te verwag. Maar ek het gesien dat die meerderheid nie die energie gehad het wat hulle geloof in 1843 gekenmerk het nie. Hulle teleurstelling het hulle geloof gedemp.

Namate die volk van God hulle stemme verenig het met die van die tweede engel, het die leërskare van die hemel met die grootste belangstelling die uitwerking van die boodskap gadegeslaan. Hulle het gesien



hoe baie van diegene wat die naam Christen gedra het, hulle wend tot die teleurgesteldes en hulle verag en bespot. Toe hulle spottend gesê het, "Julle het nog nie opgevaar nie!" het 'n engel die woorde opgeskryf. Die engel het gesê, "Hulle bespot God." Daar is terugverwys na 'n dergelike sonde in die ou tyd.

- 248 -

Elia was opgeneem in die hemel, en sy mantel het geval op Elisa. Bose jongmense, wat van hulle ouers geleer het om die man van God te verag, het Elisa agtervolg en spottend uitgeroep, "Gaan op, kaalkop! Gaan op, kaalkop!" Deur Sy dienaar so te beledig, het hulle God beledig, en hulle het onmiddellik hulle straf gekry. Net so ook

sal diegene wat die spot gedryf het met die idee dat die heiliges sou opvaar, getref word met die wraak van God, en hulle sal tot die besef kom dat dit 'n baie ernstige saak is om te spot met hulle Skepper.

Jesus het aan 'n ander engel opdrag gegee om vinnig te vlieg om die verflouende geloof van Sy kinders te versterk, en hulle te help om die boodskap van die tweede engel te verstaan, en ook die belangrike gebeurtenis wat eerlank in die hemel sou plaasvind. Ek het gesien hoe hierdie engele groot krag en lig van Jesus ontvang en vinnig na die aarde vlieg en hulle opdrag om die tweede engel met sy werk te help uitvoer. 'n Groot lig het op die volk van God geskyn toe die engele uitgeroep het, "Daar kom die bruidegom, gaan uit Hom tegemoet." Toe het ek hierdie teleurgesteldes sien opstaan, en hulle het saam met die tweede engel uitgeroep: "Daar kom die bruidegom, gaan uit Hom tegemoet." Die lig van hierdie engele het orals die duisternis deurdring. Die Satan en sy engele het geprobeer om hierdie lig te keer sodat dit nie die beoogde uitwerking sou hê nie. Hulle het die engele uit die hemel weerstaan, en aan hulle gesê dat God die mense bedrieg het, en dat hulle met al hulle krag en lig die wêreld nie sou kon laat glo dat Christus sal kom nie. Maar ten spyte van die Satan se pogings om die weg te versper en die aandag van die mense af te trek van die lig, het die engele van God met hulle werk voortgegaan.

Diegene wat die lig aangeneem het, het baie gelukkig gelyk. Hulle het na die hemel gekyk en verlang na die koms van Jesus.

- 249 -

Sommige het in groot droefheid geween en gebid. Dit het gelyk of hulle oë op hulleself gerig was, en hulle het dit nie gewaag om na bo te kyk nie.

'n Lig uit die hemel het die duisternis van hulle weggehou, en hulle oë, wat eers in wanhoop op hulleself gerig was, het hulle na bo gerig, terwyl 'n uitdrukking van dankbaarheid en vreugde op hulle gelaat te sien was. Jesus en die leërskare van engele het hierdie getroue, wagtende mense met goedkeuring bejeën.

Diegene wat die lig van die eerste engel se boodskap verwerp en beveg het, het die van die tweede uit die oog verloor, en hulle het nie gebaat by die krag en heerlikheid waarmee die boodskap, "Daar kom die bruidegom!" gepaardgegaan het nie. Jesus het met 'n frons van hulle af weggedraai; want hulle het Hom beledig en verwerp. Diegene wat die boodskap aangeneem het, was gehul in 'n wolk van heerlikheid. Hulle was baie bang om God te mishaag, en hulle het gewag en gewaak en gebid om Sy wil te ken. Ek het gesien dat die Satan en sy engele geprobeer het om hierdie lig weg te hou van die volk van God; maar solank as die wagtendes die lig gewaardeer het, en hulle oë van die aarde af op Jesus gerig het, het die Satan geen mag gehad om die kosbare strale van hulle af weg te hou nie. Die boodskap uit die hemel het die Satan en sy engele baie kwaad gemaak, en hulle het diegene wat voorgegee het dat hulle Jesus liefhet, maar Sy koms verag het, beweeg om die gelowige getroues te verag en te bespot. Maar 'n engel het ag geslaan op elke belediging, elke affront, en elke onreg wat die kinders van God moes verduur van hulle sogenaamde broeders.

Baie het hulle stemme verhef en geroep, "Daar kom die bruidegom!" en hulle het hulle afgeskei van hulle broeders wat nie die verskyning van Jesus liefgehad het nie, en wat hulle nie wou toelaat om te praat van Sy tweede koms nie. Ek het gesien dat Jesus Sy gesig wegdraai van diegene wat Sy koms verwerp en verag het, en toe het Hy Sy engele beveel om Sy kinders af te skei van die onreines, sodat hulle nie ook besoedel word nie. Diegene wat gehoorsaam was aan die boodskap, het opsy gestaan, vry en verenig.

- 250 -

'n Heilige lig het op hulle geskyn. Hulle het die wêreld versaak, hulle aardse belange opgeoffer, hulle aardse skatte opgegee, en hulle oë op die hemel gevestig, in die verwagting om hulle geliefde Verlosser te sien. 'n Heilige lig het van hulle aangesigte gestraal, wat getuig het van vrede en vreugde in hulle binneste. Jesus het Sy engele beveel om hulle te gaan versterk, want die uur van hulle beproewing het nader gekom. Ek het gesien dat hierdie wagtendes nog nie beproef is soos hulle sou word nie. Hulle was nog nie vry van alle dwalings nie. En ek het die genade en goedheid van God gesien in Sy waarskuwing van die aardbewoners, en Sy herhaalde boodskappe om hulle tot ernstige selfondersoek en die ondersoek van die Skrifte te lei om ontslae te raak van die dwalings wat hulle oorgeneem het van die heidene en die pousgesindes. Deur daardie boodskappe was God besig om Sy volk te bring tot die plek waar Hy met groter krag vir hulle kon werk, en waar hulle al Sy gebooie kon hou.

# DIE HEILIGDOM

Die bittere teleurstelling van Gods volk toe Jesus nie gekom het op die tyd dat hulle Hom verwag het nie, is aan my getoon. Hulle het nie geweet waarom hulle Heiland nie gekom het nie, want hulle kon geen bewys sien dat die profetiese tyd nie geëindig het nie. Die engel het gevra: "Het Gods Woord gefaal? Het God versuim om Sy beloftes na te kom? Nee; Hy het alles vervul wat Hy belowe het. Jesus het opgestaan en die deur van die heilige plek van die hemelse heiligdom gesluit, en die deur tot die allerheiligste plek oopgemaak en daarin gegaan om die heiligdom te reinig. Almal wat geduldig wag, sal die verborgenheid verstaan. Dit is die mens wat die fout begaan het; dit is nie God wat in gebreke gebly het nie.

- 251 -

Alles het geskied wat God belowe het; maar die mens het verkeerd geglo dat die aarde die heiligdom is wat gereinig sou word aan die einde van die profetiese tydperke. Dit is die mens se verwagting, en nie die belofte van God nie, wat gefaal het."

Jesus het Sy engele gestuur om die aandag van die teleurgesteldes te vestig op die allerheiligste plek waarheen Hy gegaan het om die heiligdom te reinig en spesiale versoening te doen vir Israel. Jesus het aan die engele gesê dat almal wat Hom sou vind ook die werk sou verstaan wat Hy sou doen. Ek het gesien dat Jesus, terwyl Hy in die allerheiligste plek was in die huwelik sou tree met die Nuwe Jerusalem, en dat Hy, na Sy werk in die allerheiligste plek klaar was, op die aarde sou neerdaal in koninklike krag, en dat Hy die dierbares wat so geduldig gewag het op Sy koms tot Hom sou neem.

Daar is aan my getoon wat werklik in die hemel plaasgevind het aan die einde van die profetiese tydperke in 1844. Toe Jesus sy bediening in die heilige plek beëindig het en die deur van daardie afdeling toegemaak het, het daar groot duisternis neergesak op diegene wat die boodskap van Sy koms gehoor en verwerp het, en hulle het Hom uit die oog verloor. Jesus het toe Sy kostelike kleed aangetrek. Onder aan die soom van Sy kleed was 'n klok en 'n granaat, 'n klok en 'n granaat. 'n Pragtige borsplaat het van sy skouers gehang. Terwyl Hy beweeg het, het die stene soos diamante geskitter sodat die letters wat daarop gegraveer was, vergroot is–dit het soos name gelyk. Op Sy hoof was daar iets wat soos 'n kroon gelyk het. Toe Hy ten volle gekleed was, is Hy deur engele omring, en in 'n vlammende

koets het Hy binnekant die tweede voorhangsel gegaan.

Ek is toe beveel om te kyk na die twee afdelings van die hemelse heiligdom. Die voorhangsel, of deur, is geopen, en ek het ingegaan. In die eerste afdeling het ek die kandelaar met die sewe lampe, die tafel met die toonbrode, die reukofferaltaar, en die vuurpan gesien.

- 252 -

Die hele ameublement van hierdie afdeling het gelyk soos suiwer goud, en dit het die beeld weerkaats van Hom wat die plek binnegegaan het. Die gordyn wat die twee afdelings geskei het, het bestaan uit verskillende soorte materiaal en was in verskillende kleure, dit het 'n pragtige soom gehad waarop die vorms van engele in goud uitgewerk was. Die voorhangsel is opgelig, en ek het gekyk in die tweede afdeling. Daar het ek 'n ark gesien; dit het gelyk soos die fynste goud. Die rant bo-op die ark was 'n baie mooi stuk wat gelyk het soos krone. In die ark was kliptafels waarop die tien gebooie gestaan het.

Twee pragtige gerubs, een aan elke ent van die ark, het met hulle vlerke bo-oor uitgestrek gestaan; die punte van hulle vlerke het bokant die hoof van Jesus aan mekaar geraak waar Hy voor die versoendeksel gestaan het. Hulle aangesigte was na mekaar gekeer, en hulle het afgekyk na die ark. 'n Voorstelling van die leërskare van engele wat met belangstelling kyk na die wet van God. Tussen die gerubs was 'n goue wierookpan, en waar die gebede van die heiliges, opgestuur in geloof, opkom voor Jesus, en Hy hulle voor die Vader gebring het, het daar 'n wolk van wierook uit die pan opgestyg, soos rook in die allerpragtigste kleure. Bokant die plek waar Jesus gestaan het, voor die ark, was daar 'n vreeslike helder glans waarop ek nie kon kyk nie; dit het gelyk soos die troon van God, Namate die wierook opgestyg het voor die Vader, het die heerlike glans van die troon af op Jesus geskyn, en van Hom het dit geskyn op diegene wie se gebede opgekom het soos soete wierook. Lig het op Jesus geskyn in groot oorvloed, en op die versoendeksel, en die heerlikheid daarvan het die tempel vervul. Ek kon daardie heerlikheid nie lank aanskou nie. Geen pen kan dit beskryf nie. Ek was oorweldig en het weggedraai van die majesteit en heerlikheid van die toneel.

Daar is ook aan my 'n heiligdom op die aarde getoon, met twee afdelings. Dit het gelyk soos die een in die hemel, en aan my is gesê dat dit 'n afbeeldsel was van die hemelse.



- 253 -

Die ameublement van die eerste afdeling van die aardse heiligdom was soos die in die eerste afdeling van die hemelse. Die voorhangsel was opgelig, en ek kon kyk in die allerheiligste plek, en ek het gesien dat die ameublement daar net soos die was in die allerheiligste plek van die hemelse heiligdom. Die priester het gedien in albei afdelings van die aardse. Hy het daagliks in die eerste afdeling ingegaan, maar het die allerheiligste plek slegs eenmaal per jaar binnegegaan, om dit te reinig van die sondes wat daarin gebring was. Ek het gesien dat Jesus gedien het in albei afdelings van die hemelse heiligdom. Die priesters het die aardse binnegegaan met die bloed van 'n dier as offer vir die sonde. Christus het die hemelse heiligdom binnegegaan deur die offer van Sy eie bloed. Die aardse priesters het weggeval deur die dood; daarom kon hulle nie te lank dien nie; maar Jesus was 'n priester vir ewig. Deur die offers wat in die aardse heiligdom ingebring is, moes die kinders van Israel die verdienstes van 'n komende Verlosser aanneem. En in die wysheid van God is die besonderhede van hierdie werk aan ons gegee sodat ons, deur dit te aanskou, die werk van Jesus in die hemelse heiligdom kon verstaan.

Toe Jesus op Golgota gesterf het, het Hy uitgeroep, "Dit is volbring," en die voorhangsel van die tempel het van bo tot onder in twee geskeur. Dit was om te wys dat die dienste van die aardse heiligdom vir ewig tot 'n einde gekom het, en dat God die priesters nie meer sou ontmoet in die aardse tempel om hulle offers aan te neem nie. Die bloed van Jesus is toe gestort, en dit sou Hy self offer in die hemelse heiligdom. Net soos die priester eenmaal per jaar die allerheiligste plek binnegegaan het om die aardse heiligdom te reinig, so het Jesus die allerheiligste plek van die hemelse binnegegaan, aan die einde van die 2300 dae van Daniël 8, in 1844, om finale versoening te doen vir almal wat kon baat deur Sy middelaarskap, om so die heiligdom te reinig.

# DIE DERDE ENGEL SE BOODSKAP

- 254 -

Toe Jesus se bediening in die heilige plek klaar was, en hy die allerheiligste plek binnegegaan en voor die ark gestaan het waarin die wet van God was, het Hy 'n ander magtige engel gestuur met 'n derde boodskap aan die wêreld. 'n Perkamentrol is in die engel se hand gegee, en terwyl hy op die aarde neergedaal het in krag en majesteit, het hy 'n vreeslike waarskuwing gegee wat die skrikwekkendste dreigement bevat het wat die mensdom nog ooit gehoor het. Die doel van die boodskap was om die kinders van God op hulle hoede te stel deur hulle te wys op die uur van versoeking en angs waarin hulle sou kom. Die engel het gesê: "Hulle sal in stryd kom met die dier en sy beeld. Hulle enigste hoop op die ewige lewe is om standvastig te bly. Al sou hulle lewens in gevaar kom, moet hulle vasklem aan die waarheid." Die derde engel het sy boodskap as volg afgesluit: "Hier kom die geduld van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar." Onderwyl hy hierdie woorde gesê het, het hy na die hemelse heiligdom gewys. Die aandag van almal wat hierdie boodskap aanneem, word gevestig op die allerheiligste plek waar Jesus voor die ark staan om finaal in te tree vir almal vir wie daar nog genade is, en vir diegene wat die wet van God onwetend gebreek het. Hierdie versoening word gedoen vir die regverdige dode sowel as vir die regverdige lewendes. Dit sluit in almal wat gesterf het in geloof in Christus, maar wat, omdat hulle nie die lig gehad het op Gods gebooie nie, onwetend gesondig het deur hulle te oortree.

Nadat Jesus die deur na die allerheiligste plek oopgemaak het, is die lig op die Sabbat gesien, en die volk van God is getoets, net soos die kinders van Israel in die ou tyd getoets is, om te sien of hulle Gods wet sou hou.

- 255 -

Ek het gesien dat die derde engel na bo wys en vir die teleurgestelde die weg aanwys na die allerheiligste plek van die hemelse heiligdom. Waar hulle in geloof die allerheiligste plek binnegaan, vind hulle Jesus, en daar ontstaan weer nuwe hoop en vreugde. Ek het hulle sien terugkyk en die verlede in oënskou neem, van die tyd van die verkondiging van die tweede koms van Jesus, en alles wat hulle deurgemaak het totdat die tyd in 1844 verbygegaan het. Hulle sien nou 'n verklaring van hulle teleurstel-

ling, en hulle word besiel met vreugde en sekerheid. Die derde engel het die verlede en die hede en die toekoms verlig, en hulle weet dat God hulle inderwaarheid gelei het deur die verborgenheid van Sy voorsienigheid.

Dit is aan my voorgestel dat die oorblyfsel Jesus gevolg het in die allerheiligste plek, en die ark en die versoendeksel gesien het, en die heerlikheid daarvan het hulle in verrukking gebring. Jesus het toe die deksel van die ark opgelig, en kyk, daar was die kliptafels met die tien gebooie daarop geskryf! Hulle lees daardie lewende woorde, maar hulle skrik en bewe toe hulle die vierde gebod onder die tien heilige gebooie sien, want dit was beskyn met 'n helderder lig as die wat die ander nege bestraal het, dit was omring van 'n heilige stralekrans. Hulle vind daar niks wat sê dat die Sabbat afgeskaf is, of verander is tot die eerste dag van die week nie. Die gebod lees nog net soos toe die stem van God dit gespreek het in daardie vreeslike heerlikheid op die berg, terwyl dit gedonder en geblits het; dit staan nog net soos dit was toe God dit met Sy eie vinger op die kliptafels geskryf het: "Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die Sabbat van die Here jou God." Hulle is verbaas waar hulle sien hoe die tien gebooie bewaar is. Hulle sien hoe die gebooie naby Jehova geplaas is, oorskadu en beskerm deur Sy heiligheid. Hulle sien dat hulle al die tyd die vierde gebod van die dekaloog vertrap

- 256 -

het, en 'n dag gehou het wat deur die heidene en die pousgesindes tot hulle gekom het, pleks van die dag wat deur Jehova geheilig is: Hulle verootmoedig hulle voor God, en het berou oor hulle oortredings van die verlede.

Toe Jesus hulle belydenisse en gebede aan Sy Vader voorgestel het, het ek die wierook uit die pan sien opstyg. En terwyl dit opgestyg het, het 'n helder lig op Jesus en op die versoendeksel geskyn; en die ernstige boetvaardiges, wat ontstel was omdat hulle ontdek het dat hulle oortreders was van Gods wet, is geseën, en hulle aangesigte is verlig met hoop en vreugde. Hulle het aangesluit by die werk van die derde engel se boodskap, en hulle het hulle stemme verhef om die ernstige waarskuwing te gee. Maar, min het dit in die begin aangeneem; die getroues het egter aangehou om die boodskap met krag te verkondig. Toe het ek gesien dat baie die boodskap van die derde engel aanneem en aansluit by diegene wat die waarskuwing eerste gegee het, en hulle het God geëer deur Sy



heilige rusdag te hou.

Baie van die wat die derde engel se boodskap aangeneem het, het nie ervaring gehad in die eerste twee boodskappe nie. Die Satan het dit verstaan, en sy bose oë was op hulle gerig om hulle omver te werp; maar die derde engel was besig om hulle aandag te vestig op die allerheiligste plek, en diegene wat wel ondervinding gehad het in die vorige twee boodskappe, het vir hulle die pad na die hemelse heiligdom aangewys. Baie het die ongebroke ketting van waarheid gesien in die boodskappe van die engele, en hulle het dit in volgorde aangeneem, en Jesus in die geloof gevolg tot in die hemelse heiligdom. Hierdie boodskappe is aan my voorgestel as 'n anker vir die volk van God. Diegene wat hulle aanneem en verstaan, sal bewaar word sodat hulle nie weggevoer word deur die baie verleidings van die Satan nie.

Ná die groot teleurstelling in 1844, was die Satan en sy engele baie besig met planne om die geloof van die groep in die war te stuur.

- 257 -

Hy het gewerk in die harte van persone wat ondervinding gehad het in die boodskappe, en wat gelyk het of hulle nederig is. Sommige van hulle het gewys op die toekoms vir die vervulling van die eerste en tweede boodskappe, terwyl ander weer gemeen het dat die boodskappe lank gelede in die verlede vervul is. Hierdie mense het diegene wat onervare was, beïnvloed en hulle geloof verwar. Sommige het die Bybel ondersoek om 'n eie geloof op te bou, onafhanklik van die liggaam. Die Satan het hom in al hierdie dinge verbly, want hy het geweet dat hy diegene wat losraak van die anker,

kon verlei met allerhande dwalings en verskillende en uiteenlopende leerstellings. Baie wat aan die voorpunt van die eerste en tweede boodskappe was, het hulle nou verloën, en daar was onenigheid en verwarring onder die groep.

Toe is my aandag gevestig op William Miller. Hy het verbyster gelyk, en hy was baie besorg oor sy mense. Die groep wat in 1844 vol liefde en verenig was, het hulle liefde verloor; hulle het mekaar teengestaan en hulle het koud en afvallig geword. Die aanskouing daarvan het hom baie hartseer gemaak, en sy kragte het afgeneem. Vooraanstaande manne het hom dopgehou, en hulle het gevrees dat hy miskien die derde engel se boodskap en die gebooie van God mag aanneem. En wanneer hy 'n bietjie ge-

neig was om die lig van die hemel aan te neem, het hierdie manne planne uitgedink om sy aandag daarvan af te trek. Daar is 'n menslike invloed uitgeoefen om hom in die duisternis te hou, en sy invloed te behou aan die kant van diegene wat die waarheid beveg het. Eindelik het William Miller sy stem verhef teen die lig van die hemel. Hy het versuim om die boodskap aan te neem wat ten volle sy teleurstelling sou verklaar het, en wat 'n lig en heerlikheid sou gewerp het op die verlede, wat sy kragte sou herstel, sy hoop laat herlewe, en hom sou gelei het om God te verheerlik. Hy het op menslike wysheid vertrou pleks van op die goddelike, maar omdat hy gebroke was deur sy veeleisende werk in die

- 258 -

saak van sy Meester, en ook omdat hy al oud was, sal hy nie so verantwoordelik gehou word as diegene wat hom van die waarheid af weggehou het nie. Hulle is aanspreeklik; daardie sonde staan op hulle kerfstok.

As William Miller die lig van die derde engel se boodskap sou kon gesien het, sou baie dinge wat vir hom duister en verborge was, opgeklaar gewees het. Maar sy broeders het voorgegee dat hulle hom so liefhet en soveel belang in hom stel, dat hy gedink het dat hy homself nie van hulle kon losskeur nie. Sy hart voel aangetrokke tot die waarheid, hy kyk na sy broeders, maar nee, hulle weerstaan dit. Hoe sou hy dan wegbreek van diegene wat saam met hom en aan sy sy gestaan het in die verkondiging van die koms van Jesus? Hy het gevoel dat hulle hom tog seker nie verkeerd sou lei nie.

God het toegelaat dat hy onder die mag van die Satan kom, naamlik die heerskappy van die dood, en Hy het hom in die graf weggelê–weg van diegene wat hom gedurig weggevoer het van die waarheid. Moses het gestruikel toe hy op die punt gestaan het om die Beloofde Land binne te gaan. So het William Miller ook afgedwaal, het ek gesien, deur sy invloed teen die waarheid te laat geld. Ander het hom daartoe gelei; daarom moet ander daarvoor verantwoordiging doen. Maar engele hou wag oor die stof van hierdie dierbare dienaar van God, en hy sal opstaan wanneer die laaste basuin weerklink.



## 'n HEGTE PLATVORM

Ek het 'n groep gesien, goed beskerm en standvastig, wat geen gehoor gegee het aan diegene wat die vaste geloof van die groep wou ondermyn nie. God het hulle met welbehae betrag. Aan my is drie trappe getoon, die eerste, tweede, en derde engele se boodskappe. Die engel by my het gesê: "Wee hom wat een blok of pen van hierdie boodskappe sal losmaak. Die regte begrip van hierdie boodskappe is lewensbelangrik.

- 259 -

Die lot van siele is afhanklik van die wyse waarop hulle hulle aanneem." Ek is weer deur hierdie boodskappe geneem, en ek het gesien hoe duur die volk van God hulle ervaring gekoop het. Dit is verkry deur baie lyding, en 'n groot stryd. God het hulle stap vir stap voorwaarts gelei, totdat Hy hulle op 'n soliede, onbeweeglike platvorm gebring het. Ek het mense die platvorm sien nader en die grondslag daarvan ondersoek. Sommige het in blydskap dadelik daarop geklim. Ander het begin foute sien in die fondament. Hulle wou verbeterings aanbring; dan sou die platvorm volmaak wees, en die mense baie gelukkiger. Sommige het van die platvorm afgestap om dit te ondersoek, en hulle het gesê dat dit heeltemal verkeerd gemaak is. Maar ek het gesien dat byna almal vasgestaan het op die platvorm, en hulle het diegene wat afgestap het, vermaan om hulle geklaag te staak, want God is die Meesterbouer, en hulle was besig om teen Hom te veg. Hulle het weer vertel van die wonderbare werk van God wat hulle tot die vaste platvorm gelei het, en saam het hulle hul oë hemelwaarts gerig en God met 'n groot stem geloof. Dit het 'n uitwerking gehad op sommige wat gekla en die platvorm verlaat het, en hulle het in ootmoed weer daarop geklim.

Ek is terugverwys na die verkondiging van die eerste koms van Christus. Johannes is gestuur in die gees en krag van Elia om die weg vir Jesus te berei. Diegene wat die boodskap van Johannes verwerp het, het nie gebaat by die lering van Jesus nie. Hulle teenstand teen die boodskap wat Sy koms voorspel het, het hulle op die plek gebring waar hulle selfs nie die sterkste bewys van Sy Messiasskap sou aanneem nie. Die Satan het diegene wat die boodskap van Johannes verwerp het, voortgelei om nog verder te gaan, naamlik om Christus te verwerp en te kruisig. Deur dit te doen, het hulle hulleself in 'n posisie gebring waar hulle nie die seën van Pinksterdag kon ontvang wat hulle die weg tot die hemelse heiligdom sou

gewys het nie.

- 260 -

Die skeuring van die voorhangsel van die tempel het aangetoon dat die Joodse offerstelsel en insettinge nie langer aangeneem sou word nie. Die groot Offer was geoffer en aangeneem, en die Heilige Gees wat op Pinksterdag neergedaal het, het die aandag van die dissipels van die aardse op die hemelse heiligdom gevestig, waarin Jesus gegaan het deur Sy eie bloed, om op Sy dissipels die voordele van die versoening uit te stort. Maar die Jode is in totale duisternis gelaat. Hulle het al die lig verloor wat hulle kon gehad het op die verlossingsplan, en hulle het voortgegaan om te vertrou op hulle nuttelose offers. Die hemelse heiligdom het die plek ingeneem van die aardse, maar hulle het geen kennis van die verandering gehad nie. Daarom kon hulle nie bevoordeel word deur die middelaarswerk van Christus in die heilige plek nie.

Baie dink met afsku aan die handelwyse van die Jode in hulle verwerping en kruisiging van Christus; en waar hulle die geskiedenis lees van die skandelike behandeling wat Hy ondergaan het, dink hulle dat hulle Hom liefhet, en dat hulle Hom nie sou verloën het soos Petrus, of Hom sou gekruisig het soos die Jode nie. Maar God wat die harte van almal kan lees, het die liefde wat hulle sê dat hulle vir Jesus het, op die proef gestel. Die ganse hemel het met die grootste belangstelling gekyk hoe die eerste engel se boodskap ontvang word. Vele wat gesê het dat hulle Jesus liefhet, en wat trane stort wanneer hulle die verhaal van die kruis lees, het gespot met die goeie nuus van Sy koms. Pleks dat hulle die boodskap met blydskap aangeneem het, het hulle gesê dat dit 'n bedrog was. Hulle het diegene gehaat wat Sy koms liefgehad het, en het hulle uit die kerke verban. Diegene wat die eerste boodskap verwerp het, kon nie baat by die tweede nie; ook is hulle nie bevoordeel deur die middernagtelike geroep wat hulle sou voorberei om deur geloof saam met Jesus in te gaan in die allerheiligste plek van die hemelse heiligdom nie. Deur die twee vorige boodskappe te verwerp, is hulle verstand so verduister dat hulle geen lig kon sien in die derde engel se boodskap wat die weg aangewys het na die allerheiligste plek nie.

- 261 -

Ek het gesien dat net soos die Jode Jesus gekruisig het, so het die kerke hierdie boodskappe gekruisig, en daarom het hulle geen kennis van die



weg tot die allerheiligste plek nie, en hulle kan geen voordeel trek uit die middelaarswerk van Jesus daar nie. Net soos die Jode, wat hulle nuttelose offers gebring het, so stuur hulle hulle nuttelose gebede op na die afdeling wat Jesus verlaat het; en die Satan, in sy skik met hierdie bedrog, neem 'n godsdienstige karakter aan, en lei die harte van hierdie sogenaamde Christene tot homself, en hy werk met sy krag, en tekens, en wonders van die leuen om hulle in sy strik te vang. Sommige bedrieg hy op die een manier, en ander weer op 'n ander. Hy het verskillende verleidings vir die verskillende soorte mense. Sommige sal die een dwaling met afsku verwerp, terwyl hulle 'n ander een geredelik sal aanneem. Die Satan bedreig sommige met Spiritisme. Ook kom hy in die gedaante van 'n engel van die lig, en versprei hy sy invloed oor die land deur middel van valse reformasies. Die kerke is in hulle skik, en hulle meen dat God op wonderbaarlike wyse vir hulle werk, terwyl dit al die tyd die werk van 'n ander gees is. Die opwinding bedaar later en dit laat die wêreld en die kerk in 'n slegter toestand as voorheen.

Ek het gesien dat God Sy opregte kinders het onder die naam-Adventiste, en die gevalle kerke; en vóór die uitstorting van die plae, sal predikante en lede uit hierdie kerke geroep word, en hulle sal die waarheid aanneem. Die Satan weet dit, en vóór die luide roepstem van die derde engel gehoor word, sal hy opwinding laat ontstaan in hierdie kerke, sodat diegene wat die waarheid verwerp het, mag dink dat God met hulle is. Hy hoop om die opregtes te verlei en hulle te laat dink dat God nog vir die kerke werk. Maar die lig sal skyn, en almal wat opreg is, sal die gevalle kerke verlaat, en gaan aansluit by die oorblyfsel.

# SPIRITISME

- 262 -

Die bedrog van die geklop is aan my voorgestel, en ek het gesien dat die Satan mag het om gedaantes voor ons te laat verskyn wat voorgee dat hulle ons bloedverwante, of vriende is wat in Jesus ontslaap het. Dit sal lyk asof hierdie vriende werklik teenwoordig is; woorde wat hulle gespreek het terwyl hulle nog in die lewe was, en waarmee ons bekend is, sal gespreek word met die juiste stembuiging. Dit alles sal geskied om die wêreld te bedrieg en hulle te verlei om hierdie bedrog te glo.

Ek het gesien dat die heiliges 'n deeglike begrip moet hê van die teenwoordige waarheid, en dit sal hulle uit 'n studie van die Skrifte moet verkry. Hulle moet die regte begrip hê van die staat van die dode, want die geeste van duiwels sal nog aan hulle verskyn; en voorgee dat hulle hul afgestorwe bloedverwante, of vriende is, en aan hulle onskriftuurlike leerstellings openbaar. Hulle sal al hulle kragte inspan om simpatie te verkry, en hulle sal wonders voor die mense doen om wat hulle sê, te staaf. Die volk van God moet voorberei wees om hierdie geeste met die Bybelse waarheid te bestry dat die dode niks weet nie, en dat die geeste wat so verskyn, die geeste van duiwels is.

Ons moet die grondslag van ons geloof deeglik ondersoek, want ons sal daarvoor 'n rede moet gee uit die Skrifte. Hierdie bedrog sal toeneem, en ons sal dit van aangesig tot aangesig moet bestry; en as ons nie voorberei is nie, sal ons verstrik en oorwin word. Maar as ons van ons kant doen wat ons kan om toegerus te wees vir die stryd wat ons voorlê, sal God Sy deel doen, en Sy almagtige arm sal ons beskerm. Voordat Hy sal toelaat dat die getroue siele verlei word deur die leuenagtige wonders van die Satan, sal Hy die laaste engel uit die hemel stuur om 'n skans op te werp rondom hulle.

- 263 -

Ek het die spoed gesien waarmee hierdie bedrog versprei het. Daar is 'n trein met 'n hele aantal waens aan my getoon, wat met die spoed van weerlig voortgesnel het. Die engel het my beveel om goed te kyk. Ek het my oë op die trein gevestig. Dit het vir my gelyk of die hele wêreld daar-op was. Toe het hy aan my die kondukteur gewys; hy was 'n aanvallige, goedgeboude man: die passasiers het na hom opgesien en hom ge-

respekteer. Ek was verwonderd, en het aan die engel by my gevra wie hy is. Hy het geantwoord: "Dit is die Satan. Hy is die kondukteur in die gedaante van 'n engel van lig. Hy het die wêreld gevange geneem. Hulle is oorgegee aan sy bedrieërye om die leun te glo sodat hulle verdoem kan word. Sy handlanger, die hoogste wese net onder hom, is die masjinis; en ander van sy handlangers gebruik hy in verskillende hoedanighede na gelang hy hulle nodig het; hulle gaan almal met die spoed van weerlig na die verderf."

Ek het die engel gevra of daar niemand oor was nie. Hy het my beveel om in die teenoorgestelde rigting te kyk, en toe het ek 'n klein groepie gesien wat voortreis op die smal pad. Dit het geskyn of almal volkome verenig was deur die waarheid. Hierdie groepie het die tekens van kommer getoon, asof hulle 'n groot beproewing en stryd deurgemaak het. Verder het dit gelyk of die son net uitgekom het agter 'n wolk en op hulle aangesigte geskyn het, sodat hulle oorwinnend gelyk het asof hulle hul laaste stryd gestry het.

Ek het gesien dat die Here die wêreld geleentheid gegee het om die strik te ontdek. As daar een ding is wat duidelik is vir die Christen, dan is dit dit: daar word geen verskil gemaak tussen die reine en die vuile nie. Thomas Paine, wie se liggaam in die graf tot stof vergaan het, en wat daaruit geroep sal word by die tweede opstanding aan die einde van die duisend jaar, om sy loon te ontvang en die tweede dood te sterf, word deur die Satan voorgestel as in die hemel waar hy 'n verhewe posisie beklee. Die Satan het hom op die aarde gebruik solank as hy kon, en nou sit hy

- 264 -

nog sy bedrog voort deur Thomas Paine voor te stel as so verhewe in die hemel; net soos hy hier op aarde sy leer verkondig het, sê die Satan, verkondig hy dit nou in die hemel. En sommige wat sy lewe en verdorwe leer met afsku bejeën het op die aarde, laat hulle nou deur hom leer een van die grofste sondaars, en 'n man wat God en Sy wet verag het.

Die vader van die leuen verblind en bedrieg die wêreld, deur sy engele uit te stuur om namens die apostels te spreek, en dit te laat skyn dat hulle weerspreek wat hulle onder ingewing van die Heilige Gees geskryf het toe hulle op die aarde was. Hierdie leuenagtige engele laat die apostels hulle eie leer weerspreek en sê dat dit vals is. Deur dit te doen, behaag dit die Satan om die naam Christene, en die hele wêreld, in onsekerheid te bring



aangaande die Woord van God. Daardie heilige Boek staan in sy pad, en verydel sy planne; daarom lei hy die mense om te twyfel aan die goddelike oorsprong van die Bybel; en dan hou hy die ongelowige Thomas Paine aan ons voor as iemand wat reguit hemel toe is ná sy dood, en dat hy daar saam met die heilige apostels lewe wat hy hier op die aarde gehaat het, en dat hulle nou die wêreld onderrig.

Die Satan gee aan elkeen van sy engele 'n rol om te speel. Hy druk hulle almal op die hart om skelm, listig, en slinks te wees. Hy beveel sommige van hulle om die rol van die apostels te speel en namens hulle te spreek, en ander dat hulle hul moet voordoen as eertydse ongelowiges en booswigte wat sonder God gesterf het, maar nou baie godsdienstig is. Daar word geen verskil gemaak tussen die heilige apostels en die sondigste ongelowiges nie. Albei klasse word voorgestel asof hulle dieselfde dinge leer. Dit maak vir die Satan nie saak wie hy laat spreek nie, solank hy maar net sy doel bereik. Hy het Paine getrou bygestaan in sy werk op aarde, en dit is glad nie vir hom moeilik om te weet watter woorde Paine

- 265 -

gebesig het, en hoe hierdie man wat hom so goed gedien het, se handskrif lyk nie. Die Satan was die ingewer van baie van Paine se geskrifte, en daarom sou dit nie vir hom moeilik wees om weer dieselfde gedagtes deur sy engele te laat weergee, en hulle voor te stel as komende van Thomas Paine self nie. Dit is die meester bedrog van die Satan. Al hierdie leer, voorgestel as komende van die apostels en heiliges, en bose mense wat ontslaap het, kom regstreeks van die Satan.

Die feit dat die Satan beweer dat iemand wat hy so liefgehad het, en wat God so volkome gehaat het, nou saam met die heilige apostels in heerlikheid is, behoort genoeg te wees om die sluier weg te trek voor alle harte, en die duistere, verborge werke van die Satan te openbaar. Hy sê feitelik aan die wêreld en aan ongelowiges: "Dit maak nie saak hoe goddeloos julle is nie, en of julle God en die Bybel glo of nie glo nie; lewe maar soos julle wil, julle sal tog hemel toe gaan. Almal weet tog seker dat as Thomas Paine in die hemel is en daar so 'n hoë posisie beklee, hulle gewis ook daar sal kom." Hierdie bedrog is so deursigtig dat almal wat wil dit sal sien. Die Satan doen nou, deur manne soos Thomas Paine, wat hy sedert sy val geprobeer doen het. Deur sy mag, en wonder van die leuen, is hy besig om die fondament van die Christen se hoop te ondergrawe, en die son uit te

doof wat die smal pad na die hemel verlig. Hy maak die wêreld wys dat die Bybel nie geïnspireer is, en nie beter is as 'n storieboek nie, terwyl hy iets anders in die plek daarvan aanbied, naamlik die spiritistiese openbarings.

Hier het hy 'n kanaal waardeur hy ongestoord kan werk, iets wat onder sy beheer is; en daardeur kan hy die wêreld laat glo wat hy wil. Die boek wat hom en sy volgelinge sal oordeel, plaas hy op die agtergrond, net waar hy dit wil hê. Die Verlosser van die wêreld stel hy voor as sommer 'n gewone mens; en net soos die Romeinse wag wat die graf van Jesus bewaak het, die leuen versprei het wat die owerpriesters en ouderlinge hulle in die mond gelê het,

- 266 -

so sal die arme, misleide gelowiges in hierdie geestesverskynsels dit wil laat voorkom dat daar niks bonatuurlik was in die geboorte, dood, en opstanding van ons Verlosser nie. Nadat hulle Jesus op die agtergrond gestel het, vestig hulle die aandag van die wêreld op hulleself en op hulle leuenagtige wonders wat, soos hulle beweer, die werke van Christus ver oortref. So word die wêreld in die strik gevang, en aan die slaap gesus; eers by die uitstorting van die sewe laaste plae ontdek hulle die vreeslike bedrog. Die Satan lag waar hy sien hoe goed sy plan slaag, en hoe die hele wêreld in sy strik gevang word.

---



# HEBSUG

Ek het gesien dat die Satan sy engele opdrag gegee het om hulle strikke veral te stel vir diegene wat die tweede koms van Christus verwag het, en wat al die gebooie van God hou. Die Satan het aan sy engele gesê dat die kerke aan die slaap is. Hy het gesê dat hy sy krag en leuenagtige wonders kon vermeerder, en hulle kon vashou. "Maar," het hy gesê, "ons haat die sekte van Sabbathouers; hulle werk gedurig teen ons, en neem ons onderdane van ons af weg om die gehate wet van God te hou. Gaan, en maak die besitters van grond en geld dronk met sorge. As julle hulle kan beweeg om hulle harte op hierdie dinge te sit, sal ons hulle nog in ons mag kry. Laat hulle maar bely wat hulle wil, solank hulle net meer besorg gemaak kan word oor geld as oor die sukses van die koninkryk van Christus, of die verspreiding van die waarhede wat ons haat. Stel die wêreld aan hulle voor in die aantreklikste lig, sodat hulle dit kan liefkry en aanbid. Ons moet in ons geledere al die geld bewaar waaroor ons kontrole kan kry.

- 267 -

Hoe meer middele die volgelinge van Christus in Sy diens bestee, hoe meer sal hulle ons koninkryk skade berokken deur ons onderdane te neem. Waar hulle op verskillende plekke dienste reël, bring dit ons in gevaar. Wees derhalwe baie waaksaam. Veroorsaak moeilikheid en verwarring. waar moontlik. Vernietig hulle liefde vir mekaar. Ontmoedig hulle predikante, want ons haat hulle. Lê allerhande aanneemlike ekskuse in die harte van diegene wat geld het, sodat hulle dit nie uitgee nie. Kry beheer oor die geldsake as julle kan, en laat die predikante gebrek en ontbering ly. Dit sal hulle moed en ywer laat verflou. Veg vir elke duim grond. Laat hebsug en liefde vir aardse skatte die oorhand kry in hulle harte. Solank as hierdie dinge die botoon vier, sal die verlossing en die genade op die agtergrond gestel word. Omring hulle van allerhande aanloklikhede, en ons sal hulle sekerlik in ons mag kry. Nie alleen kan ons seker van hulle wees nie, maar hulle sal hulle haatlike invloed nie kan laat geld om ander na die hemel te lei nie. As enige van hulle probeer om te gee, vervul hulle dan met 'n hebsugtige gees, sodat hulle spaarsaam gee."

Ek het gesien dat die Satan sy planne goed uitvoer. Waar die dienaars van God dienste reël, daar verskyn die Satan ook om die werk te verhinder. Hy is gedurig besig om sy planne in te fluister by die volk van God. Hy lei sommige in een rigting, en sommige in 'n ander; hy buit gedurig die bose

neigings uit van broeders en susters, en werk op hulle swakhede. As hulle geneig is tot selfsug en hebsug, gaan die Satan langs hulle staan, en hy probeer met al sy mag om hulle te beweeg om toe te gee aan daardie sondes. Die genade van God, en die lig van die waarheid mag hulle hebsugtige en selfsugtige neigings vir 'n tydjie in bedwang hou, maar as hulle nie die volle oorwinning behaal nie, kom die Satan in wanneer hulle nie onder 'n reddende invloed is nie, en hy demp hulle vrygewige gees sodat hulle dink dat daar te veel van hulle gevra word. Hulle word moeg om goed te doen, en vergeet die groot opoffering wat Jesus gemaak het om

- 268 -

hulle vry te koop uit diemag van die Satan en uit hulle hopelose ellende.

Die Satan het die hebsugtige, selfsugtige gesindheid van Judas uitgebuit, en hom gelei om te kla toe Maria die kosbare salf op Jesus uitgegiet het. Judas het dit beskou as groot verkwisting, en hy het gesê dat die salf verkoop kon gewees het ten bate van die armes. Hy het glad nie omgegee vir die armes nie, maar hy het die milddadige offer aan Jesus as verkwisting bestempel. Judas het sy Here net genoeg gewaardeer om Hom vir dertig silwerstukke te verkoop. Ek het gesien dat daar sommige soos Judas is onder diegene wat voorgee dat hulle wag op die koms van hulle Here. Die Satan beheers hulle, maar hulle weet dit nie. God kan nie hebsug en selfsug in die geringste mate goedkeur nie, en Hy verfoei die gebede en vermanings van diegene wat aan hierdie sondes toegee. Waar die Satan sien dat sy tyd kort is, lei hy die mense om al hoe selfsugtiger en inhaliger te word, en dan juig hy as hy sien hoe suinig en selfsugtig hulle is. As die oë van sulke mense kon oopgaan, sou hulle die Satan in sy helse triomf sien, en hoedat hy juig en lag oor die dwaasheid van diegene wat luister na sy influisterings en in sy strikke val.

Die Satan en sy engele let op al die gemene en hebsugtige dade van hierdie mense, en hulle bring dit voor Jesus en Sy heilige engele, en sê verwytend: "Hulle is Christus se volgelinge! Hulle maak klaar om na die hemel op te vaar!" Die Satan toets hulle handelwyse aan die skrifgedeeltes waar dit bestraf word, en dan terg hy die hemelse engele deur te sê:

"Hulle is die navolgers van Christus en Sy Woord. Hulle is die vrug van Christus se soenoffer en Sy verlossing!" Die engele keer in afsku hulle rug op die toneel. God verwag gedurige optrede van die kant van Sy mense; en wanneer hulle moeg word om goed te doen, word Hy moeg vir hulle.



Ek het gesien dat Hy baie ontevrede is met die geringste openbaring van

- 269 -

selfsug van die kant van Sy belydende volk vir wie Jesus Sy kosbare lewe gegee het. Elke selfsugtige, hebsugtige persoon sal langs die weg uitsak. Soos Judas, wat sy Here verkoop het, sal hulle hul goeie beginsels en vrygewige gesindheid verkoop vir 'n bietjie aardse gewin. Al sulke mense sal onder Gods volk uitgesif word. Diegene wat hemel toe wil gaan, sal met al hulle krag die beginsels van die hemel moet aankweek. Pleks van verteer te word deur selfsug, behoort hulle hul siele te vergroot deur weldadigheid. Hulle moet van elke geleentheid gebruik maak om aan mekaar goed te doen, en so die beginsels van die hemel te koester. Jesus is aan my voorgehou as 'n volmaakte voorbeeld. Sy lewe was sonder eiebelang, en altyd gekenmerk deur onselfsugtige weldadigheid.

## DIE SKUDDING

Ek het sommige sien pleit met God met sterk geloof en ernstige smeekbedes. Hulle gesigte was bleek en kommervol–tekens van 'n inwendige stryd. Hulle het ernstig en vasberade gelyk; groot sweetdruppels het op hulle voorhoofde gestaan. So nou en dan is hulle aangesigte verlig deur tekens van Gods goedkeuring, en dan het hulle weer daardie ernstige, kommervolle houding aangeneem.

Bose engele het om hulle vergader, en duisternis geskep om Jesus vir hulle oë te verberg, sodat hulle net die duisternis rondom hulle sou sien, en gelei kon word om God te wantrou en teen Hom te murmureer. Hulle enigste veiligheid was om na omhoog te kyk. Engele van God hou wag oor Sy volk, en toe die bose engele die giftige atmosfeer rondom hierdie

- 270 -

beangste mense geskep het, het die hemelse engele gedurig met hulle vlerke oor hulle gewaai om die duisternis te verdryf.

Waar hierdie bidders voortgegaan het met hulle smeekbedes, het daar by tye 'n ligstraal van Jesus na hulle gekom, om hulle harte te bemoedig en hulle aangesigte te verlig. Sommige, het ek gesien, het nie deelgeneem aan die smeekbedes nie. Dit het gelyk of hulle onverskillig was en nie omgegee het nie. Hulle het nie geveg teen die duisternis rondom hulle nie, en dit het hulle in 'n digte wolk omsluit. Die engele van God het hierdie mense verlaat, en diegene gaan help wat besig was om te bid. Ek het engele van God sien haas na almal wat met alle mag gestry het teen die bose engele, en wat geprobeer het om hulleself te help deur volhardend tot God te roep. Maar Sy engele het diegene verlaat wat geen poging gemaak het om hulleself te help nie, en ek het hulle nie meer gesien nie.

Ek het die betekenis gevra van die skudding wat ek gesien het, en daar is aan my getoon dat dit veroorsaak is deur die onomwonde getuienis van die Waaragtige Getuie aan die Laodicense. Dit sal 'n uitwerking hê op die hart van die ontvanger, en hom lei om die banier te verhoog en die onomwonde waarheid te verkondig. Sommige sal nie hierdie reguit getuienis aanneem nie; hulle sal daarteen in opstand kom, en dit is dit wat die skudding sal veroorsaak onder Gods volk.

Ek het gesien dat die getuienis van die Waaragtige Getuie grotendeels veronagsaam is. Die ernstige getuienis wat so baie te doen het met die lotsbestemming van die kerk, is lig opgeneem indien nie heeltemal ver-

onagsaam nie. Hierdie getuienis moet grondige bekering bewerkstellig; almal wat dit waarlik aanneem, sal dit gehoorsaam, en hulle sal gereinig word.

Die engel het gesê, "Luister bietjie daar" Toe het ek 'n stem gehoor soos van baie musiekinstrumente wat almal in harmonie bespeel is. Dit het die mooiste musiek wat ek nog ooit gehoor het, oortref–dit was so vol genade, barmhartigheid, en verheffende, heilige vreugde. Dit het deur my hele wese getril. Toe het die engel gesê, "Kyk daar!"

- 271 -

My aandag is gevestig op die groep wat so geweldig geskud is. Ek het diegene gesien wat so smekende en in angs gebid het. Die afdeling engele wat hulle bewaak het, is verdubbel, en hulle het 'n wapenrusting aangehad wat hulle van hulle hoof tot by hulle voete bedek het. Hulle het ordelik voortbeweeg, soos 'n afdeling soldate. Hulle gelaat het die tekens getoon van die vreeslike stryd wat hulle deurgemaak het; nogtans het hulle gesigte, wat tekens getoon het van die kwaai, inwendige stryd, nou gestraal van die lig en heerlikheid van die hemel. Hulle het die oorwinning behaal, en dit het die grootste en heiligste vreugde aan hulle ontlok.

Die aantal in die groep het verminder. Sommige van hulle is uitgeskud en langs die weg agtergelaat. Die onverskilliges, wat nie volhardend en smekend saam gebid het met diegene wat die oorwinning en die verlossing op prys gestel het nie, het dit nie verkry nie, en hulle is in duisternis agtergelaat; hulle plekke is dadelik ingeneem deur ander wat die waarheid aangeneem het. Bose engele het nog om hulle saamgepak, maar hulle het geen mag oor hulle gehad nie .

Ek het diegene wat die wapenrusting aangehad het, die waarheid met groot krag hoor verkondig. Dit was doeltreffend. Baie was eers gebonde; sommige vroue deur hulle mans, en sommige kinders deur hulle ouers. Die opregtes wat eers belet was om die waarheid te hoor, het dit nou gretig aangeneem. Alle vrees vir hulle huisgenote was weg; alleen die waarheid was vir hulle van belang. Hulle het verlang en gedors na die waarheid; dit was vir hulle dierbaarder as die lewe self. Ek het gevra wat hierdie groot verandering teweeggebring het. Die engel het geantwoord: "Dit is die laat reën, die verkwikking van die aangesig van die Here, die luide geroep van die derde engel."

- 272 -



Daar het groot krag gerus op hierdie uitverkorenes. Die engel het gesê, "Kyk!" Toe is my aandag gevestig op die goddelose, of ongelowiges. Hulle was in rep en roer. Die ywer en krag wat die volk van God besiel het, het hulle woedend gemaak. Aan alle kante was daar verwarring. Ek het gesien dat daar maatreëls getref word teen die groep wat die lig en krag van God gehad het. Die duisternis rondom hulle het digter geword; maar hulle het pal gestaan, goedgekeur deur God, en vertrouende op Hom. Ek het gesien dat hulle bang word; toe het ek hulle baie ernstig tot God hoor roep. Hulle het dag en nag aangehou roep: "Laat U wil, O God, geskied! As dit U Naam kan verheerlik, voorsien tog 'n uitweg vir U volk! Verlos ons van die heidene rondom ons. Hulle het besluit dat ons moet sterf; maar U arm kan ons red." Dit is al woorde wat ek kan onthou. Dit het geskyn of almal hulle onwaardigheid gevoel het, en hulle het hulle volkome oorgegee aan die wil van God; maar, soos Jakob, het elkeen, sonder uitsondering, ernstig gesmeek en geworstel om uitredding.

Kort ná hulle met hulle smeking begin het, wou die engele, in medelyde met hulle, gaan om hulle te verlos. Maar 'n statige, bevelvoerende engel het hulle belet. Hy het gesê: "Die wil van God is nog nie volbring nie. Hulle moet die beker drink. Hulle moet gedoop word met daardie doop."

Eerlank het ek die stem van God gehoor wat die hemele en die aarde geskud het. Daar was 'n groot aardbewing. Orals het geboue ineengestort. Toe het ek 'n oorwinnings kreet gehoor; dit was kragtig en musikaal en helder. Ek het na die groep gekyk wat 'n rukkie tevore in bande en in sulke ellende was. Hulle was verlos uit hulle gevangeskap. 'n Heerlike lig het hulle beskyn. Hoe mooi het hulle toe gelyk! Al die tekens van kwelling en afmatting was weg, en gesondheid en skoonheid is gesien op elke gelaat.

- 273 -

Hulle vyande, die heidene rondom hulle, het soos dooie mense neergeval; hulle kon die lig wat op die verloste heiliges geskyn het nie verduur nie. Hierdie lig en heerlikheid het op hulle gebly totdat Jesus in die wolke van die hemel gesien is, en die getroue, beproefde groep verander is in 'n oomblik, in 'n oogwink, van heerlikheid tot heerlikheid. En die grafte is geopen, en die heiliges het voortgekom, beklee met die onsterflikheid, en roepende, "Die dood en die graf is oorwin;" en tesame met die lewende heiliges is hulle opgeneem, die Here tegemoet in die lug, en almal het met

musikale stemme oorwinnend gejuig.

---



# DIE SONDES VAN BABILON

Ek het gesien dat die kerke, sedert die tweede engel hulle val aangekondig het, steeds meer verdorwe geword het. Hulle dra die naam dat hulle Christus se volgelinge is, maar hulle kan nie van die wêreld onderskei word nie. Predikante neem hulle tekste uit die Woord van God, maar hulle preek strelende dinge. Daarteen maak die natuurlike hart geen beswaar nie. Dit is alleen die gees en krag van die waarheid, en die verlossing van Christus wat haatlik is vir die vleeslike hart. Daar is niks in die populêre bediening wat die woede van die Satan opwek, wat sondaars laat bewe, of aan die hart en gewete die vreeslike werklikheid van die aanstaande oordeel tuisbring nie. Goddelose mense is gewoonlik tevrede met 'n vorm van vroomheid sonder ware godsaligheid, en so 'n soort godsdiens sal hulle hulp en ondersteuning geniet. Die engel het gesê: "Niks minder as die hele wapenrusting van geregtigheid sal die mens in staat stel om die mag van die duisternis te oorwin, en die oorwinning te behou nie. Die Satan het volkome besit geneem van die kerke as 'n liggaam.

- 274 -

Daar word gepraat oor die doen en late van mense, pleks van die duidelike, snydende waarhede van Gods Woord te verkondig. Die gees van vriendskap met die wêreld is in stryd met God. Wanneer die waarheid in sy eenvoud en krag, soos dit in Jesus is, teen die gees van die wêreld te staan kom, verwek dit dadelik die gees van vervolging. Baie wat voorgee dat hulle Christene is, het God nie geken nie. Die natuurlike hart is nie verander nie, en die vleeslike verstand verkeer in vyandskap met God. Hulle is die Satan se getroue dienaars, ondanks die feit dat hulle 'n ander naam aangeneem het."

Ek het gesien dat die kerke, sedert die tyd dat Jesus die heilige plek van die hemelse heiligdom verlaat het, en deur die tweede voorhangsel gegaan het, volgemaak is deur alle onreine en haatlike voëls. Ek het groot booshede en vuilheid in die kerke gesien; maar nogtans beweer hulle lede dat hulle Christene is. Hulle belydenis, hulle gebede, en hulle vermanings is afskuwelik in die oë van God. Die engel het gesê: "God sal nie in hulle vergaderings wees nie. Selfsug, valsheid, en bedrog word deur hulle beoefen sonder enige gewetenswroeging. En bo-oor al hierdie bose dinge dra hulle die mantel van godsdiens." Ek is gewys op die hoogmoed van die kerke. God is nie in hulle gedagtes nie; hulle vleeslike gedagtes dink net

oor hulleself; hulle versier hulle arme, sterflike liggame, en dan aanskou hulle hulleself met tevredenheid en welbehae. Jesus en Sy engele betrag hulle met misnoeë. Die engel het gesê: "Hulle sondes en hoogmoed reik tot aan die hemel. Hulle deel wag vir hulle. Reg en geregtigheid het lank geslaap, maar eerlank sal dit ontwaak. Die wraak kom My toe, Ek sal vergeld, sê die Here." Die vreeslike dreigement van die derde engel, sal vervul word, en al die goddelose sal drink uit die beker van Gods wraak. 'n Ontelbare menigte bose engele versprei oor die hele land, en dring die kerke binne.

- 275 -

Hierdie werktuie van die Satan aanskou die godsdienstige liggame met vreugde, want hulle godsdienstige mantel bedek die grootste misdade en ongeregtigheid.

Die ganse hemel aanskou met verontwaardiging hoedat mense, die maaksel van God, deur hulle medemens verlaag word tot in die dieptes van verlaging, en met diere gelykgestel word. Sogenaamde navolgers van daardie dierbare Heiland wat Hom altyd ontferm wanneer Hy menslike ellende sien, pleeg die groot en vreeslike sonde deur in slawe en mensesiele handel te dryf. Ongelukkige mense word van plek tot plek geneem en gekoop en verkoop. Die engele het hierdie dinge alles opgeskryf; dit is geskryf in 'n boek. Die trane van die vrome slawe–manne en vroue, vaders en moeders, broers en susters is alles in bottels vergader in die hemel. God sal Sy wraak nog net 'n klein rukkie langer in bedwang hou. Sy gramskap ontbrand teen hierdie nasie, en veral teen die godsdienstige liggame wat hierdie vreeslike handel goedgekeur en self daaraan deelgeneem het. Sulke onreg, sulke verdrukking, sulke lyding, word aanskou met gevoellose onverskilligheid deur vele van die sogenaamde navolgers van die sagmoedige en nederige Jesus. Baie van hulle kan self hierdie onbeskryflike ellende met haatlike voldoening veroorsaak, en dan durf hulle dit nog waag om God te aanbid. Dit is 'n klug; die Satan juig daaroor, en hy verwyt Jesus en Sy engele met sulke teenstrydighede, en sê met helse oorwinning, "So handel Christus se navolgers!"

Hierdie sogenaamde Christene lees van die lyding van die martelaars, en dan loop die trane teen hulle wange af. Hulle kan nie verstaan hoe mense ooit so verhard kon geword het as om sulke wreedheid teenoor hulle medemens te pleeg nie. Maar diegene wat so dink en praat, hou self



slawe aan. En dit is nie al nie; hulle verbreek die natuurlike bande, en onderdruk hulle medemens op 'n wrede manier. Hulle kan die wreedste foltering veroorsaak met dieselfde onverbiddelikheid as die pousgesindes

- 276 -

en die heidene teenoor die volgelinge van Christus. Die engel het gesê: "Dit sal vir die heidene en pousgesindes verdraagliker wees in die dag van Gods oordeel as vir sulke mense." Die roepstem van die verdruktes het ten hemel gestyg, en engele staan verbaas oor die onbeskryflike lyding wat die mens, geskape in die beeld van sy Skepper, sy medemens veroorsaak. Die engel het gesê: "Die name van die verdrukkers is in bloed geskrywe, en in gèseling, en benat met pynlike en brandende trane van lyding. Gods toorn sal nie afneem totdat Hy hierdie land van lig die beker van Sy wraak tot die droesem toe laat drink het, en totdat Hy Babilon dubbel vergeld het nie. Vergeld haar soos sy julle vergeld het; skink vir haar dubbel in volgens haar werke; skink vir haar dubbel in die beker wat sy volgemaak het."

Ek het gesien dat die slawemeester aanspreeklik gehou sal word vir die siel van sy slaaf wat hy onkundig gehou het; en die sondes van die slaaf sal besoek word aan die meester. God kan die slaaf nooit in die hemel neem wat in onkunde gehou is en niks van God of die Bybel weet, niks vrees as net die sweep van sy meester nie, en 'n laer posisie beklee as 'n stomme dier. Hy doen die beste vir hom wat 'n genadige God kan doen. Hy sal hom tot niet maak soos iemand wat nooit bestaan het nie, terwyl die meester die sewe laaste plae sal ondergaan, en dan sal hy opgewek word in die tweede opstanding om die tweede dood te sterf–dit is die vreeslikste dood. Dan sal die regverdigheid van God tevrede wees.

# DIE LUIDE GEROEP

- 277 -

Ek het engele heen en weer sien haas in die hemel. Hulle het op die aarde neergedaal, en weer opgevaar na die hemel, in voorbereiding vir 'n belangrike gebeurtenis. Toe het ek 'n ander magtige engel gesien, met opdrag om na die aarde te vlieg om sy stem te voeg by die van die derde engel om krag aan sy boodskap te gee. Groot krag en heerlikheid is aan hierdie engel gegee, en toe hy neerdaal is die aarde verlig met sy heerlikheid. Die lig wat hierdie engele gebring het, het orals binnegedring, en hy het met 'n groot stem geroep, "Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword die woonplek van duiwels en die versamelplek van allerhande onreine geeste en die versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls." Die boodskap van die val van Babilon, soos verkondig deur die tweede engel, word herhaal, met die melding van die korrupsie wat die kerke binnegedring het sedert 1844. Die werk van hierdie engel kom op die regte tyd om aan te sluit by die laaste groot werk van die derde engel se boodskap waar dit uitbrei tot 'n luide geroep. Die volk van God word so voorberei om te staan in die uur van versoeking waarin hulle eerlank sal kom. Ek het gesien dat 'n groot lig hulle bestraal, en hulle het saamgestaan om die derde engel se boodskap sonder vrees te verkondig. Engele is gestuur om die magtige engel uit die hemel by te staan, en ek het stemme wat orals binnegedring het soos dit gelyk het, hoor sê: "Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie. Want haar sondes reik tot aan die hemel, en God het haar ongeregtighede onthou." Dit het geskyn of hierdie boodskap bykomstig tot die derde engel se boodskap was, en daarby aangesluit het, net soos die middernagtelike geroep aangesluit het by die tweede engel se boodskap in 1844.

- 278 -

Die heerlikheid van God het die geduldige, wagtende heiliges bestraal waar hulle sonder vrees die laaste plegtige waarskuwing gegee het, die val van Babilon aangekondig het, en Gods kinders geroep het om uit haar uit te gaan, sodat hulle haar vreeslike ondergang kon vryspring.

Die lig wat op die wagtendes geskyn het, het orals binnegedring, en diegene in die kerke wat enige lig gehad het, wat nie die drie boodskappe

gehoor en verwerp het nie, het gehoor gegee aan die roepstem, en die gevalle kerke verlaat. Baie het die ouderdom van verantwoordelikheid bereik sedert die verkondiging van die boodskappe, en die lig het op hulle geskyn, en hulle het die voorreg gekry om of die lewe of die dood te kies. Sommige het die lewe gekies en saamgestaan met diegene wat gewag het op die koms van hulle Here en al Sy gebooie gehou het. Die derde engel se boodskap sou sy werk doen; almal sou daardeur getoets word, en die kosbares sou uitgeroep word uit die godsdienstige liggame. 'n Mag het die opregtes beweeg, terwyl die openbaring van Gods mag hulle ongelowige bloedverwante en vriende vreesagtig en terughoudend gemaak het, sodat hulle diegene in wie die Gees van God gewerk het, nie durf verhinder het nie; en al wou hulle ook, het hulle nie die mag gehad nie. Die laaste boodskap het ook tot die slawe gekom, en die vromes onder hulle het hulle harte uitgestort in vreugdeliedere by die vooruitsig aan hulle verlossing. Hulle meesters kon hulle nie terughou nie; vrees en verbasing het hulle laat swyg. Magtige wonderwerke is gedoen; die siekes is genees, en tekens en wonders het die gelowiges gevolg. God was in die werk, en elke heilige het, sonder om die gevolge te vrees, die inspraak van sy gewete gevolg en het aangesluit by diegene wat al die gebooie van God gehou het; hulle het die derde engel se boodskap met krag verkondig. Ek het gesien dat hierdie boodskap met 'n krag en sterkte sal eindig wat die middernagtelike geroep ver sal oortref.

Dienaars van God, omgord met krag van omhoog, en met

- 279 -

hulle gesigte stralende van heilige toewyding, het uitgegaan om die boodskap van die hemel te verkondig. Siele wat orals in die verskillende kerke was, het gehoor gegee aan die roepstem, en die dierbares is haastig geneem uit die gedoemde kerke, net soos Lot haastig geneem is uit Sodom vóór die verwoesting van daardie stad. Gods volk is versterk deur die oortreffende heerlikheid wat hulle so ryklik bestraal en hulle voorberei het om te kan staan in die uur van versoeking. Aan alle kante het ek stemme hoor sê, "Hier kom die geduld van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar."

---



# DIE DERDE ENGEL SE BOODSKAP AFGESLUIT

Ek is gewys op die tyd wanneer die derde engel se boodskap afgesluit sal word. Die krag van God het op Sy volk gerus; hulle werk was afgedaan, en hulle was gereed vir die uur van beproewing voor hulle. Hulle het die laat reën ontvang, of die verkwikking van die aangesig van die Here, en die lewende getuienis het herlewe. Die laaste groot waarskuwing is orals gegee, en dit het die aardbewoners wat die boodskap nie wou aanneem nie, woedend gemaak.

Ek het engele heen en weer sien haas in die hemel. 'n Engel met 'n skrywer se inkpot aan sy sy het van die aarde af teruggekom en aan Jesus gerapporteer dat sy werk klaar was, en dat die heiliges genommer en verseël is. Toe het ek gesien dat Jesus, wat voor die ark waarin die tien gebooie is, gedien het, die reukpan neergooi. Hy het Sy hande opgehef, en met 'n groot stem uitgeroep, *"Dit is verby!"* Die ganse leërskare van engele het hulle krone afgehaal toe Jesus die volgende plegtige aankondiging gedoen het:

- 280 -

"Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word."

Elke saak is beslis of vir die lewe of vir die dood. Terwyl Jesus in die heiligdom gedien het, is die regverdige dode geoordeel, en daarna die lewende heiliges. Christus het Sy koninkryk ontvang, nadat Hy versoening gedoen het vir Sy volk en hulle sondes uitgedelg het. Die onderdane van Sy koninkryk was voltallig. Die huwelik van die Lam is voltrek. En die koninkryk, en die grootheid daarvan onder die ganse hemel, is gegee aan Jesus en die erfgename van die saligheid, en Jesus sal regeer as Koning van die konings en Here van die here.

Toe Jesus die allerheiligste plek verlaat het, het ek die klokkies van Sy kleed hoor lui; en toe Hy daaruit is, het 'n wolk van duisternis die aardbewoners oordek. Nou was daar geen middelaar tussen die skuldige mens en 'n veronregte God nie. Terwyl Jesus nog gestaan het tussen God en die skuldige mensdom, is die mense in bedwang gehou; maar toe Hy uitgetree het, is die weerhoudende krag verwyder, en die Satan het volkome heerskappy gehad oor die onboetvaardiges. Terwyl Jesus nog in die heiligdom gedien het, was dit onmoontlik om die plae uit te stort; maar aangesien

Sy werk daar nou klaar en Sy middelaarswerk afgesluit was, was daar niks om die wraak van God terug te hou nie, en dit het met woede ontvlam op die onbeskutte hoof van die skuldige sondaars wat die saligheid versmaai, en die bestraffing gehaat het. In daardie vreeslike tyd, ná die afsluiting van Jesus se middelaarswerk, het die heiliges voor 'n heilige God gelewe sonder 'n middelaar. Elke saak is afgehandel, en elke juweel is genommer. Jesus het vir 'n rukkie in die eerste afdeling van die heiligdom vertoef, en die sondes wat bely is terwyl

- 281 -

Hy in die allerheiligste plek was, is geplaas op die Satan, die bewerker van die sonde; hy moet die straf daarvoor ondergaan.

Toe het ek gesien dat Jesus Sy priesterlike kleed uittrek, en Sy koninklike kleed aantrek. Op Sy hoof was baie krone, 'n kroon op 'n kroon. Omgewe van die leërskare van engele, het Hy die hemel verlaat. Die plae was besig om op die aardbewoners te val. Sommige het God verwens en vervloek. Ander het na die volk van God gehaas en hulle gesmeek om geleer te word hoe om Sy oordele te ontvlug. Maar die heiliges kon hulle nie help nie. Die laaste traan vir sondaars was gestort, die laaste smeekbede gebid, die laaste las gedra, en die laaste waarskuwing gegee. Die soete stem van genade sou hulle nie meer uitnooi nie. Toe die heiliges, en die hele hemel, belanggestel het in hulle verlossing, het hulle persoonlik geen belang-ge-stel nie. Hulle het die keuse van die lewe of die dood gehad. Vele het die lewe begeer, maar hulle het geen poging gemaak om dit te verkry nie. Hulle het nie die lewe gekies nie, en nou was daar geen versoeningsbloed meer om sondaars te reinig nie, en geen ontfermende Verlosser om vir hulle te pleit nie, en te roep, "Spaar, spaar die sondaar 'n bietjie langer." Die ganse hemel het saamgestaan met Jesus toe hulle daardie vreeslike woorde hoor, "Dit is verby. Dit is volbring." Die verlossingsplan is volvoer, maar min het verkies om dit aan te neem. En toe die soet stem van die genade wegsterf, het die goddelose vreesbevange geword. Met skrik-wekkende helderheid het hulle die woorde gehoor, "Te laat! te laat"

Diegene wat Gods Woord nie op prys gestel het nie, het heen en weer gehaas, van see tot see geloop, en van die noorde tot die ooste om te soek na die Woord van die Here. Die engel het gesê, "Hulle sal dit nie vind nie. Daar is 'n hongersnood in die land; nie 'n honger vir brood nie, of 'n dors na water nie, maar om die Woord van die Here te hoor. Wat sou hulle nie betaal vir een Woord van goedkeuring van God nie! Maar nee, hulle moet honger en dors ly.



- 282 -

Dag na dag het hulle die verlossing versmaai, en meer waarde geheg aan aardse skatte en aardse plesier as aan die skatte van die hemel en die pleit-stem van die hemel. Hulle het Jesus en Sy heiliges verwerp. Die wat vuil is, moet nou vir ewig vuil bly."

Baie van die goddelose het woedend geword toe hulle getref is deur die plae. Dit was 'n toneel van die vreeslikste foltering. Ouers het hulle kinders bitter verwyt, kinders hulle ouers, broers hulle susters, en susters hulle broers. Uit alle rigtings is wenende stemme gehoor, "Dit was jy wat my verhinder het om die waarheid aan te neem wat my van hierdie vrees-like uur sou gered het." Die mense het hulle predikante aangeval met die woorde, "Julle het ons nie gewaarsku nie. Julle het ons vertel dat die hele wêreld tot bekering sou kom, en julle het vrede en veiligheid geroep om ons gerus te stel. Julle het ons nie van hierdie uur vertel nie; en diegene wat ons wel gewaarsku het, het julle uitgemaak as fanatieke en bose mense wat ons ondergang sou bewerk." Maar ek het gesien dat die predikante nie die wraak van God vrygespring het nie. Hulle lyding was tienmaal erger as die van hulle mense.

# DIE TYD VAN BENOUDHEID

Ek het die heiliges die dorpe en stede sien verlaat; hulle het in groepe en op eensame plekke gaan woon. Engele het hulle van voedsel en water voorsien, terwyl die goddelose honger en dors gely het. Toe het ek die leiers van die aarde sien raadhou, en die Satan en sy engele was rondom hulle besig. Ek het geskrifte gesien, en afskrifte daarvan is in verskillende dele van die land versprei; dit het bevele bevat dat as die heiliges nie hulle snaakse geloof versaak, die Sabbat opgee,

- 283 -

en die eerste dag van die week hou nie, sou dit die mense vrystaan om hulle na 'n sekere tyd dood te maak. Maar in hierdie uur van beproewing het die heiliges kalm en bedaard gebly, vertrouende op God en Sy belofte dat 'n uitweg vir hulle gevind sou word. Op sommige plekke, nog vóór die tyd vir die uitvoering van die dekreet, het die goddelose op die heiliges aangestorm om hulle te dood; maar engele, in die gedaante van soldate, het vir hulle geveg. Die Satan het die voorreg begeer om die heiliges van die Allerhoogste te vernietig; maar Jesus het Sy engele beveel om oor hulle te waak. God sal geëer word deur 'n verbond te maak met diegene wat Sy wet gehou het in die teenwoordigheid van die heidene; en Jesus sal geëer word deur die getroues wat so lank vir Hom gewag het, te verheerlik sonder dat hulle die dood ondergaan het.

Gou het ek gesien dat die heiliges in groot angs verkeer het. Dit het gelyk of hulle omring was deur die bose bewoners van die aarde. Dit het geskyn of alles teen hulle was. Sommige het begin vrees dat God hulle eindelik verlaat het om gedood te word deur die goddelose. Maar as hulle oë geopen kon gewees het, sou hulle gesien het dat hulle omring was deur die engele van God. Toe het die verwoede skare gekom, en daarna 'n menigte van bose engele wat die goddelose aangehits het om die heiliges dood te maak. Maar voordat hulle Gods volk kon nader, moes die goddelose eers deur 'n groep magtige, heilige engele dring. Dit was onmoontlik. Die engele van God het hulle verplig om terug te val, en dit het ook die bose engele wat dig om hulle was, genoodsaak om terug te val.

Dit was 'n uur van die vreeslikste angs vir die heiliges. Hulle het dag en nag tot God geroep om verlossing. Oënskynlik was daar geen moontlikheid dat hulle sou ontsnap nie. Die goddelose het alreeds die oorwinning begin behaal, en hulle het uitgeroep, "Waarom verlos julle God julle nie uit

ons hande nie? Waarom vaar julle nie op en red julle lewens nie?" Maar die heiliges het hulle nie geantwoord nie.

- 284 -

Soos Jakob het hulle met God geworstel. Die engele was baie begerig om hulle te verlos, maar hulle moes nog 'n bietjie wag; die volk van God moes eers die beker drink en met die doop gedoop word. Die engele, getrou aan hulle opdrag, het waggehou. God sou nie toelaat dat Sy Naam in die skande kom onder die heidene nie. Die tyd was byna daar vir Hom om Sy mag te openbaar, en Sy heiliges op heerlike wyse te verlos. Vir die eer van Sy Naam sou Hy elkeen verlos wat geduldig vir Hom gewag het, en wie se name in die boek geskrywe was.

Ek is terugverwys na die getroue Noag. Toe dit begin reën, en die vloedwaters gekom het, was Noag en sy gesin veilig in die ark, en God het die deur gesluit. Noag het die wêreld van sy tyd getrou gewaarsku, terwyl hulle hom bespot en gehoon het. Toe die waters op die aarde begin neersak, en die een na die ander verdrink het, het hulle daardie ark waarmee hulle so lustig die spot gedryf het, veilig op die water gesien, met die getroue Noag en sy gesin daarin. Ek het gesien dat die volk van God, wat die wêreld getrou gewaarsku het van Sy aanstaande toorn, verlos sou word. God sou nie die goddelose toelaat om diegene te vernietig wat gewag het op verheerliking, en wat nie die dekreet van die dier gehoorsaam en sy merk ontvang het nie. Ek het gesien dat as die goddelose toegelaat sou word om die heiliges om die, lewe te bring, sou die Satan en sy bose leërskare, en almal wat God haat, baie bly gewees het. En 0, hoe 'n groot oorwinning sou dit nie vir die Satan wees nie om in die laaste stryd mag te hê oor diegene wat so lank gewag het om Jesus te sien wat hulle liefhet! Diegene wat gespot het met die idee van die hemelvaart van die heiliges, sal sien hoe God vir Sy kinders sorg, en hoe hulle heerlik verlos word.

Toe die heiliges die stede en dorpe verlaat het, is hulle agtervolg deur die goddelose, wat hulle wou doodmaak.

- 285 -

Maar die swaarde wat opgehef is om Gods volk te dood, het gebreek en so magteloos soos stukkies strooi op die grond geval. Engele van God het die heiliges beskut. Waar hulle dag en nag om verlossing gebid het, is hulle roepstem deur die Here verhoor.

---



# DIE VERLOSSING VAN DIE HEILIGES

Dit was middernag toe God besluit het om Sy volk te verlos. Terwyl die goddelose rondom hulle gespot het, het die son skielik opgekom en in sy volle krag geskyn; en die maan het stilgestaan. Die goddelose het die toneel in verbasing aanskou, terwyl die heiliges die tekens van hulle verlossing met eerbiedige vreugde aanskou het. Tekens en wonders het mekaar vinnig opgevolg. Dit het geskyn of die natuurlike gang van alles verstoor was. Die strome het opgehou om te vloei. Donker, swart wolke het opgekom en teen mekaar gebots. Maar daar was een oop plek van heerlikheid, en daarvandaan is die stem van God gehoor, soos van baie waters, en dit het die hemele en die aarde geskud. Daar was 'n groot aardbewing. Die grafte is geopen, en diegene wat in die geloof gesterf het onder die derde engel se boodskap, en die Sabbat gehou het, het opgestaan en verheerlik voortgekom om die verbond van vrede te hoor wat God sou maak met diegene wat Sy wet gehou het.

Die lug het oop- en toegegaan met groot gedreun. Die berge het gebewe soos 'n riet in die wind, en ruwe rotse is orals uitgewerp. Die see het gekook soos 'n pot, en het klippe op die land gewerp. En toe God die dag en die uur van Jesus se koms aankondig, en die ewige verbond aan Sy volk gee, het Hy een sin gespreek en dan stilgebly, terwyl die woorde oor die aarde gerol het. Die Israel van God het gestaan met hulle oë na die hemel

- 286 -

gerig, en het geluister na die woorde soos hulle uit die mond van Jehova gekom en oor die aarde gerol het soos harde donderslae. Dit was alles baie vreesaanjaend. Aan die einde van elke sin het die heiliges uitgeroep: "Heerlik! Halleluja!" Hulle aangesigte was verlig met die heerlikheid van God, en hulle gesigte het gestraal van die heerlikheid soos die van Moses toe hy van Sinai afgekom het. Die goddelose kon weens die heerlikheid nie na hulle kyk nie. En toe daardie ewige seën uitgespreek is oor diegene wat God geëer het deur Sy Sabbat te heilig, het daar 'n magtige oorwinningskreet opgegaan oor die dier en sy beeld.

Toe het die jubileum begin, wanneer die land sou rus. Ek het gesien dat vrome slawe opstaan in oorwinning, en die kettings wat hulle gebind het, afskud, terwyl hulle bose meesters verward was en nie geweet het wat om te doen nie; want die goddelose kon nie die woorde van die stem van God verstaan nie.

Eerlank het daar 'n groot wit wolk verskyn, en daarop het die Seun van die mens gesit. Toe dit eers in die verte verskyn het, het dit baie klein gelyk. Die engel het gesê dat dit die teken is van die Seun van die mens. Namate dit nader aan die aarde gekom het, kon ons die allesoortreffende heerlikheid en majesteit van Jesus sien waar Hy voortgery het as oorwinnaar. 'n Gevolg van heilige engele, met blink krone op hulle hoofde, het Hom begelei. Geen pen kan die heerlikheid van daardie toneel beskryf nie. Die lewende wolk van majesteit en onoortreflike heerlikheid het nadergekom, en ons kon duidelik die lieflike gestalte van Jesus sien. Hy het nie 'n doringkroon gedra nie, maar 'n kroon van heerlikheid. Op Sy kleed en Sy heup was 'n Naam geskryf, Koning van die konings, en Here van die here. Sy gelaat het geblink soos die middagson; Sy oë was soos vuurvlamme, en Sy voete was soos gloeiende blink koper. Sy stem was soos die geluid van baie musiekinstrumente.

- 287 -

Die aarde het gebewe voor Hom; die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit. "En die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van Sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?" Diegene wat nog 'n kort rukkie tevore Gods getroue kinders van die aardbodem wou verdelg, het nou die heerlikheid van God gesien wat hulle bestraal het. En te midde van al hulle vrees het hulle die stemme van die heiliges blymoedig hoor sê: "Kyk, dit is onse God op wie ons gewag het, dat Hy ons kan verlos."

Die aarde het vreeslik gebewe toe die stem van die Seun van God die slapende heiliges opgewek het. Hulle het gehoor gegee aan die roepstem, en het voortgekom, beklee met die heerlike onsterflikheid, en hulle het geroep, "Oorwinning, oorwinning oor die dood en oor die graf! Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning?" Toe het die lewende heiliges, en die wat uit die dode opgewek is, hulle stemme verhef in 'n lankgerekte oorwinningskreet. Die liggame wat in die graf gelê is met die tekens van siekte en die dood, het voortgekom in onsterflike gesondheid en lewenskrag. Die lewende heiliges is verander in 'n oomblik, in 'n oogwink, en hulle is saam met die wat opgewek is, opgeneem hulle Here tegemoet in die lug. O, wat 'n heerlike wederontmoeting! Vriende wat deur die dood geskei is, is weer verenig, om nooit weer te skei nie.



Aan elke kant van die wolkewa was vlerke, en onder was lewende wiele; en namate die wa opgevaar het, het die wiele uitgeroep, "Heilig," en die vlerke, terwyl hulle beweeg het, het geroep, "Heilig," en die gevolg van heilige engele rondom die wolk, het uitgeroep, "Heilig, heilig,

- 288 -

heilig, Here God Almagtig!" Al die heiliges in die wolk het geroep, "Heerlik! Hallelujah!" En steeds het die wa opwaarts beweeg na die Heilige Stad. Voordat hulle die stad binnegegaan het, is die heiliges in 'n volmaakte vierkant opgestel, met Jesus in hulle midde. Hy het kop en skouers bokant die heiliges en die engele gestaan. Sy majestueuse gestalte, en lieflike gelaat, kon gesien word deur almal in die vierkant.

# DIE LOON VAN DIE HEILIGES

Toe het ek 'n baie groot getal engele gesien wat heerlike krone van die stad gebring het–'n kroon vir elke heilige, met sy naam daarop geskryf. Namate Jesus om die krone geroep het, het engele hulle aan Hom gebring, en met Sy eie regterhand het die lieflike Jesus die krone op die hoofde van die heiliges geplaas. Net so ook het die engele harpe gebring, en Jesus het hulle aan die heiliges gegee. Die bevelvoerende engele het begin speel, en toe het alle stemme 'n dank- en loflied aangehef, en alle hande het kunstig die harpe bespeel, en daar was die heerlikste musiek. Toe het ek Jesus die verloste skare sien lei na die poort van die stad. Hy het die hek geneem en dit wyd oopgeswaai op sy skarniere, en die volke wat die waarheid bewaar het, het Hy beveel om in te gaan. Binne die stad was daar die heerlikste dinge vir die oog om te sien. Orals het hulle heerlikheid en prag gesien. Toe het Jesus na Sy verloste heiliges gekyk; hulle aangesigte het gestraal van heerlikheid; en terwyl Hy na hulle gekyk her, het Hy met Sy pragtige, musikale stem gesê, "Nou sien Ek die moeitevolle arbeid van My siel, en Ek is versadig. Hierdie uitnemende heerlikheid is julle s'n om vir ewig te geniet. Julle lyding is op 'n end.

- 289 -

Daar sal geen dood of droefheid of geween meer wees nie, ook sal daar geen pyn meer wees nie." Ek het gesien dat die verloste skare neerbuig en hulle blink krone aan die voete van Jesus neerwerp, en toe, nadat Sy lieflike hand hulle weer opgerig het, het hulle hul harpe begin bespeel en die ganse hemel vervul met die heerlikste musiek en lofliedere aan die Lam.

Toe het ek Jesus Sy volk na die boom van die lewe sien lei, en weer het ons Sy lieflike stem, liefliker as die skoonste musiek wat die menslike oor nog ooit gehoor het, hoor sê, "Die blare van die boom is tot genesing van die nasies. Eet julle almal daarvan." Die boom van die lewe het die mooiste vrugte gedra, en daarvan het die heiliges vry geëet. In die stad was die pragtigste troon, en daaruit het 'n reine rivier van die water van die lewe gevloei, helder soos kristal. Aan elke oewer van die rivier was die boom van die lewe, en daar was ook ander pragtige bome wat baie lekker vrugte gedra het.

Daar kan nie woorde gevind word om die heerlikheid van die hemel te beskryf nie. Waar ek die toneel voor my sien, staan ek eenvoudig stom. In verrukking gebring deur die allesoortreffende skoonheid van daardie

heerlikheid, lê ek my pen neer, en roep ek uit. "O, watter liefde! Watter wonderbare liefde!" Die skoonste taal kan nie die heerlikheid van die hemel, en die grenslose liefde van die Heiland beskryf nie.

---



# DIE AARDE VERWOES

My aandag is weer op die aarde gevestig. Die goddelose was dood, en hulle dooie liggame. het op die grond rondgelê. Die aardbewoners het die slagoffers geword van die wraak van God in die sewe laaste plae, wat hulle hul tonge laat kou het van die pyn, en hulle God laat vervloek het. Veral die valse herders is getref deur Gods wraak. Terwyl hulle nog op hulle voete gestaan het, is hulle oë uit die oogholtes verteer, en hulle tonge uit hulle monde.

- 290 -

Nadat die heiliges verlos is deur die stem van God, het die goddelose hulle woede op mekaar gewreek. Die aarde was gedrenk met bloed, en van die een end tot die ander daarvan het die dooie liggame gelê.

Die aarde het soos 'n verlate woestyn gelyk. Stede en dorpe, in puin gelê deur die aardbewing, het puinhope geword. Berge is uit hulle plekke versit sodat daar groot skeure gelaat is. Skerp rotse, uitgewerp deur die see, of uit die aarde self geskeur, het orals op die aardbodem rondgelê. Groot bome is ontwortel en rondgestrooi. Hier sal die Satan en sy bose engele hulle vir 'n duisend jaar hulle tuiste vind. Hier sal hy opgesluit word om rond te wandel op die verskeurde oppervlakte van die aarde en die gevolge te sien van sy opstand teen Gods wet. Vir 'n duisend jaar kan hy nou die vrugte geniet van die vloek wat hy op die aarde gebring het. Omdat hy tot hierdie aarde beperk sal wees, sal hy nie die voorreg hê om ander planete te besoek en diegene wat nie in die sonde geval het te versoek en lastig te val nie. Gedurende hierdie tyd sal die Satan bitter ly. Sedert sy val het hy altyd toegegee aan sy bose neigings. Maar nou sal sy krag aan hom ontneem word, en hy sal gelaat word om te peins oor die rol wat hy gespeel het sedert sy val, en met vrees en bewing sal hy dink aan die vreeslike toekoms wanneer hy sal moet boet vir al die boosheid wat hy bewerk het, en gestraf word vir die sondes wat op sy aandrang gepleeg is.

Ek het oorwinningskrete soos die geluid van tienduisende musiekinstrumente van die engele en die verloste heiliges gehoor, omdat hulle nie langer lastig geval of versoek sou word deur die Satan nie, en omdat die bewoners van die ander wêrelde verlos is van sy teenwoordigheid en versoekings.

Toe het ek trone gesien, en Jesus en die verloste heiliges het daarop gesit.

- 291 -

En die heiliges het regeer soos konings en priesters van God. Christus, bygestaan deur Sy volk, het die goddelose dode geoordeel, en hulle dade vergelyk met die wetboek, die Woord van God, en elke saak is beslis volgens die dade in die liggaam gepleeg. Toe het hulle die vonnis uitgespreek wat elkeen van die goddelose verdien het volgens hulle werke; en dit is teenoor hulle name aangeteken in die boek van die dood. Die Satan, en ook sy engele, is geoordeel deur Jesus en die heiliges. Die Satan sal baie swaarder gestraf word as diegene wat hy verlei het. Sy straf sal soveel swaarder wees as hulle s'n dat daar geen vergelyking gemaak sal kan word nie. Nadat almal wat hy verlei het, reeds vernietig is, sal die Satan nog baie langer voortlewe om te ly.

Ná die oordeel van die goddelose dode afgehandel is, aan die einde van die duisend jaar, het Jesus die stad verlaat, en die heiliges en 'n gevolg van die leërskare van engele, het saam met Hom gegaan. Jesus het neergedaal op 'n groot berg, wat onder Hom, net toe Sy voete daaraan geraak, 'n groot vlakte geword het. Toe het ons gekyk en ons het die groot en pragtige stad gesien, met sy twaalf fondamente, en twaalf poorte–drie aan elke kant-en by elke poort 'n engel. Ons het uitgeroep, "Die stad! die groot stad! dit daal neer van God uit die hemel!" Dit het neergedaal in sy skitterende heerlikheid en tot rus gekom op die groot vlakte wat Jesus daarvoor berei het.

---



# DIE TWEEDE OPSTANDING

- 292 -

Toe het Jesus en die gevolg van heilige engele, en al die verloste heiliges, die stad verlaat. Die engele het hulle aanvoerder omring en Hom op Sy weg begelei, en die verloste heiliges het gevolg. En toe, in verskriklike majesteit, het Jesus die goddelose dode opgewek; en hulle het te voorskyn gekom met dieselfde verswakte siek liggame waarmee hulle in die graf gegaan het. Wat 'n skouspel! Wat 'n toneel! By die eerste opstanding het almal met onsterflikheid beklee voortgekom; by die tweede opstanding was die tekens van die vloek sigbaar op almal. Die konings en die groot manne van die aarde, die gemenes en verlaagdes, geleerdes en ongeleerdes–almal het saam te voorskyn gekom. Almal sien die Seun van die mens; en diegene wat Hom verag en bespot het, wat die doringkroon op Sy heilige hoof geplaas het, wat Hom met die riet geslaan het, sien Hom nou in Sy koninklike majesteit. Diegene wat op Hom gespuug het in die uur van Sy verhoor, deins nou terug vir Sy deurdringende blik en vir die heerlikheid van Sy aanskyn. Diegene wat die spykers deur Sy hande en voete geslaan het, sien nou die tekens van Sy kruisiging. Diegene wat die spies in Sy sy gesteek het, sien nou die merke van hulle wreedheid in Sy liggaam. En hulle weet dat dit Hy is wat hulle gekruisig en bespot het in Sy folterende dood. En toe het daar 'n groot noodkreet opgegaan, en hulle het gevlug om hulle te verberg voor die aangesig van die Koning van die konings en die Here van die here.

Almal probeer wegkruip in die rotse, sodat hulle kan wegkom van die verskriklike heerlikheid van Hom wat hulle eenmaal verag het. En, oorweldig en gepynig deur Sy majesteit en groot heerlikheid, roep hulle soos met een stem en met die grootste duidelikheid uit, "Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!"

- 293 -

Toe het Jesus en die heilige engele, vergesel van al die heiliges, weer na die stad gegaan, en die bitter geween van die rampsalige goddelose het deur die lug weerklink. Toe het ek gesien dat die Satan weer met sy werksaamhede begin. Hy het onder sy onderdane beweeg, en hy het die swakkes sterk gemaak en aan hulle vertel dat hy en sy engele baie sterk is. Hy het gewys na die ontelbare miljoene wat opgewek is. Daar was magtige

vegters en konings wat die krygskuns verstaan het en baie koninkryke verslaan het. Daar was die magtige reuse wat nooit 'n veldslag verloor het nie. Die trotse, eersugtige Napoleon was daardie man wat die koninkryke laat bewe het. Daar was manne van groot gestalte en waardige houding, wat in die stryd geval het terwyl hulle oorlogsugtig was. Toe hulle uit hulle graftes gekom het, het hulle weer hulle gedagtegang hervat waar dit deur die dood afgebreek is. Hulle is nog besiel met dieselfde oorlogsgees as toe hulle geval het. Die Satan hou raad met sy engele, en dan weer met die konings en oorwinnaars en magtige manne. Toe kyk hy so oor die ontsaglike leër, en hy deel hulle mee dat die groep in die stad klein en swak is, dat hulle die stad kan inneem, die inwoners kan uitwerp, en die rykdom en heerlikheid vir hulleself kan neem.

Die Satan het daarin geslaag om hulle te bedrieg, en almal het dadelik voorberei vir die slag. Daar is baie bedrewe manne in daardie groot leër, en hulle maak allerhande soorte krygstuig. Toe het hulle, met die Satan aan die hoof, voortbeweeg. Konings en krygsliede het onmiddellik agter die Satan gevolg, en daarna het die menigtes in afdelings gevolg. Elke afdeling het sy eie leier gehad, en hulle het orde gehandhaaf waar hulle oor die gebroke oppervlakte van die aarde gemarsjeer het na die Heilige Stad. Jesus het die poorte van die stad gesluit, en hierdie groot leër het dit omsingel; hulle is in slagorde opgestel, en hulle het 'n bitter stryd verwag. Jesus

- 294 -

en die leërskare van engele en al die heiliges, met hulle skitterende krone op hulle hoofde, het tot bo-op die muur van die stad gegaan. In majesteit het Jesus gespreek, en gesê: "Aanskou, julle sondaars, die loon van die regverdiges! En My verlostes, aanskou die loon van die goddelose!" Daardie groot menigte het die heerlike groep op die muur van die stad gesien. En toe hulle die prag van die skitterende krone, en die stralende gesigte van die verlostes sien, en ook die onoortreflike heerlikheid en majesteit van die Koning van die konings en Here van die here, het hulle moed hulle begewe. Die besef van die skatte en die heerlikheid wat hulle verloor het, tref hulle, en hulle sien dat die loon van die sonde die dood is. Hulle sien die heilige, gelukkige groep wat hulle verag het, beklee met heerlikheid en eer en onsterflikheid en die ewige lewe, terwyl hulle buitekant die stad is, saam met alles wat gemeen en afskuwelik is.



# DIE TWEEDE DOOD

Die Satan haas hom na sy volgelinge, en hy probeer om die menigte tot aksie op te wek. Maar vuur van God uit die hemel reën op hulle, en die grotes en magtiges en edelmanne, en die armes en ellendiges word almal tesame verteer. Ek het gesien dat sommige sommer gou vernietig is, terwyl ander langer gely het. Hulle is gestraf volgens wat hulle in die liggaam gedoen het. Dit het dae geneem om sommige te verteer, en solank daar nog 'n stukkie van een oorgebly het wat nog nie verteer is nie, het die lyding aangehou. Die engel het gesê, "Die wurm van die lewe sal–nie sterf nie; hulle vuur sal nie uitgeblus word nie solank daar nog die kleinste deeltjie oorbly wat verbrand moet word."

Die Satan en sy engele het lank gely. Die Satan het nie alleen die gewig

- 295 -

en straf van sy eie sondes gedra nie, maar ook die sondes van die verloste skare, wat op hom geplaas is; en dan ook moet hy ly vir die siele wat hy geruïneer het. Toe het ek gesien dat die Satan en al die goddelose verteer is, en die regverdigheid van God is bevredig; en die leërskare van engele, en al die verloste heiliges, het met 'n groot stem gesê, "Amen!"

Die engel het gesê, "Die Satan is die wortel, en sy kinders is die takke. Hulle is nou wortel en tak verteer. Hulle het 'n ewige dood gesterf. Hulle sal nooit weer opstaan nie, en God sal 'n rein heelal hê." Toe het ek gekyk en ek het gesien dat die vuur wat die goddelose verteer het, ook al die vuilgoed verbrand en die aarde gereinig het. Weer het ek gekyk, en ek het gesien dat die aarde gereinig is. Daar was nie 'n enkele teken van die vloek nie. Die gebroke, oneffe oppervlakte van die aarde, was nou mooi gelyk, soos 'n uitgestrekte vlakte. Gods ganse heelal was rein, en die groot stryd was vir ewig verby. Waar ons ook al gekyk het, was alles pragtig en heilig. En die ganse verloste skare, oud en jonk, groot en klein, het hulle skitterende krone aan die voete van hulle Verlosser gewerp, en in aanbidding voor Hom neergeval en Hom aanbid wat vir ewig en ewig lewe. Die pragtige nuwe aarde, met al sy heerlikheid, het die ewige erfdeel van die heiliges geword. Die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel is gegee aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste; hulle sal dit vir ewig bewoon.

**[1]Let wel, die bladsynommers stem ooreen met die wat in die kantlyn verskyn. Kyk Voorwoord tot die Tweede Afrikaanse Oplaag op bladsy 6.**


| | | |
|---|---|---|
| **Genesis** | | |
| 1:26 | BL | 145 |
| 3:4 | BL | 218 |
| 16:13 | BL | 112 |
| **Exodus** | | |
| 20:9, 10 | BL | 255 |
| 20:10 | BL | 33, 69 |
| **Numeri** | | |
| 14:10 | BL | 14 |
| **Psalms** | | |
| 24:7-10 | BL | 191 |
| 126:5 | BL | 64 |
| **Jesaja** | | |
| 8:19, 20 | BL | 59 |
| 25:9 | BL | 110, 287 |
| 52:11 | BL | 62 |
| 53:5 | BL | 112 |
| **Daniël** | | |
| 8:12 | BL | 74 |
| **Amos** | | |
| 8:11 | BL | 281 |
| **Habakuk** | | |
| 2:3 | BL | 236 |
| **Sagaria** | | |
| 9:9 | BL | 244 |
| **Matthéüs** | | |
| 3:17 | BL | 156 |
| 4:6, 7 | BL | 156 |
| 7:6-12, 15 | BL | 25 |
| 12:36 | BL | 112 |
| 19:16-22 | BL | 49 |
| 21:9 | BL | 292 |
| 24:24 | BL | 25 |
| 25:6 | BL | 238, 242, 248, 249, |
| 26:33 | BL | 169 |
| 26:40 | BL | 167 |
| 26:53, 54 | BL | 168 |
| 27:4 | BL | 172 |
| 27:25 | BL | 179, 195, 212 |
| 27:29 | BL | 170 |
| 27:40, 42 | BL | 177 |
| 28: 13 | BL | 183 |
| **Markus** | | |
| 1:23-25 | BL | 29 |
| 11:9 | BL | 179 |
| 11:9, 10 | BL | 224 |
| 11:24 | BL | 72 |
| 15:26 | BL | 179 |
| 15:32 | BL | 179 |
| 16:17, 18 | BL | 29 |
| **Lukas** | | |
| 1:20 | BL | 24 |
| 4:3 | BL | 155 |
| 4:4 | BL | 155 |
| 4:5-8 | BL | 157 |
| 4:10, 11 | BL | 28 |
| 9:35 | BL | 164 |
| 12: 3-7 | BL | 28 |
| 12:33 | BL | 57, 95 |
| 19:37-40 | BL | 109 |
| 19:40 | BL | 244 |
| 22:31 | BL | 166 |
| 22:34 | BL | 176 |
| 22:42 | BL | 167 |
| 22:64 | BL | 170 |
| 24:50 | BL | 190 |
| **Johannes** | | |
| 1:29 | BL | 154 |
| **Johannes** | | |
| 7:45, 46 | BL | 161 |
| 9:20-27 | BL | 29 |
| 13:34, 35 | BL | 27 |
| 14:13-15 | BL | 29 |
| 15:7 | BL | 73 |
| 15:7, 8 | BL | 29 |
| 16:15 | BL | 24 |
| 18:4, 6 | BL | 167 |
| 19:6 | BL | 109 |
| 19:26, 27 | BL | 177 |
| 19:30 | BL | 177, 180 184, 209, 253, 281 |
| 20:13, 16, 17 | BL | 187, 240, 244, |
| 20:28, 29 | BL | 188 |
| **Handelinge** | | |
| 1:11 | BL | 191 |
| 2:4 | BL | 24 |
| 3:12-16 | BL | 193 |
| 4: 10-12 | BL | 194 |
| 4:16 | BL | 194 |
| 4:29-31 | BL | 24 |
| 5:20 | BL | 195 |
| 5:23, 25-28 | BL | 195 |
| 5:30-32 | BL | 196 |
| 5:38, 39 | BL | 196 |
| 5:41, 42 | BL | 196 |
| 6:15 | BL | 198 |
| 7:51,52 | BL | 198 |
| 7:55-58, 60 | BL | 199 |
| 9:4-6 | BL | 200 |

| Handelinge | | |
|---|---|---|
| 9:11, 12 | BL | 200 |
| 9:15, 16, 17 | BL | 201 |
| 9:21 | BL | 201 |
| 10: | BL | 78 |
| 16:17 | BL | 203 |
| 16:18 | BL | 204 |
| 16:20 | BL | 204 |
| 16:28 | BL | 204 |
| 16:30, 31 | BL | 205, 234 |
| 16:37 | BL | 205 |
| 20:28-30 | BL | 27 |
| 22:18-21 | BL | 206 |
| 26:28 | BL | 207 |
| **Romeine** | | |
| 7:12 | BL | 66 |
| 8:38 | BL | 30 |
| **1 Korinthiërs** | | |
| 3:10-13 | BL | 27 |
| 15:55 | BL | 287 |
| **2 Korinthiërs** | | |
| 2:16 | BL | 62 |
| 4:6-9 | BL | 28 |
| 4:17, 18 | BL | 28 |
| 6:17 | BL | 242 |
| 13:5 | BL | 27 |
| **Galasiërs** | | |
| 1:6-9 | BL | 27 |
| **Efesiërs** | | |
| 4:32 | BL | 26 |
| 6:10-18 | BL | 26 |
| **Filippense** | | |
| 1:6, 27-29 | BL | 26 |
| 2:13-15 | BL | 26 |
| 3:20 | BL | 30 |
| 3:21 | BL | 31 |

| Kolossense | | |
|---|---|---|
| 2:6-8 | BL | 25 |
| **1 Thessalonicense** | | |
| 3:8 | BL | 29 |
| 5:22 | BL | 117 |
| 5:26 | BL | 117 |
| **1 Timotheus** | | |
| 5:10 | BL | 117 |
| **Hebreërs** | | |
| 4:9 | BL | 31 |
| 4:10-12 | BL | 25 |
| 10:35-39 | BL | 25 |
| **Jakobus** | | |
| 5:7, 8 | BL | 31 |
| **1 Petrus** | | |
| 1:5-7 | BL | 28 |
| 1:22 | BL | 27 |
| **2 Petrus** | | |
| 3:11 | BL | 108 |
| **1 Johannes** | | |
| 3:3 | BL | 108 |
| 3:22 | BL | 73 |
| **Judas** | | |
| 9 | BL | 164 |
| **Openbaring** | | |
| 3:7, 8 | BL | 42, 86 |
| 3:7-13 | BL | 30 |
| 3:14-20 | BL | 107 |
| 3:17 | BL | 118 |
| 4:8 | BL | 35, 116, 288 |
| 6:15-17 | BL | 287 |
| 6:16 | BL | 76 |
| 12:3 | BL | 93 |
| 14:1 | BL | 31 |
| 14:4, 5 | BL | 30 |

| Openbaring | | |
|---|---|---|
| 14:7 | BL | 232, 233 240, 241 |
| 14:8 | BL | 237, 241 |
| 14: 12 | BL | 254, 279 |
| 14:14-17 | BL | 31 |
| 18:2 | BL | 277 |
| 18:4, 5 | BL | 277 |
| 18: 6 | BL | 276 |
| 19:10 | BL | 231 |
| 21:2 | BL | 31 |
| 22:1-5 | BL | 31 |
| 22:2 | BL | 289 |
| 22:9 | BL | 231 |
| 22: 11 | BL | 280 |
| 22:14 | BL | 35 |




# Algemene Bladwyser*


Aardbewing, gedurende tyd vanskudding 272
stem van God, deur goddeloses vir, beskou 15
toe Paulus en Silas uit gevangenis verlos is 204
tydens algemene opstanding 16
tydens kruisiging van Jesus 178, 184
tydens opstanding van Jesus 181, 182
tydens uiteindelike verlossing van Gods volk 285 tydens wederkoms 287, 290
Aarde, donkerheid van na gesig van die hemel 20
geskud, deur stem van God 34, 272, 285
reiniging van 295
woes gedurende duisend jaar 289
Aaron, die staf van wat gebloei het 32
Adam, die val van 125, 147, 148 in Eden 125, 146
Adventiste in naam, teenstand van 33
ware Christene onder 261
wêreldsgesindheid van 108, 109
*Kyk ook* Gierigheid; Afvallige Sabbathouers; Sabbathouers; Oorblyfsel
Agtien-drie-en-veertig (1843), kaart van 74
bepaling van tyd in 232
Agtien-vier-en-veertig (1844), profetiese tydperke eindig in 243
sedert, tyd nie meer 'n toets nie 75
talmtyd van 236, 247
versoening van Christus in heiige plek in, afgehandel 42, 243
werk van engele in 248
Afvallige Sabbathouers, foltering van 37
kleed van 37
*Kyk ook* Adventiste
Afvalligheid, *kyk* Verborgenheid van ongeregtigheid
Allerheiligste plek, *kyk* Jesus; Heiligdom
Altaar vir wierook, *kyk* Hei-ligdom
Ananias, gesig van, 200
Apostels, die Satan beweer dat hulle soos Thomas Paine leer 90, 91
Aptyt, moet bedwing word 121
Avondmaal, *kyk* Kerklike instellings
Babilon, bose engele in 274 sondes van 273, 274
straf van 276
uit, uitgeroep 278, 279
val van 241, 277, 278
Banier, van Christus 212 van die Satan 212
Barnabas, werk van, met Paulus 202


*Let wel*, **die bladsynommers stem ooreen met die wat in die kantlyn verskyn.**
Kyk Voorwoord tot die Tweede Afrikaanse Oplaag op bladsy 6.

Beeldeaanbidding 211
Beeld van die dier, deur derde engel se boodskap geopenbaar 254
oorwinning oor 34
Bekering van E. G. White 11
Belydenis, predikante behoort-voorbeeld te stel 103
van oorblyfsel, wierook daarmee saam geoffer 256
Beproewinge, beskouing van in Nuwe Jerusalem 17
deur klagtes bitter gemaak 47
doel van 67
oorsaak van 113
te veel aandag aan 120
van die heiliges 14, 67
van E. G. White voorspel 20
Berg Sion, heiliges gaan na 18
Betowerde grond, Gods volk op 60, 120
Blomme, deur kinders op nuwe aarde gepluk 18, 19
Boek, Bybel die wetboek 52
gedenk- 114
van die dood 52
van die lewe 52
verslag-, deur engele opgestel 246
Bome, soorte, op nuwe aarde 19
Boom, die verbode, op hierdie aarde 51
op ander wêrelde 40
Boom van die lewe, belofte dat ons daarvan sal eet 21
beskrywing van 17
heiliges sit onder 17
in Nuwe Jerusalem 289
om onsterflikheid te verewig 51, 126
Bosse, op nuwe aarde 18
Brood en water verseker, *kyk* Tyd van benoudheid
Bruilofsfees, in Nuwe Jerusalem 19
Bruilof van die Lam 55, 251, 280
Bybel, die, belangrikheid van Daniël en Openbaring 231
deur geleerde mense verander 220, 221
deur Luther gewaardeer 223
deur priesters belet 214
hongersnood om, te hoor 281, 293
in laaste dae 220
profesieë van, aan William Milier verduidelik 229
sit " evangelie-organisasie' , uiteen 100
studie van, belangrik 58, 64, 87, 88, 262
noodsaaklik om dwaalleer te ontmasker 250, 262
Christelike geloof, afvallige 211
euwels van formele 227, 228
reinheid van, geskend deur heidense gebruike 211
Christelike karakter 111-114
Christus, *kyk* Jesus; Wederkoms
Damaskus, Saulus onderweg na 200
Daniël, boek van, *kyk* Bybel
*Day-Star*, redakteur van die 77
Dekreet, om heiliges dood te maak 34, 36, 37, 67, 272, 282, 283
van God, aan einde van genadetyd 48, 71, 280
Derde engel, luide geroep van 261, 271, 277
sending van 118
verseëlingswerk van 89
Derde engel se boodskap, aan einde van Jesus se werk in heilige plek 254
afsluiting van 279
geloof in 189
moet nie met tyd verbind word nie 75
verduidelik teleurstelling van 1844 255
verwerpers van, vergelyk met Jode wat Christus verwerp het 261
verwerping van, volg op verwerping van vroeëre lig 260
Dier, die, deur derde engel se boodskap geopenbaar 254
oorwinning oor 35
*kyk ook* Merk van die dier
Diere, op ander wêrelde 39, 40 op die nuwe aarde 18
Dissipels, by verhoor van Jesus 171
engele versterk 209
getuig vir Jesus 209
onderweg na Golgota 175
twyfel van, na kruisiging 180
tyding van die opstanding aan, gebring 186
wonderwerke van 192
"Dit is volbring" 177, 180, 184, 209, 253, 279, 281
Dode, Christus het, opgewek 160
die Satan sê die, leef 87
toestand van, belangrikheid daarvan om Bybelse leer oor, te verstaan 87
*Kyk ook* Dood, die; Staat van die dode; Onsterflikheid
Donder, stem van God soos 15, 34, 286
Dood, die, ewige 51, 218
oorwinning oor 287, 289
tweede, 294
vir die eie- ek 66, 67, 113, 120
*Kyk ook* Onsterflikheid; Staat van die dode
Doop, die, as deelgenote in die lyde van Christus 67
deur onwaardige persone toegedien 99
gedenkteken van Christus se opstanding 217
van beproewing in tyd van skudding 272
van E. G. White 11
van Jesus 153
van Saulus 201
van sipier en gesin 205
Drie engele se boodskappe, met drie trappe vergelyk 258, 259
Droom, van E. G. White dat sy met 'n trap opklim 78-81
van mense wat in tempel veiligheid soek 78, 79
van Pilatus se vrou 173
van William Miller, juwelekissie en man met stofbesem 81-83

Duisternis, deur engel verdryf 181, 270
in goddelose wêreld 20, 40
magte van 105
op aarde 104
op aarde, tydens kruisiging 178
wanneer Jesus heiligdom verlaat 280
rondom diegene wat nie bid nie 270, 271
diegene wat lig verwerp 55, 236, 241
Dwalings, moenie na, luister nie 124, 125
Eendrag, die Satan se pogings om, te vernietig 267
noodsaaklik in sluitingswerk 97
Eerste engel se boodskap, verkondiging van 232-237
verwerping van 188
Eerste koms, geboorte van Jesus 153
ongeloof in verkondiging van 259
Eiendom, wanneer om te verkoop 57, 95
Einde van tyd, nabyheid van 64, 67, 119
voorbereiding vir 64, 66, 119 *Kyk ook* Noag; Lot; "Maak klaar"
Elia, beproewing van geloof van 73
teenwoordig by verheerliking 162
Elisa deur goddelose jongelinge bespot 248
Engele, gevalle, uit die hemel verban 146
werk van 90, 105, 182, 192, 200, 204, 264, 269
Engele, goeie, bediening van 39, 127, 150, 209
begelei Jesus na hemel 190
beloof beloning aan E. G. White 21
beloof wederkoms van Jesus 191
beskerm die heiliges 39, 111, 202, 271
beskerming van, aan diegene onttrek wat dwaalleer bestudeer 125
beskerm teen misleidende dwalinge 88
besoek William Miller 229
bied lewens aan as versoening 127, 150, 152
die Satan doen hom as een voor 88
droefheid van 39, 111, 119, 125, 148, 167, 177
gesels oor onsterflikheid van die siel 218
groot getalle 168
hou vier winde vas 36, 37, 38
het Ananias ingelig 200
het Elia hemel toe gedra 162
het gevangenes vrygestel 204
het Pilatus se vrou 'n droom gegee 173
hou verslag 246
in gevangenisse 204
Jesus se rytuig bestaan uit, 35
klere van 181
krag van 170
*Kyk ook* Verlossingsplan leer Adam 147
metgeselle van verlostes 67
met luide stem 37
met skrywer se inkpot 279
musiek van 39, 66, 126, 151
oor verbondsark 32
orde onder die 145, 168
sluit hulle by mense aan vir middernagtelike geroep 242
teenwoordig, by Christus se lyde 167, 170
by Heiland se graf 181, 186
by kruisiging 177
toe Jesus gebore is 153
toe Jesus gedoop is 153
tydens wederkoms 15, 35, 110, 287, 288
vergesel elke heilige 39
verlig die aarde 245
voorkoms van 181
werk van, in 1844 248
in verband met gesigte 14, 20, 32, 37, 45, 77, 88, 230
om eerlikes in te lig 98, 262
ten behoewe van dissipels 196
Eva, in Eden 125, 146
stappe in sonde van 147
val van 125, 147
versoek Adam 148
Fairhaven, Mass., van, per skuit na West's Island 23
Familie, ongelowige, invloed van oor gelowiges 271, 278
Fanatisme, gevare van 26, 63
met betrekking tot tyd van wederkoms 22
Fitch, Charles, in Nuwe Jerusalem gesien 17
Gebed; behoefte aan 73
Christus offer wierook saam met 32, 252, 256
gebruik van God's Naam in 70, 122
gesigte tydens, gegee 13, 21, 32, 33, 37
in tyd van beproewing 46
lang en lewensloos 115
om teen verheffing beskerm te word 21
openbare, plig van, aan E. G. White getoon 11, 12
sal binne die voorhangsel gestuur word 72
van heiliges voor God' s troon 54
van mense in die skudding 269-272
van mev. E. G. White dat 'n ander profeet gekies moet word 20
van Paulus en Silas in gevangenis 204
verhoring van 120
verwaarloosde pligte ten tyde van, voorgehou 11
verwaarlosing van 72
vir siekes 37
volhardende 73
Gebooie, belangrikheid van studie daarvan 63
gehoorsaamheid aan, het uitwerking op voorkoms 40
tafels van die 32
Gees van die Satan, aan diegene

gegee wat waarheid verwerp 56
Gees van God, *kyk* Heilige Gees
Geesverskyning 87, 262-264
geheimsinnige geklop in Rochester, N.Y. 43, 44, 86
geklop 'n bedrog 59, 86, 87, 262
*Kyk ook* Spiritisme
Geheimsinnige geklop, *kyk* Spiritisme
Gehoorsaamheid, 'n middel tot reiniging, 71
uitwerking van 40
Geklop, geheimsinnige, *kyk* Spiritisme
Geklop, *kyk* Geesverskyning
Geld, planne van die Satan om gebruik van te beheer 266-269
voorliefde vir 266
*Kyk ook* Middele
Geloof, hoe dit versterk of verswak word 73
in droom as groen tou voorgestel 81
van Jesus, studie van 63
verhouding van, tot gehoorsaamheid 73,
tot gevoel 72
tot Heilige Gees 73
ware, beskryf 72
Genadetyd, dekreet aan einde van 48
"die tyd van hulle redding was verby," woorde in voetnota verduidelik 45
Genesing, deur die krag van Jesus 159, 160
deur gebed 37
Gerubs, by poort van Eden 126
het verbondsark gedek 32
Gesigte, van Ananias 200, 201
van Johannes die openbaarder 230, 231
van mev. E. G. White, deur God vir laaste dae beloof 78
eerste 13-17
in verband met ontrouheid rakende bekendmaking 77
moet aan andere vertel word 20
ongeloof in 76
op seilskipgedurende storm 23
stom gemaak omdat sy Gees weerstaan het 22
valslik aan mesmerisme toegeskryf 21, 23
van Saulus 200, 206, 207
Getsemane, lyding van Jesus in 167
Getuienisdienste, aard van getuienisse 116
almal moet deelneem in 114-118
moenie in, tyd mors nie 115
Getuienisse, in getuienisdienste 114, 116
nie getrou gelewer nie 76
Getuienis, van Waaragtige Getuie veroorsaak skudding 270
Gierigheid, 'n strik van die Satan 266-269
God, beskerming van, in tyd van benoudheid 44
in tyd van plae 44
teen misleiding van die Satan 60, 88
gawe van Sy Seun 126, 127, 151
heiligheid van 70, 122,
heiligheid van Naam 70, 122
Naam "Almagtige God" moet versigtig gebruik word 122
persoonlikheid van 54, 77, 92
stem van, deu r regverdiges vestaan 15
goddeloses dink dit is donder en aardbewing 15
heiliges deur, verlos 37, 290
kondig dag en uur van Jesus se koms af 15, 34, 41, 285
maak heiliges sterk 52
nie deu r goddeloses verstaan nie 35
veroorsaak aardbewing 272, 285
troon van 54
*Kyk ook* Heerlikheid; Lig Goddeloses, deur die Satan in bondels gebind 88
geen genade vir 281
gevoelens van in verlore toestand 76
in die kerk 274
opstanding van 52, 53, 292
plae val op 120, 121, 124 282, 289
tydens wederkoms 34
val voor heiliges neer 273
vernietiging van 289, 294
vervolging deur 34
woedend oor waarheid 33, 272
Godloënaars 220
Gras, op ander wêrelde 39
op nuwe aarde 18
Graf, vroue by 186
Grond, op nuwe aarde 18
*Kyk ook,* Offergawes; Tyd van benoudheid
Groot stem, engel roep met 'n 37
van derde engel 86, 271, 277
Harpe, engele bespeel 39
heiliges bespeel 17
Heerlikheid, op die gelaat van heiliges 34, 37, 54
op die Sabbatsgebod 33
Saulus deur, verblind 200
Heidene, Paulus se opdrag om na, te gaan 206
sluit hulle by Christene aan 211
teen Jesus opgerui 209
Heiligdom, aardse, karakters van bedienaars in 103, 253
afsluiting van werk in 260
meubels in 250, 251, 253
om hemelse te verduidelik 253
voorhangsel van, geskeer 177, 209
Heiligdom, hemelse, die Vader in allerheiligste piek 55
gesig van 32, 33
Jesus in 36, 42, 71, 253, 280
laaste werk in allerheiligste plek 280
reiniging van 243, 250, 253
Heiligdom, waarheid aangaande, studie van na teleurstelling 63, 256
verkeerde opvatting van in 1844

253
Heilige Gees, aan Saulus gegee 201
toe hy hemelse dinge bepeins het 112
belofte van 190
deur mev. E. G. White ontvang 14
krag van, deur die Satan nageboots 44
leer van, na verwys 43
rede vir gebrek aan, in die kerk 227
uitstorting van, in die tyd van benoudheid 33
op die dissipels 197, 198, 208.
voordat Jesus die koninkryk ontvang 55
wanneer die uur van Jesus se koms aangekondig word 15
verhouding van, tot geloof 72
weens selfverheffing onttrek 120
Heilige plek, kyk Heiligdom; Jesus
Heiliges, beskerming van in tyd van benoudheid 4 3 , 56, 283
loon van 288
opgeneem na Nuwe Jerusalem 287, 288
voor Gods troon gesien 54, 55
Hemele, beroering van, tydens wederkoms 34, 41
soos boek toegerol 287
woning van Jesus 39
Hemel, gesig van 16, 17
Hemelvaart, van Christus 187, 190-192
van Elia 162
van heiliges gedurende sewe dae 16, 35, 287, 288
van lewende heiliges 16, 35, 283, 287
van Moses, deur sy sonde verhoed 164
Henog, op besoek na wêreld met sewe mane 40
Herders, *kyk* Predikante; Leraars
Herodes, dood van 186 en Johannes die doper 154
Jesus, na, gestuur 173
werk van, teen Jakobus en Petrus 186
Hervorming, die groot 222
valse 45, 261
*Kyk ook* Luther; Melanchthon
Hoëpriester, *kyk* Jesus
Hoflikheid, predikante moet, aankweek 102
Honderd-vier-en-veertigduisend, bestaan uit lewende heiliges 15
bevoorreg om ander wêrelde te besoek 40
gaan hemelse tempel binne 19
inskrif op voorhoofde 15
klere van 17
met verrese vriende herenig 16
name van op klip tafels gegraveer 19
op see van glas 16
sege van 37
Hoogmoed 120
"Hou! Hou! Hou! Hou!" 38
Huise, *kyk* Tyd van benoudheid; Nuwe aarde; Besittings
Jakob, *kyk* Tyd van benoudheid
Jaloesie, van Eva 147
van die Satan 145
Jerusalem, sal nooit weer opgebou word nie 75
ywer van sommige om na, te gaan 75
*Kyk ook* Nuwe Jerusalem
Jesus, as leermeester 165
begrafnis van 180
beskerm, deur engele 159
beskrywing van 51, 54, 149
betekenis van water en bloed uit deurboorde sy van 209
bied Sy lewe vir die mensdom aan 126, 149, 150
bruilof van die Lam 250, 280
deur priesters en volk bespot 170
dra altyd spykermerke 53, 179
eenvoudigheid e n heiligheid van 70, 108, 109
gebed van 176
hemelvaart van 187, 190-192
het aan Saulus verskyn 200
in die geregsaal 172
in Getsemane 167
kroon van 53, 54
kruisiging van 175, 176, 208, 209
leer van 160, 161
lewende wynstok 73
'n offer vir sonde 48, 49, 67, 93, 125, 150, 253
onderrig van, gedurende veertig dae 189, 208
onderweg na Golgota 175, 245
ontvang die koninkryk, 55
opstanding van 181-186
persoonlikheid van 77, 126, 149
priesterlike klere van 36, 55
salwing van, deur Maria 165
segetog na Jerusalem 244
verheerliking van 162, 164, 171
verraad van 165, 208
verskyning van, aan dissipels na opstanding 185, 188
versoeking van 155-157
voor Herodes 174
voor Pilatus 173
wederkoms van 286
weldadigheid van 269
werk van, in allerheiligste plek 36, 55, 58, 71, 180, 251
in heilige plek 42, 243, 250, 251, 254, 260
in hemelse tempel 32, 48, 251
wonderwerke van 171
*Kyk ook* Lig; Eerste koms; Wederkoms; Genesing; Verlossingsplan; Klere
Jode, die Satan se poging om, teen Jesus op te rui 160, 161
haat van wêreld teenoor, 'n gevolg van hulle eie sonde 212
hardkoppigheid van 208
sameswering van teen Paulus 202, 203
verwerping van Christus deur 260
werk van die Satan met 208, 209
werk vir bekering van 75, 213
Johannes die Doper, dood van 154
minder geëerd as nederigste dissipel 155
stel verkondigers van wederkoms voor 155, 230

voorloper van Jesus 153, 154
Johannes, die geliefde dissipel, by die kruisiging 177
gevangenskap van 193, 194
na Patmos verban 230
omgang met Petrus 224
openbaring aan, gegee 230
Josef van Arimathea, vra om die liggaam van Jesus 180
Josua, *kyk* Kaleb en Josua
Jubileum, vir die land 34
Judas, belydenis van 171, 172
gierigheid van 165, 166, 268
selfmoord van 172
verraai Jesus 166
Kaartjie deur engele by stadspoort getoon 37, 39
Kaart met vyftig Bybeltekste in gesig gesien 22, 23
van 1843, Gods hand het fout bedek 74
moet nie verander word nie 74
Kaleb en Josua, rapport van 14
Kalf, goue, deur Israel aanbid 163
Kanaän, hemelse, rapport van 14
Kandelaar, *kyk* Heiligdom
Kerklede, houding van teenoor waarheid van wederkoms 108
moet nie predikante se tyd in beslag neem nie 105
moet predikante help 106
moet werkers wees 104
wêreldsgesindheid en vormlikheid van 107, 108, 111
Kerklike instellings, Avondmaal 101
moet dikwels gevier word 116
ter gedagtenis aan kruisiging 217
nederigheid (voetewassing) 15, 116
mense moe t daarvan geleer word 117
Kerklike verhore, behaag die Satan 121
euwels van 119
hoe om, af te handel 106, 107
Kinders, onder martelare gesien 19
in gesig van nuwe aarde 19
van predikante, moet goed opgevoed word 101
Kla, maak beproewings bitter 47
Klere, van afvallige Sabbathouers 37
van engele 181
van goddeloses 37
van 144000 17
van Jesus 36, 51, 55, 251, 280, 281, 286
van martelare 18
van ontroue werkers 77
van verlorenes 77
Koffie, *kyk* Tee en koffie
Konferensies, te groot voorbereidings vir 121
Koningskap, van Jesus 151
Krone, deur Jesus op hoofde geplaas 288
op goue rakke geplaas 18
van engele 66, 169, 286
van Henog 40
van Jesus 53, 169, 170, 281
van martelare 18
van verlostes 16, 54, 61, 288, 294
Kruik met manna in verbondsark 32
Kruisiging, Avondmaal 'n gedenkteken van 217
*Kyk ook* Jesus
Kus, 'n heilige 15, 117
Laat reën, aan einde van derde boodskap 279
as voorbereiding om in plae te kan staan 86
bemoedig opregtes om waarheid aan te neem 271
vir diegene wat volkome oorwinning behaal het 71
Laodicense, skudding van 270
Lasarus, opwekking van 166
Leër, van die Satan na die duisend jaar 53
van die verlostes veilig in die stad 53
Leesstof, verspreiding van 96
Lig, deur min ontvang 55
gevaar van verwerping van 70
middernagtelike geroep deur, voorgestel 14, 238
op die Skrifte 201
op getroues gewerp 240, 241, 242,248,272,277,286
op Stefanus se aangesig 198
rondom engele 182
uitwerking van, op goddeloses 273
van die hemel na Saulus 200, 201
van God en Jesus 70
van God na Jesus 38
van Godstad 170
van Jesus na heiliges 55
verdwyning van, deur ongeloof veroorsaak 15
voor engel uit wat mense van wraak van God waarsku 245
wat God omhul 55, 92, 126, 163
wat uit Jesus se arm skyn 15
Lof, rede vir 110
uitwerking van, in die hemel 39
van engele 127, 151
Lot, oproep om Sodom te verlaat gelykgestel met oproep om Babilon te verlaat 279
Luiheid, sonde om mense wat in staat is om te werk in, te onderhou, 57, 95
"Luister bietjie daar"; "Kyk daar" 270, 271
Luther, agting vir Bybel 223
deur God geroep 222, 223
samewerking met Melanchthon 224, 225
teenstand van priesters 223, 224
"Maak klaar" 64, 66, 119
Magte van die aarde, skudding van 41
Magte van hemel en aarde, beskrywing 41
Mane, gesig van planeet met sewe 40
Manna, goue kruik in verbonds ark 32
Maria, by die graf 187
salf die Heiland 117, 165, 268
Maria, die moeder van Jesus, by die kruisiging 176, 177, 180
Martelare, rooi soom aan klere 18,

19
Melanchthon, deur God geroep, 222
karakter van 224
samewerking met Luther 224, 225
Merk van die dier, of seël van God, almal berei hulle voor vir 67
Mesmerisme, bose oorsprong van 21
deur die Satan gebruik om te mislei 44, 59, 87
deur geloof weerstaan 21
dwaasheid om gesigte as, te beskou 23
E. G. White in versoeking om gesigte as, te beskou 22
Metodistediens, E. G. White by, 13
Metodistekerk, E. G. White se vader en familie geskors 13
Middelaar, gedurende plae 71
geen, nadat Jesus allerheiligste plek verlaat nie 280
Middele, van Gods saak terug gehou 49, 50
*Kyk ook* Geld
Middernagtelike geroep, "Daar kom die Bruidegom" 238, 242, 248, 249
deur helder lig voorgestel 14, 238
stem ooreen met luide geroep van derde engel 277
tyd van, 42, 43
Millennium, die Satan gedurende 290
heiliges gedurende 51
Jesus en heiliges daal neer aan einde van 53
ondersoekende oordeel, gedurende, voortgesit 53
reiniging van aarde aan einde van 52
toestand van aarde aan einde van 289
vonnis voltrek aan einde van 52
Miller, William, deur engele beskerm 234
deur God tot die bediening geroep 229-232
mismoedig en in duisternis 257
ondersoek van profesieë deur 229, 231
prediking van 233
sal in eerste opstanding opstaan 258
teenbeeld van Johannes die Doper 230
tweede reeks lesings van 11
vervolging van 234
*Kyk ook* Drome
Misleidinge, *kyk* Die Satan; Spiritisme; Mesmerisme
Moses breek tafels van wet 163
by Sinai 15
by verheerliking 162
'n middelaar 162
sonde van 162, 163
Musiek, van engele 39, 66, 126, 151
van verlostes 17, 288, 289
"My bloed, Vader, My bloed, My bloed" 38
Napoleon in leër wat Nuwe Jerusalem omsingel 293
Nasies, in tyd van benoudheid 85
woede van 36, 41
Natuur, ontwrigting van, tydens wederkoms 34
Nederigheid, *kyk* Kerklike instellings
Noag, laaste dae met tyd van, vergelyk 284
Nuwe aarde, beskrywing van 18
eerste verskyning van 54
Nuwe Jerusalem, beskrywing van 17, 288, 289
broeders Fitch en Stockman daar gesien 17
daal aan einde van duisend jaar neer 18, 41, 291
gesig van tempel op 32
intog van 144000 19, 35, 288
musiek in 288
poging van die Satan om, in te neem 53, 293
rus op 'n skoon plek op aarde 52
troon op 289
Nuwe lig, predikante moet beraadslaag voordat hulle, voordra 61
sal geopenbaar word 124
Nuwe velde, hoe om binne te dring 103, 104
Offergawes, almal moet gee 95
die Satan se poging om te verhinder 266-268
doel van, om waarheid te versprei 57
huise en grond moet verkoop word vir 57
moet eers gegee word as ons behoefte verstaan 93
moet voor tyd van benoudheid gegee word 56, 57
moontlik gemaak deur selfverloëning 121, 122
noodsaaklik vir verlossing 50, 51
onberade 93, 94
Olyfberg, skeuring van, wanneer Jesus neerdaal 17, 51, 53, 291
Onderwysers, onervare en voorbarig 118, 119
ongewyd, in 1843 234
*Kyk ook* Predikante
Oneerbiedigheid in die gebruik van God's Naam 122
Ongeloof, die Satan die oorsprong van 220
gevare van 259, 260, 261
van Thomas 188
voorgestel deur verdwyning van lig 15
Ongelowiges 220
Onsterflikheid, die Satan se eerste bedrog 218
gesprek van engele oor 218
uitwerking van geloof in, op verskeie klasse 219, 220
Ontmoediging, moenie daaronder beswyk nie 46
van heiliges maak engele bedroef 39
Oorblyfsel, deur waarheid saamgebind 88, 89, 263
Gods werk vir 70
Jesus se voorspraak vir 38
loon van 66

medelyde van engele vir 247
oorwin deur bloed van Lam en woord van getuienis 114
saam met Jesus in allerheiligste plek 255
voorbereiding van, vir dag van Here 66, 119
*Kyk ook* Adventiste; Sabbathouers
Oop en toe deur, gesig van 42, 43, 250
verduideliking van, voetnota 45
Oordeel, Bybel die maatstaf in 58
deur William Miller verkondig 231, 232
gedurende duisend jaar, heiliges 'n aandeel aan 52, 53, 290, 291
ondersoekende 36, 280
van goddeloses aan einde van duisend jaar 52, 54
Oordele van God, aan Gods volk gewyt 34, 36
kom spoedig 51
Oorlog, in die hemel 146
voorbereiding vir die laaste groot 69, 71, 123
Oorwinning, Christus ons voorbeeld 189
deur die woord van getuienis 114, 115
hele wapenrusting nodig 273
hoe om, te behou 273
'n daaglikse werk 105
oor die dier en sy beeld 34
oor die dood en die graf 287 265
van heiliges 271, 272, 286, 290
Openbaring, boek, *kyk* Bybel
Opoffering, noodsaaklik vir verlossing 50, 66, 67
van nadelige gebruike 122
Opstanding, die tweede 276, 292
doop 'n gedenkteken van 217
spesiale, tydens opstanding van Christus 184, 189, 208
van goddeloses 52, 53, 292
van heiliges 16, 35, 273, 287
van Lasarus 166
van Moses 164
van Sabbathouers 285
verandering van Sabbat aan, toegeskryf 216
Orde, in die hemel 39
*Kyk ook* Organisasie
Organisasie, evangelie, moet bestudeer word 100
pas by eenheid 97
Orion, stem van God kom deur 41
*Kyk ook* Hemele
Paasfees, die laaste 165, 166
Pad, ongelowiges val van, af 15
van Adventvolk na hemelse stad 14, 88, 89
Paine, Thomas, geskrifte van, deur die Satan gedikteer 90, 265
voorgehou as 'n wese in die hemel 88-91, 264
Paulus, *kyk* Saulus
Petrus, bekering van 169, 170
gevangenskap van 193, 194
het aan Jesus trou betuig 160
krag van prediking van 192-197
omgang met Johannes 224, 225
slaap in tuin 167
verdedig Jesus met swaard 168
verloën Jesus 169, 193
voortvarendheid van 224
Pilatus, gee liggaam aan dissipels af 180
krag van die Satan oor 174
oortuigings van rakende Jesus 173
sit wag by graf 181
vrees van, na opstanding 185
vrou se droom 173
Plae, bedrieërye tydens, blootgestel 120, 121, 124, 282, 289
"geen Middelaar" tydens 71, 281
sewe laaste 36, 44, 52, 276
val op goddeloses 120, 121, 124, 282, 289
voorbereiding om tydens laaste, te staan 71, 261
wanneer uitgestort 64, 85 280
Planete, gesig van 40
Platform, 'n onbeweeglike 250, 259
Portland, Maine, eerste gesig te 20
Pous, Bybel deur, van mense weggehou 214
Sabbatsgebod deur, verander 33, 65
verheffing van 213, 214
verwerping van, deur Luther 223
vrees werk van Luther 225
Predikante, bevoegdhede van 101, 102, 103
die Satan se pogings om, te ontmoedig 267
gesinne van 97
gewilde 228, 273
gevaarlike 62, 68
in 1844 232, 233, 234
keuse van, in dae van apostels 100, 101
moet deur kerk erken word 97-100
moet nuwe geloofspunte saam bespreek 61, 62
moet nuwe velde betree 103, 104
ordening van 101
werk van valse, teen die Sabbat 68, 69
*Kyk ook* Werkers; Onderwysers; Valse leraars
Priesters, bekering van sommige 197
haat van, teenoor Jesus 169, 172
het valse getuies omgekoop 197
het soldate omgekoop om stil te bly 183
sameswering van, teen Jesus 166
teenstand van, teen Luther, 223
verbaas oor werk van dissipels 192-194
woede van, teenoor Paulus 206
Profesieë, *kyk* Bybel
Reënboog, tydens wederkoms 15
Regering van God, die Satan se plan teen 146
Reise, geld onnodig vir, uitgegee 50, 94, 95
van diegene wat nie deur God geroep is nie 100
Rochester, geklop, *kyk* Geesverskyning
Rocky Hili, Conn., gesig te 36
Rots, deur Moses geslaan 163
Sabbat, belangrikheid van, sedert 1844 42, 254

bindende eise van 33, 65, 255
deur pous verander 33, 65
die Satan se aanval op 216
gedenkteken van skepping, 217
heerlikheid van, op tafels van die wet 32, 33, 255
moet meer volledig verkondig word 33, 85
'n skeidsmuur tussen gelowiges en ongelowiges 33, 68, 85
'n toets 42, 43, 254
onderhouers van, in alle eeue 216
oortreders van 37, 65, 69
op opstanding van Christus gegrond 216, 217
seën op diegene wat dit onderhou 34
teenstand teen 68, 69
verandering van, deur die Satan aangekondig 87
verkondiging van, veroorsaak vyandskap 33
*Kyk ook* Gebooie; Wet van God
Sabbathouers, besondere gevare van 266, 267
*Kyk ook* Adventiste; Oorblyfsel
Sang, deur engele tydens wederkoms 190, 191
tydens hemelvaart van Christus 16
Satan, die aanklaer van die broeders 268, 275
aanstigter van vervolging 222, 226
as engel van die lig 88, 145, 263
as kondukteur van trein wat Spiritisme voorstel 88
bedrywigheid van 63
beraad van, met gevalle engele 178, 183, 191
berou van 146
beskrywing van 145, 152, 153
bewerker van siekte en die dood 184
bring vuur uit die hemel neer 59, 87
doen hom as God voor 56, 92
gees van, op verwerpers van lig geadem 56
hoe hy siele verstrik 105
houding van, teenoor Bybel 91,92
invloed van, deur naam-Christene 227, 228
mag van, beperk 146
oor kerke 273
misleiding deur, gedurende plae geopenbaar 92, 266
in Eden 147
in sluitingswerk 56, 88, 261, 266
neerlaag van, in lewe van Christus 175, 182
'n werktuig in beproewinge 121
oorwinning van, oor Moses 164
plan van, om heiliges te vernietig 283
om Jesus te vernietig 158
om Paulus te vernietig 203
plesier van, om mense te mislei 221
pogings van, om gemoedere van mense te oorheers 210, 246
om godsdiens te bederf deur heidense idees in te bring 211
teen gelowiges 44
probeer die Godstad inneem 53
straf van 52, 158, 178, 281, 290, 291, 294, 295
val van 145
verkondig dwalinge oor karakter van God 219, 220, 226
versoekinge van, in laaste dae 46
vreugde van, oor afvalligheid van Christene 211, 246, 247
oor vervolging van Christene 210
werk van, in verband met kruisiging 176
woordestryd van, oor liggaam van Moses 164
*Kyk ook* Engele, gevalle; Wet van God; Verborgenheid van ongeregtigheid; Sabbat; Slang; Geesverskyning; Spiritisme
Saulus, bekering van 201
besoek aan Jerusalem 206
deur Jode gestenig 203
deur Jode vervolg 202, 203
keur Stefanus se dood goed 199
na Heidene gestuur 206
Paulus en Silas in gevangenis 204
prediking en wonderwerke van 203, 204, 206, 207
reis na Damaskus 200
seereis van 207
talente van 199, 206
verhoor van 207
vrygestel 204, 205
See van glas, buite die stad 17
reis van heiliges na 16
Seël van God 38, 48, 58, 67
deur derde engel 89
verseëlingswerk, einde van 58, 279
verwysing na 38, 43, 44, 48, 50
voorbereiding vir 71
Selfverheffing, E. G. White se vrees vir 20, 21
Siekte, toename van 184
Silas, *kyk* Saulus
Sipier van Filippi, bekering van 205
Skepping, Sabbat 'n gedenkteken van 217
Skudding, Gods volk in tyd van, beskerm 271
van Gods volk 50, 269, 270
*Kyk ook* Magte van hemel
Slang, in Eden 125, 148
Slawe, deur belydende Christene aangehou 275
laaste beroep op 278
sondes van, op eienaar besoek 276
trane van in hemel in herinnering geroep 275
uiteindelike bevryding van 34, 35, 286
Spiritisme, as trein met die Satan as kondukteur voorgestel 263
bewering dat Thomas Paine in die hemel is 89, 90, 91, 263, 264
die krag van die Satan 59, 86, 261
die meesterstuk van die Satan 91, 265
E. G. White beskuldig dat sy, verkondig 77

ontken persoonlikheid van God 77
ontwikkeling van, voetnota 59,86
uitwerking van op verstand 101, 102
Staat van die dode, deeglike begrip noodsaaklik 262
Stefanus, Saulus die opvolger van 199
verhoor en dood van 198
Stem, van engele 182
van Jesus 19, 35, 200, 286
*Kyk ook* God
Stockman. broeder, bemoedig E. G. White 12
in Nuwe Jerusalem gesien 17
"Stofbesem," verwysing na die man met 48
William Miller se droom van 81-83
Stomheid van E. G. White een dag lank 22, 23
Storm, Gods beskerming in 23
Straf, algehele vernietiging 221
ewige dood 218, 219
ewige, leer aangaande, van Sataniese oorsprong 219, 220
van goddeloses aan einde van wêreld 289, 294
Sutton, Vt., gesig te 52
Tabak, moet afgeskaf word 121
Tafel, met toonbrode, kyk Heiligdom
van silwer in Nuwe Jerusalem 19
Talmtyd, kyk Agtien-vier-en-veertig
Tee en koffie, moet prysgegee word 122
Teenstand, hoe om te verduur, 102, 104
Teenwoordige waarheid, belangrikheid van kennis van 87, 88
huidige behoefte aan 63
Teken, geheimsinnig en misleidend 45,60
van koms van Christus 41
van Seun van die mens 15, 35, 286
Tekste, waarna op kaart in gesig verwys is 24-31
"Te laat" 281
Teleurstelling van 1844 235-237, 239, 243
deur 'n wolk voorgestel 241
deur die Satan gebruik om geloof af te breek 256, 257
engel se verduideliking van 250, 255
met teleurstelling van dissipels vergelyk 244
spot en hoon van wêreld daarna 247
Tempel, hemelse, beskrywing van 19
gesig van, in die stad 32
net 144000 gaan daarin 19
*Kyk ook* Heiligdom
Thomas, twyfel van 188
Tiende, gebruik van Jode 166
Tien 'gebooie, gesig van, in verbondsark 32
Toe deur, *kyk* Oop en toe deur
Topsham, Maine, gesig te, gegee 32, 34
Towenaars, Moderne 59, 87
van Egipte 60
Traktate, kyk Leesstof
Troon, van God, bokant hemelse tempel 32
Christus pleit voor 38
gesig van 54
in Nuwe Jerusalem 289
van heiliges 290
Tweede engel, boodskap van, in tyd van luide geroep herhaal 277
profesie aangaande 235
reaksie op geroep: "Kom uit haar uit" 242
verkondiging van 237-240
verwerping van 188
Tweeduisend driehonderd dae, belangrikheid van studie van 63
einde van 54, 253
Tyd, fout met 235, 250
nie sedert 1844 'n toets nie 75
verkondiging van, in 1843 232, 234
*Kyk ook* Einde van die tyd; Wederkoms
Tyd van benoudheid, Jakob se, beskerming van heiliges in 43, 56, 283
huise en grond in 56, 57
ondervinding van heiliges in 37, 272, 284
vervolging in 33, 34, 283
voorbereiding van hart vir 58, 67, 71
voorsiening vir tydelike benodigdhede in 56
voorlopige, voor plae uitgestort word 85
Sabbat dan meer volledig verkondig 33, 85
Valse leraars, aanbid by voete van heiliges 124
deur plae besoek 124, 282
deur verlorenes verwyt 282
hou mense in dwaling 241
in laaste dae 101
straf van 289, 290
verwerp Sabbat van Here 123
Verbode boom, in ander wêrelde 40
in Eden 51, 126
Verbondsark in `n gesig gesien 20
*Kyk* Heiligdom
Verborgenheid van ongeregtigheid, aanvalle op wet van God 215
die Satan, die oorsprong van 213
Mag van, oor die gewete 214
ontwikkeling van 216
Verdeeldheid verhinder beraadslaging tussen broeders 62
Vergaderings, *kyk* Konferensies; Getuienisdiens
Vergifnis, voorbeeld van in Jesus se gebed vir vyande 176
Verheerliking, *kyk* Jesus
Verlossingsplan, die Satan se poging om, te verongeluk 169, 178
engele bied hulle lewens aan 127, 150, 152
Jesus bespreek, met die Vader 126, 149
prys van 170
sou vir twee persone uitgevoer

gewees het 159
Verlossing van heiliges in tyd van benoudheid 34 , 37, 285
Verlostes, daal na die aarde neer 17
ingang van, tot heilige stad 17
klere van 17
Vernietiging van aarde en goddeloses 51, 52, 54
Versameltyd 74
Versoeking, Christus ons voorbeeld in 156
*Kyk ook* Jesus
Versoening, vir wie gedoen 254
voordele van, uitgestort toe Jesus hemelse heiligdom binnegegaan het 260
werk van Jesus in allerheiligste plek 251, 253
*Kyk ook* Verlossingsplan; Jesus
Vervolging, deur duidelike waarheid verwek 274
deur Saulus 199
in tyd van benoudheid 33, 282
in tyd van hervorming 225, 226
swaarde gereed om heiliges te dood, breek 15, 34, 285
van Christene deur afvallige kerk 211, 212, 275
van vroeë Christene deur die Sa tan 222
van Christene deur heidene 210
van dissipels voorspel 189, 190
weens lees van die Bybel 214
Vlerke, van engele 32, 39
van heiliges 53
van God se wa 35
van klein kindertjies 19
van profeet 39
Voetewassing, *kyk* Kerklike instellings
Voortdurende offer, die, van Daniël 8: 12 74
Vreugde, in die hemel 151
ware 112
Vroomheid, by predikante 103
peil van, te laag 47
Vrugte, by bruilofsmaal van Lam 19
van boom van lewe 17
van verbode boom in ander wêrelde 40
van verbode boom in Eden 147
Vuurpan 252
Wanhoop van E. G. White oor onverrigte pligte 11
Water en bloed uit deurboorde sy van Jesus, betekenis van 209
*Kyk ook* Tyd van benoudheid
Wa, van die Vader, 55
Wederkoms, bepaling van tyd vir 75, 232, 233, 239
beroering in die natuur tydens 34, 285
deur engele voorspel 191
dwepery in verband met tyd 22
engele ten tyde van 15, 110, 286
fout in berekening van tyd 235, 250
gebeurtenisse rondom 110, 273
geloof in, van E. G. White 11
gesien deur diegene wat Hom deurboor het 178, 179
hemele wyk soos 'n boekrol 287
Jesus op wit wolk 35, 286
nabyheid van 58, 119
'n wolk die teken van 15
reënboog bokant wolk 15
tyd van, deur stem van God bekend gemaak, 15, 34, 285
uitspansel gaan oop 34, 41
verskyning van Jesus tydens 16, 76, 286
voorbereiding vir 111-114
verwagting van, in 1844 249
vreugdevolle verwagting van, deur vriende van Jesus 235, 260
Wêrelde, ander, as die aarde 39,40
bewoners van 40
met verbode boom 40
Wêreld, *kyk* Aarde
Wêreld met sewe mane, 40
Wêreldsgesindheid, *kyk* Gierigheid
Werkers, beproewinge van 63
karakter van 62, 97, 98
klere van ontroue 77
loon van 61
moet deur God geroep word 98
nuwe gelowiges as 63, 118, 119
selfaangestelde 99, 100
verantwoordelikhede van 62
werk van 61
*Kyk ook* Kerklede
Winde, vashou van 38
West's Island, reis na 23
Wet van God, bres in, moet toegemessel word 65, 123
deur dood van Jesus verhef 215
die Satan se aanval op 215
'n deel van Homself 102
onveranderlikheid van 65, 127, 152, 215, 217
sonde van oortreding van 66
tafels van, deur Moses gebreek 163
*Kyk ook* Gebooie; Sabbat
Wierookaltaar, *kyk* Heiligdom
Wierookbak 32, 252
Wierook saam met heiliges se gebede aangebied 32, 252, 256
Wolk, simbool van teleurstelling van 1844 241
teken van Seun van die mens 15, 35
Wondere, *kyk* Tekens
Wonderwerke, deur Paulus verrig 202, 203
in laaste werk 278
Jesus weier om, te verrig 171, 173, 174, 176
krag om, te verrig aan dissipels gegee 189
van dissipels 192, 197
van Jesus 171
van Jesus, verduideliking van, deur hedendaagse towenaars 59
*Kyk ook* Die Satan
Woorde, ydel 111
Ywer, van Moses vir God 163
1843, *kyk* Agtien-drie-en-veertig
1844, *kyk* Agtien-vier-en-veertig
2300, *kyk* Tweeduisend drie- honderd dae
144 000, *kyk* Honderd-vier-en veertigduisend